# 'N ANALISE VAN ENKELE EKONOMIESE ASPEKTE VAN DIE KLERKSDORP-LANDDROSDISTRIK

deur Jacobus Jan Daniël Havenga

Verhandeling ingehandig ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad Magister Commercii in die Fakulteit van Ekonomiese Wetenskappe aan die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.

Potchefstroom
Augustus 1969

BEDANKINGS

Langs hierdie weg wil ek graag my opregte dank en waardering uitspreek teenoor my promotor dr. N.J. Swart vir die leiding wat hy gegee het en vir die belangstelling in en aandag wat hy aan die werkstuk verleen het.

Aan die volgende persone en instansies ook 'n spesiale woord van dank.

(a) Professor D.J. Viljoen wat as hulp-leier opgetree het.
(b) Professor F.J. Potgieter wat aan die hoof van die totale navorsingsprojek staan. Vir sy belangstelling en aanmoediging 'n besondere woord van dank.
(c) Mnr. T. Malan vir sy nuttige wenke en hulp.
(d) Mev. M. Scott wat die tikwerk van die studie behartig het.
(e) Die N.R.S.N. vir hul finansiële hulp.
(f) Die Buro vir Statistiek vir die gebruikmaking van ongepubliseerde statistiek.
(g) Die stadsrade van Klerksdorp, Orkney, en Stilfontein asook die Inspekteur van Fabrieke vir kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe inligting.
(h) Ander persone en instansies wat op een of ander stadium met die studie behulpsaam was.

Opgedra aan Annette, haar Moeder
en my Ouers.

Potchefstroom
Augustus 1969

AAN GOD ALLE EER

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

INLEIDING

Bladsy


1.1 DOEL VAN DIE STUDIE .................................. 1
1.2 AFBAKENING VAN DIE ONDERSOEKGEBIED .................. 1
1.3 METODE VAN ONDERSOEK ................................ 3
1.4 PROBLEME ONDERVIND BY DIE ONDERSOEK ................. 4
1.5 INDELING VAN DIE ONDERSOEK .......................... 5

HOOFSTUK 2

EKONOMIESE NAVORSING EN BEPLANNING

2.1 GEBIEDE WAARVOLGENS EKONOMIESE NAVORSING EN BEPLANNING GESKIED ........................................ 6

2.1.1 Nasionale vlak .................................... 6
2.1.2 Regionale vlak .................................... 7
2.1.3 Belangrike vorme van streeksindelings ............. 9

2.2 ENKELE BELANGRIKE EKONOMIESE NAVORSINGSTEGNIEKE ...... 10

2.2.1 Bruto regionale produk ............................ 10
2.2.1.1 Definisie ....................................... 10
2.2.1.2 Probleme verbonde aan die gebruik van die bruto regionale produk ..................................... 11
2.2.2 Bruto kapitaalvorming ............................. 11
2.2.2.1 Definisie ....................................... 11
2.2.2.2 Probleme verbonde aan die gebruik van die bruto kapitaalvormingstegniek ............................. 11
2.2.3 Inset-afset tabelle ............................... 12
2.2.3.1 Definisie ....................................... 12
2.2.3.2 Probleme verbonde aan die gebruik van die inset-afset tabelle .......................................... 13

Bladsy


2.2.4 Industriële kompleksanalise ........................ 14

2.2.4.1 Definisie .......................................... 14

2.2.4.2 Probleme verbonde aan die industriële kompleksanalise met behulp van matrikse ........................ 15

2.2.5 Persoonlike inkome metode ........................ 15

2.2.5.1 Definisie .......................................... 15

2.2.5.2 Probleme verbonde aan die gebruik van die persoonlike inkome tegniek ................................ 16

2.3 SAMEVATTING ........................................ 16

HOOFSTUK 3

OORSIG VAN DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE KLERKSDORP-ORKNEY-STILFONTEINDRIEHOEK

3.1 INLEIDING .......................................... 18

3.2 PERIODE 1837 TOT 1886 ............................ 26

3.2.1 Totstandkoming van Klerksdorp .................... 26

3.3 PERIODE 1886 TOT 1903 ............................ 27

3.3.1 Ontdekking van goud .............................. 27

3.3.2 Belemmerende faktore vir die ontwikkeling van die goudmyne .......................................... 29

3.3.2.1 Probleme verbonde aan die depressie en droogte ..... 29

3.3.2.2 Vervoerprobleem .................................. 30

3.3.2.3 Tegniese probleme ................................ 30

3.3.2.4 Plaaslike oorloë .................................. 31

3.4 PERIODE 1903 TOT 1936 ............................ 31

3.5 PERIODE 1936 TOT 1967 ............................ 33

3.5.1 Ontstaan en ontwikkeling van die huidige goudmyne .. 33

3.5.1.1 Hartebeesfontein-goudmyn .......................... 33

3.5.1.2 Stilfontein-goudmyn ................................ 34

3.5.1.3 Western Reefs-goudmyn .............................. 34

3.5.1.4 Vaal Reefs-goudmyn ................................ 34

Bladsy


3.5.1.5 Buffelsfontein-goudmyn ............................ 35
3.5.1.6 Zandpan-goudmyn ................................... 35

3.6 SAMEVATTING ........................................ 35


HOOFSTUK 4

ONTLEDING VAN DIE BEVOLKING


4.1 INLEIDING ........................................... 36

4.2 INLIGTINGSBRONNE .................................... 39

4.3 BETROUBAARHEID VAN INLIGTING ........................ 40

4.4 DEFINISIES EN BEGRIPPE ............................. 40
4.4.1 Rasse ............................................. 40
4.4.2 Stedelike en plattelandse gebiede ................. 41
4.4.3 Metropolitaanse gebiede ........................... 41

4.5 RASSESAMESTELLING EN TOTALE BEVOLKING .............. 41

4.6 BEVOLKINGSVERANDERINGS SEDERT 1921 ................. 45
4.6.1 Klerksdorp-distrik ................................ 45
4.6.2 Stedelike bevolkingsveranderings .................. 48
4.6.3 Plattelandse bevolkingsveranderings ............... 51

4.7 GESLAGSAMESTELLING VAN STEDELIKE EN PLATTELANDSE BEVOLKING ............................................ 52

4.8 EKONOMIES EN NIE-EKONOMIES BEDRYWIGE BEVOLKING ...... 58

4.9 BEVOLKINGSDIGTHEID .................................. 64

4.10 BEVOLKINGSPROJEKSIE TOT DIE JAAR 2000 .............. 66

4.11 LEEFTYDSAMESTELLING ................................ 71
4.11.1 Mediaanouderdomme ................................ 74
4.11.2 Leeftydsverdeling van die stedelike en plattelandse bevolking ........................................... 75

4.12 SAMEVATTING ........................................ 77

Bladsy

HOOFSTUK 5

ONTLEDING VAN DIE LANDBOUSTRUKTUUR


| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | INLEIDING | 83 |
| 5.2 | INLIGTINGSBRONNE | 84 |
| 5.3 | BETROUBAARHEID VAN INLIGTING | 85 |
| 5.4 | DEFINISIES EN BEGRIPPE | 85 |
| 5.4.1 | Hoewe of boerderyeenheid | 85 |
| 5.4.2 | Houer of boer | 86 |
| 5.4.3 | Gereelde werknemers | 86 |
| 5.4.4 | Los werknemers | 86 |
| 5.4.5 | Huisbediendes | 86 |
| 5.5 | GROOTTE VAN BOERDERYEENHEDE | 87 |
| 5.6 | WAARDE VAN BOERDERYEENHEDE | 90 |
| 5.7 | GRONDBENUTTING | 93 |
| 5.7.1 | Blankes | 93 |
| 5.7.2 | Bantoes | 93 |
| 5.8 | IDENTITEIT VAN HOUERS VAN BOERDERYEENHEDE | 93 |
| 5.9 | ARBEIDSMAG IN DIE LANDBOU | 95 |
| 5.9.1 | Gereelde werknemers | 95 |
| 5.9.2 | Los werknemers en huisbediendes | 98 |
| 5.10 | VERGOEDING VAN LANDBOU-ARBEIDERS | 98 |
| 5.10.1 | Lone en salarisse | 100 |
| 5.10.2 | Bonusse | 102 |
| 5.10.3 | Vergoeding in natura | 102 |
| 5.10.4 | Geraamde geldwaarde van gratis weiregte en geraamde huurwaarde van grond | 102 |
| 5.10.5 | Gemiddelde kontantinkomste van werknemers | 103 |

Bladsy


5.11 BOERDERY UITGAWES .................................. 104
5.11.1 Kapitaaluitgawes .................................. 104
5.11.2 Lopende uitgawes .................................. 108
5.12 LANDBOUPRODUKSIE .................................. 111
5.12.1 Grond onder bebouing .................................. 111
5.12.2 Produksie van akkerbougewasse .................................. 113
5.12.3 Produksie van lewendehawe .................................. 113
5.12.4 Bruto waarde van landbouproduksie .................................. 115
5.13 DIE RELATIEWE BELANGRIKHEID VAN DIE ONDERSKEIE LANDBOUSEKTORE .................................. 120
5.14 OPBRENGS PER MORG VAN ENKELE BELANGRIKE AKKERBOUGEWASSE .................................. 124
5.15 OPBRENGS PER MORG VAN TOTALE LANDBOUPRODUKSIE .................................. 128
5.16 SAMEVATTING .................................. 129


HOOFSTUK 6

ONTLEDING VAN DIE NYWERHEIDSTRUKTUUR


6.1 INLEIDING .................................. 131
6.2 METODE VAN ONTLEDING .................................. 132
6.3 OMSKRYWING VAN DEFINISIES EN BEGRIPPE .................................. 135
6.4 INLIGTINGSBRONNE .................................. 136
6.5 BETROUBAARHEID VAN INLIGTING .................................. 137
6.6 LIGGING VAN GESONEERDE NYWERHEIDSAREAS IN KLERKSDORP . 137
6.7 GETAL FABRIEKS EN KONSTRUKSIE ONDERNEMINGS IN KLERKSDORP-DISTRIK .................................. 140
6.8 JAAR VAN ONTSTAAN VAN FABRIEKE VOLGENS KLAS .................................. 144
6.9 BESETTING VAN GROND IN DIE NYWERHEIDSGEBIEDE .................................. 144

Bladsy


6.9.1 Indeling van nywerheidsondernemings ............... 148

6.9.2 Grondgebruik in die ou nywerheidsgebied ........... 151

6.9.3 Grondgebruik in die nuwe nywerheidsgebied .......... 163

6.10 INDIENSNAME IN FABRIEKSWESE EN KONSTRUKSIE ......... 167

6.11 SALARISSE EN LONE ................................ 173

6.11.1 Salarisse en lone teen huidige en konstante pryse .. 180

6.12 BRUTO EN NETTO WAARDE VAN PRODUKSIE ................ 182

6.12.1 Bruto en netto waarde van produksie teen huidige en konstante pryse .................................. 182

6.13 WAARDE VAN MATERIAAL VERBRUIK TOT BRUTO WAARDE VAN PRODUKSIE ........................................ 188

6.14 WAARDE VAN KAPITALE BATES .......................... 188

6.14.1 Kapitaal/uitset verhouding ......................... 190

6.14.2 Kapitaal/materiaal verhouding ...................... 192

6.14.3 Kapitaal/arbeid verhouding ......................... 192

6.15 VESTIGINGSKWOSIëNTE VIR VERVAARDIGINGSNYWERHEDE IN KLERKSDORP-DISTRIK ................................ 193

6.16 SAMEVATTING ...................................... 197

HOOFSTUK 7

MOONTLIKHEDE VIR DIE ONTWIKKELING VAN DIE LANDBOU IN KLERKSDORP-DISTRIK

7.1 INLEIDING ......................................... 199

7.2 AGRO-EKONOMIESE STREKE WAT IN DIE ONDERSOEKGEBIED VOORKOM ........................................... 199

7.3 MOONTLIKHEDE EN BEPERKENDE FAKTORE VIR TOEKOMSTIGE AKKERBOU ONTWIKKELING ............................. 201

7.3.1 Grond ............................................. 201

7.3.2 Gewassiektes en peste .............................. 202

Bladsy

7.3.3 Klimaat .................................... 202
7.3.4 Water .................................... 204
7.3.5 Doeltreffendheid van bedryfsvoering ................ 204
7.3.6 Kapitaal .................................... 205

7.4 MOONTLIKHEDE EN BEPERKENDE FAKTORE VIR TOEKOMSTIGE VEETEELT ONTWIKKELING .................................... 205
7.4.1 Water .................................... 205
7.4.2 Weiding .................................... 206
7.4.3 Kapitaal .................................... 206
7.4.4 Ander faktore .................................... 206

HOOFSTUK 8

MOONTLIKHEDE VIR DIE ONTWIKKELING VAN SEKONDêRE NYWERHEDE IN KLERKSDORP-DISTRIK

8.1 INLEIDING .................................... 207

8.2 DESENTRALISASIEBELEID VAN DIE SENTRALE OWERHEID ..... 210

8.3 FAKTORE WAT DIE VESTIGING VAN NYWERHEDE IN DIE ONDERSOEKGEBIED BEÏNVLOED HET .................................... 211

8.4 FAKTORE WAT NYWERHEIDSVESTIGING BEPERK ............. 213
8.4.1 Kapitaal .................................... 213
8.4.2 Arbeid .................................... 213
8.4.3 Mark .................................... 213
8.4.4 Desentralisasiebeleid van die sentrale owerheid ..... 214
8.4.5 Water .................................... 214

8.5 ONTLEDING VAN DIE GROEIMOONTLIKHEDE VAN DIE SEKONDêRE SEKTOR .................................... 214
8.5.1 Kapitaal .................................... 215
8.5.2 Water .................................... 215
8.5.3 Mark .................................... 217
8.5.4 Arbeid .................................... 223

Bladsy


8.5.5 Grondstowwe ........................................ 223

8.5.6 Vervoer ........................................ 225

8.5.7 Elektrisiteit en krag ........................................ 227

8.6 DIE PLAASLIKE OWERHEIDSBELEID VIR DIE BEVORDERING VAN NYWERHEIDSVESTIGING EN ONTWIKKELING ........................................ 227

HOOFSTUK 9

SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS ........................................ 231

AANHANGSELS ........................................ 238

BIBLIOGRAFIE ........................................ 248

LYS VAN TABELLE


| Tabel | | Bladsy |
|---|---|---|
| 3.1 | Kapitaalbelegging in die Witwatersrandse goudmynbedryf | 21 |
| 3.2 | Persentasie bydrae van verskillende produksietakke tot die nasionale inkome 1911/12 - 1963/64 ............... | 22 |
| 3.3 | Bruto geografiese produk vir die Klerksdorp-distrik volgens ekonomiese sektor vanaf 1954/55 - 1961/62 ........ | 24 |
| 3.4 | Persentasie bydrae van elke bedryfstak tot die totale B.G.P. van die Klerksdorp-distrik 1954/55 - 1961/62 ... | 25 |
| 4.1 | Bevolkingsverhouding van Klerksdorp-distrik volgens ras vanaf 1921 tot 1960 ................................ | 42 |
| 4.2 | Bevolking van Suid-Afrika, Transvaal en Klerksdorp-distrik volgens ras vir 1960 ......................... | 44 |
| 4.3 | Indeks van bevolkingsveranderings in Klerksdorp-distrik vanaf 1921 tot 1960 ................................ | 47 |
| 4.4 | Indeks van stedelike- en plattelandse bevolkingsveranderings in Klerksdorp-distrik vanaf 1921 tot 1960 ....... | 50 |
| 4.5 | Verhouding van geslagsamestelling van stedelike- en plattelandse bevolking vir 1960 ...................... | 57 |
| 4.6 | Vergelyking van ekonomies en nie-ekonomies bedrywige bevolking volgens ras vir 1960 ......................... | 61 |
| 4.7 | Ekonomies bedrywige bevolking van Klerksdorp-distrik volgens ekonomiese sektor vir 1960 .................... | 62 |
| 4.8 | Persentasie van ekonomies bedrywige bevolking van Klerksdorp-distrik volgens ekonomiese sektor vir 1960 ....... | 63 |
| 4.9 | Ekonomies en nie-ekonomies bedrywige bevolking van Klerksdorp-distrik as persentasie van Suid-Afrika en Ekonomiese Streek no. 45 vir 1960 .................... | 64 |
| 4.10 | Bevolkingsdigtheid in Suid-Afrika, Transvaal en Klerksdorp-distrik (per vierkante myl 1921-1960) ............ | 65 |
| 4.11 | Bevolkingsdigtheid in stedelike en plattelandse gebiede in Klerksdorp-distrik (per vierkante myl 1921 - 1960) . | 67 |

| Tabel | | Bladsy |
|---|---|---|


| | | |
|---|---|---|
| 4.12 | Groeikoerse in projeksie van totale bevolking per Potchefstroom-Klerksdorp-gebied in persentasie ..... | 68 |
| 4.13 | Projeksie van bevolkingsgroei in die Klerksdorp-distrik volgens ras tot die jaar 2000 ............. | 70 |
| 4.14 | Bevolking volgens ras vir die onderskeie sub-, kwasi-, en stedelike gebiede in die ondersoekgebied vanaf 1921 tot 1960 ........................................ | 72 |
| 4.15 | Hoë raming van toename in bevolking vir die stedelike gebiede in die ondersoekgebied tot die jaar 2000 ... | 73 |
| 4.16 | Vergelyking van mediaanouderdom van alle rasse in Klerksdorp-distrik, Ekonomiese Streek no. 45 en Suid-Afrika vir 1960 ............................ | 74 |
| 4.17 | Leeftydsamestelling van die stedelike bevolking volgens ras in die Klerksdorp-distrik vir 1960 ........ | 76 |
| 4.18 | Leeftydsamestelling van die plattelandse bevolking volgens ras in die Klerksdorp-distrik vir 1960 ..... | 78 |
| 5.1 | Getal en oppervlakte van landbouhoewes in die Klerksdorp-distrik ........................................ | 88 |
| 5.2 | Gemiddelde oppervlakte van boerderyeenhede in onderskeie grootte groepe ............................ | 91 |
| 5.3 | Geskatte waarde boerderyeenhede in die Klerksdorp-distrik ........................................ | 92 |
| 5.4 | Gereelde- en los werknemers en huisbediendes in diens van die landbou in Klerksdorp-distrik vanaf 1959/60 tot 1963/64 ..................................... | 96 |
| 5.5 | Totale getal werknemers in diens van die landbou in Klerksdorp-distrik vanaf 1959/60 tot 1963/64 ....... | 97 |
| 5.6 | Lone, salarisse, bonusse en vergoeding in natura verdien ........................................ | 101 |
| 5.7 | Geraamde geldwaarde van gratis weiregte ........... | 103 |
| 5.8 | Geraamde huurwaarde van grond ........................ | 103 |

| Tabel | | Bladsy |
|---|---|---|
| 5.9 | Gemiddelde jaarlikse kontant inkomste verdien deur werknemers op plase in Klerksdorp-distrik ......... | 104 |
| 5.10 | Indeks van bedrae bestee aan aanwendings van lopende aard ........................................ | 105 |
| 5.11 | Indeks van bedrae bestee aan aanwendings van kapitale aard ........................................ | 106 |
| 5.12 | Bedrae bestee aan lopende landbou- en kapitaaluitgawes in Klerksdorp-distrik vanaf 1959/60 tot 1963/64 | 107 |
| 5.13 | Grondgebruik vir akkerboudoeleindes in die Klerksdorp-distrik vanaf 1959/60 tot 1963/64 ................ | 112 |
| 5.14 | Oppervlakte onder belangrikste akkerbougewasse in Klerksdorp-distrik vanaf 1959/60 tot 1963/64 ...... | 112 |
| 5.15 | Lewendehawe en pluimvee besit deur alle rasse in Klerksdorp-distrik vanaf 1959/60 tot 1963/64 ...... | 114 |
| 5.16 | Indeks van getal lewendehawe in Klerksdorp-distrik vanaf 1959/60 tot 1963/64 ........................ | 115 |
| 5.17 | Vergelyking van Klerksdorp-distrik se bydrae tot die bruto waarde van landbouproduksie van Suid-Afrika vanaf 1959/60 tot 1963/64 ........................ | 117 |
| 5.18 | Indeks van bruto waarde van landbouproduksie vir Klerksdorp-distrik en Suid-Afrika ................ | 118 |
| 5.19 | Bruto waarde van landbouproduksie vir Klerksdorp-distrik vanaf 1959/60 tot 1963/64 ................ | 121 |
| 5.20 | Die jaarlikse bruto waarde van produksie as persentasie van die totale landbouproduksie in die Klerksdorp-distrik vanaf 1959/60 tot 1963/64 ........... | 122 |
| 5.21 | Die jaarlikse bruto waarde van produksie as persentasie tot die afsonderlike kategorieë in landbouproduksie in die Klerksdorp-distrik vanaf 1959/60 tot 1963/64 ........................................... | 123 |
| 5.22 | 'n Vergelyking van die opbrengs per morg gesaai van enkele belangrike landbougewasse in Suid-Afrika, Transvaal en Klerksdorp-distrik vanaf 1959/60 tot 1963/64 ........................................... | 125 |

Tabel | Bladsy


5.23 Die bruto waarde van akkerbouproduksie en opbrengs sak per morg van enkele belangrike akkerbouprodukte in Klerksdorp-distrik vanaf 1959/60 tot 1963/64 ... 126

5.24 Die bruto waarde van landbouproduksie per morg vir Klerksdorp en Suid-Afrika vanaf 1959/60 tot 1963/64 129

6.1 Vergelykende statistiek ten opsigte van die vyf hoof industriële gebiede ............................ 133

6.2 Vergelykende statistiek ten opsigte van fabrieks- en konstruksie-instellings in Suid-Afrika, Transvaal, Ekonomiese Streek 45 en Klerksdorp-distrik vir 1959/60 en 1963/64 .................................... 141

6.3 Klassifikasie van fabriekswese en konstruksie-ondernemings volgens hoofgroepe vir 1959/60, 1963/64 en 1967/69 in Klerksdorp-distrik ..................... 143

6.4 Toename van fabrieke volgens klas in Klerksdorp-distrik, 1964 tot 1968 ............................ 145

6.5 Indeks van toename in aantal fabrieke volgens klas in Klerksdorp-distrik, 1964 tot 1968 .............. 146

6.6 Jaar van ontstaan van fabrieke volgens klas in Klerksdorp-distrik ...................................... 147

6.7 'n Ontleding van die totale en gemiddelde grondgebruik in die nywerheidsgebied in Klerksdorp volgens hoofgroepe ........................................ 160

6.8 Vergelykende statistiek van indiensname in fabriekswese en konstruksie in Suid-Afrika, Transvaal, Ekonomiese Streek no. 45 en Klerksdorp-distrik vir 1959/60 en 1963/64 ................................ 168

6.9 Getal instellings, indiensname en gemiddelde getal persone in diens van fabriekswese volgens hoofgroepe vir Klerksdorp-distrik, konstruksie uitgesluit, vir 1963/64 ............................................. 169

6.10 Getal werkers volgens ras in diens van fabrieke in Klerksdorp-distrik vanaf 1964 tot 1968 ............ 171

6.11 Indeks van persentasie toename of afname van getal werkers in diens van fabrieke in Klerksdorp-distrik 172

Tabel | Bladsy


6.12 Vergelykende statistiek van salarisse en lone vir alle rasse in fabriekswese en konstruksie in Suid-Afrika, Transvaal, Ekonomiese Streek no. 45 en Klerksdorp-distrik vir 1959/60 en 1963/64 ....... 174

6.13 Totale en gemiddelde salarisse en lone verdien in fabrieke en konstruksie-ondernemings vanaf 1947/48 tot 1963/64 volgens ras vir Klerksdorp-distrik ... 176

6.14 Indeks van persentasie toename in getal werkers, totale en gemiddelde salarisse en lone verdien in fabrieke en konstruksie-ondernemings vanaf 1947/48 tot 1963/64 volgens ras vir Klerksdorp-distrik ... 177

6.15 Totale en gemiddelde salarisse en lone verdien in fabrieke en konstruksie-ondernemings vanaf 1962 tot 1966 volgens ras vir Klerksdorp-distrik .......... 179

6.16 Salarisse en lone teen huidige en konstante pryse (1953) vanaf 1947/48 tot 1963/64 vir Klerksdorp-distrik ........................................ 181

6.17 Indeks van persentasie toename in salarisse en lone teen huidige en konstante pryse (1953) .......... 181

6.18 Vergelykende statistiek van bruto waarde van produksie van fabriekswese en konstruksie vir Suid-Afrika, Transvaal, Ekonomiese Streek no. 45 en Klerksdorp-distrik vir 1959/60 en 1963/64 .................. 183

6.19 Bruto en netto waarde van produksie teen huidige en konstante pryse (1953) vanaf 1947/48 tot 1963/64 vir Klerksdorp-distrik ............................ 185

6.20 Indeks van bruto waarde van produksie teen huidige en konstante pryse vir Klerksdorp-distrik ......... 185

6.21 Netto waarde van produksie as 'n persentasie van bruto waarde van produksie vanaf 1947/48 tot 1963/64 vir Klerksdorp-distrik ........................... 186

6.22 Gemiddelde bruto en netto waarde van produksie per onderneming van 1951/52 tot 1963/64 vir Klerksdorp-distrik ............................................ 186

| Tabel | | Bladsy |
|---|---|---|
| 6.23 | Vergelykende statistiek van waarde van materiaal gebruik in fabriekswese en konstruksie in Suid-Afrika, Transvaal, Ekonomiese Streek no. 45 en Klerksdorp-distrik in 1959/60 en 1963/64 ......... | 189 |
| 6.24 | Koste van materiaal gebruik as persentasie van die bruto waarde van produksie vir fabriekswese en konstruksie in Klerksdorp-distrik van 1947/48 tot 1963/64 ......................................... | 189 |
| 6.25 | Vergelyking van totale waarde van grond, geboue, masjinerie en toerusting vir fabriekswese en konstruksie tussen Suid-Afrika en Klerksdorp-distrik vanaf 1947/48 tot 1959/60 ....................... | 190 |
| 6.26 | Persentasie toename in kapitaal, bruto waarde van produksie, arbeid en koste van materiaal vir fabriekswese en konstruksie vanaf 1947/48 tot 1959/60 in Klerksdorp-distrik .............................. | 191 |
| 6.27 | Vestigingskwosiënte vir alle hoofgroepe vervaardigingsnywerhede, maar uitgesluit wasserye en konstruksie, vir Klerksdorp-distrik vir 1963/64 ..... | 195 |
| 6.28 | Vestigingskwosiënte van enkele vervaardigingsnywerhede in Klerksdorp-distrik vir 1959/60 en 1963/64 | 196 |
| 8.1 | Vergelyking van faktore wat die vestiging van nywerhede in Klerksdorp-distrik tot gevolg gehad het ... | 212 |
| 8.2 | Waterverbruik per ekonomiese sektor vir 1955/56 - 1961/62 vir Klerksdorp-distrik ................... | 216 |
| 8.3 | Totale hoeveelheid gellings water verbruik binne die Klerksdorp-Orkney-Stilfontein-driehoek vanaf 1955/56 tot 1967/68 ........................................ | 218 |
| 8.4 | Indeks van waterverbruik in die Klerksdorp-Orkney-Stilfontein-driehoek sedert 1960/61 .............. | 219 |
| 8.5 | Die persoonlike, beskikbare inkome en per kapita inkome van die Republiek, Transvaal, Oranje Vrystaat, Natal, Kaapprovinsie en Ekonomiese Streek no. 45 vir 1958/59 ............................................ | 221 |

| Tabel | | Bladsy |
|---|---|---|


| | | |
|---|---|---|
| 8.6 | Persoonlike inkome volgens produksie-sektor vir Klerksdorp-distrik vir 1958/59 ............... | 222 |
| 8.7 | Totale hoeveelheid eenhede elektrisiteit verbruik binne die Orkney-Klerksdorp-Stilfontein-driehoek vanaf 1955/56 tot 1967/68 .................... | 228 |
| 8.8 | Indeks van toename in elektrisiteitverbruik in Orkney-Klerksdorp-Stilfontein-driehoek sedert 1960/61 ....................................... | 229 |

LYS VAN KAARTE


| Kaart | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1.1 | DIE TOTALE ONDERSOEKGEBIED; KLERKSDORP-LANDDROSDISTRIK .................. | 2 |
| 6.1 | LIGGING VAN NYWERHEIDSGEBIEDE .............. | 138 |
| 6.2 | GRONDGEBRUIK - OU NYWERHEIDSGEBIED (a) ...... | 152 |
| 6.3 | GRONDGEBRUIK - OU NYWERHEIDSGEBIED (b) ...... | 154 |
| 6.4 | GRONDGEBRUIK - OU NYWERHEIDSGEBIED (c) ...... | 156 |
| 6.5 | OPPERVLAKTE-EENHEDE - OU NYWERHEIDSGEBIED ... | 158 |
| 6.6 | GRONDGEBRUIK - NUWE NYWERHEIDSGEBIED ........ | 161 |
| 7.1 | AGRO-EKONOMIESE STREKE - KLERKSDORP-LANDDROS-DISTRIK .................................. | 200 |
| 7.2 | GRONDSAMESTELLING VAN KLERKSDORP-DISTRIK .... | 203 |

LYS VAN GRAFIEKE


| Grafiek | | Bladsy |
|---|---|---|
| 4.1 | INDEKS VAN BEVOLKINGSGROEI IN SUID-AFRIKA, TRANSVAAL EN KLERKSDORP-DISTRIK ........... | 53 |
| 4.2 | INDEKS VAN BEVOLKINGSGROEI IN KLERKSDORP-DISTRIK ................................ | 54 |
| 4.3 | INDEKS VAN STEDELIKE BEVOLKINGSGROEI ...... | 55 |
| 4.4 | INDEKS VAN PLATTELANDSE BEVOLKINGSGROEI ... | 56 |
| 5.1 | INDEKS VAN LOPENDE- EN KAPITALE UITGAWES .. | 110 |
| 5.2 | INDEKS VAN GETAL LEWENDEHAWE ............. | 116 |
| 5.3 | INDEKS VAN BRUTO WAARDE VAN LANDBOUPRODUKSIE | 119 |
| 5.4 | OPBRENGS PER MORG (SAK) VAN ENKELE BELANGRIKE AKKERBOUPRODUKTE .......................... | 127 |

LYS VAN FIGURE

| Figuur | | Bladsy |
|---|---|---|
| 4.1 | GESLAG- EN LEEFTYDSAMESTELLING VAN DIE PLATTELANDSE BLANKE-BEVOLKING VAN DIE KLERKSDORP-DISTRIK (1960) | 79 |
| 4.2 | GESLAG- EN LEEFTYDSAMESTELLING VAN DIE STEDELIKE BLANKE-BEVOLKING VAN DIE KLERKSDORP-DISTRIK (1960) | 79 |
| 4.3 | GESLAG- EN LEEFTYDSAMESTELLING VAN DIE PLATTELANDSE BANTOE-BEVOLKING VAN DIE KLERKSDORP-DISTRIK (1960) | 80 |
| 4.4 | GESLAG- EN LEEFTYDSAMESTELLING VAN DIE STEDELIKE BANTOE-BEVOLKING VAN DIE KLERKSDORP-DISTRIK (1960) | 80 |
| 4.5 | GESLAG- EN LEEFTYDSAMESTELLING VAN DIE STEDELIKE ASIATIESE-BEVOLKING VAN DIE KLERKSDORP-DISTRIK (1960) | 80 |
| 4.6 | GESLAG- EN LEEFTYDSAMESTELLING VAN DIE STEDELIKE KLEURLING-BEVOLKING VAN DIE KLERKSDORP-DISTRIK (1960) | 80 |

# H O O F S T U K 1

# INLEIDING

## 1.1 DOEL VAN DIE STUDIE

Verskeie instansies is op die oomblik besig met 'n omvattende ondersoek na alle aspekte van Klerksdorp-landdrosdistrik. Sodanige totaalanalise vereis onder andere 'n deeglike kennis van die ekonomiese ontwikkelingsmoontlikhede van hierdie gebied. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die ontwikkeling van 'n streek grootliks gebonde is aan sy huidige ekonomiese struktuur en die landsontwikkeling in sy geheel.

Hierdie studie stel hom ten doel die ontleding van slegs enkele ekonomiese aspekte van Klerksdorp-distrik. Aspekte waarop klem gelê word is onder andere:

(a) die primêre sektor - klem word alleenlik gelê op die landbou, en die mynbou kom slegs ter sprake vir sover dit die basis van die landbou, fabriekswese en konstruksie-ontwikkeling en groei van die bevolking daarstel;
(b) die sekondêre sektor -waaronder die fabriekswese en konstruksie behandel word, en
(c) die bevolking.


Hierdie aspekte word op sowel 'n kwantitatiewe as kwalitatiewe basis ontleed en bespreek.

## 1.2 AFBAKENING VAN DIE ONDERSOEKGEBIED

Die oorspronklike opdrag het grootliks betrekking op die Klerksdorp-Orkney-Stilfontein-driehoek, maar vanweë die gebrek aan voldoende statistiese gegewens vir 'n gebied kleiner as 'n landdrosdistrik, (Sien kaart 1.1) is die grens verskuif na die van Klerksdorp-distrik. Hier word veral aan landbou- en

## DIE TOTALE ONDERSOEKGEBIED
## KLERKSDORP - LANDDROSDISTRIK

KAART 1.1



nywerheidsektore gedink.

Ten opsigte van die bevolking is die ondersoekgebied ook grootliks tot die landdrosdistrik beperk, alhoewel sekere analises van munisipale gebiede gemaak word.

Om die studie sinvol te maak is daar nie geheel en al met die afgebakende gebied volstaan nie, maar is die ontledings en vergelykings dikwels teen die Ekonomiese Streek no. 45[1], Transvaal en die Republiek van Suid-Afrika as agtergrond, geprojekteer. Hierdeur kan ontwikkelingstendense ook duideliker aangetoon word.

## 1.3 METODE VAN ONDERSOEK

Kwalitatiewe inligting ten opsigte van die ondersoekgebied is grotendeels deur middel van literatuurstudie versamel asook deur persoonlike samesprekings wat met uitvoerende amptenare van die onderskeie stadsrade en die Inspekteur van Fabriekswese gevoer is. Samesprekings is ook met persone verbonde aan die Departement van Beplanning en met die Ekonomiese Adviesraad van die Eerste Minister gevoer om die ontleding en samestelling van die studie te bespreek.

Kwantitatiewe inligting is met twee metodes versamel, naamlik om van reeds bestaande bronne gebruik te maak[2] en deur self inligting te versamel.

Ten opsigte van eersgenoemde metode is daar grotendeels van staatspublikasies gebruik gemaak. By die direkte insameling van inligting is daar van vraelyste wat aan ondernemings in die ondersoekgebied gestuur is, gebruik gemaak. Belangrike inligting is ook direk vanaf die onderskeie stadsrade verkry.

---

1. Die Ekonomiese Streek no. 45 behels die volgende landdrosdistrikte: Lichtenburg, Ventersdorp, Wolmaranstad, Potchefstroom, Delareyville, Klerksdorp, Schweizer-Reneke, Bloemhof en Christiana.

2. Bespreking van die inligtingsbronne geskied afsonderlik by elke ekonomiese sektor wat ontleed is.

Hoofstuk 2 bied 'n uiteensetting van die verskillende tegnieke waarvolgens navorsing en beplanning ten opsigte van sekere ekonomiese aspekte gedoen kan word. Deur van een of meer van hierdie tegnieke gebruik te maak sou die gewenste resultate, as gevolg van veral sekere statistiese probleme, nie verkry kon word nie. Alhoewel daar nie direk van enige van die tegnieke gebruik gemaak is nie, is deurgaans gelet op sekere aspekte van die verskillende metodes.

Die metode wat gevolg word, is 'n detail struktuuranalise van die gekose sektore. Dit is analities-beskrywend en bied die moontlikheid om sekere kwalitatiewe en kwantitatiewe gevolgtrekkings te maak. Op grond van die beskikbare statistiek was dit die enigste metode wat gevolg kon word.

## 1.4 PROBLEME ONDERVIND BY DIE ONDERSOEK

Die grootste probleem wat in die studie ondervind is, is die gebrek aan betroubare inligting. Hier word veral gedink aan nywerheidstatistiek op distriksbasis.

Om hierdie probleem te oorbrug is 'n besigheidsvraelys opgestel en aan elke onderneming in die drie munisipale gebiede gestuur. Ten spyte van herhaalde versoeke en die feit dat 'n brief van die Departement van Beplanning elke vraelys vergesel het, is slegs vyf-en-twintig persent van die vraelyste terug ontvang. Hiervan was vyf persent onbruikbaar terwyl twee persent gedeeltelik voltooi was.

Alhoewel die reaksie op die vraelyste nie bemoedigend was nie, kon daar met behulp van inligting verkry van staatsdepartemente, sensusverslae asook die onderskeie munisipaliteite redelike betroubare analises gemaak word.

## 1.5 INDELING VAN DIE ONDERSOEK

In Hoofstuk 2 word daar eerstens 'n kort uiteensetting gegee van die gebiede waarvolgens ekonomiese navorsing en beplanning kan geskied. Ten tweede word 'n beknopte oorsig gegee van enkele van die belangrikste navorsingsteg-

nieke wat gebruik kan word by die ontleding van ekonomiese streke. Klem word gelê op die probleme verbonde aan die toepassing van sodanige tegnieke in die ondersoekgebied.

Vervolgens word 'n algemene oorsig van die ontstaan en ontwikkeling van die Klerksdorp-Orkney-Stilfontein-driehoek in Hoofstuk 3 gegee. Hier word veral gewys op die ekonomiese groeistadia van die ondersoekgebied en die goudmyne se bydrae tot die ontwikkeling.

In Hoofstuk 4 vind 'n analise van die bevolking van Klerksdorp-distrik plaas. Dit word gedoen veral omdat bevolkingsveranderings ook as maatstaf vir kwantitatiewe ekonomiese groei van 'n streek kan dien. Ook is bevolkingsgegewens vir 'n veel langer tydperk as meeste ander ekonomiese gegewens beskikbaar.

'n Gedetailleerde ontleding van die landbou word in Hoofstuk 5 gedoen om sodoende die ontwikkeling te kan aantoon. Hierdie struktuuranalise toon ook die groeimoontlikhede van die landbousektor in die ondersoekgebied.

In Hoofstuk 6 word 'n struktuurontleding van die nywerheidsektor onderneem.

Vervolgens word in Hoofstukke 7 en 8 die ontwikkelingsmoontlikhede asook die beperkende faktore van hierdie twee sektore behandel.

In hoofstuk 9 word ten slotte 'n samevatting en gevolgtrekkings van die ondersoek gegee.

HOOFSTUK 2

# EKONOMIESE NAVORSING EN -BEPLANNING

## 2.1 GEBIEDE WAARVOLGENS EKONOMIESE NAVORSING EN -BEPLANNING GESKIED

Op die gebied van ekonomiese navorsing en -beplanning kan onderskei word tussen fisiese eenhede wat vanaf 'n breë basis na 'n noue basis geklassifiseer kan word. Op elkeen van hierdie verskillende vlakke kan navorsing gedoen word om sekere aspekte soos struktuur en ontwikkeling aan te toon. Dergelike analises is noodsaaklik vir gesonde ekonomiese beplanning met betrekking tot daardie betrokke fisiese eenheid.

Die vraag mag nou ontstaan - wat behels 'n fisiese eenheid en watter is dan die belangrikste fisiese eenhede waarvolgens beplanning en navorsing teenswoordig kan geskied?

### 2.1.1 Nasionale vlak[1]

Met nasionale ekonomiese vlak word bedoel: navorsing en beplanning vir 'n land as geheel. Met navorsing en beplanning op hierdie breë basis probeer feitlik alle lande in die wêreld om die hoogs moontlike ekonomiese en sosiale welvaart te bereik, dit wil sê die bereiking van 'n steeds hoër lewensstandaard op ekonomiese sowel as maatskaplik-kulturele gebied. Dit wil voorkom asof geslaag word in die verhoging van die ekonomiese welvaart, maar of 'n verhoging in die maatskaplike kulturele welvaart van alle lande intree, is 'n ope vraag.

---

1. Navorsing en beplanning kan ook op 'n hoër basis geskied, veral in die geval waar lande polities en kultureel los van mekaar staan, maar tog poog om op ekonomiese-gebied saam te werk. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die Europese Ekonomiese Gemeenskapslande.

Beplanning in Suid-Afrika geskied op nasionale vlak deur middel van die Ekonomiese Ontwikkelingsprogramme, maar dit gee net globale aanduidings van moontlike rigtings waarin ontwikkeling aangemoedig moet word.

In die lig hiervan is dit dus wenslik dat fisiese eenheidsnavorsing op 'n veel kleiner skaal gedoen word, selfs kleiner as die ekonomiese streeksindeling, en dat planne opgestel word, wat ten doel het die optimum ontwikkeling van die beskikbare hulpbronne.

### 2.1.2 Regionale vlak

In die ekonomiese literatuur is daar geen algemeen aanvaarde definisie van die begrip streek nie, omdat die afbakening van 'n streek of geografiese gebied so baie probleme oplewer. Tog probeer enkele ekonome om redelike aanvaarde definisies van 'n streek daar te stel. Onder andere sê Harvey S. Perloff, e.a.:[1]

> "The term region[2] is generally used to describe a group of geographically contigous areas which have certain common or complementary characteristics or which are tied by extensive interareal activity of flows. In economic analysis the investigator's choice of component areas can be combined in terms of specified physical, socio-economics or other criteria in the form in which statistical data are available or can be made available for the purpose involved. This latter element imposes some serious constraints of choice."

Dit blyk dus dat die definisies van 'n streek, afhangende van die kriteria waarop besluit word, gewoonlik van mekaar verskil. 'n Streek is dus

---

1. Perloff, H.S. e.a.: Regions, Resources and Economic Growth. John Hopkins Press, Baltimore, 1960, p. 4.
2. Vir 'n meer gedetaileerde bespreking van die verskillende streke wat gebruik kan word by ekonomiese analises kan verwys word na J.L. Fischer: Concepts in Regional Economic Development, Papers and Proceedings of the Regional Science Association, Vol. 1, 1955.

nie 'n absolute verskynsel nie. Dit is 'n skepping van die mens se denke, 'n konsep, 'n area in terme van spesifieke kriteria.

Daar sal egter nie stilgestaan word by die algemene beginsels wat gevolg word by die afbakening van regionale gebiede nie. Dit word onder andere volledig deur E.J. van der Merwe bespreek waar hy ook die drie belangrikste beginsels noem:[1]

a) Die homogeniteitsbeginsels.
b) Die beginsel van funksionele integrasie.
c) Die beginsel van programmering.

Dit is interessant dat L.H. Klaassen die stryd wat daar tussen ekonome is, om terme soos „regionaal", „gebied" of „area", te omskryf as tydverkwistend beskou. Volgens hom is die volgende kriteria voldoende vir die afbakening van 'n ekonomiese streek:[2]

1. Die streek moet groot genoeg wees om 'n redelike benutting van investering in die infrastruktuur te verseker;
2. die arbeidsmag moet groot genoeg wees om in die behoeftes van 'n indiensnemingssentrum in die streek, te voorsien;
3. die ekonomiese struktuur moet homogeen wees,
4. die streek moet groot genoeg wees om ten minste een groeipunt te bevat;
5. 'n gemeenskaplike waardering van plaaslike probleme en 'n gemeenskaplike benadering vir die oplossing daarvan is noodsaaklik.

Alhoewel daar 'n stryd tussen ekonome heers om geskikte kriteria te vind vir die afbakening van ekonomiese streke kan ons volstaan met die drie

1. Van der Merwe E.J. Enkele Ekonomiese Aspekte van die Oranje Rivier Ontwikkelingsprojek, D.Comm.-proefskrif, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1967, p. 19.
2. Area economic and social development. Organisation for Economic Co-operation and Development. Parys, 1965. p. 27.

beginsels soos deur E.J. van der Merwe gebruik is. Die rede daarvoor is dat by meeste ander ekonome een of meer van hierdie beginsels as die belangrikste aanvaar word.

### 2.1.3 Belangrike vorme van streeksindelings

Daar kan kortliks gelet word op 'n paar belangrike vorme van streeksindelings wat in Suid-Afrika onderskei word, naamlik:[1]

1. Landdrosdistriksverdeling wat ontstaan het as administratiewe eenhede van die Departement van Justisie. Hierdie Departement is dan ook verantwoordelik vir alle nuwe landdrosdistrikte wat geskep word of enige veranderings wat in die distriksgrense mag voorkom.
2. Verdeling volgens ekonomiese streke, soos bepaal deur die Buro vir Marknavorsing van die Universiteit van Suid-Afrika, in een-en-vyftig ekonomiese streke deur die 178 landdrosdistrikte wat in 1960 in die land bestaan het volgens homogeniteitsbeginsel, groothandelsmarkgebiede asook amptelike streke saam te groepeer.
3. Verdeling volgens provinsies waarvan die grense met die geskiedkundige verloop van tyd ontstaan het.
4. Agro-ekonomiese streeksverdeling soos bepaal deur die Afdeling Landbouekonomiese Navorsing van die Departement Landbou-ekonomie en -bemarking bygestaan deur beamtpes van ander tegniese afdelings met die doel om min of meer gelyksoortige boerderystreke te verkry.
5. Nie-blanke - teenoor blankegebiede wat ontstaan het weens Suid-Afrika se besondere volkstruktuur word die land ingedeel volgens die volksgroep aan wie die besondere gebiede toegewys is.
6. Beheerde teenoor onbeheerde gebiede soos vasgestel kragtens die Wet op die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne (Wet No. 51 van 1947 soos gewysig).

---

1. van der Merwe E.J. op cit. p. 25.

Hiervolgens is die Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne geregtig om 'n streek as 'n beheerde gebied te verklaar. Hierdie wet is egter deur die Wet op Fisiese Beplanning en Benutting van Natuurlike Hulpbronne (Wet 10. 88 van 1967) vervang met die gevolg dat ook die R.O.N.H. opgehou het om te bestaan.

7. Verdeling volgens die grense van streeksontwikkelingsverenigings. Hierdie indeling word egter op 'n redelike arbitrêre grondslag bepaal.
8. Ander verdelings byvoorbeeld reënvalstreke, klimaatstreke, vervoernetwerke, kragverspreiding, ens.

## 2.2 ENKELE BELANGRIKE EKONOMIESE NAVORSINGSTEGNIEKE

### 2.2.1 Die bruto regionale produk[1]

#### 2.2.1.1 Definisie

Die bruto regionale produk kan gedefinieer word as die totale verdienste van alle deelname aan die produksie van goedere en dienste binne die grense van 'n bepaalde streek. Die term dra dus 'n soortgelyke betekenis as die bruto binnelandse produk, wat die ooreenstemmende grootheid vir die land as geheel weergee.

Hierdie tegniek is die mees doeltreffende maatstaf vir die meting van inkome van die onderskeie sektore van 'n streek en is gevolglik baie bruikbaar vir die evaluering van die werking van 'n gebied se ekonomie.[2]

---

1. Die term "regionaal" word ook dikwels vervang met die woord "geografies".
2. Vir 'n volledige bespreking van hierdie tegniek kan verwys word na: Stadler, J.J. Die Bruto Binnelandse Produk van Suid-Afrika, 1911 - 1959, D.Comm.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1962.

2.2.1.2 Probleme verbonde aan die gebruik van die bruto regionale produk

Die ontleding van die verskillende aspekte van die bruto regionale produk is nuttig teneinde 'n algemene oorsig van die ekonomiese ontwikkeling van 'n gebied kan opstel. Hierdeur word egter nog nie aan al die vereistes wat aan streeksopnames gestel word voldoen nie. 'n Deeglike ontleding van die ekonomiese struktuur van die streek, vereis dat die verskillende ekonomiese aktiwiteite, wat in die streek beoefen word, volledig ondersoek word.

2.2.2 Bruto kapitaalvorming[1]

2.2.2.1 Definisie

Die bruto kapitaalvorming van 'n streek kan omskryf word as die waarde van die gebied se produksie en invoer wat nie uitgevoer of verbruik word nie, maar toegevoeg word tot die voorraad kapitaalgoedere, voordat daar voorsiening gemaak word vir die deel van die kapitaalgoedere wat gedurende die rekenperiode in die produksieproses verbruik word.

2.2.2.2 Probleme verbonde aan die gebruik van die bruto kapitaalvorming tegniek

As gevolg van 'n gebrek aan voldoende gegewens vir gebiede kleiner as landsgrense blyk dit dat by vorige berekenings van kapitaalvorming van sekere produksietakke, dit gegrond was op arbitrêre veronderstellings.

Verdere kritiek teen hierdie metode, is dat dit geensins 'n korrekte aanduiding van die belangrikheid van die onderskeie sektore in die ondersoekgebied sal gee nie. Die rede hiervoor is dat die grootste persentasie kapitaalvorming gedurende die beginjare van byvoorbeeld 'n goudmyn plaasvind. Vergelykenderwyse mag daar 'n hoër persentasie kapitaalvorming in die ander ekonomiese sektore op die huidige oomblik plaasvind, maar mag hierdie sektore se bydrae tot die inkome van die gebied, wat koopkrag verteenwoordig, veel minder wees as die van die goudmyne.

1. Willers, J.J.D: Kapitaalvorming en Kapitaalbesit in die Unie 1910 tot 1953, D.Comm.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1955.

### 2.2.3 Inset-Afset tabelle

#### 2.2.3.1 Definisie

Een van die bekendste hedendaagse tegnieke waarvolgens die onderlinge afhanklikheid van ekonomiese sektore binne 'n streek, en tussen die streek as geheel en die res van die land of wêreld bepaal kan word, is die interindustrievloeitegniek of inset-afset tabelle. Tog is hierdie tegniek alreeds lank bekend deur die werke van L. Walras en W.W. Leontief. Die insetafset tabelle was 'n direkte uitvloeisel uit eersgenoemde ekonoom se algemene ewewigsanalises, maar is die grootste bydrae tot die vervolmaking van die tegnieke daaraan verbonde deur Leontief gelewer.

Hierdie tegniek van ontleding blyk egter een van die vrugbaarste en betroubaarste te wees.

> „Of the general interdependence approaches which have been investigated, the interregional input-output approach is most prominent, both in term of accomplishment and recognition. It represents a fruitful approach for depicting and investigating the underlying processes which bind together the regions of a system and all the separate facets of their economies . ...... In essence, it expresses the basic fabric of an interindustry system as it exists not only within each region but also among regions."[1]

Vera Cao-Pinna wys egter meer op die voordele wat 'n wiskundige model soos die inset-afsettable inhou:[2]

> „A disaggregated description of the structures of regional economies and of the present and potential capacities of regional markets provides, instead, a factual basis for constructive discussion and criticism of the localization of public investments.

---

1. Isard, Walter e.a.: Methods of Regional analysis: An Introduction to Regional Science. M.I.T. Press, Cambridge, Massachusetts, 1960, p. 310.

2. Isard W. and Cumberland J.H.: Regional Economic Planning. Parys, 1961, p. 305.

The knowledge of the functional position of each sector within the regional and the national economy may help in establishing the priorities of the financial assistance which can be allowed to the investment programs of the private sector.

The establishment of regional input-output accounting makes it necessary to determine the interregional exchanges of industrial commodity groups and services and, hence, it permits measuring the structural interdependencies between regions under study and the rest (or other areas) of the national economy."

By die samestelling van inset-afset tabelle word van twee matrikse gebruik gemaak. Met die eerste word die produksiestruktuur van 'n streek self bepaal. Indien die produksie-aktiwiteite van 'n streekshuishouding in 'n aantal sektore geklassifiseer word dan toon 'n eenvoudige twee dimensionele matriks enersyds, die verskillende nywerheidsvertakkings, waarvan 'n bepaalde nywerheid sy insetstowwe aankoop, en andersyds ook daardie nywerheidsvertakkings aan wie hy sy produkte verkoop.

Hierdie matriks sou egter nie voldoende wees in die geval van 'n streek wat nie 'n geslote ekonomiese bestaan voer nie. In die geval moet 'n tweede matriks opgestel word wat alle invoere en uitvoere met die res van die land asook met die res van die wêreld aantoon.

Deur hierdie twee tabelle dan te ontleed kan die vraagstruktuur sowel as die afsetpatroon van die streke gesien word. Hieruit word dus duideliker watter die belangrikste sektore van die streek is en watter moontlike projeksies vir die toekoms gemaak kan word.

2.2.3.2 Probleme verbonde aan die gebruik van inset-afset tabelle

Hierdie tegniek gaan ook net soos die voriges gebuk onder sekere gebreke. Eerstens is daar die probleem van die besondere sektore, of industrieë wat ondersoek gaan word. Dan is daar ook nog die keuse van 'n aantal

streke wat vergelyk moet word wat 'n groot probleem kan wees. Verkryging van basiese betroubare data skyn egter die grootste probleem te wees.

By geleentheid van die simposium vir streeksontwikkeling en -beplanning wat op 17 en 18 Oktober 1966 te Pretoria gehou is, is daar ook deur verskeie ekonome op die probleme verbonde aan die opstel van inset-afset tabelle gewys. Volgens A.S. Jacobs wat toe nog aan die Ekonomiese Adviesraad verbonde was, sou dit ongeveer twee jaar neem met die beskikbare mannekrag by die Departement van Beplanning om 'n inset-afset tabel vir Suid-Afrika op te stel. Ook het D.C. Krogh aangevoer dat meer tyd en krag gespandeer sou moes word om voldoende betroubare statistiek te verkry om hierdie metode van ontleding vir beide private en publieke beplanning in Suid-Afrika suksesvol en bruikbaar te maak.[1] Wanneer hierdie tegniek ook op 'n klein streek toegepas word, mag die toevoeging, weglating of uittrede van 'n enkele groot onderneming die kwosiënte so verander dat vooruitskattings grootliks hul betroubaarheid mag verloor.

### 2.2.4 Industriële kompleksanalise

#### 2.2.4.1 Definisie

> "..... industrial complex analysis is concerned with regional patterns of incidence and growth of groups of industrial activities subject to important technological (production) marketing, and other interrelations."[2]

Hierdie tegniek het dus te doen met die ontleding van streekspatrone om die onderlinge afhanklikheid van nywerhede van mekaar te bepaal. Die interverwantskap tussen die nywerhede wat ondersoek word, is dikwels van 'n tegnologiese, kostebesparings- of 'n bemarkingsaard. Die interverwantskappe word ook

---

1. Amptelike publikasie: Notule van die verrigtinge tydens die Simposium vir Streeksontwikkeling en -beplanning gehou te Pretoria op 17 en 18 Oktober 1966, p. 53-75. Staatspublikasie, 1967.

2. Isard W. op cit, p. 409.

met behulp van 'n interaktiwiteitsmatriks bestudeer.

Hierdie tegniek kan ook veral lig werp op die redes waarom nywerhede in 'n sekere streek soos die Vaaldriehoek vestig. Hier was die vestiging van die groot staalfabriek die grondliggende faktor, omdat dit ander nywerhede gelok het wat direk hulpaktiwiteite aan die staalfabriek kon verleen. Genoemde yster- en staalnywerheid was dus 'n aantrekkingskrag vir diverse nywerhede wat die swaar nywerheid se produkte verder kon verwerk of produkte kon lewer vir verbruik deur die yster- en staalnywerheid.

By so 'n industriële kompleks-analise kan daar dus aangetoon word watter nywerheid die belangrikste groeipunt was of is en tot watter mate dit indirek bygedra het tot die verdere ontwikkeling van die ander sektore.

2.2.4.2 Probleme verbonde aan die industriële kompleks-analise met behulp van matrikse

Basies kan dieselfde probleme ondervind word as by die inset-afset-tabelle. Ook vereis hierdie tegniek 'n komparatiewe koste ontledingsprosedure van vestigingsfaktore. Koste en tyd verbonde aan die gebruikmaking van hierdie tegniek maak dit ook grootliks vir klein gebiede of komplekse feitlik onmoontlik.

2.2.5 Persoonlike inkome metode

2.2.5.1 Definisie

Die begrip persoonlike inkome kan gedefinieer word as die totale bedrag wat huishoudings in 'n streek of gebied kleiner as die land, gedurende 'n rekenperiode werklik ontvang.[1] Dit kan of regstreeks as die som van die ontvangstes van individue bereken word, of dit kan met inagneming van sekere aansuiwerings van die bruto regionale produk afgelei word.

By die regstreekse berekening, word dit bepaal as die som van ar-

1. Van der Merwe E.J. op. cit. p. 159

beidsvergoeding, inkome van nie-geïnkorporeerde ondernemings, eiendomsinkome en oordragbetalings. Vir hierdie direkte berekeningsmetode word daar meesal van inkomstebelastingsstatistiek gebruik gemaak. As gevolg van tekortkomings in die Republiek se inkomstebelastingstatistiek word hierdie metode egter weinig toegepas.

By die berekening van die persoonlike inkome deur die bruto geografiese produk te gebruik, word die bruto geografiese produk teen faktorkoste bepaal. Hiervan word depresiasie vervolgens afgetrek. Daarna word faktorinkome ontvang van ander streke bygetel min faktorinkome betaal aan ander streke. Nadat die streeksinkome so bepaal is, word maatskappybelasting, onverdeelde winste van maatskappye, owerheidsinkome uit eiendom en entrepreneurskap, en oordragbetalings van openbare owerhede en sakeondernemings ontvang, en oordragbetalings van ander streke ontvang bygetel.

2.2.5.2 <u>Probleme verbonde aan die gebruik van die persoonlike inkome tegniek</u>

Weens die probleme verbonde aan die verkryging van voldoende statistiese inligting en die feit dat die bruto regionale produk nie in hierdie ondersoek bereken sal word nie is hierdie tegniek ook buite rekening gelaat. Om die persoonlike inkome vanaf inkomstebelasting-statistiek op 'n regstreekse basis te probeer vasstel sou ook heelwat tyd en koste geverg het.

## 2.3 SAMEVATTING

By die afbakening van ekonomiese streke toon 'n analise van literatuur in dië verband dat sekere algemene afbakeningsbeginsels geld waarvan die homogeniteitsbeginsels, die beginsel van funksionele integrasie en die beginsel van programmering die belangrikste is.

Met genoemde beginsels in gedagte is die Klerksdorp-distrik as die ekonomiese gebied afgebaken. Die belangrikste rede waarom met die landdrosdistrik volstaan is, is omdat statistiek nie altyd op 'n ander basis beskikbaar is nie. Hierdie grense is ook dikwels, na gelang van die statistiek be-

skikbaar, of vergroot tot die van die Ekonomiese Streek no. 45, Transvaal en Suid-Afrika, of verklein tot die munisipalegrense in die ondersoekgebied.

By die bespreking van die verskillende navorsingstegnieke het dit verder geblyk dat slegs sekere ekonomiese aspekte by die ontleding van 'n streek na vore gebring word. Omdat 'n deeglike analise van die ekonomiese struktuur van die afgebakende gebied vereis dat die verskillende ekonomiese aktiwiteite, wat in die streek beoefen word, volledig ondersoek moet word, is daar toe van 'n analities beskrywende metode gebruik gemaak.

H O O F S T U K 3

# OORSIG VAN DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE KLERKSDORP-ORKNEY-STILFONTEIN-DRIEHOEK

## 3.1 INLEIDING

Sedert die landing van Jan van Riebeeck in 1652 aan die Kaap en tot 1870 was Suid-Afrika 'n landbouland. Aan vryburgers is volle eienaarskap toegestaan ten opsigte van klein stukkies grond, wat hulle, volgens besluit van die Hollands-Oos-Indiese Kompanjie, uitsluitlik vir die produksie van koring, gars, hawer en groente kon gebruik.

Met die verloop van die geskiedenis is daar egter verder die binneland ingetrek en het landbou ook verder ontwikkel deur 'n geweldige toename in produksie. Omdat die mark beperk was, kon die omvang van produksie, alhoewel redelik groot, die boer slegs van 'n bestaan verseker. Geleidelik is daar egter begin met uitvoere wat hoofsaaklik uit wyn, vrugte, wol, huide en graansoorte bestaan het.

Tussen 1834 en 1856 het uitvoer van wol toegeneem vanaf 144,000 lb. tot 14,900,000 lb. Totale uitvoere van wol, wyn, huide, velle en graan het onderskeidelik R740,000 in 1834 tot R2,660,000 in 1856 beloop, teenoor invoere van R926,000 en R3,176,000 in die ooreenstemmende jare onderskeidelik.[1]

Hieruit blyk dat Suid-Afrika se ekonomie geleidelik besig was om vooruit te gaan al was dit slegs gebaseer op die landbou wat 93.83% van die totale uitvoere in 1868 gevorm het.

Die ontdekking van diamante te Kimberley in 1867 het egter die

---

1. De Kock M.H. The Economic Development of South Africa. P.S. King and Son Ltd. London, 1936, p. 36.

struktuur van die ekonomie totaal verander vanaf 'n bestaans-landbou-ekonomie na 'n landbou-mynbou-ekonomie. Dit wil sê vanaf die pastorale-landbou-stadium, volgens List, of die tradisionele gemeenskap, volgens Rostow, na die geld-ekonomie, volgens Hildebrand.[1] Hierdie proses is deur die ontdekking van goud aan die Witwatersrand in 1886 versnel.

C.G.W. Schumann onderskei duideliker tussen die drie tipes van verandering in die ekonomiese vooruitgang van Suid-Afrika, naamlik:[2]

i. breë struktuurveranderinge in die organisasie van produksie, veral met betrekking tot die verhouding van primêre, sekondêre en tersiêre produksievertakkings;

ii. die lang-termyn groeineiging in die totale produksie;

iii. fluktuasies in totale produksie, veral onder invloed van voorspoed en depressie.

Die produksie van goud het teen 'n snelle tempo uitgebrei tot en met die Anglo-Boere-Oorlog toe dit feitlik tot stilstand gekom het. Gedurende die periode 1886 - 1910 was die gemiddelde jaarlikse goudproduksie 18.7%. Vanaf die ontdekking van goud in 1886 tot voor die Boere-Oorlog het dit teen gemiddeld 36.3% per jaar gegroei. 'n Daling tot 12.7% gemiddeld het gedurende die periode 1904 - 1910 gevolg. Teen 1910 het die goudindustrie 'n gevorderde stadium van ontwikkeling bereik en het goudproduksie op 7½ miljoen fyn onse, gewaardeer teen R64 miljoen, gestaan.

Soos reeds vermeld het 'n strukturele verandering in die Suid-Afrikaanse ekonomie ingetree as gevolg van die ontdekking van goud en diamante.

---

1. Kindleberger C.P. Economic Development. McGraw-Hill Inc. New York, 1955, p. 54.

2. Schumann C.G.W. 'n Halfeeu van Ekonomiese Vooruitgang. „Veranderinge in die Unie se Ekonomiese Struktuur." Nasionale Handelsdrukkery Bpk., Elsiesrivier, Kaapstad, 1959, p. 13.

Heel geregverdig merk D.A. Farnie dan ook op dat:

> „the exploitation of gold and diamonds revolutionised the economic and political structure of South Africa and laid the material basis of modern South African civilisation: in this sense the mineral revolution in South Africa was based on the alliance of diamonds and gold, as the industrial revolution in Britain was based on the alliance of coal and iron."[1]

Hierdie verandering was kwalitatief sowel as kwantitatief van aard. Nie alleen het dit die koers van immigrasie na Suid-Afrika versnel nie - vanaf 328,000 in 1875 na 1,276,242 in 1911 in Suid-Afrika en vanaf 50,000 in 1880 tot 1911 in die Transvaal[2] - maar dit het ook die rasse- en kulturele samestelling van die bevolking geweldig verander.

Ook het dit die lokalisering van baie nuwe stede en groot dorpe, waaronder Johannesburg, Kimberley en Klerksdorp, bepaal sowel as die vorm wat die Suid-Afrikaanse spoorwegvervoerstelsel sou aanneem.

Sonder die ontdekking van goud en diamante is dit te betwyfel of die binneland die kern van ons industrieë sou geword het en of die spoorwegnetwerk so intensief ontwikkel sou gewees het.

Suid-Afrika se goudmynbedryf het 'n geweldige aantrekkingskrag vir buitelandse kapitaal geword soos blyk uit tabel 3.1.

---

1. Farnie D.A. The Mineral Revolution in South Africa, Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie. Junie 1956, p. 25.

2. Schumann C.G.W. The World Depression, South Africa and the Gold Standard. Maskew Miller Kaapstad. 1932, p. 38.

TABEL 3.1

Kapitaalbelegging in die Witwatersrandse Goudmynbedryf vanaf 1887 - 1932[a]

| Jaar | Kapitaalbelegging (R) |
|---|---|
| 1887 - 1890 | 45,267,748 |
| 1891 - 1895 | 48,601,508 |
| 1896 - 1900 | 71,013,732 |
| 1901 - 1905 | 53,791,592 |
| 1906 - 1910 | 34,301,056 |
| 1911 - 1915 | 9,428,386 |
| 1916 - 1920 | 14,632,930 |
| 1921 - 1925 | 9,840,556 |
| 1926 - 1930 | 16,504,684 |
| 1931 - 1932 | 2,773,932 |
| Totaal: | 296,156,124 |

(a) Verwerk uit: Frankel S.H.: Capital Investment in Africa. Oxford University Press, London, 1938, p. 95.

Totale dividende uitbetaal op hierdie kapitale belegging het progressief R509,765,962 in 1932 beloop met 'n gemiddelde dividendkoers van 5.9 persent per jaar.

Ons moet egter daarop let dat investerings nie alleen in die goudmynbedryf plaasgevind het nie, maar ook in ander sektore van die Suid-Afrikaanse ekonomie, te wete in regeringsinstansies R194.4 miljoen; in spoorweë R18 miljoen; in finansieël en grond R146 miljoen en in munisipaliteite R35.4 miljoen.[1]

1. Paish G.R. Great Britain's Capital Investment in other lands. Journal of the Royal Statistical Society, Vol. 74, 1910 - 11. p. 180. Soos aangehaal deur Katzen L. Gold and the South African Economy. Balkema, Kaapstad. 1964, p. 47.

Hierdie bedrae is tot en met 1910, grootliks deur Brittanje in Suid-Afrika, insluitende Noord- en Suid-Rhodesië, belê. Ons kan egter aanvaar dat die grootste gedeeltes van hierdie beleggings in Suid-Afrika self gedoen was aangesien Noord- en Suid-Rhodesië relatief tot Suid-Afrika nog op 'n lae ekonomiese ontwikkelingspeil was.

Tabel 3.2 gee 'n algemene beeld van die goudmyne se bydrae tot die netto nasionale inkome

TABEL 3.2

Persentasie bydrae van verskillende produksietakke tot die nasionale inkome 1911/12 - 1963/64[1]

| Jaar | Landbou, Bosbou en Visserye % | Fabrieks-wese % | Mynbou Totaal (Goud ingesluit) % | Goud-mynbedryf % | Ander % |
|---|---|---|---|---|---|
| 1911/12 | 16.1 | 6.8 | 27.5 | 19.6 | 49.6 |
| 1920/21 | 17.7 | 12.9 | 17.8 | 14.9 | 51.6 |
| 1930/31 | 13.6 | 15.8 | 16.7 | 13.8 | 53.9 |
| 1940/41 | 11.0 | 18.3 | 21.1 | 19.0 | 49.6 |
| 1950/51 | 17.4 | 22.7 | 13.0 | 9.6 | 46.9 |
| 1955/56 | 14.1 | 24.4 | 13.2 | 8.9 | 48.3 |
| 1956/57 | 14.2 | 23.8 | 12.8 | 9.2 | 49.2 |
| 1957/58 | 12.1 | 25.3 | 12.8 | 9.7 | 49.8 |
| 1958/59 | 11.7 | 24.6 | 13.3 | 10.3 | 50.4 |
| 1959/60 | 10.6 | 23.6 | 13.8 | 10.5 | 51.7 |
| 1960/61 | 11.1 | 23.7 | 13.7 | 10.4 | 51.5 |
| 1961/62 | 10.7 | 24.1 | 13.5 | 10.3 | 51.7 |
| 1962/63 | 11.2 | 27.6 | 13.2 | 10.9 | 48.0 |
| 1963/64 | 9.9 | 30.1 | 13.5 | 10.2 | 46.5 |

1. Verwerkings gedoen uit volgende bronne: (i) Frankel S.H. and Herzfeld H. An analysis of the Growth of National Income in the Union in the period of prosperity before the War, S.A. Journal of Economics, Junie 1964. Byvoegsel tot p.132.
(ii) Statistiese kwartaalblaaie van die S.A. Reserwebank.

Omdat daar weinig syfers vir die Klerksdorpgebied beskikbaar is, kan daar nie 'n vergelyking getref word met Suid-Afrika nie. In tabel 3.3 en 3.4 word die bydraes van die verskillende ekonomiese sektore tot die Bruto Geografiese Produk vanaf 1954/55 tot 1961/62 aangetoon. Volgens hierdie tabelle blyk dit dat vir die bogenoemde tydperk die grootste groei in die mynbou plaasgevind het. Omdat daar weinig ander mynbou-aktiwiteite behalwe goud in die Klerksdorp-distrik was en is, kan daar aanvaar word dat die B.G.P. van die mynbou feitlik uitsluitlik die bydrae van die goudmyne was. 'n Fenomenale groei van 56.2 persent per jaar het gedurende die periode 1954/55 - 1961/62 in hierdie sektor plaasgevind. As gevolg van die koopkrag in die vorm van lone en salarisse wat deur die mynbou beskikbaar gestel is, kon daar 'n groei van 40.8 persent per jaar in die handel plaasvind. Landbou en Bosbou, Fabriekswese, Konstruksie, Elektrisiteit, Krag en Water, Vervoer, Opberging en Kommunikasie en Private Dienste kon egter nie die hoër groeikoers van die ander sektore handhaaf nie.

Aangaande die persentasie bydrae van elke bedryfstak tot die totale B.G.P. van die ondersoekgebied is dit duidelik dat die mynbou jaarliks in verhouding tot die ander sektore 'n groter bydrae gelewer het. Gedurende 1961/62 was die aandeel van die mynbou 61.7 persent teenoor die 9.6 persent van die handel wat die tweede belangrikste was. Fabriekswese, Konstruksie, Elektrisiteit, Krag en Water kon tesame slegs 5.2 persent van die B.G.P. oplewer.

Alhoewel die B.G.P.-syfers slegs tot 1961/62 bereken is deur C.H. Boshoff[1] word hierdie syfers teenswoordig op datum gebring.

Uit bogenoemde kort samevatting van die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika behoort dit duidelik te wees dat daar wel sekere fases van ontwikkeling plaasgevind het. 'n Lang breedvoerige bespreking daarvan sou egter onvanpas wees in hierdie probleem van die Klerksdorp-Orkney-Stilfonteingebied.

---

1. Boshoff C.H.: Die Streeksinkome van die Vaalrivieropvanggebied volgens Landdrosdistrikte. M.Comm.-verhandeling P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1966.

TABEL 3.3

Bruto geografiese produk vir die Klerksdorp-distrik volgens ekonomiese sektor vanaf 1954/55 - 1961/62 (n R1,000)[1]

| Jare | Totaal | Landbou en Bosbou | Fabrieks-wese, Kon-struksie, Elektrisiteit, Krag en Water | Mynbou | Vervoer, Opberging en Kommu-nikasie | Handel | Finansiële Instellings, Vaste Eiendom | Besit van wonings | Algemene Regerings-dienste | Private dienste |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | R | R | R | R | R | R | R | R | R | R |
| 1954/55 | 46634 | 3084 | 5790 | 22789 | 2303 | 3942 | 786 | 1032 | 2095 | 4813 |
| 1955/56 | 64564 | 3033 | 7236 | 35801 | 2461 | 5799 | 1037 | 1210 | 2812 | 5175 |
| 1956/57 | 92682 | 3813 | 8802 | 57631 | 2627 | 8973 | 1412 | 1374 | 2650 | 5400 |
| 1957/58 | 121388 | 3307 | 8517 | 82594 | 2803 | 12259 | 1793 | 1557 | 2853 | 5705 |
| 1958/59 | 134363 | 3897 | 9443 | 92966 | 2994 | 12418 | 1883 | 1727 | 3070 | 5965 |
| 1959/60 | 145215 | 4202 | 8517 | 101878 | 2896 | 13778 | 2203 | 1849 | 3566 | 6326 |
| 1960/61 | 151682 | 4382 | 8562 | 107192 | 3016 | 14525 | 2443 | 1974 | 3741 | 5847 |
| 1961/62 | 174701 | 4800 | 9080 | 125205 | 3009 | 16805 | 2568 | 2085 | 4021 | 7128 |
| Gemiddelde groeikoers | 34.3 | 6.9 | 7.1 | 56.2 | 3.8 | 40.8 | 28.3 | 12.8 | 11.5 | 6.0 |

1) Saamgestel uit: Boshoff C.H., Die Streeksinkome van die Vaalrivieropvanggebied volgens Landdrosdistrikte, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom 1966.

TABEL 3.4

Persentasie bydrae van elke bedryfstak tot die totale B.G.P. van die Klerksdorp-distrik 1954/55 - 1961/62[1]

| Jare | Totaal | Landbou en Bosbou | Fabrieks-wese, Konstruksie, Elektrisiteit, Krag en Water | Mynbou | Vervoer, Opberging en Kommunikasie | Handel | Finansiële Instellings, Vaste Eiendom | Besit van wonings | Algemene Regerings-dienste | Private dienste |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % |
| 1954/55 | 100 | 6.6 | 12.4 | 48.9 | 4.9 | 8.5 | 1.7 | 2.2 | 4.5 | 10.3 |
| 1955/56 | 100 | 4.7 | 11.2 | 55.5 | 3.8 | 9.0 | 1.6 | 1.8 | 4.4 | 8.0 |
| 1956/57 | 100 | 4.1 | 9.5 | 62.2 | 2.8 | 9.8 | 1.5 | 1.5 | 2.9 | 5.7 |
| 1957/58 | 100 | 2.7 | 7.0 | 68.0 | 2.3 | 10.1 | 1.5 | 1.3 | 2.4 | 4.7 |
| 1958/59 | 100 | 2.9 | 7.0 | 69.2 | 2.2 | 9.2 | 1.4 | 1.3 | 2.3 | 4.5 |
| 1959/60 | 100 | 2.9 | 5.9 | 70.2 | 2.0 | 9.5 | 1.5 | 1.3 | 2.5 | 4.2 |
| 1960/61 | 100 | 2.9 | 5.6 | 70.7 | 2.0 | 9.6 | 1.6 | 1.3 | 2.5 | 3.8 |
| 1961/62 | 100 | 2.7 | 5.2 | 71.7 | 1.7 | 9.6 | 1.5 | 1.2 | 2.3 | 4.1 |

1. Verwerk vanaf tabel 3.

Dit kan net genoem word dat daar 'n ontleding gedoen is van die fases waarin die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika ingedeel word.[1]

1. Die Tradisionele Gemeenskap, 1652 - 1806.
2. Die lang oorgangsfase, 1806 - 1924.
3. Die aanvangsfase tot volgehoue groei, 1924 - 1945.
4. Die tydperk van volle ontwikkeling, 1946 - 1984.
5. Die stadium van hoë massaverbruik.

Hierdie ontleding was basies geskoei op W.W. Rostow se werk, „The Stages of Economic Growth", waarin hy opeenvolgende veranderings in die groeikoers en in die struktuur van die ekonomie probeer verklaar.

'n Soortgelyke ontleding van die verskillende stadia is ook deur D. Hobart Houghton gedoen.[2] In teenstelling met Stapelberg gee hy die fases van ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika onderskeidelik aan as: 1652 tot 1820, 1820 - 1933, 1933 - 1945, 1945 - 1989, 1989 -

Met hierdie oorsigtelike agtergrond van die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse ekonomie word vervolgens oorgegaan tot die historiese aspekte van die Klerksdorp-Orkney-Stilfonteingebied.

## 3.2 PERIODE 1837 TOT 1886

### 3.2.1 <u>Totstandkoming van Klerksdorp</u>

Dit blyk uit geskrifte dat Klerksdorp ongeveer tussen 1837 en 1838 tot stand gekom het op die westelike oewer van die Schoonspruitrivier. Voor-

---

1. Vir 'n gedetaileerde uiteensetting van hoe daar tot die afbakening van hierdie fases gekom is, kan verder verwys word na: Stapelberg N.H., Die Ekonomiese invloed van 'n Goudprysverhoging op die Ekonomie van S.A., M.Comm.-verhandeling, Pretoria Universiteit, Junie 1966, p. 10 - 23.
2. Houghton D. Hobart. The South African Economy. Oxford University Press, London, 1967, pp. 6 - 18.

trekkers het op daardie tydstip toe hulle daar aangekom het ene C.M. du Plooy daar aangetref en van hom 'n sekere deel van sy grond ontvang waarop die uiteindelike Klerksdorp aangelê is. In 1859 is die amptelike besitreg aan hulle toegeken.

Die bestaansomstandighede aldaar was maar eenvoudig, totdat die eerste besigheid in 1865 deur mnr. James Taylor begin is met 'n latere vennoot, Thomas Leash.

Die ontdekking van diamante te Kimberley en Barkley-Wes in 1867 het nie alleen vir die Suid-Afrikaanse ekonomie as 'n inspuiting gedien nie, maar ook vir Klerksdorpse ekonomiese aktiwiteite, omdat die roete vir die toestroming van Bantoes vanaf die noorde na die diamantvelde en terug via hierdie dorp gegaan het.

Tog was die werksaamhede in Kimberley en aan die oewers van die Vaalrivier by Barkley-Wes nie voldoende om Klerksdorp se ekonomiese ontwikkeling te bespoedig nie.

## 3.3 PERIODE 1886 - 1903

### 3.3.1 Ontdekking van Goud

Met die ontdekking van goud aan die Witwatersrand in 1886 het die roete oor Klerksdorp vanaf Kimberley egter oornag bedrywig geraak en het dit 'n verdere oplewing in die besigheidsaktiwiteite van Klerksdorp tot gevolg gehad.

Plaaslike inwoners het egter aandag begin gee aan die buitengewone bedrywighede wat daar aan die Rand aan die gang was, en dit het tot gevolg gehad dat A.P. Roos soontoe gereis het om 'n beter kennis van prospekteerwerk te gaan opdoen. Met sy terugkeer na Klerksdorp het hy ontdek dat die konglomeraat van klip genaamd „banker" in die Klerksdorpse distrik soortgelyk aan die van die Rand was. Na verdere prospekteerwerk het hy 'n brief aan president Paul Kruger,

gedateer 23 Augustus 1886, gestuur waarin hy gemeld het dat hy goud by Klerksdorp ontdek het.

> „He mentions that it is a banker reef and says that he has no knowledge as to the payability but notifies that he has handed a ball of gold to the Landdrost of Potchefstroom, also a specimen of the reef. This sample was assayed and found to contain 1 oz. 7 dwt. and 11 grains to the ton."[1]

Rietkuil no. 626 was die eerste plaas wat gedurende Julie 1887 in die Klerksdorpdistrik tot goudmyngebied geproklameer is. Tussen September 1887 en Mei 1888 is die volgende plase geproklameer.

Rietfontein No. 632
Eleazer No. 383
Oorbietjiesfontein No. 201
Elandsheuvel No. 376
Elandslaagte No. 598
Boontjieskraal No. 570
Nooitgedacht No. 677
en Rhenosterspruit No. 16.

Op 2 Julie 1888 is die Klerksdorpgebied as 'n publieke delwery geproklameer.

Vir die volgende paar jaar was goudontginning in Klerksdorp aan die orde van die dag. Vanaf 1880 tot 1890 is meer as 150 maatskappye en sindikate geregistreer waarvan sommige slegs 'n dosyn kleims besit het. Sommige van hierdie maatskappye het nogal kleurryke name besit, onder andere: „Comstock"; „Golden Snake"; „Royal Stuart"; „Shamrock"; „Sunbeam", ens.[2]

---

1. Guest H. Klerksdorp's Fifty Years of Mining. The New Klerksdorp Record (Pty) Ltd. Klerksdorp, 1938, p. 12.

2. Die Mynwese. Transvaalse Kamer van Mynwese. Vol. 3. No. 2., Maart 1951, p. 19.

In die eerste opwinding van mynboubedrywighede is 'n effektebeurs in die lewe geroep en vir 'n kort tydperk na die stigting daarvan in 1888 het die inrigting gefloreer. Dit is aangeteken dat op 'n sekere dag sestig transaksies deurgevoer is tot 'n totale bedrag van R20,000. Hierdie effektebeurs het egter net vir twaalf maande bestaan en toe tot niet gegaan as gevolg van 'n daling in aandeletransaksies.

Kort na die ontdekking van goud is daar gevind dat dit wenslik sou wees om erwe op georganiseerde basis beskikbaar te stel vir behuising, winkels, kantore, ens. omdat daar 'n geweldige toename in bevolking in hierdie gebied was. 1024 erwe is opgemeet in groottes van 50 × 50 vt. en 100 × 50 vt. Gedurende Maart 1888 is die eerstes te koop aangebied.

3.3.2 Belemmerende faktore vir die ontwikkeling van die goudmyne

3.3.2.1 Probleme verbonde aan die depressie en droogte

Ten spyte van die geweldige entoesiasme aan die begin het die goudgebied nie volgehoue sukses ondervind nie en kan die mislukkings van baie maatskappye aan verskeie faktore toegeskryf word, onder andere gebrek aan kapitaal.

> „Had little companies banded together they might have had enough capital to overcome the difficulties, and they might have found the consistent Vaal Reef which today is the rich diet supplied to the inexhaustible appetites of the vast reduction plants of the six producing Klerksdorp mines."[1]

Ander belemmerende faktore wat ook die ontwikkeling van die Klerksdorpse goudmyne beïnvloed het, was 'n gebrek aan voldoende geologiese kennis, depressie wat die gebied omstreeks 1890 getref het, plaaslike sowel as buitelandse oorloë en swak kwaliteit steenkool.

1. Mining Survey. Transvaal and Orange Free State. Chamber of Mines Publication Johannesburg. No. 58, April 1966, p. 23.

Alhoewel steenkool vanaf Vierfontein en Groenfontein verkry is - genoemde twee dorpe is ongeveer 20 myl van Klerksdorp geleë - was die koste R5 per ton, wat gedurende daardie era besonder hoog was.

Watertekort in 1889 en 1890, wat die prosessering van die erts belemmer het, was ook 'n groot faktor. Daarna is dit weer opgevolg deur swaar reëns wat die meeste myne oorstroom het.

3.3.2.2 Vervoerprobleem

Die vervoerprobleem het egter ook akuut geraak met die uitbreek van die runderpes in 1896 toe die vervoer van beeste van die een gebied na 'n ander deur regeringsmaatreëls beperk is. Hierdie struikelblok is egter met die bou en/of voltooiing van die volgende spoorlyne oorbrug:

(i) 1898 - Klerksdorp met Johannesburg verbind, wat hawens soos Durban en Delagoabaai binne redelike bereikbare afstand gebring het.

(ii) 1905 - Die spoorverbinding tussen Klerksdorp en Vierfontein wat voltooi is en later uitgebrei is na Kroonstad.

(iii) 1906 - Die spoorlyn tussen Klerksdorp en Veertienstrome wat Klerksdorp met Kimberley en Kaapstad verbind het.

(iv) 1928 - Die spoorlyn tussen Klerksdorp, Hartebeesfontein en Ottosdal wat voltooi is.

Laasgenoemde spoorlyn se totstandkoming moet egter toegeskryf word aan die sukses van die mielie-verbouing wat in daardie gebiede plaasgevind het.

3.3.2.3 Tegniese probleme

Ook was die gebruik in goudherwinning uiters ondoeltreffend, wat veroorsaak het dat meer as 50 persent van die goud verlore gegaan het.

„Recovery methods were initially so primitive that in places 8.5 dwt. was left in the waste after gold had been 'extracted'".[1]

Met die ontdekking en toepassing van die McArthur Forrest sianide-proses is die spoedige ondergang van die goudmynbedryf aan bande gelê soos H. Guest ook tereg beweer.:

„The advent of Mr. McArthur signalled a new era of prosperity and it is no exaggeration to aver that these chemists saved the industry from extinction".[2]

Produksie het vanaf 6,790 onse in 1890 tot 12,780 onse in 1893 en 71,776 onse in 1895 toegeneem, dit wil sê met ongeveer 552 persent tussen 1893 en 1895.

3.3.2.4 Plaaslike Oorloë

Die Klerksdorpse gebied het egter sy grootste terugslag ondervind as gevolg van die Jameson-inval in Desember 1895 en die Anglo-Boere-oorlog in 1899; die Klerksdorpse goudmyne is tot algehele stilstand gedwing.

3.4 PERIODE 1903 TOT 1936

Gedurende hierdie periode het enkele klein myntjies hulle werksaamhede voortgesit waaronder Buffeldoorn, Afrikander en Nooitgedacht die grootste was. Produksie van enkele van hierdie myne het vanaf 1887 tot 1936 soos volg daaruitgesien:[3]

---

1. Op cit., p. 23.
2. Guest H. Idem p. 36.
3. Op cit., p. 128.

| Myn | Fyn Onse |
|---|---|
| Buffeldoorn | 315,693 |
| Afrikander | 189,767 |
| Nooitgedacht | 161,547 |
| Bulroxo | 64,636 |
| Machavie | 47,733 |
| Ariston | 41,240 |
| West Bornanza | 33,378 |
| Elandslaagte | 24,384 |
| Gold Estates | 22,907 |
| Commonage Reef | 6,388 |
| Niekerk | 2,624 |
| Elandsheuvel | 2,416 |
| Southleigh | 911 |

Totale produksie van alle myne in die Klerksdorpgebied tussen 1889 en 1936 het 933,816 beloop teenoor die totale produksie van Suid-Afrika sedert 1884 tot 1936 van 315,319,000 fyn onse. Dit blyk dus dat die myn-aktiwiteite gedurende hierdie tydperk gering was in vergelyking met die Witwatersrand.

Gedurende hierdie periode is daar egter ook ander belangrike bydraes tot die vooruitgang van Klerksdorp gelewer. Onder andere is daar in 1909 begin met 'n waterskema wat in 1911 teen 'n koste van R40,000 voltooi is. 'n Kragstasie vir die voorsiening van elektrisiteit is ook in dieselfde jaar in werking gestel maar in 1934 teen 'n koste van R65,000 vervang. In 1944 is hierdie kragstasie egter finaal gesluit en is daar by Evkom ingeskakel.

Reeds aan die begin van die twintigste eeu is besef dat daar daadwerklike hulp in die vorm van watervoorsiening aan plaaslike kleinhoewe-eienaars verleen moes word, daar hulle die Klerksdorpse gemeenskap van die nodige landbouprodukte voorsien het. In 1916 is die Kafferskraal-besproeiingskema teen 'n koste van R42,000 voltooi.

## 3.5 PERIODE 1936 TOT 1967

Direkte en indirekte belastings sowel as die traagheid van die opeenvolgende regerings om paaie en kommunikasie te verbeter het die mynontginning baie aan bande gelê. Toe die Unie in 1933 egter van die goudstandaard afgestap het, met die gevolglike aansienlike verhoging in die prys van goud, het nuwe hoop opgevlam en is prospektering op groot skaal deur middel van geofisiese opnames onderneem.

Onder die nuwelinge in die mynmaatskappye gedurende hierdie tydperk was daar die volgende:[1]

New Klerksdorp Gold Estates Ltd. 1935.
Western Reefs Exploration and Development Co. 1933.
Babrosco Mines (Pty.) Ltd. 1933.
Dominion Reefs 1934.
Vaal Reefs Exploration and Mining Co. Ltd. 1949.
Stilfontein Gold Mining Ltd. Co. 1949.
Hartebeesfontein Gold Mining Co. Ltd. 1952.
Buffelsfontein Gold Mining Co. Ltd. 1952.
Ellaton Gold Mining Co. Ltd. 1952.

### 3.5.1. Ontstaan en ontwikkeling van die huidige goudmyne

Tans is daar slegs ses produserende myne in die Klerksdorp-gebied waarvan kortliks 'n agtergrond geskets sal word.

#### 3.5.1.1 Hartebeesfontein-goudmyn

Die Hartebeesfontein Gold Mining Co. Ltd. is in Junie 1949 geïnkorporeer maar het nie aktief begin werk voor Januarie 1953 nie. In 1952 is begin met die sink van skagte en in Julie 1955 het offisiële produksie begin

---

1. Streeksopname van Beheerde Gebied No. 2. (die Klerksdorp-Goudgebied), P.U. vir C.H.O. Potchefstroom. 1952/53, p. 11.

met 44,000 ton erts en 'n bedryfswins van R115,566. Gedurende 1966 was die produksie al 907,000 fyn onse goud uit 2 miljoen ton erts. Totale winste het R11.3 miljoen vir dieselfde jaar beloop.

3.5.1.2 Stilfontein-goudmyn

Hierdie myn is die pionier van die Lucas Blok-goudmyne in die Klerksdorp-distrik en is in April 1949 met 'n kapitaal van R7 miljoen gefloteer. Vroeër was dit onder die tegniese beheer van die ou Strathmore-groep, maar is later onder die kontrole van General Mining and Finance Corporation gebring deur 'n samesmelting van die twee groepe.

Ongeveer 3 jaar nadat daar met boorwerk begin is, het die myn in Junie 1952 met produksie begin. Hierdie myn was ook direk verantwoordelik vir die stigting van die Stilfontein-dorpsgebied, met 'n beraamde teenswoordige blanke bevolking van 14,000.

3.5.1.3 Western Reefs-goudmyn

Western Reefs Exploration and Development Co. Ltd. is in April 1933 in die lewe geroep, maar die eerste skag is eers in Junie 1938 geopen. Ten spyte van die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het die myn voortgegaan met uitbreiding as gevolg van finansiële steun ten bedrae R2,250,000 wat aan hulle deur die Anglo-American Corporation verleen is.

Die eerste erts is in 1941 geproduseer, naamlik 35,000 ton. Hierdie myn was ook direk verantwoordelik vir die totstandkoming van die Orkney-dorpsgebied, met 'n beraamde teenswoordige bevolking van 9,000.

3.5.1.4 Vaal Reefs-goudmyn

Hierdie myn is op 19 Mei 1944 geïnkorporeer, en ontwikkeling het vanaf die skag van die aangrensende Western Reefs-myn begin.

In Maart 1954 is dit onder onafhanklike beheer geplaas en in Februarie 1955 het produksie begin. Teenswoordig is dit die tweede grootste goudprodusent in die ondersoekgebied.

3.5.1.5 Buffelsfontein-goudmyn

In 1954 is hierdie myn begin onder tegniese beheer van die Strathmore-groep maar dit het later onder die administrasie van General Mining and Finance Corporation gekom.

Produksie is in Januarie 1957 met 80,000 ton erts begin wat binne ses maande vanaf die aanvang van produksie na 120,000 ton verhoog is.

3.5.1.6 Zandpan-goudmyn

Hierdie goudmyn het in 1957 met werksaamhede begin onder die administrasie van Anglo-Vaal-groep maar het eers in 1964 vir die eerste keer goud verkoop. Uitgereikte aandelekapitaal het R10,004,466 gedurende Desember 1967 beloop.

## 3.6 SAMEVATTING

Dit blyk uit die voorafgaande bespreking dat die ontwikkeling van Suid-Afrika op ekonomiese gebied in verskillende fases ingedeel kan word. Hierdie stadiums was ook kenmerkend van die Klerksdorp-gebied behalwe dat die area nog feitlik ten volle in die mynbou stadium is en nog nie die oorskakeling na die fabriekswese toe ondervind het nie.

Ontwikkeling op die gebied van die goudmyne was egter deur sekere faktore grootliks gestrem, maar geleidelik is hierdie probleme oorbrug en was daar vanaf 1936, maar veral sedert 1960 'n snelle toename in vooruitgang.

Geleidelike groei het in die ander sektore plaasgevind maar nie in so 'n mate dat dit sal kan kompenseer indien die goudmyne verdwyn nie. Hierdie stelling sal in die hieropvolgende hoofstukke duideliker toegelig word.

# H O O F S T U K 4

## ONTLEDING VAN DIE BEVOLKING

### 4.1 INLEIDING

By die ontleding van die ekonomiese struktuur van 'n land of 'n subnasionale eenheid kan dit as geregverdig beskou word om ook 'n sorgvuldige analise van die bevolking van die betrokke ondersoekgebied te maak.

Die vraag mag egter na vore kom waarom sodanige ontleding noodsaaklik is?

Deur gebruik te maak van bevolkingstatistieke, hetsy van die verlede, hede of toekoms, kan 'n redelik betroubare beeld van die ekonomiese groei en ontwikkeling binne daardie gebied verkry word.

> „Different measures are needed in evaluating growth or decline in the volume of economic activities. The regional growth in volume might appropriately be measured by increases in population (i.e. number of persons viewed as customers and labor force), increases in total employment, and/or increases in total income produced or received within a given area."[1]

Ook stel D.G. Franzen dat:

> „Die grootte van 'n land se bevolking is een van die belangrikste faktore wat die omvang van die arbeidsaanbod beïnvloed. Terselfdertyd bepaal dit ook die omvang van verbruik".[2]

Dit blyk dat die bevolking in 'n gebied die kernfaktor van ekonomiese ontwikkeling is omdat dit sowel die arbeidsmag as een van die produksie-

---

1. Perloff H.S., e.a.: Regions, Resources and Economic Growth. The John Hopkins Press, Baltimore 1961, p. 4.
2. Franzen D.G. en Reynders H.J.J. Die Ekonomiese lewe in Suid-Afrika. J.L. van Schaik Bpk. Pretoria. 1963, p. 12.

faktore vorm, asook die omvang van verbruik van die geproduseerde produk bepaal. Omdat inligting ten opsigte van bevolking so geredelik beskikbaar is vir die verlede sowel as die hede, vergemaklik en vereenvoudig dit ook ontleding. Sodanige beskikbare data is gewoonlik geklassifiseer in verskeie bruikbare kategorieë asook in verskillende sub-nasionale gebiede naamlik provinsies, ekonomiese streke, landdrosdistrikte en selfs stede en dorpe.

Toekomstige inligting insake bevolking is egter essensieel vir beplanning, en daar moet noodgedwonge projeksies gemaak word. Berekenings ten opsigte van toekomstige bevolkingsneigings, kan ook bekend staan as vooruitskattings, ekstrapolasies of ramings. Omdat hierdie berekenings van toekomstige bevolkings egter blote veronderstellings is wat deur baie veranderlike faktore beïnvloed kan word, sal slegs van projeksies gepraat word.

P.R. Cox[1], in sy werk „Demography", voer die volgende redes vir die gebruik van die woord projeksie aan.

> „Calculations bearing upon future population generally involve, however, considerable uncertainty. Our knowledge of the forces underlying changes in mortality, fertility, marriage and immigration is very incomplete, and precise effects of suspected causes cannot at present be ascertained. Even if our understanding of the past were more complete, the future would inevitably be uncertain. It is not and may never be possible, therefore, to predict the course of these elements in the future with any great confidence. That is why any word such as "estimate" or "forecast" should be avoided in this connexion, in order not to give an impression that what lies ahead can be seen more clearly than actually can. "Projection" is a term intended to imply no more than an illustrative calculation based upon certain given assumptions".

Daar is verskillende tegnieke ontwikkel om bevolkingsprojeksies te maak. Hierdie tegnieke is egter gedurig aan eksperimentering en verifikasie onderworpe.

---

1. Barclay G.W. Techniques of Population Analysis. John Wiley and Sons Inc. New York. 1958, p. 232.

Tegnieke kan in direkte en indirekte metodes ingedeel word.[1]

> „The direct techniques are usually based on current and past data on population numbers. The indirect techniques usually relate numbers to other economic, social and political indices."

By die projektering van die bevolking in die ondersoekgebied sal die direkte metode, gebaseer op historiese data, gebruik word. Sover moontlik is daar van erkende metodes gebruik gemaak, maar kan daar wel geringe afwykings by finale syfers wees. Waar inligting nie in 'n geskikte vorm beskikbaar was nie, is dit in indekse en verhoudings verwerk om 'n beter beeld van die bevolkingsveranderings te kry.

Groot verskuiwings in bevolking wat gedurende die afgelope veertig jaar in Suid-Afrika plaasgevind het, was een van die uitvloeisels van die onderliggende kragte wat plaaslike veranderings veroorsaak het. In die Klerksdorp-distrik is die bevolkingsveranderings wat daar plaasgevind het, een van die opmerklike verskynsels van verandering in die gebied.

Die veranderings in die bevolking van die Klerksdorp-distrik moet teenoor sy ekonomies funksionele agtergrond beskou word. Hierdie gebied het gedeeltelik in die volle omvang van die verreikende ekonomiese ontwikkelings wat in Suid-Afrika plaasgevind het, gedeel. Deelname is egter eers vir die afgelope twee dekades noemenswaardig.

Ekonomiese ontwikkelings in die Republiek is gekenmerk deur die ontstaan van metropolitaanse stedelike gebiede, waaronder die Klerksdorp-Orkney-Stilfontein-driehoek ook geklassifiseer kan word.

By die ontleding van hierdie sub-regionale eenheid moet in gedagte

---

1. Isard W. Methods of Regional Analysis: An Introduction to Regional Science. M.I.T. Press, Massachusetts, 1960, p. 5.

gehou word dat die kragte wat onderliggend aan die bevolkingsveranderings in dië gebied is, nie almal dieselfde is as dië wat verantwoordelik was vir die bevolkingsveranderings van die land as geheel nie. Hierdie gebied is nie 'n geslote eenheid nie,en daar kan gevolglik geredelik migrasie plaasvind.

Die verskillende faktore wat op die verspreiding van 'n land se bevolking inwerk, is:

- vrye keuse ten opsigte van woonplek by afgetrede persone,
- nie-monetêre oorwegings,
- gebrek aan kennis ten opsigte van die beste alternatiewe ekonomiese bestaansmoontlikhede,
- weerstand teen veranderings wat met ontworteling uit 'n gemeenskap gepaard gaan,
- ekonomiese bestaansmoontlikhede, ens.

Van hierdie faktore kan die ekonomiese bestaansmoontlikhede as die belangrikste faktor beskou word in die bevolkingsverandering wat in die Klerksdorp-grondgebied plaasgevind het.

Soos reeds gemeld, word hier van erkende tegnieke by projeksies en ontledings gebruik gemaak. Hierdie tegnieke sal nie bespreek word nie, maar indien nodig geag, sal dit wel kortliks omskryf word.

## 4.2 INLIGTINGSBRONNE

Nagenoeg al die bevolkingsgegewens is uit die publikasies van die Buro vir Sensus en Statistiek verkry. Bevolkingsensusgegewens is beskikbaar vir 1904, 1911, 1918, 1921, 1926, 1931, 1936, 1941, 1946, 1951 en 1960.

Volledige syfers ten opsigte van alle rasse is slegs vir 1911, 1921, 1936, 1951 en 1960 beskikbaar.

Vir ander jare is daar projeksies van die Bantoes, Kleurlinge en Asiate vir die Klerksdorp-distrik gedoen.

## 4.3 BETROUBAARHEID VAN INLIGTING

Met 'n redelike mate van sekerheid kan aanvaar word dat die bevolkingstatistiek oor die Blankes in Suid-Afrika van 'n betroubare gehalte is. Wat die Nie-blanke bevolkingsgroep aanbetref, mag daar wel 'n geringe mate van onbetroubaarheid in die statistiek wees. Vir alle praktiese doeleindes sal dit egter nie noemenswaardige invloed by die onderskeie analises uitoefen nie.

## 4.4 DEFINISIES EN BEGRIPPE[1]

Die verklarende opmerkings wat hieronder volg, is uittreksels uit die Bevolkingsensus van 1960 om die leser by die interpretasie van gegewens behulpsaam te wees. Vir vollediger omskrywings kan genoemde sensus geraadpleeg word.

### 4.4.1 Rasse

| | | |
|---|---|---|
| i. Blankes | - | Persone wat volgens voorkoms klaarblyklik Blankes is of wat gewoonlik vir Blankes deurgaan, maar net met uitsluiting van persone wat, hoewel hulle volgens voorkoms klaarblyklik Blankes is, gewoonlik vir Kleurlinge deurgaan. |
| ii. Asiate | - | Inboorlinge van Asië en hul afstammelinge, hoofsaaklik Indiërs en Pakistane, met 'n paar duisend Chinese en 'n klein aantal persone van verskillende ander Asiatiese nasionaliteite. |
| iii. Bantoes | - | Persone wat lede is van 'n inboorlingras of -stam van Afrika of gewoonlik daarvoor deurgaan. |
| iv. Kleurlinge | - | Alle persone wat nie by enigeen van bogenoemde drie rassegroepe inbegrepe is nie. Hierdie groep sluit ook Kaapse Maleiers in. |

1. Bevolkingsensus 6 September 1960.
   Boekdeel 1 RP No. 62/1963. Pretoria.

#### 4.4.2 Stedelike en Plattelandse Gebiede

Oor die algemeen is dorpe met die een of ander vorm van stedelike plaaslike bestuur as stedelik ingedeel, maar vir die 1960-sensus is hierdie beleid gewysig om 'n bevolking van 500 (alle rasse) as die skeidslyn tussen stedelik en plattelands te maak, met die volgende uitsonderings:

(a) Alle sub-stedelike gebiede is as stedelik ingedeel, aangesien hulle volgens definisie stedelik van aard is;
(b) goed gevestigde dorpies met 'n bevolking van minder as 500 is as stedelik ingedeel indien die dorp 'n redelike hoë persentasie Blankes en 'n aantal van die gewone stedelike geriewe het, soos winkels, garages, kerke, skole, gemaakte strate, ens. en
(c) gebiede met 'n bevolking van meer as 500 is as plattelands ingedeel indien hulle oorwegend plattelands van aard is, of indien hulle oorwegend Nie-blank is, met weinig of geen van die gewone stedelike geriewe.

#### 4.4.3 Metropolitaanse gebiede

Dit is groot stede bestaande uit die moedermunisipaliteit tesame met die aangrensende gebiede wat stedelik van aard is en wat ekonomies en maatskaplik aan die moederstad gekoppel is.

### 4.5 RASSESAMESTELLING EN TOTALE BEVOLKING

Die bevolking van Klerksdorp-distrik het oorwegend uit twee belangrike rassegroepe in 1960 bestaan naamlik: Blankes en Bantoes wat onderskeidelik 26.8 persent en 71.5 persent van die totale bevolking verteenwoordig het. (Verwys tabel 4.1.) Gedurende dieselfde tyd was die persentasie Blankes in verhouding tot die Nie-blankes, 7.5 persent hoër in die ondersoekgebied as wat die verhouding van die Republiek was.

TABEL 4.1

Bevolkingsverhouding van Klerksdorp-distrik volgens ras vanaf 1921 tot 1960

| JAAR | TOTAAL[1] | BLANKES | | ASIATE | | KLEURLINGE | | BANTOES | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Getal[1] | % | Getal[1] | % | Getal[1] | % | Getal[1] | % |
| 1921 | 20651 | 8440 | 40.8 | 240 | 1.2 | 651 | 3.2 | 11320 | 54.8 |
| 1926 | 24031 | 8158 | 33.9 | 235* | 1.0 | 684* | 2.8 | 14954* | 62.3 |
| 1931 | 28626 | 9016 | 31.5 | 229* | 0.8 | 797* | 2.8 | 18588* | 64.9 |
| 1936 | 33790 | 10480 | 31.0 | 225 | 0.7 | 863 | 2.6 | 22222 | 65.7 |
| 1946 | 52904 | 13581 | 27.5 | 328 | 0.6 | 1158 | 2.2 | 37837 | 71.5 |
| 1951 | 66589 | 16890 | 25.4 | 511 | 0.8 | 1271 | 1.9 | 47917 | 71.9 |
| 1960 | 159143 | 42721 | 26.8 | 565 | 0.4 | 2057 | 1.3 | 113800 | 71.5 |

1 Bron: Bevolkingsensusverslae.

* Ramings volgens interpolasie.

'n Noukeurige ondersoek van tabel 4.1 toon dat die verhouding baie meer gebalanseerd was tussen die twee hoof rassegroepe in 1921 en dat die minder belangrike Asiate en Kleurlinge respektiewelik 1.2 persent en 3.2 persent van die totale bevolking was. 'n Geleidelike afname vanaf 40.8 persent tot 26.8 in die geval van die Blankes, 1.2 persent tot 0.4 persent en 3.2 persent tot 1.3 persent by die Asiate en Kleurlinge onderskeidelik, het sedert 1921 plaasgevind. Die ewewigtige verhoudingsposisie van 1921 is dus heelwat verander.

In teenstelling met die ander rassegroepe was daar 'n styging vanaf 54.8 persent tot 71.5 persent in die geval van die Bantoes, dil wil sê, 'n verhouding tussen Blankes en Bantoes van bykans 1 tot 3.

Ten opsigte van die jare 1926 en 1936 was die sensusse alleenlik vir Blankes. Die Nie-blanke-bevolking is toe vir hierdie twee jare volgens liniêre interpolasie bepaal.[1]

Die totale bevolking van Klerksdorp-distrik was 159,143 persone in 1960. Hierdie bevolking het maar 'n klein deel, naamlik 1.0 persent van die totale bevolking van die Republiek uitgemaak. Van die Transvaal was dit heelwat meer, naamlik 2.53 persent. (Verwys tabel 4.2.)

---

1 Barclay G.W., op cit. p.41.
Hy stel die volgende formule vir liniêre interpolasie:

$$\bar{P} = P_1 + \frac{n}{N}(P_2 - P_1)$$

waar $\bar{P}$ = die bevolkingsprojeksie iewers tussen die twee gegewe sensusse.
$P_1$ = die grootte van die bevolking soos bepaal met die eerste sensus.
$P_2$ = die grootte van die bevolking soos bepaal met die tweede sensus.
N = getal maande tussen die sensusse.
n = die getal maande tussen die datum van $P_1$ en die datum van projeksie.

Enige eenheid van tyd kan gebruik word, dit wil sê, jare, maande, weke, ens.

TABEL 4.2

Bevolking van Suid-Afrika, Transvaal en Klerksdorp-distrik volgens ras vir 1960

| Ras | Jaar | A[a] Suid-Afrika | B[a] Transvaal | C[a] Klerksdorp-distrik | C as % van A | C as % van B |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Blankes | 1921 | 1521343 | 544973 | 8440 | .55 | 1.54 |
| | 1926 | 1676660 | 608622 | 8158 | .48 | 1.34 |
| | 1931 | 1827422 | 696120 | 9016 | .49 | 1.29 |
| | 1936 | 2003334 | 820756 | 10480 | .52 | 1.27 |
| | 1946 | 2372044 | 1063121 | 13581 | .57 | 1.27 |
| | 1951 | 2641689 | 1204712 | 16890 | .63 | 1.40 |
| | 1960 | 3088429 | 1468305 | 42721 | 1.38 | 2.90 |
| Asiate | 1921 | 163594 | 14503 | 240 | .14 | 1.65 |
| | 1936 | 219691 | 25493 | 225 | .10 | .88 |
| | 1946 | 285260 | 37758 | 328 | .11 | .86 |
| | 1951 | 366664 | 49342 | 511 | .13 | 1.03 |
| | 1960 | 477125 | 63787 | 565 | .11 | .88 |
| Kleurlinge | 1921 | 545181 | 32291 | 651 | .11 | 2.01 |
| | 1936 | 769241 | 50841 | 863 | .11 | 1.69 |
| | 1946 | 928062 | 59986 | 1158 | .12 | 1.93 |
| | 1951 | 1103016 | 75014 | 1271 | .11 | 1.69 |
| | 1960 | 1509258 | 108007 | 2057 | .13 | 1.90 |
| Bantoes | 1921 | 4697285 | 1495869 | 11320 | .24 | .75 |
| | 1936 | 6595597 | 2444380 | 22222 | .33 | .90 |
| | 1946 | 7830559 | 3122173 | 37837 | .48 | 1.21 |
| | 1951 | 8560083 | 3483770 | 47917 | .55 | 1.37 |
| | 1960 | 10927922 | 4633378 | 113800 | 1.04 | 2.45 |
| Totaal Alle Rasse | 1921 | 6927403 | 2087636 | 20651 | .29 | .98 |
| | 1936 | 9587863 | 3341470 | 33790 | .35 | 1.01 |
| | 1946 | 11415925 | 4283038 | 52904 | .46 | 1.23 |
| | 1951 | 12671452 | 4812838 | 66589 | .52 | 1.38 |
| | 1960 | 16002797 | 6273477 | 159143 | 1.00 | 2.53 |

a. Bron: Buro vir Sensus en Statistiek. Bevolkingsensusverslae.

Indien in ag geneem word dat daar 277 landdrosdistrikte in Suid-Afrika in 1960 was en dat Klerksdorp-distrik, 1369 vierkante myl, klein is in vergelyking met die gemiddelde grootte van 1702 vierkante myl per landdrosdistrik, dan kan ons die konsentrasie van die bevolking aldaar as relatief hoog beskou. Sedert 1960 is daar egter 'n toevoeging van 25 addisionele landdrosdistrikte gemaak,[1] wat gevolglik die gemiddelde grootte van die distrikte in Suid-Afrika verklein het na 1561 vierkante myl per distrik. Tog is Klerksdorp nog kleiner as hierdie gemiddelde.

Wat die Blankes aanbetref, blyk dit uit die tabel 4.2 dat daar sedert 1931 'n geleidelike styging in die persentasie persone was wat hulle in die Klerksdorp-distrik gevestig het. In 1921 was slegs 1.54 persent van die Blankes van die Transvaal woonagtig in Klerksdorp-distrik, maar in 1960 het dit al bykans 3% beloop. 'n Soortgelyke stygende tendens is ook te bespeur ten opsigte van die Bantoes. 'n Daling het egter in die verhoudings van Asiate en Kleurlinge in hierdie gebied voorgekom.

## 4.6 BEVOLKINGSVERANDERINGS SEDERT 1921

### 4.6.1 Klerksdorp-distrik

Groot veranderings in bevolking het sedert 1921 in die Klerksdorp-distrik plaasgevind. Veral vir die afgelope twintig jaar was hierdie veranderings fenomenaal. Soos aangeteken in die inleidende paragraaf, kan hierdie veranderings as 'n maatstaf van die ekonomiese groei wat in die ondersoekgebied voorgekom het, dien.

Omdat daar onderling groot verskille in die bevolkingsveranderings van die verskillende rasse plaasgevind het, sal daar 'n noukeurige ontleding van die onderskeie groepe gemaak word.

---

1. Nel P.A. Changes in the Boundaries of the Economic Regions, Buro vir Marknavorsing, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria 1967, p. 4.

'n Aanmerklike toename het gedurende die afgelope aantal dekades in die bevolking van Klerksdorp-distrik plaasgevind. In Tabel 4.3 kan volgens indekse, wat bereken is op 1921 as basisjaar, waargeneem word waar en wanneer die grootste veranderings plaasgevind het.

Vanaf 1936 het daar eers 'n werklik snelle toename in die Blanke-bevolking plaasgevind met 'n totale styging van 24.2 persent sedert 1921. Die periode 1921 tot 1931 het egter 'n netto bydrae van slegs 3.5 gelewer met inagneming van die 3.3 persent daling wat met die 1926 sensus aangeteken is. 'n Gemiddelde groeikoers van 1.6 persent, wat slegs as 'n normale aanwas van bevolking beskou kan word, het gedurende genoemde tydperk geheers.

Vir die periode 1921 - 1951 was die groeikoers ietwat hoër, naamlik 2.5 persent per jaar. 'n Bo-normale groei word egter vanaf 1951 waargeneem toe daar 'n toename in Blanke-bevolking teen 'n koers van 16.9 persent per jaar was. Natuurlike aanwas kan as hoogs onwaarskynlike faktor vir hierdie bo-gemiddelde groei beskou word. Gevolglik is al alternatief dat daar 'n geweldige uitbreiding in een of ander ekonomiese sektor in hierdie gebied moes plaasgevind het, wat noodwendig immigrasie van arbeid moes teweeggebring het. Die totstandkoming van die groot goudmyne in Klerksdorp-distrik was direk verantwoordelik vir die bevolkingsontploffing wat daar plaasgevind het. Vir die tydperk 1921 tot 1960 was die gemiddelde jaarlikse groeikoers van die Blankes aldaar 10.4 persent teenoor die 2.6 persent van die Republiek.

Wat die Asiate aanbetref, was daar 'n gemiddelde jaarlikse afname van 0.4 persent tot en met 1936 en daarna 'n 5.9 persent toename. Omdat die Asiate nie as arbeiders na die myne getrek het nie, maar basies besigheidsgeoriënteerd is, kan ons hulle groei sedert 1951 beskou as 'n immigrasie na hierdie gebied om sodoende te deel in die geweldige verbruikersmark wat ontstaan het. Kleurlinge het tot 1951 'n normale groei van 3.2 persent per jaar getoon en daarna 6.9 persent. 'n Gemiddelde groei van 5.6 persent is sedert 1921 gehandhaaf.

TABEL 4.3

Indeks van bevolkingsveranderings in Klerksdorp-distrik vanaf 1921 tot 1960 (Basisjaar 1921 = 100)

| JAAR | SUID-AFRIKA | | TRANSVAAL | | KLERKSDORP-DISTRIK | | VOLGENS RAS VIR KLERKSDORP-DISTRIK | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | Blankes | | Asiate | | Kleurlinge | | Bantoes | |
| | Getal | Indeks | Getal | Indeks | Getal | Indeks | Getal | Indeks | Getal | Indeks | Getal | Indeks | Getal | Indeks |
| 1921 | 6927403 | 100 | 2087636 | 100 | 20651 | 100 | 8440 | 100 | 240 | 100 | 651 | 100 | 11320 | 100 |
| 1926 | - | - | - | - | 24031 | 116.4 | 8158 | 96.7 | 235 | 97.9 | 684 | 105.1 | 14954 | 132.1 |
| 1931 | - | - | - | - | 28626 | 138.6 | 9016 | 106.8 | 229 | 95.4 | 797 | 122.4 | 18588 | 164.2 |
| 1936 | 9587863 | 138.4 | 3341470 | 160.1 | 33790 | 163.6 | 10480 | 124.2 | 225 | 93.8 | 863 | 132.6 | 22222 | 196.3 |
| 1946 | 11415925 | 164.8 | 4283038 | 205.2 | 52904 | 256.2 | 13581 | 160.9 | 328 | 136.7 | 1158 | 177.9 | 37837 | 334.2 |
| 1951 | 12671452 | 182.9 | 4812838 | 230.5 | 66589 | 322.4 | 16890 | 200.1 | 511 | 212.9 | 1271 | 195.2 | 47917 | 423.3 |
| 1960 | 16002797 | 231.0 | 6273477 | 300.5 | 159143 | 770.6 | 42721 | 506.2 | 565 | 235.4 | 2057 | 316.0 | 113800 | 1005.3 |

Die grootste bevolkingsverandering het egter ten opsigte van die Bantoeras plaasgevind waar daar 'n gemiddelde jaarlikse groei van 23.2 persent was. Vanaf 1921 tot 1936 was die toename slegs 6.4 persent per jaar, maar vanaf 1951 tot 1960 het dit na 15.3 persent verander. Hierdie geweldige toename in Bantoes kan ook aan die vraag na ongeskoolde arbeid deur die goudmyne in hierdie gebied toegeskryf word.

Die jaarlikse gemiddelde toename in die totale bevolking van Klerksdorp-distrik vir die tydperk 1946 tot 1960 was 14.3 persent wat gelykstaan aan ongeveer 7083 persone per jaar. As ons dit vergelyk met die toename van 2.9 persent[1] per jaar in die bevolking van die Republiek vir die ooreenstemmende tydperk, dan blyk dit dat die totale bevolkingsaanwas ver bo die gemiddelde van die land was.

### 4.6.2 Stedelike bevolkingsveranderings

Reeds vanaf die Industriële Rewolusie was en is verstedeliking 'n kenmerk van die moderne samelewing.

> „Die proses van industrialisasie het met 'n grootskaalse proses van verstedeliking gepaard gegaan. Alhoewel stede nie 'n verskynsel is wat slegs tot die moderne tyd behoort nie, het die uitbreiding en ontwikkeling van reeds bestaande stede in die nuwe tydvak 'n groter stimulus gekry. Dit het ook tot die totstandkoming van talle nuwe stede aanleiding gegee. Hierdie nuwe tydperk word dan ook gekenmerk deur 'n grootskaalse trek na die stede".[2]

---

1. Van der Merwe, E.J. Enkele Ekonomiese Aspekte van die Oranjerivierontwikkelingsprojek. D.Comm.-Proefskrif, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1966, p. 57.

2. Piek, B.J. 'n Sosiologiese-Demografiese studie van tendense in die leeftydsamestelling van 'n bevolking, met besondere verwysing na die Blankes in Suid-Afrika. D. Phil-proefskrif. Pretoria. November 1965, p. 122.

Nie net in ander dele van die wêreld nie, maar ook in Suid-Afrika, waar hierdie beweging in 1871 begin het, was dit die geval. Veral vanaf 1886 toe 'n aanvang met die ontginning van minerale rykdomme in hierdie land gemaak is. Met sy heterogene bevolking bied die Republiek se verstedeliking vraagstukke van 'n ander aard as lande met 'n homogene bevolking.

Reeds is gesien watter geweldige toename daar in die bevolking vir die Klerksdorp-distrik as 'n geheel was. Om ons nou egter blind te staar teen hierdie globale syfers sal 'n fatale fout wees. Hierdeur word die indruk geskep dat die geweldige toename in sowel die stedelike- as plattelandse gebiede voorgekom het (Verwys tabel 4.4).

By nadere beskouing van die veranderinge ten opsigte van die stedelike bevolking blyk dit dat die Blankes 'n jaarlikse gemiddelde groei van 26.3 persent per jaar toon sedert 1921 teenoor die 5.3 persent en 7.1 persent in die Republiek en Transvaal onderskeidelik vir dieselfde periode.

Die Asiate en Kleurlinge daarenteen het teen 'n gemiddelde koers van 4.1 persent en 15.4 persent toegeneem. Dit wil dus voorkom asof die Asiate ook 'n veel stadiger toename geopenbaar het as die van Transvaal wat 8.8 persent per jaar beloop het.

Wat die stedelike Bantoes betref, was die gemiddelde jaarlikse toename vanaf 1921 tot 1936, 5.9 persent. Vanaf 1936 het daar egter 'n drastiese verandering plaasgevind toe daar 'n geweldige toeloop van Bantoes van die destydse Britse Protektorate en lande suid van Sentraal-Afrika na die goudmyne in die Klerksdorp-distrik was. Hierdie Bantoes kon nie sonder meer hierdie gebied binnekom nie, maar is volgens wet vir kontrakperiodes deur die Transvaalse en Vrystaatse Kamer van Mynwese gewerf.

Toestroming van hierdie arbeid het die groeikoers van die Bantoebevolking gevolglik geweldig verhoog na 'n gemiddelde van 27.5 persent per jaar vir die periode 1946 tot 1960. Vir Suid-Afrika en Transvaal was die groeikoers 12.6 persent en 12.3 persent per jaar onderskeidelik.

TABEL 4.4

Indeks van stedelike en plattelandse bevolkingsveranderings in Klerksdorp-distrik vanaf 1921 - 1960 (Basisjaar 1921 = 100)

| GEBIED | JAAR | TOTAAL ALLE RASSE | | BLANKES | | ASIATE | | KLEURLINGE | | BANTOES | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Getal | Indeks | Getal | Indeks | Getal | Indeks | Getal | Indeks | Getal | Indeks |
| STEDELIK | 1921 | 6113 | 100.0 | 3437 | 100.0 | 211 | 100.0 | 304 | 100.0 | 2161 | 100.0 |
| | 1926 | 7009 | 114.7 | 3676 | 107.0 | 207 | 98.1 | 330 | 108.6 | 2796 | 129.4 |
| | 1931 | 7928 | 129.7 | 3938 | 114.6 | 203 | 96.2 | 356 | 117.1 | 3431 | 158.8 |
| | 1936 | 9564 | 156.5 | 4916 | 143.0 | 200 | 94.8 | 382 | 125.7 | 4066 | 188.2 |
| | 1946 | 26349 | 431.0 | 8611 | 250.5 | 295 | 139.8 | 755 | 248.4 | 16688 | 772.2 |
| | 1951 | 34893 | 570.8 | 11368 | 330.8 | 465 | 220.4 | 1019 | 335.2 | 22041 | 1019.9 |
| | 1960 | 121246 | 1983.4 | 38648 | 1124.5 | 552 | 261.6 | 1885 | 602.1 | 80161 | 3709.4 |
| PLATTELAND | 1921 | 14538 | 100.0 | 5003 | 100.0 | 29 | 100.0 | 347 | 100.0 | 9159 | 100.0 |
| | 1926 | 17022 | 117.1 | 4482 | 89.6 | 28 | 96.6 | 354 | 102.0 | 12158 | 132.7 |
| | 1931 | 20698 | 142.4 | 5078 | 101.5 | 26 | 89.7 | 437 | 125.9 | 15157 | 165.5 |
| | 1936 | 24226 | 166.6 | 5564 | 111.2 | 25 | 86.2 | 481 | 158.6 | 18156 | 198.2 |
| | 1946 | 26555 | 182.7 | 4970 | 99.3 | 33 | 113.8 | 403 | 116.1 | 21149 | 230.9 |
| | 1951 | 31696 | 218.0 | 5522 | 110.4 | 46 | 158.6 | 252 | 72.6 | 25876 | 282.5 |
| | 1960 | 37897 | 260.7 | 4073 | 81.4 | 13 | 44.8 | 172 | 49.6 | 33639 | 367.3 |

Indien daar op die totale stedelike bevolkingsgroei gelet word, blyk dit dat die gemiddelde jaarlikse bevolkingstoename teen 25.2 persent geskied het in teenstelling met die 8.5 persent toename in die Republiek. Hieruit kan derhalwe afgelei word dat daar 'n uitsonderlike groei in die ekonomiese aktiwiteite van die ondersoekgebied moes plaasgevind het.

4.6.3 Plattelandse bevolkingsveranderings

Te midde van die groot toename in die stedelike bevolking het daar ook 'n relatiewe sterk groei in die plattelandse bevolking van Klerksdorpdistrik plaasgevind.

Ten opsigte van die plattelandse Blankes blyk dit uit tabel 4.4 dat daar heelwat verskuiwings in hierdie groep was. Vir die jare 1926, 1946 en 1960 was die Blankes benede die sensusbevolking van 1921. Die laagste daling was in 1960 toe dit 18.6 persent benede die basisjaar was. Geen voldoende verklaring kan vir hierdie feitlik gereelde daling en styging gevind word nie.

'n Soortgelyke tendens word onder die Asiate en Kleurlinge van die platteland gevind. By beide rasse blyk dit dat daar 'n definitiewe ontvolking van die platteland plaasvind. In 1960 was die Asiatiese bevolking 55.2 persent laer as in 1921 ten spyte daarvan dat dit nege jaar tevore in 1951, 58.6 persent hoër was as in 1921.

Indien dit met die 28.9 persent afname in plattelandse Asiate in die Republiek vir die ooreenstemmende tydperk vergelyk word, blyk dit dat die daling bykans twee keer vinniger was in die Klerksdorp-distrik.

Die Kleurlinge het 'n gemiddelde jaarlikse daling van 1.3 persent gehad teenoor die 1.6 persent styging in die Republiek vir die periode 1921 - 1960. In totaal was daar 'n daling van 50.4 persent in die plattelandse Kleurlinge vir die tydperk onder bespreking.

'n Kompenserende element vir die afname in Kleurlinge en Asiate was egter die toename in Bantoes teen 'n koers van 6.8 persent per jaar vanaf

9159 in 1921 tot 33639 in 1960. Gedurende hierdie tydperk was daar geen daling in die Bantoebevolking nie.

As daar op die groei van die totale plattelandse bevolking gelet word, wil dit voorkom asof daar 'n gelykmatige toename van 4.1 persent per jaar was.

Uit bogenoemde besprekings van die bevolkingsgroei blyk dus die noodsaaklikheid om ook die onderskeie rasse, stedelik sowel as plattelands, by ondersoeke van bevolkingsgroei te betrek. Die rede is voor-die-hand-liggend - algehele groei mag voorkom, soos in die geval van Klerksdorp-distrik by 'n algemene oorsig. Tog, by detailontleding, het dit geblyk dat daar 'n afname by die belangrikste rassegroep op die platteland was, veral die Blankes wat so noodsaaklik vir die landbou is.

Die feit dat daar 'n ontvolking van die platteland in die afgelope twee dekades was, kan heel moontlik aan die meganisering van die landbou toegeskryf word, alhoewel beter bestaansmoontlikhede, veral ten opsigte van die Kleurlinge en Asiate, in die stedelike gebiede ook as 'n belangrike faktor beskou kan word.

Vir 'n visuele beeld van die bevolkingsverskuiwings wat sedert 1921 plaasgevind het, word na grafieke 4.1, -2, -3 en -4 verwys.


## 4.7 GESLAGSAMESTELLING VAN STEDELIKE EN PLATTELANDSE BEVOLKING

Tabel 4.5 toon die geslagsverhoudings aan in die stedelike en plattelandse gebiede van Klerksdorp-distrik vir die periode 1921 tot 1960.

'n Kenmerk wat baie sterk opval, is dat die geslagsverhouding ten opsigte van die platteland nie veel vanaf 1921 verander het nie. Met die volkstelling in 1921 was daar 255 vroulike persone minder op die platteland. Hierdie syfer het egter tot 147 in 1960 gekrimp. In 1936 was die verskil die grootste, naamlik 6.4 persent of te wel 356 vroulike persone. By die stedelike


Grafiek 4.1

INDEKS VAN BEVOLKINGSGROEI IN SUID-AFRIKA, TRANSVAAL EN KLERKSDORP-DISTRIK ( Basisjaar 1921 = 100 )




Grafiek 4.2

INDEKS VAN BEVOLKINGSGROEI IN KLERKSDORP-DISTRIK. (Basisjaar 1921 = 100)




Grafiek 4.3

INDEKS VAN STEDELIKE BEVOLKINGSGROEI (Basisjaar 1921 = 100)



Grafiek 4.4

INDEKS VAN PLATTELANDSE BEVOLKINGSGROEI (Basisjaar 1921=100)



TABEL 4.5

Verhouding van geslagsamestelling van stedelike en plattelandse bevolking vir 1960

| GEBIED | JAAR | BLANKES | | ASIATE | | KLEURLINGE | | BANTOES | | TOTAAL ALLE RASSE | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Manlik | Vroulik | Manlik | Vroulik | Manlik | Vroulik | Manlik | Vroulik | Manlik | Vroulik |
| STEDELIK | 1921 | 50.3 | 49.7 | 65.9 | 34.1 | 50.7 | 49.3 | 55.8 | 44.2 | 52.8 | 47.2 |
| | 1926 | 49.8 | 50.2 | 62.8 | 37.2 | 49.4 | 50.6 | 55.3 | 44.7 | 52.4 | 47.6 |
| | 1931 | 48.5 | 51.5 | 59.6 | 40.4 | 48.6 | 51.4 | 55.1 | 44.9 | 51.6 | 48.4 |
| | 1936 | 50.8 | 49.2 | 56.5 | 43.5 | 47.6 | 52.4 | 54.8 | 45.2 | 52.5 | 47.5 |
| | 1946 | 49.1 | 50.9 | 54.2 | 45.8 | 47.9 | 52.1 | 67.1 | 32.9 | 60.5 | 39.5 |
| | 1951 | 49.9 | 50.1 | 50.0 | 50.0 | 50.7 | 49.3 | 65.3 | 34.7 | 59.7 | 40.3 |
| | 1960 | 51.1 | 48.9 | 50.4 | 49.6 | 50.2 | 49.8 | 80.8 | 19.2 | 70.7 | 29.3 |
| PLATTELAND | 1921 | 52.5 | 47.5 | 65.5 | 34.5 | 57.9 | 42.1 | 50.6 | 49.4 | 51.5 | 48.5 |
| | 1926 | 50.6 | 49.4 | 60.7 | 39.3 | 51.7 | 48.3 | 54.6 | 45.4 | 53.5 | 46.5 |
| | 1931 | 52.7 | 47.3 | 53.8 | 46.2 | 55.1 | 44.9 | 57.0 | 43.0 | 55.9 | 44.1 |
| | 1936 | 53.2 | 46.8 | 48.0 | 52.0 | 54.3 | 45.7 | 58.6 | 41.4 | 57.3 | 42.7 |
| | 1946 | 51.4 | 48.6 | 60.6 | 39.4 | 55.8 | 44.2 | 57.5 | 42.5 | 56.3 | 43.7 |
| | 1951 | 51.9 | 48.1 | 45.7 | 54.3 | 54.8 | 45.2 | 62.7 | 37.3 | 60.7 | 39.3 |
| | 1960 | 51.8 | 48.2 | 53.8 | 46.2 | 58.7 | 41.3 | 65.5 | 34.5 | 64.1 | 35.9 |

Bron: Verwerk uit Bevolkingsensusverslae.

Blankes was daar gedurig wisselings alhoewel dit nie noemenswaardig was nie. Met die 1960-sensus was daar 19711 manlike persone teenoor 18937 vroulike persone wat 'n geringe verskil van 3.6 persent was.

Groot verskille in geslagsamestelling is egter by die Nie-blankes te bespeur. In 1921 was die verhouding by die Asiate in sowel die stedelike as die plattelandse gebiede bykans 2 tot 1. Hierdie onewewigtige verhouding is egter met verloop van tyd uitgewis. Ten opsigte van die plattelandse Kleurling was daar ook 'n geleidelike daling in die hoeveelheid vroulike persone in verhouding tot manlike persone. Vir 1960 was dit 41.3 persent tot 58.7 persent onderskeidelik. By die stedelike Kleurlinge is die balans goed.

Die grootste verskille in geslagsverhoudings was egter by die Bantoes in sowel die stedelike as plattelandse gebiede. Hierdie verskille, veral by die stedelike Bantoes, kan toegeskryf word aan manlike arbeid wat van buite die gebied na die myne gekom het. Met die 1960-volkstelling was daar vir elke 8 manlike persone slegs 2 vroulike persone in die stedelike gebiede. Hierdie verhouding was ietwat laer in die plattelandse gebiede, naamlik 6 tot 4.

Uit bogenoemde bespreking kan daar dus afgelei word dat die manlike persone, wat gewoonlik die ekonomies bedrywige persone is, in verhouding meer is as die vroulike persone wat meesal nie ekonomies bedrywig is.

## 4.8 EKONOMIES EN NIE-EKONOMIES BEDRYWIGE BEVOLKING

By die ontleding van die ekonomies en nie-ekonomies bedrywige bevolking moet daarop gelet word watter persone in die twee kategorieë ingedeel word. Die ekonomies bedrywige bevolking sluit in werkgewers, werkers vir eie rekening, werknemers en persone wat hulle as werkloos opgee of veronderstel is om werkloos te wees. Nie-ekonomies bedrywige bevolking sluit huisvrouens, skoliere, chroniese invalides, afgetredenes, ens. in.[1] Dit is gebruiklik dat

1. Buro vir Sensus en Statistiek. Bevolkingsensus 6 September 1960.

loonarbeiders en gesalarieerde persone op 'n sekere leeftyd nie weer een of ander werk aanvaar nie; hulle is dus nie meer lede van die arbeidersmag nie. Kinderarbeid is volgens wetgewing ook verbode in sekere bedryfsvertakkings soos die mynbou en die fabriekswese.

Die Buro onderskei tussen twee vorme van aktiwiteite by die ekonomies bedrywige bevolking, naamlik: die beroep van elke indiwidu (die werklike tipe werk wat verrig word: boer, klerklike werker, verkoopswerker, ens.) of die bedryf waarin die persoon in diens is (landbou, mynbou ens.) Laasgenoemde klassifikasie is gebaseer op die „International Standard Classification of All Economic Activities" soos opgestel deur die Verenigde Volke-Organisasie. Die nodige aanpassings vir plaaslike omstandighede is ook gemaak.

Hierdie twee soorte klassifikasie is nie dieselfde nie. Sommige beroepe kan in verskeie bedrywe beoefen word. Die nywerheidsklassifikasie daarenteen dui egter nie altyd aan watter werk die persone doen nie. Hierdie onderskeid moet nie agterweë gelaat word nie. Indien dit geïgnoreer word, kan dit heel dikwels tot verwarring lei. Vir ons doel sal daar slegs op die nywerheidsklassifikasie klem gelê word.

Volgens D.G. Franzen[1] is die wyse waarop die werkende bevolking van 'n land tussen die produksietakke verdeel is, nie iets wat sommer willekeurig plaasvind nie. Dit weerspieël die werking van langtermynfaktore in die ekonomiese lewe van die volk. Indien daar op die ontwikkelingsfases van 'n land se ekonomie gelet word, dan volstaan ons by die feit dat landbou die produksie tak is waarby die meeste werkende persone in die beginstadium van 'n land se ontwikkeling betrokke is. Na gelang die verwerking van grondstowwe van die landbou- en mynboubedrywe groter afmetings aanneem, word steeds meer mense in die industrie in diens geneem. Groei van stede laat op hulle beurt weer 'n groter vraag na dienste van allerlei aard ontstaan. In 'n land soos Suid-Afrika waar die ekonomie in die afgelope aantal dekades geweldig uitgebrei het, vind

---

1. Franzen D.G. e.a., op cit., p. 27.

daar dus wisseling plaas in die belangrikheid van die verskillende produksietakke as werkverskaffingsbronne.

Tabel 4.6 toon die ekonomies en nie-ekonomies bedrywige bevolking volgens ras, vir Klerksdorp-distrik in vergelyking met die ekonomiese streek nommer 45 en Suid-Afrika, aan. Hieruit blyk dit dat die werkende bevolking van Klerksdorp-distrik 61.1 persent van die bevolking beloop het in teenstelling met die 41.8 persent en 35.8 persent van die ekonomiese streek en die Republiek onderskeidelik. Hiervan was 87,807, dit wil sê 80 persent mans en 9,292 of 18.9 persent vroue.

Gevolglik kan afgelei word dat die deelname aan ekonomiese aktiwiteite in Klerksdorp-distrik aansienlik hoër was as die gemiddelde van die ekonomiese streek en die land as geheel. Dit is ook vir ons 'n aanwyser dat hierdie distrik die grootste bydraer tot die ekonomiese ontwikkeling van die ekonomiese streek moet wees.

Die syfers vir die nywerheidsverdeling van die ekonomies-bedrywige bevolking (Tabel 4.7 en 4.8) toon 'n baie groot konsentrasie manlike arbeiders in die mynbou-sektor aan, naamlik 63,472, dit wil sê 72.3 persent. Hiervan was 5,740 blankes, maar tans beloop dit heelwat meer. Wanneer dit vergelyk word met die 11 persent[1] vir die Republiek as geheel, is dit duidelik dat daar in Klerksdorp-distrik baie sterker gesteun word op veral die mynbou as wat elders in die land die geval is. Omdat die mynbou (veral die goudmyne) verder 'n konstante bron van inkomste is, beteken dit dat 'n groot deel van die bevolking, en dus ook die ondersoekgebied, verseker is van 'n konstante inkomste en gevolglik 'n konstante ontwikkeling.

Wat die ander sektore aanbetref, was slegs 11.3 persent van die werkende bevolking in die dienste-sektor werksaam, terwyl die ander sektore almal heelwat minder was.

---

1. Houghton, D.H. op cit., p. 36.

TABEL 4.6

Vergelyking van die ekonomies en nie-ekonomies bedrywige bevolking volgens ras vir 1960

| GEBIED | GESLAG | GROOT TOTAAL | EKONOMIES BEDRYWIG | | | | | NIE-EKONOMIES BEDRYWIG | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | Totaal | Blankes | Asiate | Kleurlinge | Bantoes | Totaal | Blankes | Asiate | Kleurlinge | Bantoes |
| Klerksdorp-distrik | Manlik | 109860 | 87807 | 12285 | 141 | 574 | 74807 | 22053 | 9531 | 144 | 474 | 11904 |
| | Vroulik | 49153 | 9292 | 2538 | 13 | 247 | 6494 | 39861 | 18346 | 267 | 762 | 20486 |
| | Totaal | 159013 | 97099 | 14823 | 154 | 821 | 81301 | 61914 | 27877 | 411 | 1236 | 32390 |
| Ekonomiese streek no. 45 | Manlik | 282626 | 175298 | 30906 | 641 | 2129 | 141622 | 107328 | 27976 | 510 | 1788 | 77054 |
| | Vroulik | 212098 | 31707 | 7039 | 61 | 780 | 23827 | 180391 | 50259 | 1099 | 2802 | 126231 |
| | Totaal | 494724 | 207005 | 37945 | 702 | 2909 | 165449 | 287719 | 78235 | 1609 | 4590 | 203285 |
| Suid-Afrika | Manlik | 8038274 | 4397704 | 855653 | 114302 | 375553 | 3052196 | 3640570 | 678855 | 127762 | 375164 | 2458789 |
| | Vroulik | 7954176 | 1323556 | 295796 | 11560 | 117812 | 838388 | 6630620 | 1249038 | 224315 | 580173 | 4577094 |
| | Totaal | 15992450 | 5721260 | 1151449 | 125862 | 553365 | 3890584 | 10271190 | 1927893 | 352077 | 955337 | 7035883 |

Bron: Buro vir Sensus en Statistiek. Bevolkingsensusverslag van 1960.

TABEL 4.7

Ekonomies bedrywige bevolking van Klerksdorp-distrik volgens ekonomiese sektor vir 1960

| RAS | GESLAG | TOTAAL | LANDBOU | MYNBOU | FABRIEKSWESE | KONSTRUKSIE | ELEKTRISITEIT GAS EN WATER | HANDEL | | | VERVOER | DIENSTE | WERKLOOS EN ONGESPESIFISEER |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | Groot- en Kleinhandel | Motorhandel | Ander | | | |
| BLANKES | Manlik | 12285 | 712 | 5740 | 933 | 1170 | 70 | 907 | 318 | 216 | 831 | 1106 | 282 |
| | Vroulik | 2538 | 22 | 278 | 94 | 22 | 3 | 789 | 56 | 157 | 109 | 872 | 136 |
| | Totaal | 14823 | 734 | 6018 | 1027 | 1192 | 73 | 1696 | 374 | 373 | 940 | 1978 | 418 |
| ASIATE | Manlik | 141 | - | 1 | 9 | - | - | 109 | 1 | 1 | 1 | 14 | 5 |
| | Vroulik | 13 | - | - | - | - | - | 12 | - | - | - | 1 | - |
| | Totaal | 154 | - | 1 | 9 | - | - | 121 | 1 | 1 | 1 | 15 | 5 |
| KLEURLINGE | Manlik | 574 | 58 | 28 | 88 | 54 | 1 | 77 | 15 | 4 | 32 | 140 | 77 |
| | Vroulik | 247 | - | - | 2 | - | - | 8 | - | 1 | - | 206 | 30 |
| | Totaal | 821 | 58 | 28 | 90 | 54 | 1 | 85 | 15 | 5 | 32 | 346 | 107 |
| BANTOES | Manlik | 74807 | 5325 | 57703 | 1877 | 3142 | 315 | 1748 | 374 | 97 | 701 | 2768 | 757 |
| | Vroulik | 6494 | 107 | 18 | 15 | 2 | - | 43 | 1 | 5 | 2 | 5895 | 406 |
| | Totaal | 81301 | 5432 | 57721 | 1892 | 3144 | 315 | 1791 | 375 | 102 | 703 | 8663 | 1163 |
| TOTAAL ALLE RASSE | Manlik | 87807 | 6095 | 63472 | 2907 | 4366 | 386 | 2841 | 708 | 318 | 1565 | 4028 | 1121 |
| | Vroulik | 9292 | 129 | 296 | 111 | 24 | 3 | 852 | 57 | 163 | 111 | 6974 | 572 |
| | Totaal | 97099 | 6224 | 63768 | 3018 | 4390 | 389 | 3693 | 765 | 481 | 1676 | 11002 | 1693 |

Bron: Buro vir Sensus en Statistiek, Bevolkingsensusverslag 1960.

TABEL 4.8

Persentasieverhouding van ekonomies bedrywige bevolking van Klerksdorp-distrik volgens ekonomiese sektor vir 1960

| RAS | GESLAG | TOTAAL | LANDBOU | MYNBOU | FABRIEKSWESE | KONSTRUKSIE | ELEKTRISITEIT GAS EN WATER | HANDEL: Groot- en Kleinhandel | HANDEL: Motorhandel | HANDEL: Ander | VERVOER | DIENSTE | WERKLOOS EN ONGESPESIFISEER |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % |
| BLANKES | Manlik | 100 | 5.8 | 46.7 | 7.6 | 9.5 | .6 | 7.4 | 2.6 | 1.8 | 6.8 | 9.0 | 2.2 |
| | Vroulik | 100 | .9 | 10.9 | 3.7 | .9 | .1 | 31.1 | 2.2 | 6.2 | 4.3 | 34.4 | 5.3 |
| | Totaal | 100 | 5.0 | 40.6 | 6.9 | 8.0 | .5 | 11.4 | 2.5 | 2.5 | 6.3 | 13.3 | 3.0 |
| ASIATE | Manlik | 100 | - | .7 | 6.4 | - | - | 77.3 | .7 | .7 | .7 | 9.9 | 3.6 |
| | Vroulik | 100 | - | - | - | - | - | 92.3 | - | - | - | 7.7 | - |
| | Totaal | 100 | - | .6 | 5.8 | - | - | 78.6 | .6 | .6 | .6 | 9.7 | 3.5 |
| KLEURLINGE | Manlik | 100 | 10.1 | 4.9 | 15.3 | 9.4 | .2 | 13.4 | 2.6 | .7 | 5.6 | 24.4 | 13.4 |
| | Vroulik | 100 | - | - | .8 | - | - | 1.4 | - | .4 | - | 83.4 | 14.0 |
| | Totaal | 100 | 7.1 | 3.4 | 11.0 | 6.6 | .1 | 10.4 | 1.8 | .6 | 3.9 | 42.1 | 13.0 |
| BANTOES | Manlik | 100 | 7.1 | 77.1 | 2.5 | 4.2 | .4 | 2.3 | .5 | .1 | .9 | 3.7 | 1.2 |
| | Vroulik | 100 | 1.6 | .3 | .2 | .03 | - | .7 | .01 | .07 | .03 | 90.8 | 6.3 |
| | Totaal | 100 | 6.7 | 71.0 | 2.3 | 3.9 | .4 | 2.2 | .5 | .1 | .9 | 10.7 | 1.3 |
| TOTAAL ALLE RASSE | Manlik | 100 | 6.9 | 72.3 | 3.3 | 5.0 | .4 | 3.2 | .8 | .4 | 1.8 | 4.6 | 1.3 |
| | Vroulik | 100 | 1.4 | 3.2 | 1.2 | .3 | .03 | 9.2 | .6 | 1.8 | 1.2 | 75.1 | 6.0 |
| | Totaal | 100 | 6.4 | 65.7 | 3.1 | 4.5 | .4 | 3.8 | .8 | .5 | 1.7 | 11.3 | 1.8 |

Verwerk vanaf tabel 4.7.

Uit tabel 4.9 blyk dit dat Klerksdorp-distrik gedurende 1960 1.69 persent van die totale ekonomies bedrywige bevolking van die land bevat het en slegs .60 van die nie-ekonomies bedrywige. Hierteenoor was 46.9 persent van die werkende bevolking van die nege landdrosdistrikte in die ekonomiese streek in Klerksdorp-distrik.

TABEL 4.9

Ekonomies en nie-ekonomies bedrywige bevolking van Klerksdorp-distrik as persentasie van Suid-Afrika en Ekonomiese Streek nommer 45 vir 1960

| Ras | Klerksdorp as % van S.A. | | Klerksdorp as % van Ekonomiese Streek 45 | |
|---|---|---|---|---|
| | Eko. bedrywig | Nie-eko. bedrywig | Eko. bedrywig | Nie-eko. bedrywig |
| | % | % | % | % |
| Blankes | 1.28 | 1.44 | 39.06 | 35.63 |
| Asiate | .12 | .11 | 21.93 | 25.54 |
| Kleurlinge | .14 | .12 | 28.22 | 26.92 |
| Bantoes | 2.08 | .46 | 49.13 | 15.93 |
| Totaal | 1.69 | .60 | 46.90 | 21.51 |

4.9 BEVOLKINGSDIGTHEID

In tabel 4.10 word 'n vergelyking van die bevolkingsdigtheid per vierkante myl, tussen Suid-Afrika, Transvaal en Klerksdorp-distrik vir die jare 1921, 1936, 1946, 1951 en 1960 getref. Alhoewel daar met die verloop van tyd verandering gekom het in die distrikgrense, is die oppervlakte soos dit gedurende 1960 vir Klerksdorp-distrik was, op al die sensusjare toegepas.

In totaal was die bevolkingsdigtheid vir Suid-Afrika, Transvaal en Klerksdorp-distrik onderskeidelik 33.94-, 57.23- en 116.25 persone per

TABEL 4.10

Bevolkingsdigtheid in Suid-Afrika, Transvaal en Klerksdorp-distrik (per vierkante myl 1921 - 1960)

| JAAR | TOTAAL ALLE RASSE | | | BLANKES | | | ASIATE | | | KLEURLINGE | | | BANTOES | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | S.A. | Transvaal | Klerksdorp distrik | S.A. | Transvaal | Klerksdorp distrik | S.A. | Transvaal | Klerksdorp distrik | S.A. | Transvaal | Klerksdorp distrik | S.A. | Transvaal | Klerksdorp distrik |
| 1921 | 14.70 | 19.04 | 15.09 | 3.23 | 4.97 | 6.17 | .35 | .13 | .18 | 1.16 | .30 | .48 | 9.94 | 13.65 | 8.27 |
| 1936 | 20.34 | 30.48 | 24.68 | 4.25 | 7.49 | 7.66 | .47 | .23 | .16 | 1.63 | .46 | .63 | 13.99 | 22.30 | 16.23 |
| 1946 | 24.22 | 39.07 | 38.64 | 5.03 | 9.70 | 9.92 | .61 | .34 | .24 | 1.97 | .55 | .85 | 16.61 | 28.48 | 27.64 |
| 1951 | 26.88 | 43.90 | 48.64 | 5.60 | 10.99 | 12.34 | .78 | .45 | .37 | 2.34 | .68 | .93 | 18.16 | 31.78 | 35.00 |
| 1960 | 33.94 | 57.23 | 116.25 | 6.55 | 13.39 | 32.21 | 1.01 | .58 | .41 | 3.20 | .99 | 1.50 | 23.18 | 42.27 | 83.13 |

vierkante myl gedurende 1960. Dus was die ondersoekgebied se bevolkingsdigtheid veel hoër as die van Suid-Afrika en Transvaal. Indien ons dit ook in rasse ontleed, blyk dit dat die Blankes en Bantoes meer was.

Sedert 1921 was daar ook styging in die aantal persone per vierkante myl in Klerksdorp-distrik van 15.09 tot 116.25 (S.A. was in 1921 14.70, dit wil sê die verhouding was bykans dieselfde as Klerksdorp-distrik). Hieruit word dit weereens duidelik dat daar 'n geweldige toename in die ekonomiese aktiwiteite van hierdie gebied moes gewees het.

Wat die stedelike en plattelandse bevolkingsdigtheid aangaan, is dit ook opmerklik dat daar 'n toename van 57.1 tot 1133.1 persone per vierkante myl in die stedelike gebiede was. (Verwys tabel 4.11). 'n Styging, alhoewel nie so groot nie, het ook op die platteland voorgekom. By nadere beskouing blyk dit egter dat daar alleenlik by die Bantoes 'n styging was en dat 'n daling by die ander drie rassegroepe voorgekom het.

Hierdie relatief hoë bevolkingsdigtheid kan egter verwag word, gesien die relatief groot mynbou bedrywighede van die gebied.

## 4.10 BEVOLKINGSPROJEKSIE TOT DIE JAAR 2000

In die voorafgaande besprekings is verskeie van die belangrikste aspekte van die bevolking van Klerksdorp-gebied behandel. Een aspek wat egter agterweë gelaat is, is migrasie. Migrasie is een van die faktore wat die grootte van 'n bevolking in 'n land of streek oombliklik kan verander. Behalwe vir natuurlike aanwas is dit die enigste bron van verandering in die bevolking van 'n besondere gebied. Weens 'n absolute gebrek aan statistieke oor migrasie, veral met betrekking tot 'n landdrosdistrik, is dit egter onmoontlik om 'n deeglike studie van die omvang van die migrasie te maak.

Migrasie tesame met geboortes en sterftes is die enigste drie bronne wat die groei van bevolking positief of negatief beïnvloed. Ook by die projeksie van bevolkingsgroei in die toekoms is hierdie drie aspekte die

TABEL 4.11

Bevolkingsdigtheid in stedelike en plattelandse gebiede in die Klerksdorp-distrik (per vierkante myl 1921 - 1960)

| JAAR | STEDELIK | | | | | PLATTELAND | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Totaal alle rasse | Blankes | Asiate | Kleurlinge | Bantoes | Totaal alle rasse | Blankes | Asiate | Kleurlinge | Bantoes |
| 1921 | 57.1 | 32.1 | 2.0 | 2.8 | 20.2 | 11.5 | 4.0 | .02 | .28 | 7.3 |
| 1926 | 65.5 | 34.4 | 1.9 | 3.1 | 26.1 | 13.5 | 3.6 | .02 | .28 | 9.6 |
| 1931 | 74.1 | 36.8 | 1.9 | 3.3 | 32.1 | 16.4 | 4.0 | .02 | .35 | 12.0 |
| 1936 | 89.4 | 45.9 | 1.9 | 3.6 | 38.0 | 19.2 | 4.2 | .02 | .38 | 14.4 |
| 1946 | 246.3 | 80.5 | 2.8 | 7.1 | 156.0 | 21.0 | 3.9 | .03 | .32 | 16.8 |
| 1951 | 326.1 | 106.2 | 4.4 | 9.5 | 206.0 | 25.1 | 4.4 | .04 | .20 | 20.5 |
| 1960 | 1133.1 | 361.2 | 5.2 | 17.6 | 749.2 | 30.0 | 3.2 | .01 | .14 | 26.7 |

oorwegend belangrikste faktore.

Wel is 'n mens daarvan bewus dat daar as gevolg van die goudmyne 'n geweldige immigrasie na Klerksdorp-distrik was. Omdat die goudmyne nou egter in volle produksie is en geen nuwe goudmyne geopen word nie, en omdat daar 'n konstante groei in die ander sektore plaasvind wat geensins 'n geweldige toestroming van arbeid na hierdie gebied tot gevolg sal hê nie, word gereken dat die toevloei en uitvloei van bevolking uit hierdie gebied mekaar uitkanselleer.

Groeikoerse vir bevolkingsprojeksies vir Klerksdorp en Potchefstroom tesame, vir alle rasse is deur C. Jooste van die Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike hulpbronne opgestel.

TABEL 4.12

Groeikoerse in projeksie van totale bevolking per Potchefstroom-Klerksdorp-gebied in persentasie(a)

| | -1970 | -1980 | -1990 | -2000 |
|---|---|---|---|---|
| Lae raming | 3.5 | 3.1 | 2.8 | 2.6 |
| Hoë raming | 3.6 | 3.1 | 2.8 | 2.6 |

(a) Boshoff C.H., op cit., p. 126.

Die lae raming is sonder die apartheidsbeleid terwyl die hoë raming met inagneming van die beleid van afsonderlike ontwikkeling is.[1]

Vir alle praktiese redes is bogenoemde groeikoerse nie vir hierdie studie gebruik nie, maar is bevolkingsprojeksies wel gedoen op groeikoerse direk verkry van die Departement van Beplanning, omdat dit ook tus-

1. Boshoff, C.H., op cit., p. 125.

sen die verskillende rassegroepe onderskeid maak.

'n Hoë ramingskoers van 2.1 persent, 2.4 persent, 3.5 persent en 2.2 persent is vir Blankes, Bantoes, Kleurlinge en Asiate respektiewelik gebruik. Daarenteen is ook 'n lae ramingskoers van 1.6 persent, 2.1 persent, 2.8 persent en 2.1 persent respektiewelik gebruik. Geen verandering is in hierdie koerse aangebring tot die jaar tweedduisend nie.

Hierdie groeikoerse is nie alleen op die landdrosdistrik as geheel toegepas nie, maar ook op die onderskeie dorpe in die gebied.

By die projeksie van die Bantoebevolking is die Bantoes wat op die goudmyne werksaam is, nie in berekening gebring nie aangesien hulle meesal van buite Klerksdorp-distrik afkomstig is en ook sonder hul gesinne die gebied binnekom. Alhoewel hierdie Bantoes wat in die mynkampongs woon, nie met hulle gesinne na die gebied kom nie, kan hulle wel 'n invloed op die groei van die Bantoebevolking uitoefen, vanweë hulle besoeke aan die plaaslike lokasies en as gevolg van hulle sienswyse oor die huwelik, ens. Vir alle praktiese doeleindes is dit egter buite rekening gelaat. Die Bantoes op die myne werksaam is derhalwe as 'n konstante eenheid beskou. Daar is 'n 5 persent toelating vir Bantoes wat wel hul gesinne saambring, gemaak. Die groeikoerse is gevolglik net op die Bantoebevolking wat nie op die myne werksaam is nie met 'n 5 persent aanvulling vanaf die myn-Bantoes, toegepas.

Daar mag in die toekoms 'n afname voorkom in die getal Bantoes werksaam op die myne. Sodanige afname mag die gevolg wees van ōf 'n hoër graad van meganisasie, ōf sluiting van die goudmyne. Hierdie faktore is ook buite rekening gelaat omdat dit onbepaalbaar is.

In tabel 4.13 word projeksies van die toename in bevolking in Klerksdorp-distrik volgens ras tot die jaar 2,000 gedoen. Hieruit blyk dat die totale bevolking vir daardie jaar 311,365 persone mag wees, waarvan 31.5 persent Blankes; dit wil sê, die verhouding sal 2 Nie-blankes vir 1 Blanke wees volgens 'n hoë raming. Met 'n lae raming sal die Blanke bevolking 77,830

TABEL 4.13

Projeksie van bevolkingsgroei in die Klerksdorp-distrik volgens ras tot die jaar 2000

| JAAR | TOTAAL ALLE RASSE | | BLANKES | | ASIATE | | KLEURLINGE | | BANTOES | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | H.R.* | L.R.- | H.R. | L.R. | H.R. | L.R. | H.R. | L.R. | H.R. | L.R. |
| 1961 | 161540 | 161136 | 43618 | 43405 | 577 | 577 | 2129 | 2115 | 115216 | 115039 |
| 1962 | 163993 | 163166 | 44534 | 44099 | 590 | 589 | 2204 | 2174 | 116665 | 116304 |
| 1963 | 166502 | 165236 | 45469 | 44805 | 603 | 601 | 2281 | 2235 | 118149 | 117595 |
| 1964 | 169080 | 167347 | 46424 | 45522 | 626 | 614 | 2361 | 2298 | 119669 | 118913 |
| 1965 | 171708 | 169498 | 47399 | 46250 | 640 | 627 | 2444 | 2362 | 121225 | 120259 |
| 1966 | 174401 | 171691 | 48394 | 46990 | 658 | 640 | 2530 | 2428 | 122819 | 121633 |
| 1967 | 177152 | 173927 | 49410 | 47742 | 672 | 653 | 2619 | 2496 | 124451 | 123036 |
| 1968 | 179968 | 175208 | 50448 | 47506 | 687 | 667 | 2711 | 2566 | 126122 | 124469 |
| 1969 | 182848 | 177517 | 51507 | 48266 | 702 | 681 | 2806 | 2638 | 127833 | 125932 |
| 1970 | 185795 | 179870 | 52589 | 49038 | 717 | 695 | 2904 | 2712 | 129585 | 127425 |
| 1980 | 217119 | 208277 | 64736 | 57474 | 889 | 850 | 4098 | 3575 | 147396 | 146378 |
| 1990 | 258873 | 238465 | 79689 | 66406 | 1227 | 1047 | 5781 | 4713 | 172176 | 166299 |
| 2000 | 311365 | 277402 | 98100 | 77830 | 1527 | 1308 | 8152 | 6213 | 203586 | 192051 |

* Hoë raming.

\- Lae raming.

wees teenoor die 192,051 Bantoes. Uit die projeksies kan daar gevolglik afgelei word dat die bevolking binne die volgende drie dekades bykans 100 persent sal toeneem.

Projeksies is ook ten opsigte van die onderskeie stedelike gebiede gedoen. Sub- en kwasi-stedelike gebiede se bevolkings is hier buite beskouing gelaat. Volgens tabel 4.14 het die Blanke-bevolking in die Klerksdorp-munisipale gebied van 2465 in 1911 tot 19340 in 1960, dit wil sê met 686.6 persent toegeneem. Bantoes in dieselfde dorp het met 1589.8 persent toegeneem. Ook in die ander stedelike gebiede, Hartbeesfontein uitgesluit, was daar 'n geweldige groei in die bevolking.

Projeksies dui daarop dat die totale bevolking in Klerksdorp, Stilfontein, Orkney en Hartebeesfontein onderskeidelik met 147.8 persent, 83.7 persent, 133.3 persent en 144.1 persent sal toeneem. (Tabel 4.15)

## 4.11 LEEFTYDSAMESTELLING

By die bespreking van die leeftydsamestelling van die bevolking van 'n gebied of land moet daarop gelet word dat dit verwys na die aantal persone van verskillende ouderdomme wat in 'n bevolking aangetref word. Persone word gewoonlik volgens bepaalde leeftydsgrense saamgegroepeer soos sal blyk uit die tabelle. Indien die leeftydstendense van Klerksdorp-distrik vergelyk word met ander gebiede of provinsies of selfs die Republiek as geheel, mag daar groot verskille voorkom. Hierdie verskille mag die gevolg wees van verskeie faktore byvoorbeeld netto aanwas, ekonomiese ontwikkeling van die gebied, ens.

Deur 'n ontleding te maak van die ondersoekgebied se bevolking se leeftydsverdeling kan daar afgelei word watter getal persone in hul ekonomies produktiewe jare verkeer, watter getal persone (jeugdiges) jaarliks tot die arbeidsmag moontlik kan toetree en hoeveel persone die arbeidsmark as gevolg van aftreeleeftyd mag verlaat.

TABEL 4.14

Bevolking volgens ras vir die onderskeie sub-, kwasi- en stedelike gebiede in die ondersoekgebied vanaf 1921 tot 1960

| RAS | GEBIED | 1911 | 1921 | 1931 | 1936 | 1946 | 1951 | 1960 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| BLANKES | Klerksdorp | 2465 | 3121 | 3600 | 4561 | 7066 | 9138 | 19390 |
| | Hartebeesfontein | | 316 | 338 | 355 | 425 | 437 | 540 |
| | Orkney | | | | | 1120 | 1793 | 6596 |
| | Stilfontein | | | | | | | 10394 |
| | Sub- en Kwasi-stedelik | | | | | | | 1728 |
| | Totaal | 2465 | 3437 | 3938 | 4916 | 8611 | 11368 | 38648 |
| ASIATE | Klerksdorp | 176 | 201 | 192* | 188 | 266 | 435 | 509 |
| | Hartebeesfontein | | 10 | 11* | 12 | 29 | 30 | 36 |
| | Orkney | | | | | | | 4 |
| | Stilfontein | | | | | | | 3 |
| | Sub- en Kwasi-stedelik | | | | | | | - |
| | Totaal | 176 | 211 | 203 | 200 | 295 | 465 | 552 |
| KLEURLINGE | Klerksdorp | 263 | 302 | 338* | 355 | 724 | 974 | 1589 |
| | Hartebeesfontein | | 2 | 18* | 27 | - | 15 | 9 |
| | Orkney | | | | | 31 | 30 | 220 |
| | Stilfontein | | | | | | | 38 |
| | Sub- en Kwasi-stedelik | | | | | | | 29 |
| | Totaal | 263 | 304 | 356 | 382 | | | |
| BANTOES | Klerksdorp | 1316 | 2062 | 3247* | 3839 | 10282 | 13730 | 22238 |
| | Hartebeesfontein | | 99 | 184* | 227 | 438 | 699 | 1197 |
| | Orkney | | | | | 5968 | 7612 | 15605 |
| | Stilfontein | | | | | | | 2562 |
| | Sub- en Kwasi-stedelik | | | | | | | 38559 |
| | Totaal | 1316 | 2161 | 3431 | 4066 | 16688 | 22041 | 80161 |

*Beraamde syfers volgens interpolasie.

TABEL 4.15

Hoë raming van toename in bevolking vir die stedelike gebiede in die ondersoekgebied tot die jaar 2000

| JAAR | KLERKSDORP | | | | | HARTEBEESFONTEIN | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Totaal | Blankes | Asiate | Kleurlinge | Bantoes | Totaal | Blankes | Asiate | Kleurlinge | Bantoes |
| 1961 | 44735 | 19797 | 520 | 1646 | 22772 | 1805 | 551 | 37 | 9 | 1208 |
| 1962 | 45767 | 20213 | 531 | 1704 | 23319 | 1847 | 563 | 38 | 9 | 1237 |
| 1963 | 46824 | 20638 | 543 | 1764 | 23879 | 1890 | 575 | 39 | 9 | 1267 |
| 1964 | 47904 | 21071 | 555 | 1826 | 24452 | 1933 | 587 | 40 | 9 | 1297 |
| 1965 | 49010 | 21514 | 567 | 1890 | 25039 | 1978 | 599 | 41 | 10 | 1328 |
| 1966 | 50142 | 21966 | 580 | 1956 | 25640 | 2024 | 612 | 42 | 10 | 1360 |
| 1967 | 51300 | 22427 | 593 | 2025 | 26255 | 2071 | 625 | 43 | 10 | 1393 |
| 1968 | 52485 | 22898 | 606 | 2096 | 26885 | 2119 | 638 | 44 | 11 | 1426 |
| 1969 | 53697 | 23379 | 619 | 2169 | 27530 | 2168 | 651 | 45 | 12 | 1460 |
| 1970 | 54939 | 23870 | 633 | 2245 | 28191 | 2219 | 665 | 46 | 13 | 1495 |
| 1980 | 69102 | 29396 | 800 | 3167 | 35739 | 2779 | 820 | 49 | 15 | 1895 |
| 1990 | 86960 | 36186 | 995 | 4468 | 45311 | 3471 | 999 | 51 | 17 | 2404 |
| 2000 | 108367 | 43388 | 1237 | 6302 | 57440 | 4351 | 1229 | 53 | 19 | 3050 |

| JAAR | ORKNEY | | | | | STILFONTEIN | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Totaal | Blankes | Asiate | Kleurlinge | Bantoes | Totaal | Blankes | Asiate | Kleurlinge | Bantoes |
| 1961 | 22947 | 6735 | 4 | 228 | 15980 | 13278 | 10612 | 3 | 39 | 2624 |
| 1962 | 23480 | 6876 | 4 | 236 | 16364 | 13565 | 10835 | 3 | 40 | 2687 |
| 1963 | 24025 | 7020 | 4 | 244 | 16757 | 13859 | 11063 | 3 | 41 | 2752 |
| 1964 | 24583 | 7167 | 4 | 253 | 17159 | 14158 | 11295 | 3 | 42 | 2818 |
| 1965 | 25156 | 7318 | 5 | 262 | 17571 | 14464 | 11532 | 3 | 43 | 2886 |
| 1966 | 25741 | 7472 | 5 | 271 | 17993 | 14778 | 11774 | 4 | 45 | 2955 |
| 1967 | 26340 | 7629 | 5 | 281 | 18425 | 15097 | 12021 | 4 | 46 | 3026 |
| 1968 | 26953 | 7789 | 6 | 291 | 18867 | 15424 | 12273 | 4 | 48 | 3099 |
| 1969 | 27580 | 7953 | 6 | 301 | 19320 | 15758 | 12531 | 4 | 50 | 3173 |
| 1970 | 28223 | 8120 | 7 | 312 | 19784 | 16100 | 12794 | 5 | 52 | 3249 |
| 1980 | 35525 | 9996 | 9 | 440 | 25080 | 19947 | 15749 | 5 | 73 | 4120 |
| 1990 | 43985 | 12305 | 11 | 521 | 31048 | 24722 | 19389 | 6 | 104 | 5223 |
| 2000 | 51833 | 15148 | 13 | 877 | 35795 | 30648 | 23869 | 8 | 150 | 6621 |

Die ekonomies produktiewe bevolking word gewoonlik bepaal as die getal persone tussen 15 en 65 jaar is, terwyl die groepe onder 15 en bo 65 jaar gewoonlik nie as behorende by die arbeidsmag gereken word nie. Tog kan daar in laasgenoemde kategorieë persone wees wat aktief in die arbeidsmag optree. Aangesien die persentasie hier feitlik nul is, word dit nie in aanmerking gebring by ontledings nie.

### 4.11.1 Mediaanouderdomme

Daar moet op gelet word dat die mediaanouderdom as 'n goeie aanduiding van die „ouderdom" van 'n bevolking beskou word, omdat dit in een oogopslag weerspieël of 'n bevolking oorwegend uit jonger of ouer persone bestaan.[1] Hierdie mediaanouderdom is volgens wiskundige metodes so gekies dat daar ewe veel persone van 'n hoër as van 'n laer ouderdom as die mediaanouderdom is.

In tabel 4.16 word die mediaanouderdom van Blankes, Asiate, Kleurlinge en Bantoes vir 1960 aangetoon.[2]

TABEL 4.16

Vergelyking van mediaanouderdom van alle rasse in Klerksdorp-distrik, Ekonomiese streek no. 45 en Suid-Afrika vir 1960

| Gebied | Blankes | Asiate | Kleurlinge | Bantoes |
|---|---|---|---|---|
| Klerksdorp | 22.0 | 18.0 | 19.0 | 24.0 |
| Eko. Streek 45 | 22.28 | 20.0 | 18.0 | 27.0 |
| Suid-Afrika | 25.80 | 17.29 | 17.59 | 18.15 |

1. Piek B.J., op cit., p. 162.
2. Mediaanouderdomme, Suid-Afrika uitgesluit, is bereken tot 'n definitiewe jaar.

Uit hierdie tabel blyk dat die mediaanouderdom van die Blankes laer was as beide die Ekonomiese Streek No. 45 en die Republiek. In die geval van die Nie-blanke-rassegroepe was dit hoër as die van Suid-Afrika. Veral by Bantoes was die mediaanouderdom aansienlik hoër. Die rede vir hierdie relatief hoë mediaanouderdom moet toegeskryf word aan die immigrasie van Bantoe-arbeid na die goudmyne in die ondersoekgebied.

Piek[1] verdeel ook die mediaanouderdomme in drie verskillende kategorieë, naamlik ekonomiese streke met 'n relatief hoë, medium of lae medium ouderdom. Eersgenoemde is 27 jaar en ouer; medium is tussen 24 en 26.9 jaar en laag is onder 24 jaar.

Indien ons Klerksdorp-distrik hiervolgens wil indeel, sal dit in die lae mediaanouderdomsgroep ressorteer, wat gevolglik op die jeugdigheid van die bevolking in die onderskeie rassegroepe wys.

4.11.2 <u>Leeftydsverdeling van stedelike en plattelandse bevolking</u>

Nadere ontleding van tabel 4.17 getuig van 'n hoë konsentrasie jeugdige Blankes wat in die stedelike gebiede van Klerksdorp-distrik aangetref word. Hierdie jeugdige ouderdomsamestelling kan onder meer aan die snelle ekonomiese ontwikkeling van die gebied toegeskryf word, veral ten opsigte van die goudmyne en die indirekte invloed daarvan op veral die tersiêre bedrywe.

By ontleding van die stedelike Nie-blankes kan gesien word dat die getal jeugdige Blankes onder 15 jaar meer as die van die Nie-blankes was, naamlik 14764 persone teenoor 11986 onderskeidelik. Hierdie tendens is verblydend omdat dit 'n groter hoeveelheid geskoolde arbeid op die mark kan plaas, veral vir die ondersoekgebied. Indien die nodige uitbreiding van ekonomiese aktiwiteite, veral in die nywerheidsektor nie plaasvind nie, kan dit 'n wegvloeiing

---

1. Ibid., p. 356.

TABEL 4.17

Leeftydsamestelling van die stedelike bevolking volgens ras in die Klerksdorp-distrik vir 1960

| RAS | GESLAG | 0-4 | 5-9 | 10-14 | 15-19 | 20-24 | 25-29 | 30-34 | 35-39 | 40-44 | 45-49 | 50-54 | 55-59 | 60-64 | 65-69 | 70-74 | 75+ | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Blankes | Manlik | 2965 | 2432 | 1943 | 1611 | 1728 | 1879 | 1660 | 1415 | 1278 | 1026 | 687 | 392 | 245 | 188 | 121 | 129 | 19699 |
| | Vroulik | 2975 | 2428 | 2021 | 1772 | 1778 | 1588 | 1498 | 1156 | 1032 | 830 | 586 | 331 | 289 | 254 | 181 | 195 | 18914 |
| | Totaal | 5940 | 4860 | 3964 | 3383 | 3506 | 3467 | 3158 | 2571 | 2310 | 1856 | 1273 | 723 | 534 | 442 | 302 | 324 | 38613 |
| Asiate | Manlik | 35 | 51 | 35 | 28 | 26 | 20 | 23 | 15 | 11 | 15 | 5 | 6 | 1 | 1 | 2 | 3 | 277 |
| | Vroulik | 32 | 48 | 38 | 33 | 33 | 19 | 15 | 17 | 12 | 7 | 8 | 4 | 2 | 1 | 2 | 2 | 273 |
| | Totaal | 67 | 99 | 73 | 61 | 59 | 39 | 38 | 32 | 23 | 22 | 13 | 10 | 3 | 2 | 4 | 5 | 550 |
| Kleurlinge | Manlik | 177 | 113 | 109 | 69 | 93 | 79 | 74 | 58 | 43 | 35 | 33 | 21 | 17 | 7 | 4 | 11 | 943 |
| | Vroulik | 167 | 116 | 108 | 105 | 98 | 86 | 61 | 51 | 35 | 31 | 25 | 23 | 9 | 7 | 4 | 10 | 936 |
| | Totaal | 344 | 229 | 217 | 174 | 191 | 165 | 135 | 109 | 78 | 66 | 58 | 44 | 26 | 14 | 8 | 21 | 1879 |
| Bantoes | Manlik | 2063 | 1722 | 1489 | 7322 | 19476 | 15955 | 9103 | 6566 | 4280 | 3075 | 1453 | 759 | 312 | 129 | 81 | 138 | 73914 |
| | Vroulik | 2192 | 1818 | 1672 | 1518 | 2074 | 1728 | 1275 | 894 | 780 | 509 | 337 | 230 | 186 | 96 | 76 | 118 | 15503 |
| | Totaal | 4256 | 3540 | 3161 | 8840 | 21550 | 17683 | 10378 | 7450 | 5060 | 3584 | 1790 | 989 | 498 | 225 | 157 | 256 | 89417 |

Bron: Bevolkingsensus 1960.

van arbeid na ander gebiede tot gevolg hê. Primêre en tersiêre sektore is alreeds ten volle beset en kan gevolglik nie die jaarlikse vrygestelde nuwe arbeid opneem nie.

By die Bantoes was die grootste sametrekking van ekonomies bedrywige persone tussen die ouderdom 15 jaar tot 40 jaar, met die grootste getal, naamlik 21550, in die ouderdomsgroep 20 - 24 jaar.

Tabel 4.18 toon geen noemenswaardige afwykings nie behalwe in die geval van Blankes en Kleurlinge in die ouderdomsgroep 45 - 49 jaar.

Hier is daar 'n redelik groot aantal persone gekonsentreer in vergelyking met jonger ouderdomsgroepe.

Figure 4.1 tot 4.6 gee die bevolkingspiramiedes van die onderskeie rassegroepe volgens stedelike en plattelandse gebiede ingedeel. Die plattelandse Kleurling- en Asiatiese bevolkingspiramiedes is nie opgestel nie, omdat hulle so 'n geringe deel gevorm het.

## 4.12 SAMEVATTING

Veranderings in die bevolking van 'n land, provinsie, ekonomiese streek of selfs 'n distrik, veral met betrekking tot die getal persone gesien as verbruikers en as arbeidsmag, is 'n moontlike maatstaf van die hoeveelheid ekonomiese aktiwiteite van 'n sub-nasionale eenheid. Vestiging van bevolking vind hoofsaaklik plaas ooreenkomstig die verspreiding van ekonomiese bestaansmoontlikhede.

Hierdie ekonomiese bestaansmoontlikhede mag egter nie alleen die enkele belangrikste faktore wees nie, en daar mag gevolglik ander faktore wees wat die bevolkingsverspreiding kan beïnvloed.

Omdat 'n provinsie, ekonomiese streek, distrik of selfs 'n dorp nie 'n geslote eenheid binne 'n nasionale ekonomie is nie, kan daar geredelik

TABEL 4.18


Leeftydsamestelling van die plattelandse bevolking volgens ras in die Klerksdorp-distrik vir 1960

| RAS | GESLAG | 0-4 | 5-9 | 10-14 | 15-19 | 20-24 | 25-29 | 30-34 | 35-39 | 40-44 | 45-49 | 50-54 | 55-59 | 60-64 | 65-69 | 70-74 | 75+ | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Blankes | Manlik | 295 | 247 | 241 | 133 | 138 | 135 | 129 | 128 | 116 | 127 | 125 | 71 | 53 | 65 | 51 | 54 | 2108 |
| | Vroulik | 266 | 264 | 196 | 116 | 123 | 120 | 113 | 110 | 113 | 148 | 103 | 75 | 61 | 61 | 50 | 43 | 1962 |
| | Totaal | 561 | 511 | 437 | 249 | 261 | 255 | 242 | 238 | 229 | 275 | 228 | 146 | 114 | 126 | 101 | 97 | 4070 |
| Asiate | Manlik | - | 1 | - | 1 | - | 1 | 1 | - | 1 | - | - | - | - | 1 | - | 1 | 7 |
| | Vroulik | 2 | - | - | - | 1 | - | 1 | 1 | - | - | - | - | 1 | - | - | - | 6 |
| | Totaal | 2 | 1 | - | 1 | 1 | 1 | 2 | 1 | 1 | - | - | - | 1 | 1 | - | 1 | 13 |
| Kleurlinge | Manlik | 15 | 20 | 6 | 10 | 4 | 9 | 6 | 5 | - | 9 | 3 | 4 | 3 | 3 | - | 4 | 101 |
| | Vroulik | 11 | 14 | 10 | 4 | 6 | 7 | 4 | 2 | 3 | 2 | 2 | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 | 71 |
| | Totaal | 26 | 34 | 16 | 14 | 10 | 16 | 10 | 7 | 3 | 11 | 5 | 6 | 4 | 4 | 1 | 5 | 172 |
| Bantoes | Manlik | 2268 | 2033 | 1373 | 1191 | 976 | 889 | 863 | 726 | 608 | 555 | 388 | 262 | 211 | 135 | 105 | 160 | 12743 |
| | Vroulik | 2344 | 2006 | 1333 | 1052 | 915 | 799 | 622 | 514 | 471 | 387 | 278 | 195 | 191 | 103 | 111 | 132 | 11453 |
| | Totaal | 4612 | 4039 | 2706 | 2243 | 1891 | 1688 | 1485 | 1240 | 1079 | 942 | 666 | 457 | 402 | 238 | 216 | 292 | 24196 |

Bron: Bevolkingsensus 1960.


FIGUUR 4.1

GESLAG- EN LEEFTYDSAMESTELLING VAN DIE PLATTELANDSE BLANKE-BEVOLKING VAN DIE KLERKSDORPDISTRIK 1960





FIGUUR 4.2

GESLAG- EN LEEFTYDSAMESTELLING VAN DIE STEDELIKE BLANKE-BEVOLKING VAN DIE KLERKSDORPDISTRIK 1960




FIGUUR 4.3

GESLAG- EN LEEFTYDSAMESTELLING VAN DIE PLATTELANDSE BANTOE BEVOLKING VAN DIE KLERKSDORPDISTRIK. 1960.





FIGUUR 4.4

GESLAG - EN LEEFTYDSAMESTELLING VAN DIE STEDELIKE BANTOE BEVOLKING VAN DIE KLERKSDORPDISTRIK 1960




FIGUUR 4.5

GESLAG- EN LEEFTYDSAMESTELLING VAN DIE STEDELIKE ASIATIESE-BEVOLKING VAN DIE KLERKSDORPDISTRIK 1960




FIGUUR 4.6

GESLAG- EN LEEFTYDSAMESTELLING VAN DIE STEDELIKE KLEURLING-BEVOLKING VAN DIE KLERKSDORPDISTRIK 1960



migrasie plaasvind, hetsy weg of na daardie gebied toe.

Uit die ontleding het geblyk dat die vier belangrikste rassegroepe van Suid-Afrika in die ondersoekgebied aangetref word. Geweldige groei het ook veral ten opsigte van die Blankes en Bantoes plaasgevind. Hierdie groei was egter grootliks aan immigrasie te wyte omdat ekonomiese bestaansmoontlikhede so goed was en is. Dit kan weer toegeskryf word aan die goudmynbou wat die grootste enkele bydraer is tot die inkome van die ondersoekgebied.

Ook het dit geblyk dat die bevolkingsdigtheid veel hoër as die van die res van die land is. Dit kan ook verwag word gesien teen die relatief hoë ekonomiese bedrywighede van die gebied.

Wel moet daarop gelet word dat die digtheid van die Bantoe-bevolking aansienlik verhoog is deur die Bantoes wat op die goudmyne werksaam is. Indien die goudmyne sou sluit, sal dit 'n afname teweegbring aangesien hierdie vorm van arbeid basies trekarbeid is wat weer sal moet terugkeer na hulle onderskeie tuislande. Bestendige groei in die plaaslik gevestigde Bantoe-bevolking sal egter nog voldoende half- en ongeskoolde arbeid aan die ander ekonomiese sektore van die gebied kan voorsien.

Indien die huidige owerheidsbeleid egter in die langtermyn daarop gemik is om die Bantoe in totaal terug te skuif na die Bantoe-tuislande sal die sluiting van die goudmyne geensins 'n noemenswaardige invloed op die Bantoes hê nie, omdat, met die ontwikkeling van die grensnywerhede, daar wel 'n opname deur die grensnywerhede van hierdie vrygesette arbeidsmag sal wees. Ten opsigte van die Blanke-bevolking sal daar egter heelwat probleme ondervind word.

Indien daar egter nie totale verskuiwing van die Bantoe-bevolking plaasvind nie, en sluiting van die goudmyne geskied, sal dit tot 'n verarmingsproses lei omdat daar nie werkgeleentheid vir hulle sal wees nie, deurdat die ander ekonomiese sektore van die ondersoekgebied grootliks afhanklik is van die bestaan van die goudmyne en die koopkrag wat deur die goudmyne in hierdie gebied beskikbaar gestel word. Kompenserende nywerhede sal as teenvoeter vir algehele ineenstorting van hierdie gebied gevind moet word.

H O O F S T U K 5

# ONTLEDING VAN DIE LANDBOUSTRUKTUUR

## 5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk sal gepoog word om die onderskeie komponente van die landbousektor in Klerksdorp-distrik so volledig as moontlik te ontleed. Besondere aandag sal aan aspekte soos produksie, lopende en kapitaaluitgawes, arbeid en kapitaalvorming in die landbou gegee word.

Die tydperk wat hier gedek sal word, strek vanaf die 1959/60 landbousensusjaar tot en met 1963/64. Waar sekere inligting nie beskikbaar was nie, is projeksies deur middel van inter- en ekstrapolasies of gemiddeldes gemaak. By sommige aspekte is van die tydperk onder bespreking afgewyk en is vroeëre statistieke gebruik om sinvolle vergelykings te tref.

Inligting vervat in hierdie hoofstuk word telkens teen Suid-Afrika en die Transvaal as agtergrond geprojekteer, veral ten opsigte van produksie, om sodoende 'n beter beeld te kan kry of ontwikkeling en groei regressief, gelykmatig of progressief met dié van die provinsie en land verloop het.

Tydens die stigting van Klerksdorp en tot en met die ontdekking van goud in daardie gebied was die landbou van 'n „Bestaansgeoriënteerde"[1] aard. Die eerste mielies, te wete 1873 sakke, is reeds 13 jaar voor die ontdekking van goud daar verbou.[2]

Met die ontdekking van goud het daar egter 'n mark vir plaaslike landbouprodukte ontstaan as gevolg van die toestroming van arbeid na die goudmyne. Hierdie vergroting van die vraag na noodsaaklike landbouprodukte het

---

1. Volgens 'n opsomming van die Tomlinson-Verslag is die kenmerk van 'n „bestaansgeoriënteerde boerdery" dat 95 persent van die agrariese produkte en 60 persent van die veeteeltprodukte deur die produsente op hul plase verbruik word.

2. Klerksdorp - Hub of the Golden West. 70ste Verjaardag as 'n Myngebied. Klerksdorp Record (Pty) Ltd. Klerksdorp. 1959, p. 11.

veroorsaak dat daar in die rigting van 'n markgeoriënteerde boerderystelsel beweeg is.

Produksie van mielies het toegeneem vanaf die 1873 sakke tot 232,632 sakke in 1935/36, en 3,398,538 sakke in 1953/54.

Hierdie geweldige toename in mielieproduksie kan vir die later jare egter nie aan die mynbou-aktiwiteite toegeskryf word nie, maar eerder aan die nasionale en internasionale vraag wat ontstaan het.

'n Mate van konstantheid in die hoeveelheid grond onder mielies het tussen die jare 1934/35 en 1953/54 geheers toe daar onderskeidelik 52,952 en 53,930 morge beplant is.

'n Geleidelike styging in oliesade het ook plaasgevind, maar na die Tweede Wêreldoorlog het grondbone- en sonneblomoeste geweldig vermeerder as gevolg van wêreldaanvraag vir plantaardige olies.[1] Gedurende 1945/46 is 2019 sakke grondbone geproduseer. In 1953/54 het die oes vir Klerksdorp-distrik 70,653 sakke beloop.

Beesboerdery was hoofsaaklik op vleis- en roomproduksie gemik. Met die vinnige ontwikkeling van Klerksdorp en omgewing het varsmelkproduksie egter toegeneem, veral langs die Schoonspruit waar besproeiingswater beskikbaar was. Groente is ook heelwat op klein skaal verbou, maar baie moes uit die laeveld ingevoer word, veral gedurende die winter.

Pluimveeboerdery het ook toegeneem, maar nie weer tot sy reg gekom na terugslae van die twintigerjare en met die vergroting van die akkerbou nie.

## 5.2 INLIGTINGSBRONNE

Die Verslae oor Landbou- en Veeteeltproduksie van die Buro vir Sen-

---

1. Idem p. 12.

sus en Statistiek vir die jare 1959/60 tot 1962/63 het as basiese bronne van inligting gedien. Ongepubliseerde resultate ten opsigte van die jaar 1963/64 is goedgunstiglik, regstreeks van die Buro verkry. Statistiese inligting word gewoonlik vir Blankes, Kleurlinge, Asiate en Bantoes afsonderlik op 'n landdrosdistriksbasis aangetoon. In die meeste gevalle is die benodigde inligting egter vir die onderskeie bevolkingsgroepe saamgegroepeer om die aanbieding daarvan minder gekompliseerd te maak en omdat die Nie-blankes so 'n geringe invloed ten opsigte van sekere aspekte het. Waar nodig geag, is daar egter 'n duidelike onderskeid getref.

Ander bronne waarvan gebruik gemaak is, behels die Kortbegrip van Landboustatistiek van die Republiek van Suid-Afrika, aanvullende verslae deur die Afdeling Landbou-ekonomiese Navorsing gepubliseer, jaarlikse verslae van die Suid-Afrikaanse Wolraad, naamlik „Statistical Analysis of the South African Woolclip according to Province, Area and Magisterial District", asook verslae van enkele Beheerrade.

## 5.3 BETROUBAARHEID VAN INLIGTING

Omdat alle inligting hierin vervat, verkry is uit die onderskeie landbousensusse en ander geskikte bronne soos reeds vermeld, kan dit as betroubaar beskou word. Ook ten opsigte van ramings wat gedoen is om ontbrekende statistieke aan te vul, is daar van erkende tegnieke gebruik gemaak. Sodanige ramings kan as redelik betroubaar beskou word.

## 5.4 DEFINISIES EN BEGRIPPE[1]

### 5.4.1 Hoewe of 'n boerderyeenheid

Vanaf die 1954/55-sensus is eienaars of boere versoek om slegs een opgawe ten opsigte van 'n hoewe of 'n boerderyeenheid te voltooi. Onder die begrip hoewe, boerderyeenheid of plaas moet die volgende verstaan word:

---

1. Buro vir Sensus en Statistiek. Landbousensus No. 37 van 1962/63, Staatsdrukker Pretoria, p. vi - viii.

„'n Boerderyeenheid bestaan uit een of meer afsonderlike plase of stukke grond wat in dieselfde landdrosdistrik geleë is en waarop geboer word."[1]

5.4.2 Houer of boer

Dit het betrekking op persone en organisasies wat boerderywerksaamhede in die algemeen beoefen op grond wat hul eiendom is, deur hulle gehuur, of onder hul beheer is. Nie-houers sluit alle ander persone in soos plakkerdiensbodes, plakkers, bywoners en ander persone wat nie lede van die houer of gesin van die boer is nie, en wat op die hoewes of boerderyeenheid of eenhede van houers woonagtig is.

5.4.3 Gereelde werknemers

Dit is werknemers wat gewoonlik plaaswerk verrig in die landbou, bosbou- en suikerrietplantasies en dit sluit in bestuurders, voormanne en ander gereelde werknemers.

5.4.4 Los werknemers

Dit is seisoens- en geleentheidswerknemers, met uitsluiting van kontrakteurs en hul werknemers.

5.4.5 Huisbediendes

Daarmee word bedoel werknemers wat uitsluitlik of hoofsaaklik huiswerk verrig. Of die sensus wel in hierdie opsig altyd korrek deur die houer of boer voltooi word, is 'n ope vraag. Streng gesproke is hierdie groep nie plaasarbeiders nie, tog is hulle deel van die boerdery-ekonomie, en somtyds kan dit moeilik wees om te besluit watter een van die twee hulle is. Werk mag in albei vertakkings gedoen word.

---

1. Landbousensus No. 33 van 1958/59, Staatsdrukker Pretoria Rp. 21/1961, p. 2.

## 5.5 GROOTTE VAN BOERDERYEENHEDE

Die probleem ten opsigte van boerdery-eenhede is een van veel groter omvang en kompleksiteit as wat 'n mens altyd besef. Nie alleen is dit 'n probleem wat in Suid-Afrika ondersoek word nie, maar dit blyk ook onder die aandag te wees van feitlik al die Westerse lande.

Die stelsel van boerdery het gewoonlik die belangrikste invloed op plaasgrootte. Binne enige homogene boerderystreek word gewoonlik groot variasies aangetref wat hoofsaaklik die resultaat van 'n verskeidenheid ander faktore is, soos die kapitaalkragtigheid van die ondernemer, die stelsel van erflating of besitreg, die bevoegdheid van die houer of boer, ens.

Dit is byvoorbeeld logies om te verwag dat 'n ekstensiewe boerdery soos 'n mieliesaaiplaas 'n groter oppervlakte sal nodig hê as 'n intensiewe groenteboerdery.

Hoe die teenswoordige patroon van plaasgroottes in Klerksdorp-distrik daar uitsien, word in tabel 5.1 volgens oppervlakte, in morg, aangetoon.

By nadere beskouing van die tabel blyk dit dat die getal boerdery-eenhede van 655 in 1955/56 na 602 gedurende 1963/64 afgeneem het. Hierdie daling in aantal hoewes kan waargeneem word as 'n neiging tot vermindering van die plase wat ressorteer onder die groottegroepe 20 tot 49.9 morge en 500 tot 999 morge. Konsolidasie van gedeeltes van hierdie plase het plaasgevind tot die groottegroepe 1000 tot 1999 morge en 2000 tot 4999 morge.

In teenstelling met die toename van 13 boerderyeenhede in laasgenoemde groottegroepe was daar 'n toename van 32 boerderyeenhede in die groottegroepe van .1 morg tot 19.9 morge, dit wil sê ongeveer 118%. Hierdie neiging tot versnippering van ekonomies bewerkbare eenhede tot onekonomies bewerkbare eenhede kan as ietwat onrusbarend bestempel word.

TABEL 5.1

Getal en oppervlakte van hoewes in Klerksdorp-distrik (Blankes)[1]

| GROOTTEGROEP MORG | GETAL | | | OPPERVLAKTE (MORG) | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1955/56 | 1959/60 | 1963/64 | 1955/56 | 1959/60 | 1963/64 |
| Tot 1.9 | - | - | 4 | - | - | 4 |
| 2 - 4.9 | - | 1 | 15 | - | 3 | 42 |
| 5 - 9.9 | 6 | 7 | 14 | 29 | 40 | 86 |
| 10 - 19.9 | 21 | 14 | 26 | 296 | 191 | 325 |
| 20 - 49.9 | 50 | 37 | 38 | 1790 | 1177 | 1262 |
| 50 - 99.9 | 39 | 38 | 28 | 3025 | | 1939 |
| 100 - 199 | 201 | 84 | 79 | 41423 | 2683 | 11750 |
| 200 - 299 | | 104 | 77 | | 12463 | 17629 |
| 399 - 499 | 156 | 165 | 122 | 62169 | 60687 | 47992 |
| 500 - 999 | 134 | 140 | 128 | 96849 | 80829 | 86167 |
| 1000 - 1999 | 46 | 57 | 50 | 64697 | 90555 | 68998 |
| 2000 - 4999 | 10 | 19 | 17 | 28705 | 61322 | 49278 |
| 5000 - 9999 | 1 | 1 | 3 | 7000 | 21886 | 18400 |
| 10000 - | 1 | - | 1 | 17000 | | 12075 |
| Totaal | 665 | 667 | 602 | 322983 | 338836 | 315947 |

1. Bron: Landbousensusverslae

A.G. Wickers stel die voordele van 'n groter boerderyeenheid soos volg:[1]

"Verskeie persoonlike, sosiaal en voorligtingkundige faktore kan ook in verband gebring word met plaasgrootte. Benewens die hoër tegnies-, arbeids- en kapitaaldoeltreffendheid wat saamhang met groter bedrywe, dus 'n gunstiger bedryfstruktuur, word die bedryfsvoering, ontvanklik vir voorligting, deelname aan verenigingslewe en maatskaplike oriëntering gunstiger namate die bedryfsomvang groter word."

Tog kan daar ook geredeneer word dat op 'n kleiner boerderyeenheid meer intensiewe verbouingsmetodes toegepas word, asook beter bestuur beoefen word wat gevolglik meer ekonomies per eenheid opbrengs mag wees, as 'n heelwat groter plaas.

Oor die algemeen kom groot boerderyeenhede nie veel in die gebied voor nie.

Tot en met die sensusopname van 1963/64 was daar slegs 3.5 persent van die plase met 'n oppervlakte van 2000 morge en groter.

Sedert 1955/56 tot 1963/64 was daar 'n afname van 7036 morge in die totale oppervlakte van boerderyeenhede. 'n Toename van 15,853 morge is gedurende 1959/60 aangeteken.

Dit blyk dus dat die totale oppervlakte van jaar tot jaar wissel. Met 'n mate van spekulasie kan die verskille toegeskryf word aan:

(i) teenstrydighede in die oppervlakte wat van jaar tot jaar deur houers opgegee word aan die Buro vir Sensus en Statistiek

(ii) jaarlikse wisselings in die totale oppervlakte van tydelik ongeokkupeerde boerderyeenhede wat nie opgeneem word nie

---

1. Vosloo J.L. Landboutoestande in die Landdrosdistrik Aliwal-Noord, M.Agric.-verhandeling, Universiteit Pretoria, 1967, p. 117.

(iii) gedurige onttrekking van grond aan die landbousektor vir mynbou-, nywerheids-, handels-, woon- en ander doeleindes.

By nadere beskouing van tabel 5.2 blyk dit dat daar 'n afname in die gemiddelde oppervlakte per boerderyeenheid in die onderskeie groottegroepe was. Alleenlik in die groottegroep 2000 tot 4999 morge was daar 'n toename van 28.2 morge per landbouhoewe. Ook was die grootste persentasie, naamlik 21.26 persent, gedurende 1963/64 in die 500 tot 999 morge groottegroep.

Uit hierdie tabel kan geensins afgelei word wat 'n geskikte ekonomiese boerderyeenheid vir hierdie gebied sal wees nie. Om dit te kan bepaal, sal 'n detailontleding van alle aspekte van 'n boerdery verg. H. Muller stel dit dan ook soos volg:[1]

> „Om 'n ekonomiese eenheid te bepaal sal die kostestruktuur van elke individuele boer ontleed moet word, en in hierdie verband sal daar op trekker- en masjienkoste, koste verbonde aan die aankoop van saad en kunsmis, vervoerkoste en arbeidskoste gelet moet word."

Geen verdere aandag sal egter hieraan bestee word nie.

## 5.6 WAARDE VAN BOERDERYEENHEDE

Volgens tabel 5.3 het die geraamde waarde van plase in Klerksdorp-distrik in totaal R18,525,738 gedurende 1960/61 beloop. In teenstelling hiermee was die R10,074,153 met 'n gemiddelde waarde van R33 per morg teenoor die R56 per morg vir die latere sensusopname. Verder blyk dit dat hoe groter die boerderyeenheid word, hoe laer die waarde per morg word. Ook is daar 'n steeds stygende tendens in die waarde per morg met die verloop van tyd.

---

1. Muller H., 'n Ekonomiese Ondersoek van Boerdery in die Distrikte Lichtenburg en Delareyville en die Bepaling van die Ekonomiese Eenheid. D. Comm.-proefskrif, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1960, p. 243.

TABEL 5.2

Gemiddelde oppervlakte van boerderyeenhede in onderskeie groottegroepe

| GROOTTEGROEP | 1955/56 | | 1959/60 | | 1963/64 | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Gemiddelde Oppervlakte M | % Boerderye | Gemiddelde Oppervlakte M | % Boerderye | Gemiddelde Oppervlakte M | % Boerderye |
| Tot 1.9 | - | - | - | - | 1.0 | .66 |
| 2 - 4.9 | - | - | 3.0 | .14 | 2.8 | 2.49 |
| 5 - 9.9 | 4.8 | .90 | 5.7 | 1.04 | 6.1 | 2.33 |
| 10 - 19.9 | 14.1 | 3.16 | 13.6 | 2.09 | 12.5 | 4.32 |
| 20 - 49.9 | 35.8 | 7.52 | 38.8 | 5.54 | 33.2 | 6.31 |
| 50 - 99.9 | 77.6 | 5.86 | | 5.69 | 69.3 | 4.65 |
| 100 - 199 } | 206.1 | 30.23 | 31.9 | 12.59 | 148.7 | 13.12 |
| 200 - 299 } | | | 119.8 | 15.59 | 228.9 | 12.79 |
| 300 - 499 | 398.5 | 23.46 | 367.8 | 24.78 | 393.4 | 20.27 |
| 500 - 999 | 722.8 | 20.15 | 577.4 | 20.98 | 673.2 | 21.26 |
| 1000 - 1999 | 1406.5 | 6.92 | 1588.7 | 8.56 | 1379.9 | 8.31 |
| 2000 - 4999 | 2870.5 | 1.50 | 3227.5 | 2.86 | 2898.7 | 2.82 |
| 5000 - 9999 | 7000.0 | .15 | 21 | .14 | 6133.3 | .50 |
| 1000 + | 17000.0 | .15 | | | 12075.0 | .17 |
| TOTAAL | 485.7 | 100.00 | 508.0 | 100.0 | 524.8 | 100.00 |

TABEL 5.3

Geskatte waarde van boerderyeenhede in Klerksdorp-distrik

| GROOTTEGROEP | 1958/59 | | | 1960/61 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Morg | Totaal R | Per Morg R | Morg | Totaal R | Per Morg R |
| TOT 1.9 | - | - | - | - | - | - |
| 2 - 4.9 | - | - | - | - | - | - |
| 5 - 9.9 | 38 | 19100 | 503 | 25 | 19500 | 780 |
| 10 - 19.9 | 99 | 62200 | 628 | 155 | 57670 | 372 |
| 20 - 49.9 | 1230 | 323360 | 263 | 1205 | 327400 | 272 |
| 50 - 99.9 | 2828 | 265554 | 94 | 2763 | 257827 | 93 |
| 100 - 199 | 13709 | 1122378 | 81 | 13905 | 1000225 | 72 |
| 200 - 299 | 22335 | 1438290 | 64 | 24243 | 1634050 | 67 |
| 300 - 499 | 61531 | 1722610 | 28 | 58988 | 3510434 | 60 |
| 500 - 999 | 94635 | 2531255 | 27 | 98669 | 5470515 | 55 |
| 1000 - 1999 | 81062 | 2006790 | 25 | 67183 | 3563625 | 53 |
| 2000 - 4999 | 17859* | 428616 | 24* | 39864 | 1736492 | 44 |
| 5000 - 9999 | 7000* | 154000 | 22* | 13200 | 528000 | 40* |
| 10000 + | | | | 12000 | 420000 | 35* |
| TOTAAL | 302326 | 10074153 | 33 | 332200 | 18525738 | 56 |

* Geraamde waarde.

## 5.7 GRONDBENUTTING

### 5.7.1 Blankes

Statistiek ten opsigte van grondgebruik was slegs bekombaar uit die 1959/60 Landbousensus. Van die totale oppervlakte van boerderyeenhede, naamlik 338,836 morge in die betrokke distrik, was 98,917 morge vir droëlandse verbouing bewerk, hoofsaaklik mielies, sonneblom en grondboontjies.

Natuurlike weiding het die grootste oppervlakte in beslag geneem, naamlik 230,583 morg, dit wil sê meer as twee derdes van die totale oppervlakte. Hierdie weiding word hoofsaaklik vir beeste gebruik. Permanente gewasse, houtplantasies of bosse, aangeplante permanente weiding en ander grond het onderskeidelik 169, 3650, 338 en 5179 morge in beslag geneem.

Altesaam 612 boerderyeenhede het grond bewerk teen 'n gemiddeld van 161.1 morge per gebied. Hierteenoor het 659 plase permanente weiding van gemiddeld 350.8 morge gehad.

### 5.7.2 Bantoes

Hierdie totale oppervlakte is egter nie net deur die Blankeplaasbevolking benut nie, maar ook deur die Bantoes. Grond wat vir gebruik deur Bantoes op die hoewes van die Blankes opsy gesit is, het in totaal 4036 morge vir gewasse en/of weidingsdoeleindes beloop. Hiervan is slegs 120 morge vir akkerbouproduksie bewerk terwyl 122 morge vir weidingsdoeleindes gebruik is.

## 5.8 IDENTITEIT VAN HOUERS VAN BOERDERYEENHEDE

Identiteit van houers van plase in Klerksdorp-distrik neem 'n aansienlike omvang aan. Gedurende 1959/60 het 297,488 morge aan privaat individue behoort, opgedeel in 628 boerderyeenhede. Vennootskappe het gesorg vir 38 hoewes met 'n totale oppervlakte van 41,400 morge, terwyl daar slegs een hoewe, met 'n oppervlakte van 3 morge, aan openbare owerhede behoort het.

Bantoes was in besit van 3 plase met 'n totale oppervlakte van 292 morge. Sedertdien is hierdie grond egter uitgekoop deur Blankes.

Gedurende 1962/63 was daar geen vennootskappe nie en het die privaatbesit toegeneem tot 649 hoewes met 'n totale oppervlakte van 308,101 morge. Geregistreerde maatskappye is gevorm vir twee plase met 'n oppervlakte van 5150 morge en openbare owerheidsbesit het ook tot 466 morge toegeneem.

Dit wil dus voorkom asof die idee van maatskappy- en vennootskapsvorming nog nie in die boerdery posgevat het soos wat die geval in ander ekonomiese sektore is nie. Kapitalisasie, risiko-draging ens. geskied dus nog deur die individu self.

Nie alle houers van boerderyeenhede is landbouers nie. In die 1959/60 landbousensusjaar het 96 eienaars ander beroepe beklee waaronder daar 20 mynwerkers, 19 professioneles, 22 ambagsmanne en 19 verkoopslui was. 14 Persent van die houers tree as deeltydse boere op of verhuur die grond terwyl hulle ander betrekkings in die stedelike gebiede beklee.

Reeds blyk dit uit 'n opname[1] wat in 1952/53 van die gebied onder bespreking gemaak is, dat tussen 15 en 20 persent van die landbou-oppervlakte aan nie-landbouers behoort het. Hierdie beraamde persentasie vergelyk gunstig met die berekende persentasie van 14 persent vir 1959/60.

Ook word in die verslag gemeld dat die boerderyeenhede in besit van nie-landbouers selde verder as 10 myl vanaf Klerksdorp geleë was en dat dit gewissel het van 2 tot 100 morge. Kleiner hoewes word in teenstelling met die groter hoewes, swak bewerk of soms glad nie bewerk nie.

---

1. Streeksopname van Beheerde Gebied No. 2, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom 1952/53, p. 63.

## 5.9 ARBEIDSMAG IN DIE LANDBOU

Soos uit die geskiedenis blyk, is die hoofbron van arbeid in die Landbou in die Republiek ongeskoolde Nie-blankes. 'n Hele paar verskillende soorte arbeid word in die Republiek se landbou onderskei, en dit kan in die volgende groepe verdeel word:

(a) Blanke-arbeid, dit wil sê die boer self, gehuurde Blanke-arbeiders en onbetaalde familie-arbeid; en
(b) Nie-blanke-arbeid, dit wil sê gehuurde arbeid, naamlik dié wat gedurende die jaar gehuur word en seisoenarbeiders, woonarbeiders, plakkers, ens.

Uit hierdie indelings kan ons weer 'n gedefinieerde drieledige indeling maak, te wete gereelde werknemers, los werknemers en huisbediendes.

### 5.9.1 Gereelde werknemers

Tabel 5.4 gee 'n aanduiding van die getal gereelde werknemers, asook hulle ras en geslag vanaf 1959/60 tot en met 1963/64.

Hieruit blyk dit dat die Blankes in die landbou in Klerksdorp-distrik 'n ondergeskikte rol speel in vergelyking met die Bantoes. Gedurende 1963/64 was daar slegs 25 manlike Blankes as gereelde werknemers teenoor 3898 Bantoes. In totaal was daar slegs .61 persent Blankes teenoor .42 persent en 98.97 persent Bantoes onderskeidelik (verwys tabel 5.5). Die rol van die vrou as gereelde arbeider is gering, en daar was slegs 128 vroulike Nie-blankes in gereelde diens.

Opmerklik uit eersgenoemde tabel is dat daar 'n daling ten opsigte van alle gereelde werknemers was. Persentasiegewys was daar egter 'n styging in die Blanke-gereelde werknemers in verhouding tot die Nie-blankes. Kleurlinge het egter afgeneem vanaf 2.1 persent in 1959/60 tot .42 persent in 1963/64.

TABEL 5.4

Gereelde en los werknemers en huisbediendes in diens van die landbou in Klerksdorp-distrik vanaf 1959/60 tot 1963/64[1]

| | Jaar | Totaal | BLANKES | | KLEURLINGE | | BANTOES | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | Manlik | Vroulik | Manlik | Vroulik | Manlik | Vroulik |
| GEREELDE WERKNEMERS | 1959/60 | 4325 | 11 | - | 70 | 9 | 3591 | 644 |
| | 1960/61 | 5059 | 25 | - | 42 | 8 | 4510 | 474 |
| | 1961/62 | 5047 | 43 | 2 | 43 | 7 | 4539 | 413 |
| | 1962/63 | 4605 | 19 | - | 19 | 1 | 4334 | 232 |
| | 1963/64 | 4077 | 25 | - | 16 | 1 | 3898 | 137 |
| LOS WERKNEMERS | 1959/60 | 2866 | 13 | - | 36 | 26 | 1729 | 1062 |
| | 1960/61 | 4912 | - | - | - | 5 | 3298 | 1609 |
| | 1961/62 | 4978 | 2 | - | - | 4 | 3211 | 1761 |
| | *1962/63 | 3874 | 4 | - | 9 | 9 | 2406 | 1446 |
| | 1963/64 | 2198 | - | - | - | - | 1385 | 813 |
| HUISBEDIENDES | 1959/60 | 1055 | - | - | 5 | 27 | 110 | 913 |
| | 1960/61 | 1018 | - | - | 3 | 9 | 91 | 915 |
| | 1961/62 | 1039 | - | - | 6 | 19 | 101 | 913 |
| | 1962/63 | 970 | - | - | 1 | 8 | 40 | 921 |
| | 1963/64 | 874 | - | - | - | 3 | 50 | 821 |

1. Bron: Landbousensusverslae

* Beraamde syfers (Bereken as gemiddeld van die vier beskikbare jare).

TABEL 5.5

Totale getal werknemers in diens van die landbou in Klerksdorp-distrik vanaf 1959/60 tot 1963/64[1]

| | Jaar | Totaal | Blankes | Persentasie | Kleurlinge | Persentasie | Bantoes | Persentasie |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| GEREELDE WERKNEMERS | 1959/60 | 4325 | 11 | .29 | 79 | 2.10 | 4325 | 97.91 |
| | 1960/61 | 5059 | 25 | .49 | 50 | .99 | 4984 | 98.52 |
| | 1961/62 | 5047 | 45 | .89 | 50 | .99 | 4952 | 98.12 |
| | 1962/63 | 4605 | 19 | .41 | 20 | .43 | 4566 | 99.16 |
| | 1963/64 | 4077 | 25 | .61 | 17 | .42 | 4035 | 98.97 |
| LOS WERKNEMERS | 1959/60 | 2866 | 13 | .45 | 62 | 2.16 | 2791 | 97.39 |
| | 1960/61 | 4912 | - | .00 | 5 | .10 | 4907 | 99.90 |
| | 1961/62 | 4978 | 2 | .04 | 4 | .08 | 4972 | 99.88 |
| | 1962/63x | 3874 | 4 | .10 | 18 | .46 | 3852 | 99.44 |
| | 1963/64 | 2198 | - | .00 | - | .00 | 2198 | 100.00 |
| HUISBEDIENDES | 1959/60 | 1055 | - | .00 | 32 | 3.03 | 1023 | 96.97 |
| | 1960/61 | 1018 | - | .00 | 12 | 1.18 | 1006 | 98.82 |
| | 1961/62 | 1039 | - | .00 | 25 | 2.41 | 1014 | 97.59 |
| | 1962/63 | 970 | - | .00 | 9 | .93 | 961 | 99.07 |
| | 1963/64 | 874 | - | .00 | 3 | .34 | 871 | 99.66 |
| TOTAAL ALLE WERKNEMERS | 1959/60 | 8246 | 24 | .29 | 173 | 2.10 | 8049 | 97.61 |
| | 1960/61 | 10989 | 25 | .23 | 67 | .61 | 10897 | 99.12 |
| | 1961/62 | 11064 | 47 | .42 | 79 | .71 | 10938 | 98.87 |
| | 1962/63 | 9449 | 23 | .24 | 47 | .50 | 9379 | 99.26 |
| | 1963/64 | 7149 | 25 | .35 | 20 | .28 | 7104 | 99.37 |
| TOTAAL ALLE WERKNEMERS | 1964/65= | 5216 | 29 | .56 | - | .00 | 5187 | 99.44 |
| | 1965/66= | 4599 | 29 | .63 | - | .00 | 4570 | 99.37 |
| | 1966/67= | 3007 | 29 | .96 | - | .00 | 2978 | 99.04 |

1 Verwerk uit Landbousensusverslae

x Beraamde syfers (Bereken as gemiddeld van 4 beskikbare jare).

= Beraamde syfers (Blankes as gemiddeld van 4 beskikbare jare)
(Bantoes en Kleurlinge volgens liniêre grafiese ekstrapolasie basisjaar 1961/62).

5.9.2 Los werknemers en huisbediendes

Indien daar na hierdie twee groepe gekyk word, skyn dieselfde dalende neiging voor te kom as wat die geval by die gereelde werknemers was. Gedurende 1963/64 was alle los werknemers Bantoes. Hulle het ook 99.66 persent van die huisbediendes gevorm. Voorts moet daarop gewys word dat die Bantoevroue as los werknemers 'n aansienlike rol speel, daar hulle vir elke jaar bykans die helfte van die los werknemers beloop. Dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die oesters wat benodig word gedurende die mielie-oestydperk.

Projeksies ten opsigte van alle vorme van werknemers is gedoen tot en met 1966/67 soos blyk uit tabel 5.5. By die Nie-blankes is daar van liniêre, grafiese ekstrapolasie met 1961/62 as basisjaar gebruik gemaak omdat daar sedert daardie jaar 'n geleidelike afname in die landbou-arbeidsmag voorgekom het. Meganisasie kan veral as die belangrikste element beskou word vir die afnames wat plaasgevind het en moontlik nog kan plaasvind veral by die los werknemers.

5.10 VERGOEDING VAN LANDBOU-ARBEIDERS

In teenstelling met die meeste van die ander ekonomiese sektore bestaan daar geen vaste standaarde vir die vergoeding van arbeiders in die landbou nie. Tog bestaan daar enkele faktore soos lone in die myne, sekondêre nywerheid en die handel, pryspeil van landbouprodukte, vraag na arbeid, produktiwiteit, ens. wat die peil van lone en salarisse van die arbeider in die landbou mag beïnvloed.

Arbeid moet egter ook as een van die belangrikste, indien nie dié belangrikste, produksiefaktor in die landbou beskou word. Tog vorm dit ook een van die grootste koste-elemente soos H. Muller tereg ook beweer:[1]

1. Muller H., op cit., p. 243.

„Ook Prinsloo (Boerdery in S.A. Deel XVI; 242) wys daarop dat in ondersoeke wat deur die Afdeling Ekonomie in Suid-Afrika gedoen is, bevind is dat arbeid in die geval van die meeste landbouprodukte 40 tot 50 persent van die totale produksiekoste uitmaak."

In aansluiting by die faktore wat die vergoeding van landbou-arbeiders bepaal, kan ook genoem word dat faktore soos ouderdom, geslag, diens, vaardigheid, persoonlike karaktereienskappe sowel as tradisie die kontantlone bepaal.

Ten opsigte van vergoeding in natura[1] is dit te verstane dat dit grootliks deur gewoonte bepaal sal word en mag dit ook verskil van een streek tot 'n ander.

Dit blyk dus dat ekonomiese oorwegings 'n klein aandeel het in die doelbewuste bepaling van lone.

Vir 'n breër beskouing oor die loonstruktuur van arbeiders in die landbou kan verwys word na die werk van Margaret Roberts[2].

Wel is ons bewus daarvan dat die aanbod van plaasarbeid fundamenteel bepaal word deur die plaasbevolking, maar dit verander deur alternatiewe werkgeleenthede vir die plaasarbeid. Nywerheidswerkgeleenthede affekteer die lone van plaasarbeid deur die dreinering van sommige van die arbeidsaanbod wat beskikbaar is vir plase. Hierdie arbeidsaanbod kan basies deur drie faktore beïnvloed word, naamlik:[3]

---

1. Vergoeding in natura behels gewoonlik ploegbare grond, weiding, voedsel, behuising, water en krag ens.
2. Roberts, M. Labour in the Farm Economy. South African Institute of Race Relations. Johannesburg 1958, pp. 19 - 50.
3. Weatherford W.D. Geographic Differentials of Agricultural Wages in the United States. Harvard University Press Cambridge, Massachusetts, 1957, p. 63.

(a) migrasie na en vanaf plase,
(b) werkers te laat besluit om „off-farmwork" te doen, veral in tye van nood, droogtes, ens.,
(c) deur die vermindering van die stedelike arbeidsmag wat vir plaasarbeid beskikbaar is, veral in die geval van seisoenarbeid.

Die sogenaamde „off-farmwork", wat dan ook in die ondersoekgebied gedoen word, behels meesal werk in die goudmyne. Vaste betrekkings word in die goudmyne aanvaar, terwyl daar ook voltyds geboer word. Hierdeur verkry die boer dan 'n groter totale inkomste as wat hy sou verkry het indien hy slegs 'n bona-fide boer was.

By die bespreking van die lone en salarisse hieronder is enige aanvullende inkomste van buite egter buite rekening gelaat.

5.10.1 <u>Lone en salarisse</u>

Onder lone en salarisse word verstaan alleen kontant wat aan die Blanke- sowel as Nie-blanke-werknemers op plase uitbetaal is. Indien ons na tabel 5.6 kyk, merk ons dat daar 'n wisseling was in die totale inkomste verdien deur Blankes. Die grootste bedrag aan lone en salarisse is gedurende 1961/62 uitbetaal.

In die geval van die Kleurling-arbeid was daar 'n afname vanaf R8284 in 1959/60 tot R2164 in 1963/64. Hierdie afname in vergoeding kan toegeskryf word aan die migrasie na stedelike gebiede waar beter werkgeleentheid en hoër lone beskikbaar is.

In teenstelling met die Kleurlinge was daar 'n styging in die lone van die Bantoes vanaf R371,672 in 1959/60 tot R434,927 in 1963/64.

TABEL 5.6

Lone, salarisse, bonusse en vergoeding in natura verdien[1]

| Item | Ras | R 1959/60 | R 1960/61 | R 1961/62 | R 1962/63 | R 1963/64 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Lone en Salarisse | Blankes | 41352 | 28156 | 48048 | 27669 | 33965 |
| | Kleurlinge | 8284 | 4703 | 3678 | 3224 | 2164 |
| | Bantoes | 371672 | 404296 | 425057 | 483393 | 434927 |
| | Totaal | 421308 | 437155 | 476783 | 514296 | 471056 |
| Bonusse | Blankes | 1400 | 2041 | 3050 | - | 1673 |
| | Kleurlinge | - | 101 | 20 | 280 | 4 |
| | Bantoes | 9052 | 22244 | 14297 | 50632 | 14994 |
| | Totaal | 10552 | 24386 | 17367 | 50912 | 16671 |
| Vergoeding in Natura | Blankes | 17312 | 14583 | 10554 | 9520 | 7600 |
| | Kleurlinge | 2608 | 1237 | 2122 | 742 | 196 |
| | Bantoes | 172678 | 190921 | 186782 | 129587 | 123390 |
| | Totaal | 192598 | 206741 | 199458 | 139849 | 131186 |
| Totale Kontant Vergoeding | Blankes | 42752 | 30197 | 51098 | 27669 | 35638 |
| | Kleurlinge | 8284 | 4804 | 3698 | 3504 | 2168 |
| | Bantoes | 380724 | 426540 | 439354 | 534025 | 558317 |
| | Totaal | 431860 | 461541 | 494150 | 565208 | 487727 |

1. Bron: Landbousensusverslae

5.10.2 Bonusse

In die geval van bonusse is dit bereken as 'n geraamde geldwaarde. Ten opsigte van 1960/61 was daar geen syfers uit die sensusverslae beskikbaar nie en is 'n eie raming gemaak met inagneming van die oorblywende vier jare. Uit die tabel blyk dit ook dat daar groot verskille was in die bonusse van jaar tot jaar uitbetaal, veral in die geval van die sensusjaar 1962/63 waar daar geen bonusse toerekenbaar aan Blankes aangeteken was nie. Hierdie bonussyfers moet derhalwe nie as volkome korrek beskou word nie.

5.10.3 Vergoeding in Natura

Ten opsigte van vergoeding in natura was daar ook in alle rassegroepe 'n sterk afname te bespeur met 'n persentasie daling van gemiddeld 14 persent, 23 persent en 7.1 persent in die geval van Blankes, Kleurlinge en Bantoes onderskeidelik. Hierdie afname kan heel moontlik toegeskryf word aan groter eise om kontantvergoeding wat toegevoeg word by die lone, salarisse en bonusse of aan 'n afname in arbeiders werksaam op plase.

5.10.4 Geraamde geldwaarde van gratis weiregte en geraamde huurwaarde van grond

Slegs die 1959/60 en 1961/62 Sensusverslae bevat gegewens aangaande gratis weiregte en huurwaarde van grond wat deur die werkgewer aan werknemers toegesê is. Geen noemenswaardige verskille was te bespeur nie, soos blyk uit onderstaande tabel 5.7 en 5.8.

TABEL 5.7

Geraamde geldwaarde van gratis weiregte[1]

| Jaar | Totaal | Blankes | Kleurlinge | Bantoes |
|---|---|---|---|---|
| | R | R | R | R |
| 1959/60 | 25840 | 320 | 102 | 25418 |
| 1961/62 | 21042 | 1054 | 127 | 19861 |

TABEL 5.8

Geraamde huurwaarde van grond[1]

| Jaar | Totaal | Blankes | Kleurlinge | Bantoes |
|---|---|---|---|---|
| | R | R | R | R |
| 1959/60 | 8206 | 344 | 80 | 7782 |
| 1961/62 | 9027 | 1430 | - | 7597 |

5.10.5 Gemiddelde kontantinkomste van werknemers

By die berekening van die gemiddelde kontantinkomste deur werknemers op plase verdien, is slegs kontantlone en -salarisse, asook bonusse in berekening gebring. Uit tabel 5.9 blyk dit dat daar ook heelwat wisselings was in die geval van die gemiddelde jaarlikse kontantinkomste verdien deur blanke werknemers. In die geval van Kleurlinge en Bantoes was daar 'n progressiewe styging.

1. Landbousensusverslae 1959/60 en 1961/62.

TABEL 5.9

Gemiddelde jaarlikse kontantinkomste verdien deur werknemers op plase in Klerksdorp-distrik

| Ras | R<br>1959760 | R<br>1960/61 | R<br>1961/62 | R<br>1962/63 | R<br>1963/64 |
|---|---|---|---|---|---|
| Blankes | 1823 | 1208 | 1087 | 1203 | 1426 |
| Kleurlinge | 48 | 72 | 47 | 75 | 108 |
| Bantoes | 47 | 39 | 40 | 57 | 79 |

## 5.11 BOERDERY UITGAWES

### 5.11.1 Kapitaaluitgawes

Die bedrae wat aan die verskillende kapitaal-items gedurende die tydperk 1959/60 tot 1963/64 bestee is en die indekse van die bedrae word in tabelle 5.10 en 5.11 aangetoon.

Die aanwendings wat onder kapitaal-items aangedui is, is items wat normaalweg nie binne een jaar opgebruik word nie maar wel oor 'n hele aantal produksieperiodes. Die bedrae wat dus in 'n betrokke jaar aan kapitaalitems gespandeer word, kan dus volgens inkomstebelasting-wetgewing nie in geheel teen die produksie van die betrokke jaar waarin dit aangekoop is verreken word nie, maar moet in die vorm van waardevermindering jaarliks teen 'n vaste koers afgeskryf word.

Alhoewel nuwe kapitaalitems gedurende al die jare aangekoop is, het die werklike bedrae wat bestee is, baie van jaar tot jaar geskommel. Indien daar na tabel 5.12 gekyk word, blyk dit dat die grootste persentasie geld aan die aankoop van trekkers, motorvoertuie, masjinerie en gereedskap onderskeidelik bestee word. Gedurende 1960/61 is 36.73 persent van die totale kapitaaluitgawes aan trekkers bestee. Dit kan toegeskryf word aan 'n besondere goeie jaar

TABEL 5.10

Indeks van bedrae bestee aan aanwendings van lopende aard (Basisjaar 1959/60 = 100)

| Item | 1959/60 | 1960/61 | 1961/62 | 1962/63 | 1963/64 |
|---|---|---|---|---|---|
| Veevoer en Pluimveevoer | 100 | 82.77 | 84.20 | 87.69 | 70.36 |
| Pakmateriaal | 100 | 158.55 | 200.55 | 207.45 | 133.96 |
| Brandstof | 100 | 103.24 | 86.81 | 80.84 | 79.09 |
| Bemestingstowwe | 100 | 114.02 | 134.23 | 165.97 | 177.68 |
| Onderhoud- en herstelwerk | | | | | |
| Trekkers en masjinerie | 100 | 93.81 | 125.28 | 98.26 | 91.88 |
| Konstruksiewerk en draadheinings | 100 | 137.23 | 104.51 | 80.86 | 68.84 |
| Bestedingsmiddele (Veesiektes, plae) | 100 | 85.28 | 112.75 | 92.81 | 70.48 |
| Kontrakteurs vir boerdery dienste | 100 | 134.29 | 149.11 | 88.00 | 310.46 |
| TOTAAL | 100 | 109.32 | 118.68 | 117.62 | 107.95 |

TABEL 5.11

Indeks van bedrae bestee aan aanwendings van kapitale aard (Basisjaar 1959/60 = 100)

| Item | 1959/60 | 1960/61 | 1961/62 | 1962/63 | 1963/64 |
|---|---|---|---|---|---|
| Nuwe toerusting vir pomp van water | 100 | 86.64 | 119.95 | 95.29 | 92.49 |
| Damme, boorgate, ens. | 100 | 94.20 | 149.77 | 137.16 | 164.73 |
| Nuwe omheining | 100 | 80.80 | 116.60 | 70.57 | 73.26 |
| Oprigting van plaasgeboue | 100 | 81.53 | 161.80 | 284.55 | 310.63 |
| Aanplant van boorde en wingerde | 100 | 94.29 | 149.00 | 145.74 | 227.54 |
| Ander konstruksiewerk | 100 | 137.90 | 86.17 | 63.17 | 35.90 |
| Aankoop van nuwe trekkers | 100 | 110.22 | 90.53 | 73.42 | 62.41 |
| Motorvoertuie | 100 | 89.10 | 84.98 | 104.92 | 87.79 |
| Ander voertuie, masjinerie en gereedskap | 100 | 139.81 | 156.71 | 153.60 | 162.40 |
| TOTAAL | 100 | 102.75 | 109.25 | 114.77 | 110.40 |

TABEL 5.12

Bedrae bestee aan lopende landbou- en kapitaaluitgawes in Klerksdorp-distrik vanaf 1959/60 tot 1963/64

| | Item | 1959/60 | | 1960/61 | | 1961/62 | | 1962/63 | | 1963/64 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | R | % | R | % | R | % | R | % | R | % |
| LOPENDE UITGAWES | Veevoer, pluimveevoer | 185868 | 14.22 | 153842 | 10.76 | 156496 | 10.09 | 162993 | 10.60 | 130782 | 9.27 |
| | Pakmateriaal | 172072 | 13.16 | 272815 | 19.09 | 345252 | 22.25 | 356957 | 23.21 | 230501 | 16.33 |
| | Bemestingstowwe | 243858 | 18.65 | 278047 | 19.45 | 327335 | 21.10 | 404744 | 26.32 | 433287 | 30.70 |
| | Brandstof | 396340 | 30.31 | 409201 | 28.63 | 344070 | 22.17 | 320399 | 20.83 | 313447 | 22.21 |
| | Onderhou-Herstelwerk | | | | | | | | | | |
| | Trekkers, Masjinerie | 221832 | 16.97 | 208109 | 14.56 | 277915 | 17.91 | 217980 | 14.17 | 203829 | 14.44 |
| | Konstruksiewerk en draadheinings | 47750 | 3.65 | 65528 | 4.58 | 49905 | 3.22 | 38611 | 2.51 | 32873 | 2.33 |
| | Bestrydingsmiddele | 23628 | 1.81 | 20150 | 1.41 | 26640 | 1.72 | 21928 | 1.43 | 16652 | 1.18 |
| | Kontrakteurs vir boerderydienste | 16144 | 1.23 | 21680 | 1.52 | 24073 | 1.54 | 14207 | .93 | 50121 | 3.54 |
| | Totaal | 1307492 | 100 | 1429372 | 100 | 1551686 | 100 | 1537819 | 100 | 1411492 | 100 |
| KAPITAAL UITGAWES | Nuwe toerusting vir pomp van water | 42062 | 5.87 | 36443 | 4.95 | 50455 | 6.44 | 40082 | 4.87 | 38903 | 4.92 |
| | Damme, boorgate ens. | 24794 | 3.46 | 23355 | 3.17 | 37133 | 4.74 | 34008 | 4.14 | 40844 | 5.16 |
| | Nuwe omheining | 33334 | 4.65 | 26934 | 3.66 | 38867 | 4.96 | 23523 | 2.86 | 24420 | 3.09 |
| | Oprigting plaasgeboue | 59852 | 8.35 | 48795 | 6.63 | 96839 | 12.37 | 170311 | 20.71 | 185919 | 23.50 |
| | Aanplant boorde, ens. | 1104 | .15 | 1041 | .14 | 1645 | .21 | 1609 | .20 | 2512 | .32 |
| | Ander konstruksiewerk | 3850 | .54 | 5309 | .72 | 3319 | .42 | 2432 | .30 | 1382 | .17 |
| | Aankoopwaarde van | | | | | | | | | | |
| | Nuwe trekkers | 245328 | 34.24 | 270397 | 36.73 | 222094 | 28.37 | 180110 | 21.90 | 153115 | 19.35 |
| | Nuwe motorvoertuie | 205472 | 28.67 | 183085 | 24.87 | 174611 | 22.30 | 215579 | 26.21 | 180385 | 22.80 |
| | Ander voertuie, masjinerie, ens. | 100760 | 14.07 | 140873 | 19.13 | 157905 | 20.19 | 154766 | 18.81 | 163633 | 20.68 |
| | Totaal | 716556 | 100 | 736232 | 100 | 782868 | 100 | 882420 | 100 | 791113 | 100 |

Bron: Die onderskeie bedrae is verkry uit die Landbousensusverslae.

ten opsigte van produksie, vir boere in dié distrik.

By verdere ontleding blyk dit ook dat daar in 'n toenemende mate meer aan damme en boorgate asook die oprigting van plaasgeboue bestee word. Gedurende 1959/60 en 1963/64 was dit 3.46 persent en 5.16 persent in die geval van damme en boorgate en 8.35 persent en 23.50 persent in die geval van nuwe plaasgeboue.

Ten einde 'n aanduiding van die reële aanwending van die verskillende items te kan kry, is indekse van die besteding aan die items teen 1959/60 pryse in tabel 5.10 en 5.11 saamgestel.

Reële kapitaalvorming het baie gedurende die betrokke tydperk van die jaar tot jaar gevarieër. Tog was dit altyd hoër as die basisjaar. 'n Styging het plaasgevind tot soveel as 14.77 persent in 1962/63 maar toe weer met 4.37 persent gedaal, tot 'n indeks van 110.4 in 1963/64. Reële besteding het aanmerklik afgeneem ten opsigte van sekere kapitaalitems, soos verder blyk uit die tabel.

Die feit dat daar 'n geweldige daling was in die indeks van bedrae bestee aan trekkers, kan heel moontlik gesien word as 'n versadigingspunt wat in die meganisasieproses op plase in die distrik bereik is.

5.11.2 Lopende Uitgawes

In teenstelling met kapitaaluitgawes behels lopende uitgawes alle koste wat binne een produksieproses opgebruik word.

Van die verskillende items onder lopende uitgawes is die grootste enkele bedrae aan pakmateriaal, brandstof en bemestingstowwe bestee (Verwys tabel 5.10).

Vir alle praktiese doeleindes is kontantlone en salarisse alreeds afsonderlik bespreek. Daar dit egter ook as 'n lopende uitgawe geklassifiseer

word, kan daar gemeld word dat dit die belangrikste enkele bydrae tot die lopende uitgawes was.

Indien terug verwys word na tabel 5.6 sal gemerk word dat dit 'n stygende tendens getoon het tot 1962/63 toe die totale kontantbedrag uitbetaal aan werknemers R565208 beloop het. Gedurende 1963/64 was daar egter weer 'n daling.

Die totale bedrae wat aan die verskillende items, onder lopende uitgawes geklassifiseer bestee is, het nie veel uitermatige wisselings getoon nie. Die grootste totale bedrag is in 1961/62 aangeteken.

Uit tabel 5.10 waar die indeks van lopende uitgawes teen 1959/60 pryse saamgestel is, blyk dit dat daar heelwat wisselings in die onderskeie items voorgekom het. Merkwaardig egter, is die feit dat daar 'n geleidelike daling in die bedrae bestee aan brandstof was. Dit kan direk in verband gebring word met die afname in geld bestee op die aankoop van nuwe trekkers.


In teenstelling hiermee kry ons dat daar 'n indeksstyging in die geval van bemestingstowwe was. Vanaf 1959/60 was daar 'n styging van 77.68 persent in bedrae bestee aan bemestingstowwe. Verswakking van die grondvrugbaarheid kan die oorsaaklike faktor wees of dit kan ook moontlik toegeskryf word aan die feit dat 'n hoër opbrengs per morg nagejaag word.

Ten opsigte van die totale bedrae aan lopende uitgawes vir die onderskeie jare, (vergoeding uitbetaal aan arbeid uitgesluit) blyk dit dat daar ook heelwat veranderings was. 'n Styging het plaasgevind met 18.68 persent tot 1961/62. Daarna was daar weer 'n daling tot slegs 7.59 persent bo die basisjaar.

In grafiek 5.1 word die indeks van kapitaal- en lopende uitgawes met 1959/60 as basisjaar aangeteken.

Grafiek 5.1

INDEKS VAN LOPENDE - EN KAPITALE UITGAWES (Basisjaar 1959/60).



## 5.12 LANDBOUPRODUKSIE

Soos blyk uit aangehaalde statistieke insake die produksietendense in die landbou kom daar heelwat veranderinge voor in die bruto waarde van produksie. Dit kan geskied deur

1) veranderings in die fisiese produksie,
2) veranderings in pryse vir landbouprodukte,
3) veranderings in die prys van die produksiemiddele,
4) veranderings in die aanwending van primêre produksiebronne en
5) veranderings in die opbrengs per eenheid primêre produksiebron, ens.

Wanneer dus gelet word op die veranderings in die landbouproduksie van die ondersoekgebied sal hierdie verskillende veranderlike faktore in aanmerking geneem moet word.

Ten opsigte van die beskikbare oppervlakte boerderygrond blyk dit, soos reeds bespreek, dat die moontlikheid om meer grond vir boerderydoeleindes aan te wend, beperk is. Volgens tabel 5.1was daar 'n daling van 332983 morge in 1955/56 tot 315947 morge in 1963/64. Dit dui op 'n geleidelike vermindering van die beskikbare landbougrond in die ondersoekgebied. Gedurende 1948/49 was die oppervlakte landbougrond 308480 morge.

### 5.12.1 Grond onder bebouing

'n Faktor wat die akkerbouproduksie kan beperk, is die hoeveelheid grond wat bebou word. 'n Relatief groot persentasie van die beskikbare grond word bewerk, soos blyk uit tabel 5.13.

Gedurende 1959/60 het dit 28.3 persent van die totale landbougrond beloop en toe 'n styging getoon tot 31.7 persent in 1963/64. Vir die oorblywende drie jare was daar 'n variasie maar het dit nooit benede die peil van 1959/60 gedaal nie. Hierdie styging tussen die begin- en eindjaar beloop

TABEL 5.13

Grondgebruik vir akkerboudoeleindes in Klerksdorp-distrik vanaf 1959/60 tot 1963/64

| Jaar | Totale oppervlakte boerderygrond (morge) (a) | Oppervlakte bebou (morge) (b) | (b) as persentasie van (a) | Indeks |
|---|---|---|---|---|
| 1959/60 | 338836 | 96005 | 28.3 | 100 |
| 1960/61 | 332200 | 96201 | 29.0 | 98.0 |
| 1961/62 | 301181 | 94041 | 31.2 | 88.9 |
| 1962/63 | 313717 | 90290 | 28.8 | 92.6 |
| 1963/64 | 315947 | 100214 | 31.7 | 93.2 |

TABEL 5.14

Oppervlakte onder belangrikste akkerbougewasse in Klerksdorp-distrik vanaf 1959/60 tot 1963/64

| Gewas | 1959/60 morge | 1960/61 morge | 1961/62 morge | 1962/63 morge | 1963/64 morge |
|---|---|---|---|---|---|
| Koring | 1245 | 544 | 362 | 1822 | 3761 |
| Mielies | 76295 | 76614 | 80372 | 76534 | 84212 |
| Kafferkoring | 661 | 418 | 284 | 1051 | 1896 |
| Grondbone | 2060 | 3005 | 2726 | 3571 | 3484 |
| Sonneblom | 8761 | 8882 | 4573 | 3582 | 4741 |
| Totaal (a) | 89022 | 89463 | 88317 | 86560 | 98094 |
| Totaal alle gewasse (b) | 96005 | 96201 | 94041 | 90290 | 100214 |
| (a) as persentasie van (b) | 92.7 | 93.0 | 93.9 | 95.8 | 97.8 |

4209 morge wat 'n toename van ongeveer 7 morge per boerderyeenheid beloop het.

Die totale oppervlakte onder bewerking het egter met 6.8 persent afgeneem sedert 1959/60 wat 22889 morge in totaal verteenwoordig of ongeveer 38 morge per boerderyeenheid.

Hierdie afname kan moontlik aan faktore soos reeds omskryf in paragraaf 5.5 toegeskryf word.

5.12.2 Produksie van akkerbougewasse

Die belangrikste gewasse onder bebouing in Klerksdorp-distrik word in tabel 5.14 aangetoon.

Van die totale oppervlakte onder bebouing was tussen 92.7 persent en 97.8 persent onder koring, mielies, kafferkoring, grondbone en sonneblom. Ook blyk dit dat daar fluktuasies in die totale oppervlakte onder bebouing gedurende die bespreekte periode was. Tog was daar 'n toename tot en met 1963/64.

Mielies, kafferkoring, koring en grondbone het 'n toename in oppervlakte bebou getoon, terwyl sonneblom daarenteen 'n duidelike afname in produksie sowel as oppervlakte gehad het. 'n Soortgelyke tendens het by kafferbone voorgekom, terwyl die ander akkerbouprodukte wisselende neigings vertoon het.

Akkerbouproduksie in die ondersoekgebied geskied hoofsaaklik vir die mark, en slegs 'n klein persentasie word as voorsiening van byvoeding vir vee gebruik.

5.12.3 Produksie van lewendehawe

In tabel 5.15 word 'n vergelyking getref van die lewendehawe besit deur alle rasse in Klerksdorp-distrik, Transvaal en Suid-Afrika asook die per-

TABEL 5.15

Lewendehawe en pluimvee besit deur alle rasse in Klerksdorp-distrik vanaf 1959/60 tot 1963/64

| GEBIED | Jaar | Beeste | Skape | Bokke | Varke | Hoenders |
|---|---|---|---|---|---|---|
| (a) | | | | | | |
| | 1959/60 | 7752 | 51595 | 1815 | 6460 | 100353 |
| Klerksdorp-distrik | 1960/61 | 75326 | 51167 | 2372 | 4748 | 96744 |
| | 1961/62 | 73667 | 47856 | 3953 | 5213 | 85839 |
| | 1962/63 | 75253 | 50335 | 3866 | 6661 | 91319 |
| | 1963/64 | 64837 | 40510 | 2467 | 5212 | 75549 |
| (a) | 1959/60 | 3900000 | 3889000 | 650000 | - | - |
| | 1960/61 | 3955432 | 3929937 | 767020 | 260983 | 3866962 |
| Transvaal | 1961/62 | 3895418 | 4054604 | 752069 | 254155 | 4318130 |
| | 1962/63 | 3959997 | 4071805 | 828969 | 356523 | 5600013 |
| | 1963/64 | 3552958 | 4151320 | 801774 | 313688 | 5012973 |
| (a) | 1959/60 | 12295000 | 38789000 | 5057000 | 1381000 | 10755000 |
| | 1960/61 | 12526790 | 37904812 | 5320407 | 1293320 | 10906427 |
| Suid-Afrika | 1961/62 | 1259802 | 39428482 | 5461174 | 1242216 | 11835679 |
| | 1962/63 | 12560003 | 38871847 | 5520299 | 1170029 | 17566213 |
| | 1963/64 | 12243505 | 39717132 | 5673844 | 1165945 | 17237519 |
| Klerksdorp as persentasie van Transvaal | 1959/60 | 1.98 | 1.33 | .28 | - | - |
| | 1960/61 | 1.90 | 1.30 | .31 | 1.82 | 2.24 |
| | 1961/62 | 1.89 | 1.18 | .53 | 2.05 | 1.98 |
| | 1962/63 | 1.90 | 1.23 | .47 | 1.87 | 1.63 |
| | 1963/64 | 1.82 | .89 | .31 | 1.66 | 1.51 |
| Klerksdorp as persentasie van | 1959/60 | .63 | .13 | .04 | .47 | .93 |
| | 1960/61 | .60 | .13 | .04 | .37 | .89 |
| | 1961/62 | .59 | .12 | .07 | .42 | .72 |
| | 1962/63 | .60 | .13 | .07 | .57 | .52 |
| | 1963/64 | .53 | .10 | .04 | .45 | .44 |

(a) Landbousensusverslae.

sentasie wat die ondersoekgebied van laasgenoemde twee gebiede besit. Volgens die gegewens hierin vervat, blyk dit dat die ondersoekgebied in alle veevertakkings altyd minder as een persent van die totaal van Suid-Afrika besit het. Wat Transvaal betref, was die bydrae ook gering. In alle vertakkings het daar ook 'n daling in die persentasie besit voorgekom. Hierdie neiging was ook in verhouding tot Transvaal te bespeur.

TABEL 5.16

Indeks van getal lewendehawe in Klerksdorp-distrik vanaf 1959/60 tot 1963/64 (Basisjaar 1959/60 = 100)

| Jaar | Beeste | Skape | Bokke | Varke | Hoenders |
|---|---|---|---|---|---|
| 1959/60 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 |
| 1960/61 | 96.9 | 99.2 | 130.7 | 73.5 | 96.4 |
| 1961/62 | 94.7 | 92.8 | 217.8 | 80.7 | 85.5 |
| 1962/63 | 96.8 | 97.6 | 213.0 | 103.1 | 91.0 |
| 1963/64 | 83.4 | 78.5 | 135.9 | 80.7 | 75.3 |

Indien verwys word na tabel 5.16 en grafiek 5.2 blyk dit dat daar 'n daling was in die getal vee in die ondersoekgebied behalwe in die geval van bokke. Indien gelet word op die toename in die oppervlakte landbougrond wat vir akkerbougewasse aangewend is, kan hierdie afname moontlik deels daaraan toegeskryf word.


### 5.12.4 Bruto waarde van landbouproduksie

'n Vergelyking van Klerksdorp-distrik se bydrae tot die bruto waarde van landbouproduksie van Suid-Afrika vanaf 1959/60 tot 1963/64 (verwys tabel 5.17) toon aan dat dit maar gering was. 'n Styging het wel voorgekom in akkerbouprodukte tot en met 1961/62 waarna daar weer 'n geleidelike daling in die bydrae was. Die hoogste persentasie bydrae wat die ondersoekgebied gemaak het, was 1.18 persent gedurende 1960/61. Die grootste gedeelte

Grafiek 5.2

INDEKS VAN GETAL LEWENDEHAWE 1959/60 - 1963/64

( 1959/60 = 100 ).



TABEL 5.17

Vergelyking van Klerksdorp-distrik se'bydrae tot die bruto waarde van landbouproduksie van Suid-Afrika vanaf 1959/60 tot 1963/64. (R,000)

| Gebied | Kategorie | 1959/60 | 1960/61 | 1961/62 | 1962/63 | 1963/64 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Suid-Afrika [1] | Akkerbou | 315376 | 353008 | 376415 | 392935 | 357630 |
| | Tuinbou | 94919 | 107137 | 112720 | 118393 | 132491 |
| | Pastoraal | 103083 | 91281 | 99831 | 107375 | 135246 |
| | Veeteelt | 272872 | 274702 | 279990 | 284665 | 304636 |
| | Totaal | 786250 | 826128 | 868956 | 903368 | 930003 |
| Klerksdorp-distrik [1] | Akkerbou | 2742 | 3556 | 4452 | 4347 | 3233 |
| | Tuinbou | 21 | 33 | 33 | 31 | 34 |
| | Pastoraal | 57 | 50 | 55 | 40 | 52 |
| | Veeteelt | 2873 | 2858 | 2924 | 3235 | 1850 |
| | Totaal | 5693 | 6497 | 7464 | 7653 | 5169 |
| Klerksdorp as persentasie van Suid-Afrika | Akkerbou | .87 | 1.01 | 1.18 | 1.10 | .90 |
| | Tuinbou | .02 | .03 | .03 | .03 | .03 |
| | Pastoraal | .06 | .05 | .06 | .04 | .04 |
| | Veeteelt | 1.05 | 1.04 | 1.04 | 1.14 | .61 |
| | Totaal | .72 | .79 | .86 | .85 | .56 |

1. Bron: Landbousensusverslae.

TABEL 5.18


Indeks van bruto waarde van landbouproduksie vir Klerksdorp-distrik en Suid-Afrika (Basisjaar 1959/60 = 100)

| Gebied | Jaar | Akkerbou | Tuinbou | Pastoraal | Veeteelt | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1959/60 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 |
| | 1960/61 | 129.7 | 156.6 | 88.5 | 99.5 | 114.1 |
| Klerksdorp-distrik | 1961/62 | 162.4 | 156.2 | 96.7 | 101.8 | 131.1 |
| | 1962/63 | 158.5 | 147.0 | 71.2 | 112.6 | 134.4 |
| | 1963/64 | 117.9 | 161.3 | 91.2 | 64.4 | 90.8 |
| | 1959/60 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 |
| | 1960/61 | 111.9 | 112.9 | 89.5 | 100.7 | 105.1 |
| Suid-Afrika | 1961/62 | 119.4 | 118.8 | 96.8 | 102.6 | 110.5 |
| | 1962/63 | 124.6 | 124.7 | 104.2 | 104.3 | 114.9 |
| | 1963/64 | 113.4 | 139.6 | 131.2 | 111.6 | 118.3 |

Grafiek 5.3

INDEKS VAN DIE BRUTO WAARDE VAN LANDBOUPRODUKSIE 1959/60-1963/64

(1959/60 = 100)



van hierdie persentasie was dan ook die gevolg van die inkomste verdien deur mielies.

Ten opsigte van tuinbou- en pastorale produkte was die bydrae weinig en is die hoogste bydrae hier aangeteken .06 persent. In die geval van veeteelt was die persentasie bydrae egter meer as een persent, behalwe vir 1963/64.

In totaal kon die bruto waarde van produksie egter nooit .86 persent oorskry nie.

Tabel 5.18 en grafiek 5.3 toon die indeks van die bruto waarde van produksie vir Klerksdorp-distrik en Suid-Afrika aan.

Hieruit blyk dit dat die indeks van akkerbou en tuinbou vir die ondersoekgebied in al die onderskeie jare hoër was as die van Suid-Afrika. Ook was daar dieselfde dalende neiging gedurende 1963/64 in die akkerbouprodukte van beide gebiede. Hierdie verskynsel kom ook voor in die geval van veeteelt vir die ooreenstemmende jaar in Klerksdorp-distrik en kan dit moontlik toegeskryf word aan die droogte gedurende daardie jaar.

In die geval van tuinbou was daar egter 'n styging van gemiddeld 12 persent per jaar in vergelyking met die 8 persent van Suid-Afrika.

Die kategorie pastoraal, waaronder wol die belangrikste produk was, het heelwat wisselende neigings getoon en nooit die bruto waarde van produksie van 1959/60 behaal nie.

## 5.13 DIE RELATIEWE BELANGRIKHEID VAN DIE ONDERSKEIE LANDBOUSEKTORE

Tabelle 5.19, 5.20 en 5.21 toon die relatiewe belangrikheid van die onderskeie landbousektore sowel as die persentasie bydrae tot die bruto waarde van landbouproduksie van elke produk.

TABEL 5.19

Bruto waarde van landbouproduksie vir Klerksdorp-distrik vanaf 1959/60 tot 1963/64

| Kategorie | Gewas | 1959/60 R | 1960/61 R | 1961/62 R | 1962/63 R | 1963/64 R |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Akkerbou | Mielies | 2292443 | 2996302 | 3954796 | 3774233 | 2627462 |
| | Koring | 23936 | 10669 | 8256 | 54207 | 154010 |
| | Hawer, rog, gars | 258 | 1061 | 126 | 4703 | 103 |
| | Kafferkoring | 6858 | 8324 | 5733 | 26644 | 46058 |
| | Hooi | 13613 | 13198 | 13830 | 11216 | 14001 |
| | Bone en erte | 11593 | 11628 | 15592 | 13145 | 12227 |
| | Tabak | 11435 | 27957 | 25352 | 20260 | 21700 |
| | Grondbone | 156757 | 200318 | 160784 | 182729 | 141456 |
| | Sonneblom | 145022 | 166153 | 110466 | 80265 | 75795 |
| | Wattelbas | 39 | 31 | 35 | 36 | 36 |
| | Aartappels | 42572 | 39028 | 55845 | 80918 | 62757 |
| | Patats | 758 | 836 | 929 | 797 | 873 |
| | Ander | 56450 | 80032 | 99756 | 97830 | 76498 |
| | Totaal | 2741734 | 3555537 | 4451500 | 4346983 | 3232976 |
| Tuinbou | Sitrusvrugte | 1600 | 1664 | 1685 | 1715 | 1797 |
| | Sagtevrugte | 1239 | 2502 | 2747 | 2645 | 2802 |
| | Groente | 18066 | 28570 | 28220 | 26375 | 29113 |
| | Totaal | 20905 | 32736 | 32652 | 30735 | 33712 |
| Pastoraal | Wol | 56646 | 50123 | 54762 | 40345 | 51641 |
| Veeteelt | Beeste | 1096016 | 1126270 | 1194696 | 1388962 | 803140 |
| | Skape | 433508 | 414908 | 433711 | 223434 | 121750 |
| | Varke | 252902 | 228872 | 204753 | 131510 | 94871 |
| | Varsmelk | 421287 | 393029 | 404236 | 643501 | 351817 |
| | Suiwelprodukte | 303277 | 334206 | 312082 | 397610 | 222307 |
| | Pluimvee-produkte | 298331 | 294679 | 305937 | 373195 | 210070 |
| | Ander | 68169 | 65890 | 68529 | 77060 | 46001 |
| | Totaal | 2873480 | 2857854 | 2923934 | 3235262 | 1849956 |
| Groot Totaal | | 5692765 | 6396250 | 7462848 | 7653325 | 5168285 |

Bron: Landbousensusverslae

TABEL 5.20

Die jaarlikse bruto waarde van produksie as persentasie van die totale landbouproduksie in Klerksdorp-distrik vanaf 1959/60 tot 1963/64

| Kategorie | Gewas | 1959/60 | 1960/61 | 1962/62 | 1962/63 | 1963/64 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Mielies | 40.3 | 46.1 | 53.0 | 49.3 | 50.8 |
| | Koring | .4 | .2 | .1 | .7 | 3.0 |
| | Hawer, rog, gars | = | = | = | = | = |
| | Kafferkoring | .1 | .1 | .1 | .4 | .9 |
| | Hooi | .2 | .2 | .2 | .2 | .3 |
| | Droë bone en erte | .2 | .2 | .2 | .2 | .2 |
| Akkerbou | Tabak | .2 | .4 | .3 | .3 | .4 |
| | Grondbone | 2.8 | 3.1 | 2.2 | 2.4 | 2.7 |
| | Sonneblom | 2.5 | 2.6 | 1.5 | 1.1 | 1.5 |
| | Wattelbas | = | = | = | = | = |
| | Aartappels | .7 | .6 | .8 | 1.1 | 1.2 |
| | Patats | = | = | = | = | = |
| | Ander | 1.0 | 1.2 | 1.3 | 1.3 | 1.5 |
| | Totaal | 48.2 | 54.7 | 59.7 | 56.8 | 62.6 |
| | Sitrusvrugte | = | = | = | = | = |
| Tuinbou | Sagtevrugte | = | = | = | = | .1 |
| | Groente | .3 | .4 | .4 | .3 | .6 |
| | Totaal | .4 | .5 | .4 | .4 | .7 |
| Pastoraal | Wol | 1.0 | .8 | .7 | .5 | 1.0 |
| | Beeste | 19.3 | 17.3 | 16.0 | 18.2 | 15.5 |
| | Skape | 7.6 | 6.4 | 5.8 | 2.9 | 2.4 |
| | Varke | 4.4 | 3.5 | 2.7 | 1.7 | 1.8 |
| Veeteelt | Varsmelk | 7.4 | 6.1 | 5.4 | 8.4 | 6.8 |
| | Suiwelprodukte | 5.3 | 5.1 | 4.2 | 5.2 | 4.3 |
| | Pluimveeprodukte | 5.2 | 4.5 | 4.1 | 4.8 | 4.1 |
| | Ander | 1.2 | 1.0 | .9 | 1.0 | .9 |
| | Totaal | 50.4 | 44.0 | 39.2 | 42.3 | 35.7 |

= minder as .1 persent.

TABEL 5.21

Die jaarlikse bruto waarde van produksie as persentasie tot die afsonderlike kategorieë in landbouproduksie in Klerksdorp-distrik vanaf 1959/60 tot 1963/64

| Kategorie | Gewas | 1959/60 | 1960/61 | 1961/62 | 1962/63 | 1963/64 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Mielies | 83.6 | 84.3 | 88.8 | 86.8 | 81.3 |
| | Koring | .9 | .3 | .2 | 1.2 | 4.8 |
| | Hawer, rog, gars | = | = | = | .1 | = |
| | Kafferkoring | .3 | .2 | .1 | .6 | 1.4 |
| | Hooi | .5 | .4 | .3 | .3 | .4 |
| | Droë bone en erte | .4 | .3 | .4 | .3 | .4 |
| Akkerbou | Tabak | .4 | .8 | .6 | .5 | .7 |
| | Grondbone | 5.7 | 5.6 | 3.6 | 4.2 | 4.4 |
| | Sonneblom | 5.3 | 4.7 | 2.5 | 1.8 | 2.3 |
| | Wattelbas | = | = | = | = | = |
| | Aartappels | 1.6 | 1.1 | 1.3 | 1.9 | 1.9 |
| | Patats | = | = | = | = | = |
| | Ander | 2.0 | 2.8 | 2.2 | 2.3 | 2.4 |
| | Totaal | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 |
| | Sitrusvrugte | 7.7 | 5.1 | 5.2 | 5.6 | 5.3 |
| Tuinbou | Sagtevrugte | 5.9 | 7.6 | 8.4 | 8.6 | 8.3 |
| | Groente | 86.4 | 87.3 | 86.4 | 85.8 | 86.4 |
| | Totaal | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 |
| Pastoraal | Wol | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 |
| | Beeste | 38.1 | 39.4 | 40.9 | 42.9 | 43.4 |
| | Skape | 15.1 | 14.5 | 14.8 | 6.9 | 6.6 |
| | Varke | 8.8 | 8.0 | 7.0 | 4.1 | 5.1 |
| Veeteelt | Varsmelk | 14.7 | 13.8 | 13.8 | 19.9 | 19.0 |
| | Suiwelprodukte | 10.6 | 11.7 | 10.7 | 12.3 | 12.0 |
| | Pluimveeprodukte | 10.4 | 10.3 | 10.5 | 11.5 | 11.4 |
| | Ander | 2.3 | 2.3 | 2.3 | 2.5 | 2.5 |
| | Totaal | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 |

= minder as .1 persent

Die akkerbouproduksie het gedurende 1963/64, R323976 of te wel 62.6 persent tot die bruto waarde van die landbou-opbrengs bygedra vergeleke met die R33712, R51641 en R1849956 of te wel .7 persent, 1.0 persent en 35.7 persent van die tuinbou, pastoraal en veeteelt onderskeidelik.

Sedert 1959/60 was daar 'n styging gewees in die bydrae van akkerbouprodukte tot die bruto waarde van produksie vanaf 48.2 persent. Veeteelt het egter gedaal van 50.4 persent tot 35.7 persent.

Dit blyk ook verder dat mielies verreweg die belangrikste akkerbouproduk in die gebied was en dat dit gemiddeld bykans 85 persent tot die bruto waarde van akkerbouproduksie bygedra het of ongeveer die helfte van die totale landbouproduksie.

Ten opsigte van veeteelt het beesvleis gemiddeld 40 persent per jaar bygedra of ongeveer 17 persent van die totale bruto waarde van landbouproduksie.

'n Interessante verskynsel wat in die veeteelt voorgekom het, was dat daar 'n ooreenstemmende neiging was tussen die daling en styging van die bruto waarde bygedra deur beeste, varsmelk en suiwelprodukte. 'n Dalende tendens is gehandhaaf tot 1961/62 waarna 'n styging weer in 1962/63 ervaar is met 'n daling weer in 1963/64. 'n Duidelike verband tussen hierdie drie produkte word dus weerspieël, aangesien varsmelk en suiwelprodukte van beeste afkomstig is.

## 5.14 OPBRENGS PER MORG VAN ENKELE BELANGRIKE AKKERBOUGEWASSE

Die opbrengs per morg en bruto waarde per morg van die belangrikste akkerbouprodukte word in tabelle 5.22, 5.23 en grafiek 5.4 vanaf 1959/60 tot 1963/64 aangetoon.

'n Stygende neiging het voorgekom in sowel die opbrengs as die bruto waarde per morg in koring, mielies en kafferkoring alhoewel laasgenoemde twee

TABEL 5.22

'n Vergelyking van die opbrengs per morg gesaai van enkele belangrike landbougewasse in Suid-Afrika, Transvaal en Klerksdorp-distrik vanaf 1959/60 tot 1963/64

| Jaar | Koring | | | Rog, Gars en Hawer | | | Mielies | | | Kafferkoring | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | S.A. 200 lb. | Tvl. 200 lb. | Klerks-dorp 200 lb. | S.A. 200 lb. | Tvl. 200 lb. | Klerks-dorp 200 lb. | S.A. 200 lb. | Tvl. 200 lb. | Klerks-dorp 200 lb. | S.A. 200 lb. | Tvl. 200 lb. | Klerks-dorp |
| 1959/60 | 5.7 | 7.4 | 3.6 | 2.3 | 1.3 | .6 | 6.9 | 8.1 | 9.8 | 3.6 | 3.7 | 3.0 |
| 1960/61 | 5.9 | 9.7 | 3.7 | 1.8 | 1.3 | .01 | 8.4 | 10.5 | 12.6 | 4.9 | 5.0 | 6.1 |
| 1961/62 | 5.9 | 7.8 | 4.3 | 1.0 | 1.1 | .0 | 9.3 | 11.2 | 15.8 | 4.0 | 4.2 | 6.1 |
| 1962/63 | 5.3 | 7.9 | 6.4 | 1.8 | 1.0 | .6 | 9.4 | 10.6 | 15.5 | 4.8 | 4.6 | 7.0 |
| 1963/64 | 5.8 | 6.2 | 8.0 | 2.1 | 1.5 | .02 | 8.2 | 9.0 | 9.4 | 6.7 | 6.0 | 7.4 |

TABEL 5.23


Die bruto waarde van akkerbouproduksie en opbrengs sak per morg van enkele belangrike akkerbouprodukte in Klerksdorp-distrik vanaf 1959/60 tot 1963/64

| Gewas | Klerksdorp-distrik | | | | | | | | | | Suid-Afrika | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1959/60 | | 1960/61 | | 1961/62 | | 1962/63 | | 1963/64 | | 1963/64 | |
| | Waarde R | Sak | Waarde R | Sak | Waarde R | Sak | Waarde R | Sak | Waarde R | Sak | Waarde R | Sak |
| Mielies | 30.04 | 9.8 | 39.11 | 12.6 | 49.21 | 15.8 | 49.32 | 15.5 | 32.20 | 9.4 | 27.20 | 8.2 |
| Koring | 19.23 | 3.6 | 19.61 | 3.7 | 22.81 | 4.3 | 29.75 | 6.4 | 40.95 | 8.0 | 29.31 | 5.8 |
| Hawer, rog, gars | 1.84 | .6 | .62 | .01 | .06 | .0 | 2.14 | .6 | .06 | .02 | 5.74 | 2.1 |
| Kafferkoring | 10.38 | 3.0 | 19.90 | 6.1 | 20.19 | 6.1 | 25.35 | 7.0 | 24.29 | 7.4 | 22.00 | 6.7 |
| Tabak* | 285.88 | 907.5 | 310.60 | 1137.8 | 444.77 | 1280.0 | 361.78 | 1256.1 | 361.67 | 1166.7 | 364.85 | 1233.0 |
| Grondbone | 76.10 | 10.7 | 66.66 | 6.5 | 58.98 | 9.0 | 51.17 | 5.7 | 40.60 | 4.1 | 42.47 | 4.3 |
| Sonneblom | 16.55 | 6.1 | 18.71 | 6.7 | 24.16 | 8.7 | 22.41 | 8.2 | 15.99 | 5.0 | 20.62 | 6.4 |
| Aartappels | 133.04 | 165.9 | 185.85 | 231.7 | 200.16 | 326.0 | 211.83 | 308.8 | 276.46 | 123.8 | 256.56 | 308.9 |

* In die geval van tabak is dit aantal lb per morg.

Grafiek 5.4

OPBRENGS PER MORG (SAK) VAN ENKELE BELANGRIKE AKKERBOUPRODUKTE 1959/60 - 1963/64.



'n effense insinking in 1963/64 getoon het.

Grondbone daarenteen het gedaal van R76.10 bruto waarde per morg en 10.7 sak per morg opbrengs in 1959/60 tot R40.60 en 4.1 sak in 1963/64. Hierdie neiging het voorgekom nieteenstaande die feit dat daar jaarliks 'n groter oppervlakte met grondbone bebou is.

Ten opsigte van die ander produkte was daar heelwat wisselings van jaar tot jaar.

Hierdie laer fisiese produksie per morg kan heel waarskynlik aan swakker landboutegnieke toegeskryf word en nie aan natuurlike faktore nie, omdat daar stygings in die ander produkte was wat soortgelyke natuurlike toestande vereis as die grondbone.

Vergeleke met die land as 'n geheel het Klerksdorp-distrik gedurende 1963/64 'n hoër bruto waarde en fisiese produksie per morg opgelewer ten opsigte van mielies en kafferkoring. In die geval van tabak, grondbone en sonneblom het dit baie gunstig vergelyk.

Dit blyk dus dat die ondersoekgebied sterk staan ten opsigte van bogenoemde produkte in verhouding tot Suid-Afrika.

## 5.15 OPBRENGS PER MORG VAN TOTALE LANDBOUPRODUKSIE

Uit tabel 5.24 blyk dit ook dat die bruto waarde van die totale landbouproduksie per morg in die ondersoekgebied bykans twee keer soveel was as die van die land as geheel. In albei gevalle was daar stygings gewees, maar het daar 'n daling plaasgevind in die geval van die ondersoekgebied gedurende 1963/64.

TABEL 5.24

Die bruto waarde van landbouproduksie per morg vir Klerksdorp en Suid-Afrika vanaf 1959/60 tot 1963/64

| Jaar | Suid-Afrika<br>R | Klerksdorp-distrik<br>R |
|---|---|---|
| 1959/60 | 7.35 | 16.80 |
| 1960/61 | 8.14 | 19.56 |
| 1961/62 | 8.23 | 24.78 |
| 1962/63 | 8.64 | 24.40 |
| 1963/64 | 8.72 | 16.36 |

By 'n gebrek aan voldoende betroubare gegewens oor suiwel-, varsmelk- en vleisproduksie en watter getal vee daarvoor verantwoordelik was, word volstaan met die bruto waarde en sak per morg by akkerbouproduksie. Die opbrengs per vee-eenheid sal dus nie behandel word nie.

## 5.16 SAMEVATTING

Uit die bespreking van die landbou in die ondersoekgebied het dit duidelik geword dat daar 'n verkleining van die ekonomies bewerkbare boerderyeenhede is. Tesame met hierdie verkleining het daar egter 'n verhoging in die prys per morg ingetree.

Van hierdie boerderyeenhede is bykans alle grond deur Blankes benut en het Bantoes weinig gebruik gemaak van die grond wat tot hul beskikking gestel is. Die individuele eienaarskap is ook nog oorheersend, en daar word weinig vennootskappe en maatskappye aangetref.

Ten opsigte van die arbeidsmag in die landbou het gereelde Blankewerknemers minder as een persent van die totale gereelde werknemers uitgemaak. Ook was daar 'n dalende neiging in hierdie kategorie te bespeur. Selfs in die

groep los werknemers en huisbediendes was daar 'n aanmerklike afname gewees. Hierdie afname in die arbeidsmag kan waarskynlik toegeskryf word aan die snelle toename in meganisasie wat daar in die landbousektor plaasvind.

Alhoewel daar 'n afname was in die arbeidsmag, was daar 'n toename in die gemiddelde kontantinkomste van die Nie-blankes terwyl die van die Blankes heelwat skommelinge getoon het. Dit het ook geblyk een van die belangrikste koste-items te wees.

Reële kapitaalvorming het ook heelwat wisselings getoon in teenstelling met lopende uitgawes. Lopende uitgawes was ook altyd meer as die kapitale uitgawes, en dit het ook 'n sneller toename van jaar tot jaar getoon.

Tesame met die toename in koste was daar egter 'n toename in die fisiese landbouproduksie van akkerbouprodukte. 'n Afname het in sommige afdelings van lewendehawe-produksie voorgekom. Hierdie stygings het ook met 'n styging in die bruto waarde van produksie gepaard gegaan. In die geval van akkerbouprodukte het die ondersoekgebied slegs in die geval van mielies en kafferkoring 'n hoër opbrengs per morg gehad as die res van die land. Eersgenoemde was dan ook die enkele belangrikste bydraer tot die bruto waarde van produksie van die gebied. In die geval van bruto waarde van totale landbouproduksie per morg was die ondersoekgebied egter in die onderskeie jare altyd meer as twee keer die van die Republiek.

# H O O F S T U K 6

## ONTLEDING VAN DIE NYWERHEIDSTRUKTUUR

### 6.1 INLEIDING

Ontleding van die Fabriekswese en Konstruksie in die Klerksdorp-distrik sal op basies dieselfde metode as wat die geval met die landbou was geskied. Die klem sal gevolglik op die verskillende instellings, hulle arbeid, bruto en netto waarde van produksie, en koste-aspekte, val.

Die tydperk wat gedek word, strek ook vanaf 1959/60 tot 1963/64. Ook is daar van projeksies gebruik gemaak deur middel van gemiddeldes, inter- en ekstrapolasies waar voldoende statistiek nie beskikbaar was nie.

As kortliks op die ontwikkeling van die nywerheidsektor in Suid-Afrika gelet word, merk ons dat dit vandag die grootste bydraer tot die nasionale inkome is, (Tabel 3.2) naamlik 30.1 persent in 1963/64. Dit is slegs gedurende die afgelope twee dekades na die Tweede Wêreldoorlog dat die fabriekswese hierdie posisie bereik het. Met die totstandkoming van die Unie in 1910 was dit slegs vyfde op die ranglys van bydraers tot die nasionale inkome, maar op die huidige oomblik beklee dit die eerste plek.

Uit die ontwikkelingsfases van die Suid-Afrikaanse ekonomie het dit egter duidelik geblyk dat die sekondêre industrieë nie so vinnig sou ontwikkel het nie as dit nie vir primêre industrieë was nie. Dit is daarom dat die goudmyne vandag nog so 'n belangrike posisie in ons ekonomie beklee.

Alle stede en dorpe het egter nie dienooreenkomstig in die nywerheidsvestiging se opbloei gedeel nie. Klerksdorp-distrik is ook in hierdie kategorie, ten spyte van die feit dat daar geweldige vooruitgang op die gebied van die goudmynbedryf was.

Industriële komplekse het ontstaan waarvan Suid-Transvaal-Pretoria, Westelike Kaap, Port-Elizabeth-Uitenhage, Oos-Londen en Durban-Pinetown die be-

langrikste is. Heel opvallend egter is die feit dat vier van hierdie areas aan die kus en slegs Suid-Transvaal-Pretoria in die hinterland geleë is.

As die dualistiese karakter van die Suid-Afrikaanse ekonomie in gedagte gehou word, is dit geen verrassing om so 'n geringe hoeveelheid industriële komplekse te vind nie. Wat veral opvallend is, is die hoë konsentrasie van industrieë in Suid-Transvaal. Dit kan egter grootliks aan die goudmynbedryf se totstandkoming toegeskryf word. Hierdie geweldige industriële komplekse en veral die Witwatersrandgebied, het die neiging tot regionale, onewewigtige industriële uitbreiding versterk.

Uit tabel 6.1 blyk ook dat, alhoewel Suid-Transvaal se gedeelte van die totale Suid-Afrikaanse industriële produksie toegeneem het tussen die jare 1946/47 en 1953/54, daar 'n persentuele afname was in die totale produksie toerekenbaar aan dié van hierdie vyf belangrike industriële areas. 'n Daling van 2.5 persent in bruto waarde van produksie en 1.5 persent in netto produksie is tussen 1946/47 en 1953/54 aangeteken.

Hierdie neiging wys op moontlike desentralisasie van nywerhede gedurende daardie periode. Verskuiwing van nywerhede kon heel moontlik plaasgevind het na gebiede soos Klerksdorp-Orkney-Stilfontein en Welkom-Odendaalsrus, waar daar 'n enorme ontwikkeling in die goudmynbedryf in die afgelope twee dekades was.

Met hierdie oorsigtelike agtergrond sal volstaan word en sal daar vervolgens meer aandag aan die ontwikkeling van die fabriekswese in die Klerksdorp-Orkney-Stilfontein area gegee word.

## 6.2 METODE VAN ONTLEDING

Gewoonlik word die vraag gestel, wat die oorsake van nywerheidsvestiging in 'n spesifieke gebied of op 'n besondere plek is. 'n Sorgvuldige on-

TABEL 6.1

Vergelykende statistieke ten opsigte van die vyf hoof industriële gebiede[1]

| Gebied | Aantal instellings | | Bruto waarde van produksie | | Netto waarde van produksie | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1946/47 | 1953/54 | 1946/47 | 1953/54 | 1946/47 | 1953/54 |
| | % | % | % | % | % | % |
| Oos-Londen | 1.3 | 1.7 | 1.2 | 1.5 | 1.4 | 1.4 |
| Port-Elizabeth en Uitenhage | 2.9 | 3.8 | 8.0 | 7.8 | 6.7 | 7.2 |
| Durban-Pinetown | 8.0 | 8.3 | 12.6 | 12.9 | 12.2 | 11.4 |
| Westelike Kaap | 13.1 | 11.3 | 16.8 | 14.6 | 17.2 | 15.0 |
| Suid-Transvaal | 31.4 | 36.8 | 43.9 | 44.1 | 47.5 | 48.5 |
| Totale persentasie | 56.7 | 61.9 | 82.5 | 80.9 | 85.0 | 83.5 |
| Ander gebiede in S.A. | 43.3 | 38.1 | 17.5 | 19.1 | 15.0 | 16.5 |

1. Bron: Verwerk uit: „Industrial Development in a Border Area." Parker J.P. Rhodes University, Grahamstown 1964, p. 42.

dersoek van die betrokke gebied word vereis om te kan vasstel wat die oorsaaklike faktore was.

Verskeie metodes en tegnieke kan gevolg word om sodanige ondersoek te doen. A.J. Visser[1] sien die volgende as die belangrikste:

1. om die oorsake op 'n deduktiewe wyse vas te stel, dit wil sê op grond van sekere veronderstellings die oorsake teoreties-wetenskaplik te probeer bepaal;
2. om die oorsake deur middel van 'n volledige vraelys, wat aan al die nyweraars gestuur word, na te gaan;
3. om deur persoonlike besoeke en vrae aan 'n verteenwoordigende groep van elke soort nywerheid die oorsake vas te stel, en
4. om die oorsake langs 'n deduktiewe weg, gekombineer met 'n studie van feitemateriaal, en deur persoonlike besoeke vir sover dit noodsaaklik en prakties uitvoerbaar is, na te spoor.

By oorweging van hierdie vier metodes is probleme in al die gevalle ondervind, veral ten opsigte van persoonlike besoeke. Alhoewel hierdie metode die beste blyk te wees, was dit onmoontlik en onuitvoerbaar vanweë die tyd en koste daaraan verbonde. Prakties sal hierdie metode slegs uitvoerbaar wees indien die ontwikkeling en vestiging van slegs een of twee tipes nywerhede op 'n keer ondersoek word. Ook sou dit nie die koste regverdig in die ondersoek van die nywerhede in die Klerksdorp-Orkney-Stilfonteingebied nie omdat die nywerhede op so 'n klein skaal funksioneer.

Gevolglik is die tweede metode, naamlik om van vraelyste gebruik te maak, toegepas. Alhoewel hierdie metode ook mank gaan aan verskeie gebreke en alle vraelyste nie terug ontvang is nie ten spyte van herhaalde versoeke, kan die noodsaaklikste afleidings nog gemaak word. Hierdie metode is egter aangevul deur feitelike gegewens verkry van staatsinstellings, munisipaliteite, die

---

1. Visser A.J. „Ontwikkeling en konsentrasie van die fabrieksnywerheid in Suid-Transvaal." D.Comm.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1948.

Inspekteur van Fabrieke en persoonlike besoeke aan die industriële gebiede in Klerksdorp.

## 6.3 OMSKRYWING VAN DEFINISIES EN BEGRIPPE

By die ontleding van die fabrieke is daar van twee klassifikasies gebruik gemaak, naamlik die indeling van fabriekswese en konstruksie soos saamgevat deur die V.V.O. met die nodige aanpassings soos gedoen deur die Buro vir Sensus en Statistiek, en tweedens die indeling van fabrieke in agt kategorieë soos voorgestel deur die Gewysigde Wet van 1941 vir Fabrieke, Masjinerie en Konstruksiewerk.

Volgens hierdie wet word 'n fabriek soos volg gedefinieer:[1]

„The Act is applicable to all premises on which more than two persons perform work in connection with any business, undertaking or institution, whether as an employer or employee, pupil or inmate of an institution otherwise, in any one or more of the following activities:

i. the making of any article or part of any article;

ii. the altering, repairing, renovating, ornamenting, painting, spraying, polishing, furnishing cleaning, dying, washing or braking up any article;

iii. the adaption for sale or use of any article;

iv. the sorting, assembling or packing (including washing or filling bottles or other containers) of any article;

v. the construction, reconstruction, assembling, repairing or breaking up of vehicles or part thereof (but excluding premises used for the purpose of housing vehicles where only minor adjustments are carried out);

vi. printing by letterpress, lithography, photogravure or other similar process, including any activity associated with the printing industry;

vii. the production and storage of gas in a holder of more than five thousand cubic feet storage capacity;

viii. the freezing, chilling or storage in cold storage of any article;

---

1. „Gewysigde wet van 1941 op Fabrieke, Masjinerie en konstruksiewerk" Seksie 3(1)(a). Uittreksel verkry vanaf Inspekteur van Fabrieke.

ix. the slaughtering of livestock;
x. the generating of electricity;
xi. photographic work;
xii. any other activity added in terms of sub-section (4)
xiii. (a) any activity that is necessarily or ordinarily incidental to any activity referred to in sub-paragraph (i) to (xii), inclusive, if the premises on which it is carried on form part of or are adjacent to the premises on which the activity to which it is so incidental is carried on (b) and any premises on which bookkeeping, typewriting or any other clerical work incidental to any activity referred to in paragraph (a) is performed, if such premises form part of or are adjacent to the premises in which the said activity is carried on."

Verder, indien minder as drie persone in enige van bogemelde bedrywe werk en die krag wat opgewek word deur masjinerie meer as een perdekrag beloop, word dit ook as 'n fabriek geklassifiseer

Dit blyk uit hierdie definisie dat veel meer instansies as fabrieke geklassifiseer kan word as wat die geval is by die klassifikasie van die Buro vir Sensus en Statistiek. Vir alle praktiese doeleindes sal sekere statistieke veral ten opsigte van arbeid en instellings gevolglik volgens beide klassifikasies bespreek word.

## 6.4 INLIGTINGSBRONNE

Die basiese inligtingsbronne was die Nywerheidsensusse vanaf 1947/48 tot 1963/64, wat die belangrikste data op 'n geografiese grondslag aantoon. Inligting ten opsigte van 1963/64 is nog nie gepubliseer nie en is gevolglik direk van die Departement van Beplanning verkry. Slegs statistiek ten opsigte van Klerksdorp-distrik kon verkry word vir 1963/64 aangesien finale berekenings vir die onderskeie geografiese streke, provinsies en die Republiek nog nie saamgestel was nie.

Verdere inligting is verkry vanaf die onderskeie stadsrade met wie persoonlike onderhoude gevoer is en ook uit vraelyste wat aan al die onderskeie ondernemings in die gebied gestuur is. Inligting verkry van die Inspekteur van

Fabrieke te Vereeniging was vir die jare 1964 tot en met 1968. Ook is persoonlik besoeke aan die twee nywerheidsgebiede gebring, veral om die besetting van die grond deur die onderskeie fabrieke en ander instellings te bepaal.

## 6.5 BETROUBAARHEID VAN INLIGTING

Omdat daar met gereelde tussenposes sensusopname deur die Buro van Sensus en Statistiek gedoen word en jaarlikse opgawes insake die soort instelling en die getal werknemers volgens ras deur die Inspekteur van Fabrieke ontvang word, asook redelike betroubare data deur die onderskeie munisipaliteite versamel word, kan die data weergegee in hierdie hoofstuk as redelik betroubaar beskou word.


## 6.6 LIGGING VAN GESONEERDE NYWERHEIDSAREAS IN KLERKSDORP

Kaart 6.1 toon dat daar teenswoordig twee gesoneerde nywerheidsgebiede binne die Klerksdorpse munisipale grense val. Die ou industriële gebiede is suid van die sentrale dorpskern geleë, terwyl die nuwe industriële gebied wes van die dorpskern, tussen die Bantoes, Kleurlinge en Asiate se woongebiede en dié van die Blankes geleë is. Veral laasgenoemde nywerheidsgebied vorm 'n soort buffer tussen die Blanke- en Nie-blanke-gemeenskappe. Die sonering van hierdie nywerheidsgebied, het egter plaasgevind om die Nie-blankes nader aan hulle werksterrein te bring.

Genoemde nywerheidsgebiede is binne 'n radius van 3 myl vanaf die sentrale dorpsgebied en binne 'n radius van een myl vanaf die Bantoe-woongebiede geleë wat dit redelik maklik bereikbaar maak.

Ligging van gebiede aan hoofspoorlyne met geskikte sylyne in die nywerheidsgebiede sowel as aan die nasionale paaie veroorsaak gerieflike verkeer na en vanaf mark-, woon- en grondstofgebiede.

Geskikte terreine vir verdere nywerheidsuitbreiding is wes van die nywerheidsgebied, Uraniaville, beskikbaar. (Sien gebied op die kaart). Omdat




KAART 6.1
LIGGING VAN NYWERHEIDSGEBIEDE

LIGGING VAN NYWERHEIDSGEBIEDE Kaart 6.1

1. Nywerheidsgebiede.
2. Sentrale Besigheidskern.
3. Blanke Woonbuurtes.
4. Bantoe Woonbuurt.

A. Hoofpaaie na Johannesburg, Lichtenburg, Kimberley en Bothaville.
B. Hoofspoorlyne Johannesburg, Kimberley, Ottosdal en Kroonstad.
C. Schoonspruit-rivier.

minder as een persent van die bestaande persele in die nywe nywerheidsgebied al beset is, sal dit nog baie jare neem voordat opdeling van die beskikbare gedeelte wes van Uraniaville in persele sal geskied.

Totale oppervlakte van die nuwe sowel as ou nywerheidsgebied beloop respektiewelik 330 morge en 119.4262 morge, en die erfgrootte wissel vanaf 41,000 vierkante voet tot 5 morge.

## 6.7 GETAL FABRIEKS- EN KONSTRUKSIE-ONDERNEMINGS IN KLERKSDORP-DISTRIK

Uit tabel 6.2 blyk dit volgens die Buro van Sensus en Statistiek dat daar gedurende 1959/60 in Klerksdorp-distrik 83 ondernemings was, met 'n toedeling van 43 aan fabriekswese en 40 aan konstruksie. Tot en met 1963/64 en 1967/68 was daar egter 'n toename tot 64 en 89 fabrieke onderskeidelik.

Omdat, soos reeds vermeld, volledige inligting vir 1963/64 nog nie beskikbaar was nie, kon syfers ten opsigte van konstruksie nie verstrek word nie.

Indien hierdie gegewens met dié van die Ekonomiese streek 45, Transvaal en Suid-Afrika vergelyk word, blyk dit dat vir die totale aantal instellings onder fabriekswese en konstruksie, Klerksdorp-distrik onderskeidelik .60 persent, 1.26 persent en 34.29 persent van bogenoemde gebiede gehuisves het. (Tabel 6.2)

Alhoewel die aantal ten opsigte van Suid-Afrika gering was, kan dit nie van die ekonomiese streek gesê word nie. Hier was Klerksdorp-distrik die grootste vestigingspunt van sekondêre nywerhede.

Gedurende die periode 1959/60 tot 1963/64 was die groei in die aantal fabrieksinstellings 48.83 persent in Klerksdorp-distrik teenoor 'n toename van 17.18 persent in Suid-Afrika en 21.63 persent in Transvaal. Dit spreek dus vanself dat daar gunstige faktore moes wees om sodanige uitbreidings te kon bewerkstellig. In 1952 was daar slegs 52 ondernemings in die

TABEL 6.2

Vergelykende statistiek t.o.v. fabrieks- en konstruksie-instellings in Suid-Afrika, Transvaal, Ekonomiese Streek 45 en Klerksdorp-distrik vir 1959/60 en 1963/64

| Gebied | Totaal | | Fabriekswese | | Konstruksie | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1959/60 | 1963/64 | 1959/60 | 1963/64 | 1959/60 | 1963/64 |
| Suid-Afrika | 13721 | - | 10192 | 11944 | 3529 | - |
| Transvaal | 6547 | - | 4923 | 5988 | 1624 | - |
| Eko. Streek no. 45 | 242 | - | 153 | - | 89 | - |
| Klerksdorp-distrik | 83 | - | 43 | 64 | 40 | - |
| Klerksdorp as % van Suid-Afrika | ,.60 | - | .42 | .53 | 1.13 | - |
| Klerksdorp as % van Transvaal | 1.26 | - | .87 | 1.06 | 2.46 | - |
| Klerksdorp as % van Eko. Streek no. 45 | 34.29 | - | 28.10 | - | 44.94 | - |

* Waar geen syfers aangetoon word nie, was gegewens nog nie beskikbaar toe die opname gedoen is nie.

fabriekswese en konstruksie.

Uit tabel 6.3, waar 'n indeling volgens hoofgroepe gedoen is,[1] blyk dit dat daar 'n relatief sterk toename in die aantal nie-basiese nywerhede was, dit wil sê nywerhede wat vir die plaaslike mark produseer[2]. Veral ten opsigte van kategorieë (1), (5), (9), (11) en (19) was daar onderskeidelik groot toenames in bakkerye, skoeiselreparasies, drukwerk, vulkanisering, paneelkloppers en spuitverwers.

Genoemde groei in hierdie aantal instellings dui dus op 'n vergrote mark wat ontstaan het. Hierdie vergrote mark moes weer gevolglik tot stand gekom het deur 'n groter werkende bevolking in die distrik. Vergelyking met die toename in werkende bevolking van die goudmyne in dié gebied behoort 'n duidelike verklaring te gee.

Bogenoemde kategorieë is nie die enigste basiese nywerhede in die gebied nie, maar die ander kategorieë moet ook grootliks beskou word as basies omdat daar weinig uitvoere uit die gebied plaasvind.

Die toename in „masjinerie uitgesonderd elektriese masjinerie" het veral in die nywerheids-, myn- en konstruksiemasjinerie plaasgevind waar dit 9 van die 11 nywerhede omvat het.

Hierdie snelle toename kan veral aan die vergrote mynboubedrywighede in Klerksdorp-distrik toegeskryf word.

Omdat geoordeel is dat die inligting verkry uit die nywerheidssensusse en die onderskeie stadsrade moontlik nie voldoende lig sou werp op die ontwikkeling van die nywerheidsektor in Klerksdorp-distrik nie, is daar ook ge-

---

1. Data ten opsigte van die getal instellings vir 1967/68 is van die onderskeie stadsrade in die distrik verkry en is toe verder volgens die Buro se indeling geklassifiseer.

2. 'n Basiese nywerheid is daardie onderneming waarvan die grootste gedeelte van produksie na ander dele van die land uitgevoer word. Vir 'n volledige bespreking van die begrippe basiese en nie-basiese nywerhede kan verwys word na hoofstuk 6 uit „Methods of Regional Analysis" van Walter Isard.

TABEL 6.3

Klassifikasie van fabriekswese en konstruksie-ondernemings volgens hoofgroepe vir 1959/60, 1963/64 en 1967/68 in Klerksdorp-distrik

| No. | Hoofgroep | Aantal instellings | | |
|---|---|---|---|---|
| | | 1959/60 (a) | 1963/64 (a) | 1967/68 (a) |
| 1 | Voedsel uitgesonderd drank | 8 | 7 | 12 |
| 2 | Drank | 2 | 2 | 3 |
| 3 | Tabak, sigare, sigarette, ens. | - | - | - |
| 4 | Tekstiele | - | - | - |
| 5 | Kledingstukke, skoeisel en klaarverwerkte tekstielgoedere | 3 | 9 | 8 |
| 6 | Hout- en kurkgoedere uitgesonderd meubels | 1 | 1 | 5 |
| 7 | Meubels en meubelmakery | 1 | 2 | 2 |
| 8 | Papier en papierprodukte | - | - | - |
| 9 | Drukwerk, boekbindery, ens. | 1 | 1 | 4 |
| 10 | Leer en leerprodukte uitgesonderd skoeisel | - | - | - |
| 11 | Rubberprodukte | - | 3 | 6 |
| 12 | Chemikalieë en chemiese produkte | - | - | - |
| 13 | Produkte van petroleum en steenkool | - | - | - |
| 14 | Nie-metaalhoudende mineraalprodukte uitgesonderd hoofgroep 13 | 8 | 8 | 6 |
| 15 | Basiese metaalnywerhede | 1 | 1 | 1 |
| 16 | Metaalprodukte uitgesonderd masjinerie en vervoeruitrusting | 9 | 8 | 5 |
| 17 | Masjinerie uitgesonderd elektriese masjinerie | 2 | 7 | 11 |
| 18 | Elektriese masjinerie, apparaat, toestelle en voorraad | 6 | 4 | 4 |
| 19 | Vervoeruitrusting | 1 | 9 | 20 |
| 20 | Diverse vervaardigingsnywerhede | - | 2 | 2 |
| 21 | Konstruksie | 40 | - * | 46 |
| | Fabriekswese totaal | 43 | 64 | 89 |
| | Konstruksie totaal | 40 | 43* ⁎ | 46 |
| | GROOT TOTAAL | 83 | 107 | 135 |

(a) Bron: Buro vir Sensus en Statistiek.

* Geen opname t.o.v. konstruksie vir 1963/64 beskikbaar nie.

⁎ Geraamde syfer.

bruikgemaak van statistiek verkry van die Inspekteur van Fabrieke.

Uit tabel 6.4 blyk dit dat die grootste toename in fabrieke plaasgevind het in basiese metaalindustrieë, vervaardiging en herstel van metaalprodukte, masjinerie en vervoeruitrusting (kategorie 700). Hier was die toevoeging tot bestaande fabrieke 27 in 1964. 'n Totale toename van alle fabrieke vir die ooreenstemmende tydperk was vyftig gewees. Dit blyk dus duidelik dat 'n geweldige groei in hierdie sektor plaasgevind het.

In tabel 6.5 word die indeks van groei van die aantal fabrieke in die onderskeie kategorieë met 1964 as basisjaar aangetoon.

## 6.8 JAAR VAN ONTSTAAN VAN FABRIEKE VOLGENS KLAS

Tabel 6.6 toon dat die grootste persentasie, naamlik 86.9 persent van die instellings vanaf 1955 in die Klerksdorp-distrik ontstaan het. Dit skyn dus asof die totstandkoming van fabrieke feitlik parallel met die ontwikkeling van die goudmyne kon verloop het, aangesien die goudmyne eers gedurende die vyftiger jare met rasse skrede vooruitgegaan het.

Verdere ontleding van genoemde tabel wys daarop dat die grootste persentasie fabrieke, naamlik 11.3 persent gedurende 1964 tot stand gekom het. Sedert 1964 was daar 'n daling in vestiging van fabrieke tot 4.2 persent in 1967, maar 'n oplewing is in die daaropvolgende jaar ondervind. Geen verklaarbare rede kon vir hierdie wisselings gevind word nie. 'n Mens kan egter aflei dat 'n moontlike versadigingspunt bereik was, maar dat met die opening van die nuwe South Vaal-goudmynskag by Orkney groter uitbreidingsmoontlikhede deur ondernemers gesien is.

## 6.9 BESETTING VAN GROND IN DIE NYWERHEIDSGEBIEDE

By die ontleding van die grondgebruik in die twee nywerheidsgebiede binne die munisipale grense van Klerksdorp is basies gebruik gemaak van die nywerheidsklassifikasie van die Buro vir Sensus en Statistiek. Gedeeltelike

TABEL 6.4

Toename van fabrieke volgens klas in Klerksdorp-distrik, 1964 tot 1968

| Hoofgroep | Omskrywing | 1964 | 1965 | 1966 | 1967 | 1968 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 100 | Vervaardiging en voorbereiding van voedsel | 10 | 10 | 12 | 13 | 14 |
| 200 | Tekstiel- en veselverwerking en vervaardiging van tekstielstowwe | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 |
| 300 | Leer en rubberprodukte vervaardiging | 3 | 3 | 3 | 3 | 4 |
| 400 | Houtmeule, meubels, houtwerk en rottangindustrieë | 7 | 9 | 9 | 10 | 13 |
| 500 | Druk- en boekwerk en vervaardiging van papier en papierprodukte | 1 | 2 | 2 | 2 | 2 |
| 600 | Chemikalieë, petroleum, steenkool en nie-metaalprodukte vervaardiging | 7 | 7 | 8 | 9 | 13 |
| 700 | Basiese metaalindustrieë, vervaardiging en herstel van metaalprodukte, masjinerie en vervoeruitrusting | 74 | 85 | 90 | 94 | 101 |
| 800 | Ander fabrieke | 14 | 14 | 17 | 17 | 19 |
| | Totaal | 118 | 132 | 143 | 150 | 168 |

Bron: Inspekteur van Fabrieke.

TABEL 6.5

Indeks van toename in aantal fabrieke volgens klas in Klerksdorp-distrik, 1964 tot 1968 (Basisjaar 1964 = 100)

| Hoofgroep | 1964 | 1965 | 1966 | 1967 | 1968 |
|---|---|---|---|---|---|
| 100 | 100 | 100 | 120 | 130 | 140 |
| 200 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 |
| 300 | 100 | 100 | 100 | 100 | 133 |
| 400 | 100 | 129 | 129 | 143 | 186 |
| 500 | 100 | 200 | 200 | 200 | 200 |
| 600 | 100 | 100 | 114 | 129 | 186 |
| 700 | 100 | 115 | 122 | 127 | 136 |
| 800 | 100 | 100 | 121 | 121 | 136 |
| Totaal | 100 | 112 | 121 | 127 | 142 |

TABEL 6.6

Jaar van ontstaan van fabrieke volgens klas in Klerksdorp-distrik

| Jaar | 100 | 200 | 300 | 400 | 500 | 600 | 700 | 800 | Totaal | Persentasie |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| -1955* | 4 | - | - | 1 | 1 | 1 | 12 | 3 | 22 | 13.1 |
| 1955 | 2 | - | - | - | - | - | 3 | - | 5 | 2.9 |
| 1956 | 1 | - | - | - | - | - | 2 | 1 | 4 | 2.4 |
| 1957 | - | - | - | - | - | - | 2 | - | 2 | 1.2 |
| 1958 | 1 | - | - | - | - | - | 6 | 1 | 8 | 4.8 |
| 1959 | - | - | - | - | - | - | 11 | 1 | 12 | 7.1 |
| 1960 | - | - | - | - | - | - | - | 3 | 11 | 6.5 |
| 1961 | 1 | - | - | - | - | 1 | 6 | 1 | 9 | 5.3 |
| 1962 | - | 1 | - | - | - | 2 | 5 | 1 | 9 | 5.3 |
| 1963 | - | 1 | 2 | 3 | - | 3 | 6 | 2 | 17 | 10.2 |
| 1964 | 1 | - | 1 | 3 | - | - | 13 | 1 | 19 | 11.3 |
| 1965 | - | - | - | 2 | 1 | - | 11 | - | 14 | 8.3 |
| 1966 | 2 | - | 1 | - | - | 1 | 5 | 3 | 12 | 7.1 |
| 1967 | 1 | - | - | 1 | - | 1 | 4 | - | 7 | 4.2 |
| 1968 | 1 | - | - | 3 | - | 4 | 7 | 2 | 17 | 10.3 |

*Periode voor 1955.

Bron: Inspekteur van Fabrieke.

veranderings is egter in genoemde klassifikasie aangebring om probleme te oorbrug. Probleme wat ontstaan het, was onder andere die indeling van skure, pakhuise, groothandelaars, opbergplekke,ens. wat ook in die nywerheidsgebiede gevestig is.

Vir alle praktiese doeleindes is sodanige ondernemings toe ingedeel onder die hoofgroepe volgens die Buro se klassifikasie, waarvan sodanige ondernemings in enige vorm produkte hanteer, verwerk of opberg. In geen geval is daar gebruik gemaak van 'n afsonderlike hoofgroep waar opberging, ens. plaasvind nie.

Omdat verskeie ondernemings verskillende funksies verrig wat klassifikasie onder verskeie hoofgroepe moontlik maak, is daar uitgegaan van die gedagte van die belangrikste funksie wat verrig word of die belangrikste produk wat gehanteer word. Hiervolgens is die nodige indelings gemaak. Om die ontleding van die grondgebruik te vergemaklik, is persoonlike besoeke aan die nywerheidsgebiede gebring om die nodige inligting te bekom.

6.9.1 Indeling van nywerheidsondernemings

Klassifikasie van ondernemings in die Klerksdorpse nywerheidsgebiede geskied op die volgende wyse. Die grondgebruik en getal ondernemings word aangetoon soos dit gedurende 1968 was:

1. Voedsel-ondernemings uitgesonderd drank
   Hierdie indeling het betrekking op vervaardiging, verwerking, voorbereiding en opberging of hantering van voedselprodukte in een of ander vorm, hetsy dit vir menslike of dierlike verbruik bestem is. Ligte of alkoholiese dranke is nie onder hierdie groep ingedeel nie.
2. Drank-ondernemings
   Vervaardiging, verwerking, voorbereiding, opberging of hantering van spuitwater, ligte drank of alkoholiese drank.

3. <u>Kledingstukke, skoeisel en klaarverwerkte tekstielgoedere-ondernemings</u>

Vervaardiging, verwerking, voorbereiding, opberging of hantering van skoeisel, kunsleer, oliekleed, leer, vilt, opstopsel, of ander behandelde en bedekte materiaal, dierlike velle ens.

4. <u>Hout- en kurkgoedere-ondernemings uitgesonderd meubels</u>

Verwerking, voorbereiding, opberging of hantering van hout, gelamineerde laaghout, houtpale, behandelde hout en ander houtprodukte.

5. <u>Meubel- en meubelmakery-ondernemings</u>

Vervaardiging, herstel of hantering van meubels wat uit hout vervaardig word.

6. <u>Drukwerk, boekbindery-ondernemings</u>

Alle vorme van drukwerk en boekbindery, uitgesonderd die vervaardigingsprosesse uit hout en pulp om papier- en kartonprodukte te maak.

7. <u>Rubberprodukte-ondernemings</u>

Vervaardiging, verwerking, voorbereiding, opberging of hantering van rubberprodukte en vulkanisering.

8. <u>Chemikalieë en chemiese produkte-ondernemings</u>

Opberging en hantering van misstowwe, vloeibare chemikalieë of ander basiese, chemiese produkte uitgesonderd verfstowwe, vernis, lakvernis en muurkalk.

9. <u>Petrol- en olieprodukte-ondernemings</u>

Opberging en hantering van petrol en ander motorbrandstof, smeerolies en -ghries.

10. <u>Nie-metaalhoudende mineraalprodukte-ondernemings uitgesonderd petrol en olieprodukte</u>

Verwerking, hantering en opberging van teëls, sement, klip, leiklip, ens.

11. <u>Basiese metaalnywerhede</u>

Smelting, verwerking, voorbereiding, hantering en opberging van yster en staal.

12. Metaalprodukte-ondernemings uitgesonderd masjinerie en vervoeruitrusting

Vervaardiging, verwerking, hantering en opberging van metaalpype, plaatmetaalprdukte, kabels, omheiningsdraad en draadprodukte.

13. Masjinerie uitgesonderd elektriese masjinerie

Vervaardiging, herstel, instandhouding, verbetering, modifikasie, hantering en opberging van landbou-, nywerheids-, myn- en konstruksiemasjinerie asook ander masjinerie en ingenieurswerke uitgesonderd elektrotegniese ingenieurswerke.

14. Elektriese masjinerie, -apparaat, -toestelle en -voorrade-ondernemings

Vervaardiging, herstel, instandhouding, verbetering, modifikasie, hantering of opberging van elektriese masjinerie, apparaat, toestelle en voorrade asook elektrotegniese ingenieurswerke en -kontrakteurswerke.

15. Vervoeruitrusting-ondernemings

Vervaardiging, bou, herstel, aftakeling, instandhouding, verbetering, modifikasie, hantering of opberging van motorvoertuie, karavane, sleepwaens, motorfietse ens., motoronderdele, -toebehore, -verkoelers, asook motoringenieurswerkswinkels, motorelektrisiëns, paneelkloppers, spuitverwers, smidswerk en vervoerkontrakteurs.

16. Ander ondernemings

Sluit in alle ander ondernemings wat nie een van bogenoemde funksies verrig nie, maar uitgesonderd dienste- en konstruksie-ondernemings.

17. Dienste

Hieronder ressorteer ondernemings wat poog om diens aan die individuele persoon of werker te bied. Onder andere behels dit winkels, kafees, poskantoor, droogskoonmakers en wasserye.

18. Konstruksie-ondernemings

Dit het betrekking op die vervaardiging van konstruksie- en boumateriaal asook die hantering en opberging daarvan, winkelmontering, skilder- en versierwerk, loodgieterye en ander kon-

struksie- en bouwerk, maar uitgesluit telefoon- en telegraafkonstruksie en -herstelwerk wat onder hoofgroep 13 geklassifiseer is.

6.9.2 Grondgebruik in die ou nywerheidsgebied

Omdat daar so 'n groot verskeidenheid en groot aantal ondernemings in die ou nywerheidsgebied van Klerksdorp bestaan, is daar drie kaarte nommers 6.2, 6.3 en 6.4 opgestel, om die grondgebruikspatroon aan te dui.


'n Vergelyking met tabel 6.7 en kaart 6.5 toon watter oppervlakte deur die onderskeie ondernemingsgroepe beslaan word, asook die getal ondernemings, die gemiddelde oppervlakte vir elke groep en die persentasie wat elke groep van die totale oppervlakte wat beset word, beslaan.

Kaart 6.2 dui die volgende hoofgroepe aan: voedsel uitgesonderd drank; drank; kledingstukke, skoeisel en klaarverwerkte tekstielgoedere; hout- en kurkgoedere uitgesonderd meubels; meubels, meubelmakerye ens.; drukwerk, boekbindery, ens.

Hoofgroep een behels 8 ondernemings: 2 wat met die bak van brood en aanverwante produkte te doen het, 1 onderneming wat graan opberg, verwerk en hanteer, 1 groothandelaar in kruideniersware en aanverwante produkte, 1 opbergplek van 'n kettingwinkel, 2 ondernemings wat die hantering van veevoere behartig en 1 onderneming wat bevrore visprodukte opberg en versprei.

Die tweede hoofgroep, naamlik drank, behels 6 ondernemings waarvan 2 vervaardigers van koeldranke is en 4 die opberging en verspreiding van alkoholiese dranke behartig.


Hoofgroep drie behels 1 onderneming wat dierlike velle vergader en 1 onderneming wat bekledingswerk ten opsigte van verskeie artikels doen.


GRONDGEBRUIK — OU NYWERHEIDSGEBIED. (a)
KAART 6.2
N
1
2
3
4
5
6
A
B
C
D
E
200
0
200
400
600
800 VT

GRONDGEBRUIK - OU NYWERHEIDSGEBIED (a) Kaart 6.2

1. Voedsel uitgesonderd drank.
2. Drank.
3. Kledingstukke, skoeisel en klaarverwerkte tekstielgoedere.
4. Hout- en kurkgoedere uitgesonderd meubels.
5. Meubels, meubelmakery, ens.
6. Drukwerk, boekbindery, ens.

A. Grondgebruik anders as in een van bostaande ses groepe.
B. Grond beskikbaar vir parke.
C. Ongebruikte, beboude- of onbeboude grond.
D. Elektrisiteit-substasies.
E. Spoorlyne.


GRONDGEBRUIK — OU NYWERHEIDSGEBIED. (b)
KAART 6.3
N
7
8
9
10
11
12
A
B
C
D
E


GRONDGEBRUIK - OU NYWERHEIDSGEBIED (b) Kaart 6.3

7. Rubberprodukte.
8. Chemikalieë en chemiese produkte.
9. Petrol- en olieprodukte.
10. Nie-metaalhoudende mineraalprodukte, uitgesonderd van petroleum en steenkool.
11. Basiese metaalnywerhede.
12. Metaalprodukte uitgesonderd masjinerie en vervoeruitrusting.

A. Grondgebruik, anders as in een van bostaande ses groepe.
B. Grond beskikbaar vir parke.
C. Ongebruikte, beboude- of onbeboude grond.
D. Elektrisiteit-substasies.
E. Spoorlyne.

## GRONDGEBRUIK — OU NYWERHEIDSGEBIED (c)


KAART 6.4



GRONDGEBRUIK - OU NYWERHEIDSGEBIED (c) Kaart 6.4

13. Masjinerie, uitgesonderd elektriese masjinerie (Ingenieurswerke).
14. Elektriese masjinerie, apparaat, toestelle en voorrade.
15. Vervoeruitrusting.
16. Ander ondernemings, nie geklassifiseer onder een van bogenoemde vyftien groepe nie.
17. Dienste (winkels, kafees, droogskoonmakers, ens.)
18. Konstruksie-ondernemings.

A. Grondgebruik anders as in een van bostaande ses groepe.
B. Grond beskikbaar vir parke.
C. Ongebruikte, beboude- of onbeboude grond.
D. Elektrisiteit-substasies.
E. Spoorlyne.


KAART. 6.5
OPPERVLAKTE-EENHEDE
OU NYWERHEIDSGEBIED.
A
B
C
D
E
F
N
1
2
200 0 200 400 600 800 VT.

OPPERVLAKTE-EENHEDE - OU NYWERHEIDSGEBIED Kaart 6.5

A. 500,000 vierkante voet.
B. 400,000 vierkante voet.
C. 300,000 vierkante voet.
D. 200,000 vierkante voet.
E. 100,000 vierkante voet.
F. 50,000 vierkante voet.

1. Ongebruikte of onbeboude grond.
2. Spoorlyne.

TABEL 6.7

'n Ontleding van die totale en gemiddelde grondgebruik in die ou nywerheidsgebied in Klerksdorp volgens hoofgroepe

| Hoofgroep | Getal ondernemings | Totale oppervlakte in vierkante voet | Gemiddelde oppervlakte in vierkante voet | % van die totale nywerheidsgebied |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 8 | 1260047 | 157506 | 18.10 |
| 2 | 6 | 315594 | 52599 | 4.52 |
| 3 | 2 | 57500 | 28750 | .83 |
| 4 | 2 | 726311 | 363155 | 10.42 |
| 5 | 2 | 29275 | 14637 | .42 |
| 6 | 1 | 16000 | 16000 | .30 |
| 7 | 5 | 127227 | 25445 | 1.83 |
| 8 | 6 | 177949 | 29658 | 2.54 |
| 9 | 5 | 914766 | 182953 | 13.14 |
| 10 | 1 | 24000 | 24000 | .35 |
| 11 | 1 | 358111 | 358111 | 5.14 |
| 12 | 3 | 113051 | 37683 | 1.62 |
| 13 | 26 | 1024971 | 39422 | 14.72 |
| 14 | 5 | 108600 | 21720 | 1.56 |
| 15 | 22 | 837794 | 38082 | 12.03 |
| 16 | 6 | 231175 | 38529 | 3.32 |
| 17 | 6 | 128045 | 21341 | 1.82 |
| 18 | 11 | 510747 | 46432 | 7.34 |
| | 118 | 6961163 | 58993 | 100 |

Hoofgroep vier sluit twee ondernemings in wat houtopberging, -verspreiding, en -verwerking doen.

In die vyfde klassifikasie word daar twee ondernemings gevind wat vir die vervaardiging en herstel van meubels uit hout verantwoordelik is.

Slegs een drukwerk- en boekbindery-onderneming word in die hoofgroep 6 aangetref.

Uit kaart 6.3 en tabel 6.7 blyk dit dat hoofgroep sewe, 5 ondernemings insluit wat rubberprodukte hanteer. Hiervan doen twee basies vulkaniseringswerk terwyl die oorblywende 3 opberging en verspreiding van 'n verskeidenheid rubberprodukte doen.

Hoofgroep agt betrek 6 ondernemings waarvan 2 kunsmisstowwe opberg en versprei, terwyl die oorblywende vier opberging en verspreiding van chemikalieë, onder andere vloeibare suurstof ens. doen.

Hoofgroep tien behels slegs 1 onderneming wat die verwerking, hantering en opberging van teëls, sement, klip, leiklip ens. doen.

Een onderneming word in hoofgroep 11 aangetref wat yster en staal smelt, verwerk, voorberei, hanteer en opberg.

In hoofgroep 12 word drie ondernemings gevind waarvan die funksies vir elke onderneming onderskeidelik die vervaardiging, verwerking, hantering en opberging van metaalpype en verwante produkte; omheiningsdraad en draadprodukte; en vervaardiging van venster- en deurrame van yster, is.

Kaart 4.4 gee vervolgens 'n oorsig van grondgebruik deur die volgende groep ondernemings:

Hoofgroep dertien beloop 26 ondernemings waarvan die meeste een of ander vorm van ingenieurswerkswinkels behels. Omdat so 'n verskeidenheid funksies deur feitlik alle ondernemings onder hierdie kategorie verrig word, word daar nie afsonderlike indelings onder sub-beskrywings gedoen nie, maar

word die definisie soos reeds omskryf as van toepassing op almal aanvaar.

Hoofgroep veertien sluit 5 ondernemings in waarvan 2 elektriese kontrakteurswerk doen maar ook die opberging en verspreiding van elektriese apparaat waarneem; 1 onderneming wat slegs elektriese onderdele opberg en versprei en 2 ondernemings wat gespesialiseerde herstelwerk, instandhouding en modifikasie van verkoelingsapparate doen.

Onder hoofgroep vyftien word 22 ondernemings gevind waarvan 3 aftakelingswerk van motorvoertuie doen en 4 vervoerkontrakteurswerk. Die oorblywende aantal ondernemings behels vervaardiging, herstel, instandhouding, verbetering, modifikasie, opberging en hantering van motorvoertuie, karavane, sleepwaens, motorfietse, ens., motoronderdele, toebehore, verkoelers asook motoringenieurswerkswinkels, motorelektrisiëns, paneelkloppers, spuitverwers en smidswerk.

Hoofgroep sestien behels 6 ondernemings waarvan een herstel, opberging en verspreiding van skale doen; 1 bou musiekinstrumente; 3 is opbergers en verspreiders van verf en verwante produkte; en 1 is die paaiedepartement van die regering.

Hoofgroep sewentien sluit 6 ondernemings in wat dienste verrig; hieronder is daar 2 kafees, 1 poskantoor en 3 droogskoonmakers en wasserye.

Laastens vind ons in hoofgroep agtien, 11 ondernemings wat konstruksie- en bouwerk doen asook die hantering en opberging van aanverwante materiaal en goedere behartig.

Ontleding van tabel 6.7 bring aan die lig dat:

i. die ou nywerheidsgebied 118 ondernemings huisves met 'n totale grondgebruik van 6,961,163 vierkante voet;
ii. in die meeste gevalle die hoofdoel nie vervaardiging is nie, maar dat tersiêre funksies ook vervul word;
iii. die hoogste persentasie grondgebruik onderskeidelik 18.1 persent, 14.72 persent, 13.14 persent, 12.03 persent en 10.42 persent

is vir die groepe; voedsel, ingenieurswerke, petrol- en olie-opslagplekke, vervoeruitrusting en houtondernemings.

iv. Daar vind ook wel in 'n sekere mate 'n sametrekking van sekere nywerheidsgroepe in een deel van die nywerheidsgebied plaas. Petrol- en olie-opslagplekke, een groot houtonderneming, en een groot onderneming wat die versameling en verwerking van graan behartig, is almal aan die bestaande syspoor-fasiliteite geleë. Hierdie sametrekking kan toegeskryf word aan die groot omvang van die produkte wat vervoer moet word. Ten opsigte van die ander ondernemings is daar geen doelgerigte sametrekking te bespeur nie.

v. Weinig onbeboude, ongebruikte grond is nog in die ou nywerheidsgebied beskikbaar. Dit beloop minder as een persent van die totale oppervlakte.

### 6.9.3 Grondgebruik in die nuwe nywerheidsgebied

Kaart 6.6 dui die volgende hoofgroepe aan: voedsel uitgesonderd drank, drank, kledingstukke, skoeisel en klaarverwerkte tekstielgoedere, hout- en kurkgoedere uitgesonderd meubels, masjinerie uitgesonderd elektriese masjinerie, vervoeruitrusting, dienste en konstruksie-ondernemings.

Omdat die besetting van die nuwe nywerheidsgebied nog so gering is, is al hierdie hoofgroepe op een kaart aangedui.

Ten opsigte van hoofgroep een is daar slegs een onderneming wat die opberging en hantering van graan doen.


Hoofgroep twee behels ook slegs een koeldrank-vervaardiger.

In die geval van hoofgroep drie is daar een onderneming wat die bekleding van meubels en ander artikels doen.

Hoofgroep vier behels ook slegs een onderneming, naamlik die versameling en verspreiding van vuurmaakhout, houtpale, hout, ens.

# GRONDGEBRUIK — NUWE NYWERHEIDSGEBIED

KAART 6.6



GRONDGEBRUIK - NUWE NYWERHEIDSGEBIED Kaart 6.6

1. Voedsel uitgesonderd drank.
2. Drank.
3. Kledingstukke, skoeisel en klaarverwerkte tekstielgoedere.
4. Hout- en kurkgoedere uitgesonderd meubels.
13. Masjinerie, uitgesonderd elektriese masjinerie. (Ingenieurswerke).
15. Vervoeruitrusting.
17. Dienste (Winkels, kafees, ens.)
18. Konstruksie-ondernemings.

A. Onbeboude, ongebruikte grond.
B. Grond beskikbaar vir parke.
C. Elektrisiteitsubstasies.
D. Spoorlyne.

Ten opsigte van die hoofgroep masjinerie, uitgesonderd elektriese masjinerie, is daar een onderneming wat algemene ingenieurswerk verrig.

Vervolgens kry ons in hoofgroep vyftien 'n algemene vervoerkontrakteur.

In die geval van dienste tref ons 'n kafee en drie winkels aan.

Hoofgroep agtien behels een bou- en konstruksie-onderneming.

Dit blyk dus dat

i. die nuwe nywerheidsgebied teenswoordig 11 ondernemings huisves met 'n totale grondgebruik van 870797 vierkante voet;
ii. in die meeste gevalle die hoofdoel vervaardiging is, maar dienste ook gelewer word;
iii. die hoogste persentasie grondgebruik onderskeidelik 30.66 persent, 24.07 persent en 13.71 persent vir die groepe: voedsel, drank en konstruksie-ondernemings is;
iv. sametrekking van die nywerhede in die gebied almal plaasvind aan die hoofpad na die Bantoewoongebiede en die bestaande sy-spoorlyn;
v. bykans 99 persent onbeboude, ongebruikte grond nog in die nuwe nywerheidsgebied beskikbaar is en daar dus nog groot moontlikhede vir nywerheidsvestiging is;
iv. beplanning van hierdie nywerheidsgebied baie oordeelkundig gedoen is sodat alle erwe sowel 'n straatfront het en ook van syspoorfasiliteite gebruik kan maak. Verder is daar voldoende voorsiening gemaak vir terreine waar parke vir ontspanningsdoeleindes aangelê kan word. Ook is die uitlê van erwe vir dienste sodanig beplan dat almal binne bereikbare afstand van verskillende punte in die nywerheidsgebied is.

## 6.10 INDIENSNAME IN FABRIEKSWESE EN KONSTRUKSIE

Soortgelyk aan meeste van die ander ekonomiese sektore bestaan die arbeidsmag van die fabriekswese en konstruksie-ondernemings ook grotendeels uit die vier rassegroepe.

Uit tabel 6.8 waar 'n vergelyking tussen Suid-Afrika, Transvaal, Ekonomiese Streek no. 45 en Klerksdorp-distrik vir 1959/60 en 1963/64 getref word, blyk dit dat die ondersoekgebied slegs 0.37 persent en 1.15 persent van die totale persentasie persone in diens van fabrieke en konstruksie vir 1959/60 gehad het. Hierteenoor was daar egter 36.36 persent en 59.79 persent van die persone van die twee sektore vir die ekonomiese streek in Klerksdorp-distrik werksaam.

Gedurende 1963/64 was daar egter 'n afname van .07 persent en .03 persent onderskeidelik van persone in diens van fabriekswese in vergelyking met Suid-Afrika en Transvaal. Gegewens ten opsigte van konstruksie vir 1963/64 was egter nog nie beskikbaar toe hierdie opname gedoen is nie.

Verder was die groei in indiensname in die fabriekswese heelwat laer in Klerksdorp-distrik, naamlik 34.47 persent tussen 1959/60 en 1963/64 teenoor 65.50 persent en 39.07 persent vir Suid-Afrika en Transvaal onderskeidelik.

Dit wil dus voorkom asof Klerksdorp-distrik se bydrae op die gebied van werkverskaffing in fabriekswese en konstruksie 'n relatief onbeduidende persentasie van die Republiek is alhoewel dit nogtans die grootste bydraer van die ekonomiese streek is. Ook blyk dit dat die groei in hierdie sektore teen 'n heelwat stadiger tempo toeneem as die van Suid-Afrika.

In tabel 6.9 word die aantal instellings geklassifiseer volgens hoofgroepe, getal persone in diens en die gemiddelde getal persone in diens per onderneming gedurende 1963/64. Konstruksie-ondernemings is nie hier in berekening gebring nie.

TABEL 6.8

Vergelykende statistiek van indiensname in fabriekswese en konstruksie in Suid-Afrika, Transvaal, Ekonomiese Streek no. 45 en Klerksdorp-distrik vir 1959/60 en 1963/64

| Gebied | Totaal | | Fabriekswese | | Konstruksie | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1959/60 | 1963/64 | 1959/60 | 1963/64 | 1959/60 | 1963/64 |
| Suid-Afrika (a) | 605390 | - | 502683 | 831960 | 102707 | - |
| Transvaal (b) | 362983 | - | 301022 | 418641 | 61961 | - |
| Eko. Streek no. 45 (c) | 6197 | - | 5127 | - | 1980 | - |
| Klerksdorp-distrik (d) | 3081 | 4112 | 1897 | 2551 | 1184 | 1561 |
| (d) as % van (a) | .50 | - | .37 | .30 | 1.15 | - |
| (d) as % van (b) | .84 | - | .63 | .60 | 1.91 | - |
| (d) as % van (c) | 49.71 | - | 36.36 | - | 59.79 | - |

TABEL 6.9

Getal instellings, indiensname en gemiddelde getal persone in diens van fabriekswese volgens hoofgroepe vir Klerksdorp-distrik, konstruksie uitgesluit, vir 1963/64

| Item | Hoofgroep | Getal ondernemings | Persone in diens | Gemiddelde getal persone in diens |
|---|---|---|---|---|
| 1,2 | Voedsel en drank | 9 | 768 | 85.3 |
| 5 | Kledingstukke, skoeisel en klaarverwerkte tekstielgoedere | 9 | 46 | 5.1 |
| 6,7 | Hout- en kurkgoedere, meubels meubelmakery, ens. | 3 | 17 | 5.7 |
| 9,11 | Drukwerk, boekbindery, ens. en rubberprodukte | 4 | 87 | 21.9 |
| 14 | Nie-metaalhoudende mineraalprodukte uitgesonderd petroleum en steenkool | 8 | 727 | 90.9 |
| 15,16 | Basiese metaalnywerhede, metaalprodukte, uitgesonderd masjinerie en vervoeruitrusting | 9 | 386 | 42.9 |
| 17 | Masjinerie uitgesonderd elektriese masjinerie | 7 | 276 | 39.4 |
| 18 | Elektriese masjinerie, apparaat, toestelle en voorraad | 4 | 65 | 16.2 |
| 19,20 | Vervoeruitrusting en diverse vervaardigingsnywerhede | 11 | 179 | 16.3 |
| | Totaal | 64 | 2551 | 39.8 |

Bron: Verwerk uit ongepubliseerde Nywerheidssensusverslae van die Buro vir Sensus en Statistiek

Omdat bogenoemde bespreking van indiensname nie so 'n duidelike beeld weergee nie, is daar ook van gegewens ten opsigte van fabrieke soos verstrek deur die Inspekteur van Fabrieke, gebruik gemaak. Statistiek aangaande persone volgens ras, wat in fabrieke werksaam was, word vir die periode 1964 tot 1968 in tabel 6.10 aangetoon.

Opnames deur die Inspekteur van Fabrieke strek vanaf 1 Januarie tot 31 Desember, in teenstelling met die Buro se periode vanaf 1 Julie tot 31 Junie. Gerieflikheidshalwe is Kleurlinge en Asiate saamgegroepeer omdat die getal Asiate wat in fabrieke werksaam was, so klein is. Die fluktuasies van indiensname word volgens 'n indeks met 1964 as basisjaar in tabel 6.11 aangedui.

Tabel 6.11 toon dat hoofgroep 100, naamlik vervaardiging en voorbereiding van voedsel, ten opsigte van blankes 'n afname getoon het gedurende 1965 en 1966. Gedurende die ander twee jare was daar egter weer 'n styging. Tog was daar nie 'n daling benede die 1964-totaal ten opsigte van Kleurlinge-Asiate en Bantoes nie, alhoewel daar fluktuasies voorgekom het.

Soortgelyke skommelinge het ook voorgekom in die hoofgroepe 200, 300 en 400. 'n Toename van 84 persent by Blankes het in die hoofgroep 600 voorgekom. In die geval van Bantoes was daar 'n 54 persent-toename tot 1968 in dieselfde ondernemings, maar was daar ook 'n daling gedurende 1966 benede die basisjaar.

Stygings het ook in basiese metaalindustrieë, vervaardiging en herstel van metaalprodukte, masjinerie en vervoertoerusting ten opsigte van alle rasse voorgekom. By diverse fabrieke was daar ook 'n groei in indiensname.

Indien daar verder na die indiensname van al die fabrieke saam gekyk word, blyk dit dat daar in die geval van Blankes 'n gemiddelde toename van 6 persent per jaar was. Kleurlinge, Asiate en Bantoes het onderskeidelik 'n groeikoers van 27.5 persent en 6.8 persent gehandhaaf.

TABEL 6.10

Getal werkers volgens ras in diens van fabrieke in Klerksdorp-distrik vanaf 1964 tot 1968

| Ras | Hoofgroep | 1964 | 1965 | 1966 | 1967 | 1968 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Blankes | 100 | 157 | 132 | 149 | 185 | 171 |
| | 200 | 17 | 17 | 13 | 16 | 16 |
| | 300 | 17 | 17 | 12 | 14 | 13 |
| | 400 | 58 | 64 | 48 | 52 | 71 |
| | 500 | 5 | 13 | 12 | 12 | 10 |
| | 600 | 74 | 91 | 93 | 105 | 136 |
| | 700 | 858 | 864 | 903 | 943 | 1014 |
| | 800 | 78 | 86 | 89 | 78 | 140 |
| | Totaal | 1264 | 1284 | 1319 | 1405 | 1571 |
| Kleurlinge en Asiate | 100 | 17 | 20 | 25 | 22 | 22 |
| | 200 | - | 7 | 5 | 5 | 4 |
| | 300 | 1 | - | 1 | 2 | 6 |
| | 400 | 4 | 6 | 8 | 7 | 18 |
| | 500 | - | - | - | - | - |
| | 600 | 5 | 3 | 10 | 15 | 20 |
| | 700 | 27 | 37 | 24 | 34 | 38 |
| | 800 | 6 | 3 | 5 | 23 | 18 |
| | Totaal | 60 | 76 | 78 | 108 | 126 |
| Bantoes | 100 | 664 | 672 | 720 | 769 | 697 |
| | 200 | 60 | 63 | 65 | 158 | 16 |
| | 300 | 44 | 48 | 31 | 44 | 46 |
| | 400 | 607 | 554 | 509 | 396 | 507 |
| | 500 | 13 | 19 | 11 | 13 | 20 |
| | 600 | 491 | 524 | 522 | 562 | 877 |
| | 700 | 971 | 1122 | 1102 | 1252 | 1369 |
| | 800 | 373 | 385 | 419 | 620 | 495 |
| | Totaal | 3223 | 3387 | 3379 | 3814 | 4027 |
| Totaal alle rasse | | 4857 | 4798 | 4830 | 5402 | 5810 |

Bron: Inspekteur van Fabrieke.

TABEL 6.11

Indeks van persentasie toename of afname van getal werkers in diens van fabrieke in Klerksdorp-distrik (1964 = 100)

| Ras | Hoofgroep | 1964 | 1965 | 1966 | 1967 | 1968 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Blankes | 100 | 100 | 84 | 95 | 118 | 109 |
| | 200 | 100 | 100 | 76 | 94 | 94 |
| | 300 | 100 | 100 | 71 | 82 | 76 |
| | 400 | 100 | 110 | 83 | 90 | 122 |
| | 500 | 100 | 260 | 240 | 240 | 200 |
| | 600 | 100 | 123 | 126 | 142 | 184 |
| | 700 | 100 | 101 | 105 | 110 | 118 |
| | 800 | 100 | 110 | 114 | 100 | 179 |
| | Totaal | 100 | 102 | 104 | 111 | 124 |
| Kleurlinge en Asiate | 100 | 100 | 118 | 147 | 129 | 129 |
| | 200 | 100 | 700 | 500 | 500 | 400 |
| | 300 | 100 | - | 100 | 200 | 600 |
| | 400 | 100 | 150 | 200 | 175 | 450 |
| | 500 | - | - | - | - | - |
| | 600 | 100 | 60 | 200 | 300 | 400 |
| | 700 | 100 | 137 | 89 | 126 | 141 |
| | 800 | 100 | 50 | 83 | 383 | 300 |
| | Totaal | 100 | 127 | 130 | 180 | 210 |
| Bantoes | 100 | 100 | 101 | 108 | 116 | 105 |
| | 200 | 100 | 105 | 108 | 263 | 27 |
| | 300 | 100 | 109 | 70 | 100 | 105 |
| | 400 | 100 | 91 | 84 | 65 | 84 |
| | 500 | 100 | 146 | 85 | 100 | 154 |
| | 600 | 100 | 107 | 106 | 114 | 181 |
| | 700 | 100 | 116 | 114 | 129 | 141 |
| | 800 | 100 | 103 | 112 | 166 | 133 |
| | Totaal | 100 | 105 | 105 | 118 | 125 |
| Totaal alle rasse | | 100 | 105 | 106 | 118 | 127 |

Hieruit kan ons aflei dat die Kleurlinge hulle veral meer tot die fabriekswese wend om 'n heenkome te vind. Inagnemende die groeikoerse van die Blankes en Bantoes is daar 'n ewewigtige verhouding tussen die twee rasse gedurende die tydperk onder beskouing gehandhaaf.

Indien daar terugverwys word na tabel 6.10 merk ons 'n interessante verskynsel, naamlik dat die hoogste konsentrasie van arbeid in die kategorie metaalindustrieë, vervaardiging en herstel van metaalprodukte, masjinerie en vervoeruitrusting was.

Omdat hierdie ondernemings basies van sekondêre en tersiêre aard is en grootliks van primêre ondernemings afhanklik is, kan heelwat probleme opduik indien die vraag na hulle dienste verlore gaan. Hierdie vraag is direk en indirek aan die mynbou-aktiwiteite in die Klerksdorp-gebied verbonde, en die verdwyning van die goudmyne kan geweldige probleme vir hierdie groep inrigtings besorg.

## 6.11 SALARISSE EN LONE

In tabel 6.12 word 'n vergelyking getref tussen salarisse en lone verdien deur alle rasse in Suid-Afrika, Transvaal, Ekonomiese Streek no. 45 en Klerksdorp-distrik vir 1959/60 en 1963/64.

Hieruit blyk dat die ondersoekgebied slegs .26 persent van die totale salarisse en lone wat in Suid-Afrika ten opsigte van fabriekswese vrygestel is, vir 1959/60 bygedra het. Gedurende 1963/64 het dit .27 persent beloop.

Opvallend is die feit dat vir beide jare die persentasie salarisse en lone wat in die Klerksdorp-distrik verdien is, naamlik .26 persent en .27 persent van die totale Fabriekswese vir Suid-Afrika, laer as die persentasie indiensname was in die ooreenstemmende tydperke wat onderskeidelik .37 persent en .30 persent beloop het. Hierdie verskynsel kan egter verduidelik word deur die feit dat die gemiddelde inkomste in die fabriekswese in Suid-Afrika R988 per persoon vir alle rasse was, teenoor die R678 per persoon

TABEL 6.12

Vergelykende statistiek van salarisse en lone vir alle rasse in fabriekswese en konstruksie in Suid-Afrika, Transvaal, Ekonomiese Streek no. 45 en Klerksdorp-distrik vir 1959/60 en 1963/64 (R,000)

| Gebied | Totaal | | Fabriekswese | | Konstruksie | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1959/60 | 1963/64 | 1959/60 | 1963/64 | 1959/60 | 1963/64 |
| Suid-Afrika (a) | 576586 | - | 496699 | 744506 | 79887 | - |
| Transvaal (b) | 319831 | - | 276215 | 412037 | 43616 | - |
| Ekonomiese Streek 45 (c) | 4604 | - | 2980 | - | 1084 | - |
| Klerksdorp-distrik | 2145 | 3345 | 1286 | 2206 | 859 | 1339 |
| Klerksdorp as % van (a) | .37 | - | .26 | .27 | 1.09 | - |
| Klerksdorp as % van (b) | .67 | - | .47 | .49 | 1.97 | - |
| Klerksdorp as % van (c) | 46.59 | - | 43.15 | - | 79.24 | - |

in die Klerksdorp-distrik. In Transvaal het 'n soortgelyke tendens voorgekom. Ten opsigte van die ekonomiese streek was die gemiddelde inkomste verdien egter laer as dié verdien in die Klerksdorp-distrik.

Omdat gegewens ten opsigte van konstruksie-ondernemings vir 1963/64 nie beskikbaar was nie, kon daar nie soortgelyke vergelykings getref word nie. Wel blyk dit ook dat die gemiddelde inkomste hier ook laer was as die van die Republiek, maar .07 persent hoër as die van Transvaal. Die ondersoekgebied se gemiddelde inkomste per persoon was egter heelwat hoër as die van die ekonomiese streek, naamlik R726 teenoor R548. Dit kan ook verklaar word uit die feit dat gedurende 1959/60 Klerksdorp-distrik 59.79 persent van die persone in diens van konstruksie-ondernemings gelewer het, en dat die salarisse en lone uitbetaal aan genoemde persone 79.24 persent van dié van ekonomiese streek no. 45 beloop het.

In teenstelling daarmee dat die persentasie toename in indiensname in fabriekswese 65.50 persent en 34.47 persent onderskeidelik in Suid-Afrika en Klerksdorp-distrik beloop het, en laasgenoemde gebied se toename bykans die helfte minder was as die van Suid-Afrika, was die toename in salarisse en lone net die teenoorgestelde, naamlik 49.89 persent in Suid-Afrika en 55.99 persent in die ondersoekgebied.

Verder blyk dit ook dat konstruksie-ondernemings 'n soortgelyke persentasie styging in salarisse en lone tussen 1959/60 en 1963/64 van 55.88 persent gehad het.

Omdat bogenoemde tabel slegs die totale inkomste van alle rassegroepe aantoon en daar nie 'n duidelike beeld van Klerksdorp-distrik verkry word nie, word daar vervolgens na tabelle 6.13 en 6.14 verwys waarin die totale en gemiddelde inkomste verdien in fabriekswese en konstruksie asook die persentasie toenames vanaf 1947/48 tot 1963/64 aangetoon word.

Daar moet egter in gedagte gehou word dat gegewens in sake salarisse en lone min waarde het in die ontleding van industriële neigings tensy dit in verband gebring kan word met gedetailleerde fluktuasies in die indiensna-

TABEL 6.13

Totale en gemiddelde salarisse en lone verdien in fabrieke en konstruksie-ondernemings vanaf 1947/48 tot 1963/64 volgens ras vir Klerksdorp-distrik

| | Ras | 1947/48 | 1950/51 | 1959/60 | 1963/64 |
|---|---|---|---|---|---|
| | Blankes | 443400 | 948000 | 1244000 | - |
| Totale | Kleurlinge/Asiate | 4032 | 5512 | - | - |
| vergoeding | Bantoes | 237750 | 451708 | 851000 | - |
| | Totaal | 685182 | 1405220 | 2095000 | 3345000 |
| | Blankes | 575 | 790 | 706 | - |
| Aantal | Kleurlinge/Asiate | 15 | 19 | - | - |
| werkers | Bantoes | 1570 | 2250 | 2375 | - |
| | Totaal | 2160 | 3059 | 3081 | 4112 |
| | Blankes | 771 | 1200 | 1762 | - |
| Gemiddelde | Kleurlinge/Asiate | 268 | 290 | - | - |
| vergoeding | Bantoes | 152 | 201 | 357 | - |
| | Totaal | 317 | 459 | 680 | 814 |

*Bronne: Nywerheidsensusverslae. Buro vir Sensus en Statistiek.

- Waar spasies oop gelaat is, was daar óf geen sensusopname met betrekking tot die rassegroep nie óf daar was nie indelings vir die onderskeie rasse in die Nywerheidsensusverslag gemaak nie.

TABEL 6.14

Indeks van persentasie toename in getal werkers, totale en gemiddelde salarisse en lone verdien in fabrieke en konstruksie-ondernemings vanaf 1947/48 tot 1963/64 volgens ras vir Klerksdorp-distrik

| | Ras | 1947/48 | 1950/51 | 1959/60 | 1963/64 |
|---|---|---|---|---|---|
| | Blankes | 100 | 137.4 | 122.8 | - |
| Aantal | Kleurlinge/Asiate | 100 | 126.7 | - | - |
| werkers | Bantoes | 100 | 143.3 | 151.3 | - |
| | Totaal | 100 | 141.6 | 142.6 | 190.4 |
| | Blankes | 100 | 213.8 | 280.6 | - |
| Totale | Kleurlinge/Asiate | 100 | 136.7 | - | - |
| vergoeding | Bantoes | 100 | 190.0 | 357.9 | - |
| | Totaal | 100 | 205.1 | 313.1 | 488.2 |
| | Blankes | 100 | 155.6 | 228.5 | - |
| Gemiddelde | Kleurlinge/Asiate | 100 | 108.2 | - | - |
| vergoeding | Bantoes | 100 | 132.2 | 234.9 | - |
| | Totaal | 100 | 144.8 | 214.5 | 256.8 |

- Waar spasies oop gelaat is, kon die indekse nie bereken word nie, omdat gegewens nie beskikbaar was nie.

mepeil. Ook moet daarop gelet word dat salarisse en lone nie proporsioneel afneem of toeneem met die skommelinge in die indiensnamepeil nie, omdat salarisse en lone aansienlik kan varieer as gevolg van die geskooldheid van arbeid wat in diens geneem word of vanweë die verhoging van die geskooldheid van arbeid wat reeds in diens is in 'n besondere sektor in 'n bepaalde gebied. Gevolglik moet die tabelle dan ook uit hierdie oogpunt ontleed word.

Omdat gegewens, soos reeds vermeld, ten opsigte van die onderskeie rassegroepe vir 1963/64 nog nie beskikbaar was nie, kon alleenlik vergelykings tot 1959/60 getref word, behalwe in die geval van totale van alle rassegroepe.

By nadere ontleding van die tabelle word gemerk dat daar toenames was in sowel die aantal werkers as gemiddelde inkomste verdien in alle rassegroepe, uitgesluit die Blankes. Hier was daar 'n afname gewees van 14.6 persent. Nieteenstaande hierdie afname was daar 'n toename van 72.9 persent in gemiddelde inkomste vir die ooreenstemmende tydperk.

In die geval van die Kleurling, Asiate en Bantoes was daar egter 'n kleiner styging in die gemiddelde inkomste as wat die toename in getal werkers gedurende 1950/51 was. In 1959/60 was die posisie egter net andersom.

Hierdie verskille in groei tot 1950/51 kan dus moontlik aan ongeskooldheid van die Nie-blanke-arbeid toegeskryf word of aan 'n te groot aanbod van arbeid met 'n te klein vraag wat veroorsaak het dat die prys van arbeid in die ondersoekgebied goedkoper geword het.

Meer gedetailleerde analises van die aantal werkers en salarisse en lone verdien, kan ook op 'n soortgelyke basis vir elke hoofgroep en subgroep in die fabriekswese en konstruksie gedoen word. Omdat dit egter nie as van groot belang in hierdie studie beskou is nie, word dit agterweë gelaat.

In tabel 6.15 word vergelykenderwys vir die onderskeie jare vanaf

TABEL 6.15

Totale en gemiddelde salarisse en lone verdien in fabrieke en konstruksie-ondernemings vanaf 1962 tot 1966 volgens ras vir Klerksdorp-distrik

| | Ras | 1962 | 1963 | 1964 | 1965 | 1966 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Blankes | 169 | 208 | 197 | 251 | 338 |
| Aantal | Kleurlinge/Asiate | 22 | 24 | 22 | 24 | 30 |
| werkers | Bantoes | 277 | 283 | 347 | 473 | 593 |
| | Totaal | 468 | 515 | 564 | 748 | 931 |
| | Blankes | R371346 | R367210 | R450539 | R587629 | R1093890 |
| Totale | Kleurlinge/Asiate | 6593 | 6442 | 7163 | 11867 | 21180 |
| vergoeding | Bantoes | 108927 | 118949 | 148901 | 218636 | 277540 |
| | Totaal | 487226 | 492601 | 606603 | 818132 | 1392610 |
| | Blankes | 2197 | 1766 | 2287 | 2341 | 3335 |
| Gemiddelde | Kleurlinge/Asiate | 316 | 268 | 325 | 494 | 706 |
| vergoeding | Bantoes | 393 | 420 | 458 | 462 | 468 |
| | Totaal | 1041 | 956 | 1076 | 1094 | 1495 |

1962 tot 1966 die totale- en gemiddelde inkomste verdien in fabrieke en konstruksie-ondernemings volgens ras aangetoon. Hierdie gegewens is verkry met behulp van 'n 10 persent ewekansige steekproef wat in die ondersoekgebied gedoen is. Omdat die foutegrens by steekproewe redelik groot mag wees, kan hierdie statistiek nie as volkome verteenwoordigend aanvaar word nie. Wel blyk dit uit Nywerheidsensusverslae dat daar tot en met 1963/64 'n heel reëlmatige toename in die onderskeie rasse was.

6.11.1 <u>Salarisse en lone teen huidige en konstante pryse</u>

Gedurende die voorafgaande ontleding van salarisse en lone was alle toenames en afnames alleen in terme van geld-inkomste gemeet. Omdat daar egter gedurende die bespreekte periodes 'n aansienlike afname in die koopkrag van geld was, is die toenames in reële inkomste nie so hoog soos wat veronderstel is nie. Dit is dus nodig dat ons die toename in salarisse en lone moet beoordeel ten opsigte van die toename in lewenskoste vir die gemiddelde verbruiker. Hierdie meting of aanpassing kan geskied deur gebruik te maak van die kleinhandelsprysindeks van die land.

In tabelle 6.16 en 6.17 word die nodige aanpassings, gebaseer op die 1953 kleinhandelspryse, gedoen. Gedurende die periode 1948 tot 1964 het die kleinhandelsprysindeks van Suid-Afrika vanaf 76.8 tot 125.5 gestyg.

Uit die tabelle blyk dit dat vir 1959/60 die toename in geld-inkomste van Blankes en Bantoes in fabriekswese en konstruksie onderskeidelik 180.6 persent en 257.9 persent was. In reële terme was die toenames egter net 84.2 persent en 91.2 persent. Vir die totaal van alle rasse vir 1963/64 was die toename in geld-inkomste 388.2 persent, maar in reële terme was die toename slegs 198.8 persent. Dit kom dus voor of die persentasie toename in salarisse en lone vir die onderskeie rassegroepe nie so hoog was as wat veronderstel is nie.

TABEL 6.16

Salarisse en lone teen huidige en konstante pryse (1953) vanaf 1947/48 tot 1963/64 vir Klerksdorp-distrik

| Jaar | Teen huidige pryse (R) | | | | Teen 1953 pryse (R) | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Blankes | Kleurlinge/ Asiate | Bantoes | Totaal | Blankes | Kleurlinge/ Asiate | Bantoes | Totaal |
| 1947/48 | 443400 | 4032 | 237750 | 685182 | 577343 | 5250 | 309505 | 892098 |
| 1950/51 | 948000 | 5512 | 451708 | 1405220 | 1066367 | 6200 | 508099 | 1580666 |
| 1959/60 | 1244000 | - | 851000 | 2145000 | 1063248 | - | 727350 | 1705983 |
| 1963/64 | - | - | - | 3345000 | - | - | - | 2665339 |

TABEL 6.17

Indeks van persentasie toename in salarisse en lone teen huidige en konstante pryse (1953) (Basisjaar 1947/48 = 100)

| Jaar | Teen huidige pryse | | | | Teen 1953 pryse | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Blankes | Kleurlinge/ Asiate | Bantoes | Totaal | Blankes | Kleurlinge/ Asiate | Bantoes | Totaal |
| 1947/48 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 |
| 1950/51 | 213.8 | 136.7 | 190.0 | 205.1 | 184.7 | 118.1 | 164.2 | 177.2 |
| 1959/60 | 280.6 | - | 357.9 | 313.1 | 184.2 | - | 235.0 | 191.2 |
| 1963/64 | - | - | - | 488.2 | - | - | - | 298.8 |

## 6.12 BRUTO EN NETTO WAARDE VAN PRODUKSIE

In tabel 6.18 word 'n vergelyking getref van die bruto waarde van produksie deur fabriekswese en konstruksie in Suid-Afrika, Transvaal, Ekonomiese Streek no. 45 en Klerksdorp-distrik vir die jare 1959/60 en 1963/64.

Hieruit blyk dat die ondersoekgebied gedurende 1959/60 slegs .46 persent van die totale bruto waarde van produksie van die Republiek gelewer het. 'n Daling in bydrae tot Suid-Afrika van .07 persent het tussen die jare 1959/60 - 1963/64 in die bruto waarde van produksie van fabriekswese in Klerksdorp-distrik plaasgevind. Ten spyte van hierdie daling in Klerksdorp se aandeel was daar 'n vergroting van die produksie van R710,044 in dié gebied.

### 6.12.1 <u>Bruto en netto waarde van produksie teen huidige en konstante pryse</u>

Die waardes van bruto en netto produksie en die verhouding tussen hierdie twee verskil van nywerheid tot nywerheid volgens die waarde van materiaal en die hoeveelheid werk wat gedurende die produksieproses gedoen word. 'n Algemeen aanvaarde feit is dat die bruto produksie 'n waardevolle ekonomiese aanwyser kan wees van die waarde van enige besondere nywerheid of instelling vir die area waarin dit geleë is of wat dit bedien. By die ontleding van die netto waarde van produksie kan die belangrikheid van die nywerheid of instelling, as 'n produktiewe eenheid vir die gebied waarin dit geleë is, egter meer betroubaar aangetoon word.

Wel moet daarop gelet word dat, indien die nodige aanpassings vir fluktuasies in die geldwaardes nie in aanmerking geneem word by die vergelyking van 'n spesifieke nywerheid oor 'n periode binne 'n besondere gebied nie, sodanige waargenome toenames of afnames misleidend kan wees.

Gevolglik is by die ontleding van die bruto en netto waarde van produksie vir Klerksdorp-distrik, die nodige aanpassings ten opsigte van die fluktuasies in die waarde van geld gemaak.

TABEL 6.18

Vergelykende statistiek van bruto waarde van produksie van fabriekswese en konstruksie vir Suid-Afrika, Transvaal, Ekonomiese Streek no. 45 en Klerksdorp-distrik vir 1959/60 en 1963/64 (R,000)

| Gebied | Totaal | | Fabriekswese | | Konstruksie | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1959/60 | 1963/64 | 1959/60 | 1963/64 | 1959/60 | 1963/64 |
| Suid-Afrika (a) | 2853470 | - | 2557646 | 4044802 | 295824 | - |
| Transvaal (b) | 1413112 | - | 1251150 | 1967194 | 161962 | - |
| Ekonomiese Streek 45 (c) | 30524 | - | 26132 | - | 4392 | - |
| Klerksdorp-distrik | 13182 | 16687 | 10223 | 12942 | 2959 | 3745 |
| Klerksdorp as % van (a) | .46 | - | .39 | .31 | 1.00 | - |
| Klerksdorp as % van (b) | .93 | - | .81 | .65 | 1.82 | - |
| Klerksdorp as % van (c) | 43.18 | - | 39.12 | - | 67.37 | - |

In tabel 6.19 word die bruto en netto waarde van produksie teen huidige en konstante pryse (1953 as basispryse) vanaf 1947/48 tot 1963/64 vir Klerksdorp-distrik aangetoon. Ook word die persentasie toenames in tabel 6.20 aangedui. Hier is die basisjaar waarvolgens toenames bereken is, as 1947/48 geneem.

By ontleding van hierdie tabelle blyk dit dat, teen die huidige pryse, die bruto waarde van produksie vir fabriekswese en konstruksie in hierdie gebied van R3093434 in 1947/48 tot R16687000 in 1963/64 toegeneem het wat 'n toename van 439.4 persent verteenwoordig het. Styging in die netto waarde van produksie het vir die ooreenstemmende tydperk 533.5 persent beloop.

Gedurende hierdie periode het die groothandelsprysindeks vir Suid-Afrikaanse goedere met 1953 as basisjaar egter vanaf 69.9 persent tot 120.1 persent[1] gestyg.

Gevolglik moet in reële terme die persentasie toename in bruto en netto waarde van produksie in die nywerheidsektor verminder word vanaf 439.4 persent en 533.5 persent tot 214.0 persent en 268.8 persent onderskeidelik.

Ten spyte van die feit dat die aangepaste syfers 'n aansienlike vermindering in bruto en netto waarde van produksie toon, het daar nogtans 'n aansienlike groei in die produksie van die nywerhede in die gebied plaasgevind. Beide bruto en netto waarde van produksie het meer as verdubbel gedurende die 17 jaar.

Verdere verwysing na tabel 6.21, wat die netto waarde van produksie as 'n persentasie van die bruto waarde van produksie aantoon, bring aan die lig dat daar 'n toename was in die netto waarde vanaf 30.7 persent in 1947/48 tot 36.0 persent in 1963/64.

---

1. Suid-Afrikaanse Reserwebank, Statistiese Kwartaalblad, Desember 1965. Pretoria.

TABEL 6.19

Bruto en netto waarde van produksie teen huidige en konstante pryse (1953) vanaf 1947/48 tot 1963/64 vir Klerksdorp-distrik

| Item | Jaar | Teen huidige pryse | Teen 1953 pryse |
|---|---|---|---|
| Bruto waarde van produksie | 1947/48 | 3093434 | 4425000 |
| | 1950/51 | 7099360 | 8689000 |
| | 1959/60 | 13182000 | 11738000 |
| | 1963/64 | 16687000 | 13894000 |
| Netto waarde van produksie | 1947/48 | 948128 | 1356000 |
| | 1950/51 | 2541590 | 3110000 |
| | 1959/60 | 4749000 | 4229000 |
| | 1963/64 | 6006000 | 5001000 |

TABEL 6.20

Indeks van bruto waarde van produksie teen huidige en konstante pryse vir Klerksdorp-distrik (Basisjaar 1947/48 = 100)

| Item | Jaar | Teen huidige pryse | Teen 1953 pryse |
|---|---|---|---|
| Bruto waarde van produksie | 1947/48 | 100 | 100 |
| | 1950/51 | 229.42 | 196.4 |
| | 1959/60 | 426.1 | 265.3 |
| | 1963/64 | 539.4 | 314.0 |
| Netto waarde van produksie | 1947/48 | 100 | 100 |
| | 1950/51 | 268.0 | 229.4 |
| | 1959/60 | 500.9 | 311.9 |
| | 1963/64 | 633.5 | 368.8 |

TABEL 6.21

Netto waarde van produksie as 'n persentasie van bruto waarde van produksie vanaf 1947/48 tot 1963/64 vir Klerksdorp-distrik

| Jaar | Bruto waarde van produksie | Netto waarde van produksie |
|---|---|---|
| 1947/48 | 100 | 30.7 |
| 1950/51 | 100 | 35.8 |
| 1959/60 | 100 | 36.0 |
| 1963/64 | 100 | 36.0 |

TABEL 6.22

Gemiddelde bruto en netto waarde van produksie per onderneming vanaf 1951/52 tot 1963/64 vir Klerksdorp-distrik

| Jaar | Gemiddelde bruto waarde van produksie (R) | Gemiddelde netto waarde van produksie (R) |
|---|---|---|
| 1951/52 | 175971 | 77709 |
| 1959/60 | 158882 | 57216 |
| 1963/64 | 155953 | 56130 |

In die lig van die volgende definisie van die netto waarde van produksie:

> "Netto opbrengs is die bruto waarde van produksie min die koste van materiaal verbruik. Dit verteenwoordig die waarde wat deur die vervaardigings- en konstruksieproses by die koste van materiaal gevoeg word. In die algemeen omvat dit salarisse en lone, bo-koste en winste."[1]

kan aanvaar word dat tesame met die toename van instellings daar groei in die reële produktiewe kapasiteit van die nywerhede in die ondersoekgebied was. Indien ons dit vergelyk met die netto waarde van produksie van Suid-Afrika vir die ooreenstemmende periodes, 1963/64 uitgesluit[2] blyk dit dat die netto waarde van produksie 43.4 persent in 1947/48, 39.9 persent in 1950/51 en 43.0 persent in 1959/60 van die bruto waarde van produksie was. Hierdie relatief lae netto waarde in vergelyking met Suid-Afrika kan toegeskryf word aan die tekort aan ru-materiaal in die onmiddellike omgewing van Klerksdorp-distrik. Dit veroorsaak dat al die halfverwerkte en ru-materiaal ingevoer moet word wat gevolglik uitermatige stygings in produksiekoste teweegbring. Deur die afwesigheid van grondstowwe in die ondersoekgebied en die koste verbonde aan die invoer daarvan vanaf ander gebiede, word die bestaan van grootskaalse industrieë of basiese, primêre industrieë in hierdie gebied beperk.

Ten spyte van 'n toename in die aantal instellings soos blyk uit tabel 6.3 was daar egter 'n daling in die gemiddelde bruto en netto waarde van produksie soos blyk uit tabel 6.22.

Hierdie daling in gemiddelde produksie kan toegeskryf word aan die afname van groot ondernemings in die gebied en aan die feit dat daar veel meer klem op kleiner instellings gelê word. Alhoewel 'n groter mate van spesialisasie uit hierdie neiging mag voortspruit, kan dit nadelig wees omdat die ekonomiese voordele van grootskaalse produksie nie daar benut kan word nie.

---

1. Nywerheidsensusverslae, Buro vir Sensus en Statistiek, Pretoria.
2. Statistiek nog ongepubliseerd.

## 6.13 WAARDE VAN MATERIAAL VERBRUIK TOT BRUTO WAARDE VAN PRODUKSIE

In tabel 6.23 word 'n vergelyking getref ten opsigte van die waarde van materiaal gebruik deur fabriekswese en konstruksie in Suid-Afrika, Transvaal, Ekonomiese Streek no. 45 en Klerksdorp-distrik gedurende 1959/60 en 1963/64.

Hieruit blyk dat die ondersoekgebied slegs .50 persent van die waarde van materiaal gebruik in Suid-Afrika in 1959/60 opgeneem het. Vir fabriekswese alleen was dit in 1956/68 .45 persent en was daar in 1963/64 'n daling van tot .35 persent in Klerksdorp-distrik se aandeel. Ten opsigte van die Ekonomiese Streek no. 45 het Klerksdorp se waarde van materiaal gebruik onderskeidelik 39.95 persent en 72.78 persent vir 1959/60 beloop. Laasgenoemde syfer beklemtoon die geweldige bou-aktiwiteite wat daar in die ondersoekgebied moes plaasgevind het.

Verder kan ook daarop gewys word dat, in teenstelling met die 58.68 persent en 40.30 persent toename in die waarde van materiaal gebruik in Suid-Afrika en Transvaal onderskeidelik, die ondersoekgebied slegs 'n 26.69 persent toename getoon het.

Indien die laaste kolom in tabel 6.24 waarin die koste van materiaal gebruik as 'n persentasie van die bruto waarde van produksie aangetoon word, vergelyk word met tabel 6.21 waarin die netto waarde van produksie as persentasie van die bruto waarde van produksie aangetoon word, dan blyk daar 'n interessante verskynsel te wees. Volgens die tabelle kom dit voor asof daar 'n toename in sowel die koste van materiaal gebruik as die netto waarde van produksie was. 'n Styging vanaf 30.7 persent tot 36.0 persent en 60.35 persent tot 64.01 persent het onderskeidelik plaasgevind.

## 6.14 WAARDE VAN KAPITALE BATES

Indien daar gekyk word na die waarde van vaste kapitaal ten opsigte van fabriekswese en konstruksie in die Klerksdorp-distrik (verwys tabel 6.25),

TABEL 6.23

Vergelykende statistiek van waarde van materiaal gebruik in fabriekswese en konstruksie in Suid-Afrika, Transvaal, Ekonomiese Streek no. 45 en Klerksdorp-distrik in 1959/60 en 1963/64 (R,000)

| Gebied | Totaal | | Fabriekswese | | Konstruksie | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1959/60 | 1963/64 | 1959/60 | 1963/64 | 1959/60 | 1963/64 |
| Suid-Afrika (a) | 1686055 | - | 1514909 | 2403821 | 171146 | - |
| Transvaal (b) | 800520 | - | 708023 | 422532 | 92507 | - |
| Ekonomiese Streek 45 (c) | 19264 | - | 17023 | - | 2241 | - |
| Klerksdorp-distrik | 8431 | 10681 | 6800 | 8615 | 1631 | 2066 |
| Klerksdorp as % van (a) | .50 | - | .45 | .35 | .95 | - |
| Klerksdorp as % van (b) | 1.05 | - | .96 | 2.04 | 1.76 | - |
| Klerksdorp as % van (c) | 43.77 | - | 39.95 | - | 72.78 | - |

TABEL 6.24

Koste van materiaal gebruik as persentasie van die bruto waarde van produksie vir fabriekswese en konstruksie in Klerksdorp-distrik van 1947/48 tot 1963/64 (R,000)

| Jaar | Bruto waarde van produksie (a) | Koste van materiaal (b) | (b) as % van (a) |
|---|---|---|---|
| 1947/48 | 3093434 | 2145306 | 60.35 |
| 1950/51 | 7099360 | 4557770 | 64.20 |
| 1959/60 | 13182000 | 8431000 | 63.96 |
| 1963/64 | 16687000 | 10681000 | 64.01 |

dan blyk dit, soos in die geval van indiensname, produksie, ens., dat die ondersoekgebied se aandeel in vergelyking met Suid-Afrika gering was.

TABEL 6.25

Vergelyking van totale waarde van grond, geboue, masjinerie en toerusting vir fabriekswese en konstruksie tussen Suid-Afrika en Klerksdorp-distrik vanaf 1947/48 tot 1959/60 (R,000)

| Jaar | Suid-Afrika (a) | Klerksdorp-distrik (b) | (a) as % van (b) |
|---|---|---|---|
| 1947/48 | 296050 | 881 | .30 |
| 1950/51 | 515716 | 3564 | .70 |
| 1959/60 | 1200407 | 5096 | .45 |

Sedert 1947/48 was daar 'n styging vanaf .30 persent tot .70 persent in 1950/51. Daarna was daar egter weer 'n daling tot .45 persent in 1959/60.[1]

Tussen die jare 1947/48 en 1959/60 was die toename in kapitale bates in Suid-Afrika 305 persent en in Klerksdorp-distrik 478 persent.

Laasgenoemde gebied se toename was dus heelwat meer, en dit getuig van snelle groei wat in die ondersoekgebied plaasgevind het.

### 6.14.1 Kapitaal/Uitset-verhouding

In tabel 6.26 word die persentasie toename van kapitaal in verhou-

1. Omdat statistiek vir 1959/60 nie beskikbaar was nie, is daar 'n toedeling gemaak van vaste kapitaal in verhouding tot die totaal van Suid-Afrika soos verkry uit die Statistiese Jaarboek van Suid-Afrika. Hierdie syfer wat so verkry is, kan as redelik betroubaar bestempel word.

TABEL 6.26

Persentasie toename in kapitaal, bruto waarde van produksie, arbeid en koste van materiaal vir fabriekswese en konstruksie vanaf 1947/48 tot 1959/60 in Klerksdorp-distrik

| Item | % |
|---|---|
| Kapitale bates | 478.0 |
| Bruto waarde van produksie | 326.1 |
| Koste van materiaal | 293.0 |
| Arbeid | 42.6 |
| Kapitaal/produksie verhouding | |
| 1947/48 | 1 : 3.5 |
| 1959/60 | 1 : 2.6 |
| Kapitaal/materiaal verhouding | |
| 1947/48 | 1 : 2.4 |
| 1959/60 | 1 : 1.7 |
| Kapitaal/arbeid verhouding | |
| 1947/48 | 1 : 0025 |
| 1959/60 | 1 : 0006 |

ding tot persentasie toename in bruto waarde van produksie, arbeid en koste van materiaal vanaf 1947/48 tot 1959/60 aangetoon.

Uit genoemde tabel blyk dat daar 'n groter persentasie toename in kapitaal as in die bruto waarde van produksie was. Dit dui dus op 'n toename in kapitaal intensiteit gedurende hierdie periode in die ondersoekgebied.

Hierdie toename kan gevolglik toegeskryf word aan ōf 'n groot kapitaalinvestering in verhouding tot ander produksiefaktore ōf 'n aanmerklike daling in die produksiekapasiteit.

6.14.2 Kapitaal/Materiaal-verhouding

Indien daar egter verder op die kapitale toename in verhouding tot koste van materiaal gelet word, is dit opmerklik dat die groei in materiaal verbruik slegs 293 persent teenoor 478 persent van die kapitale bates was. Bruto waarde van produksie se toename was egter ook groter as toename in die koste van materiaal.

Laasgenoemde verskil bring verder mee dat die toename in bruto waarde van produksie nou toegeskryf kan word aan die groter kapitaal-investerings of beter benutting van materiaal, wat gevolglike besparings of 'n relatief stadiger styging in die koste van materiaal meegebring het.

6.14.3 Kapitaal/Arbeid-verhouding

Alhoewel die groeipatroon in die geval van indiensname en bruto waarde van produksie soortgelyk mag wees, dit wil sê albei in 'n positiewe of negatiewe rigting, is dit heel onwaarskynlik dat die onderskeie groeikoerse dieselfde sal wees.

Uit die tabel blyk dit dan ook dat die groeikoers van die bruto waarde van produksie bykans agt keer vinniger as die van indiensname was, naamlik 326.1 persent teenoor 42.6 persent vir die periode 1947/48 tot 1959/60.

Gevolglik kan daar veronderstel word ōf dat die produktiwiteit van arbeid moes verhoog het ōf dat die kapitale bates meer intensief gebruik is. Laasgenoemde stelling spreek duidelik omdat, soos 'n onderneming meer kapitaalintensief word, 'n verhoging in produksie bereik kan word deur 'n substitusie van kapitaal vir arbeid en deur die reorganisasie van insette van produksiefaktore. By laasgenoemde sou die grensproduktiwiteit van die onderskeie gegewe produksiefaktore natuurlik in aanmerking geneem moet word.

Ook in die kapitaal/arbeid-verhouding was daar 'n sterker styging in kapitaal teenoor arbeid. Soortgelyke neigings soos reeds bespreek, het ook ten opsigte van produksie en materiaal voorgekom.

Dit wil dus voorkom uit die bespreking dat daar, tesame met die verhoogde kapitaal-investering, 'n toename van produktiwiteit in fabriekswese en konstruksie voorgekom het. Hierdie verhoging van produktiwiteit kan egter ook toegeskryf word aan meer geskoolde arbeid wat gebruik is of aan grootskaalse meganisering wat plaasgevind het.

## 6.15 VESTIGINGSKWOSIëNTE VIR VERVAARDIGINGSNYWERHEDE IN KLERKSDORP-DISTRIK

Wanneer daar van vestigingskwosiënte gebruik gemaak word, kan 'n aanduiding verkry word of 'n streek se nywerhede in balans is. Dit is ook 'n nuttige hulpmiddel om aan te toon hoe verskillende gebiede in verskillende soorte aktiwiteite spesialiseer.

Berekening van kwosiënte vereis ook nie ekstensiewe data-versameling en -verwerking nie, en daar kan van 'n groot verskeidenheid gegewens gebruik gemaak word.

Die vestigingskwosiënte kan bereken word deur die aantal persone in diens van 'n besondere nywerheid in 'n spesifieke streek as 'n persentasie van die totale aantal persone wat in daardie nywerheid in Suid-Afrika in diens is, uit te druk. Die persentasie so verkry word dan gedeel deur die persentasie wat verkry word wanneer die ekonomies bedrywige bevolking van die spesifieke streek uitgedruk word as 'n verhouding van die totale ekonomies bedrywige

bevolking van Suid-Afrika.

Omdat statistiek ten opsigte van die ekonomies bedrywige bevolking vir 1963/64 nie beskikbaar is nie, is daar nie van hierdie metode gebruik gemaak nie.

Die volgende formule is vir die berekening van die vestigingskwosiënte vir die ondersoekgebied gebruik.

$$\frac{S_i/N_i}{S/N} \quad \text{of} \quad \frac{S_i/S}{N_i/N}$$ [1]

waar $S_i$ = getal werkers in vervaardigingsnywerheid, i in 'n gegewe gebied.

$S$ = getal werkers in alle vervaardigingsnywerhede in dieselfde gegewe gebied.

$N_i$ = getal werkers in vervaardigingsnywerheid, i in die land.

$N$ = getal werkers in alle vervaardigingsnywerhede in die land.

Indien die kwosiënte wat verkry word, gelyk is aan een, kan dit veronderstel dat die streek se aandeel in indiensname in 'n gegewe nywerheid ekwivalent is aan sy aandeel in die totale indiensname in die nywerheidsektor. 'n Kwosiënt groter as een veronderstel dat die nywerheid relatief gekonsentreerd is in daardie gebied en 'n kwosiënt kleiner as een veronderstel weer dat die nywerheid relatief swak verteenwoordig is in daardie area. Oppervlakkig beskou kan 'n kwosiënt wat groter as een is veronderstel dat daardie nywerheid 'n uitvoernywerheid is en die teenoorgestelde in die geval van 'n kwosiënt kleiner as een.

A. Gosfield stel dit dan ook so:

"... those industries with location quotients greater than

1.Isard W, Methods of Regional Analysis. M.I.T. Press. Massachusetts V.S.A. 1967, p. 124.

TABEL 6.27

Vestigingskwosiënte vir alle hoofgroepe vervaardigingsnywerhede, maar uitgesluit wasserye en konstruksie vir Klerksdorp-distrik vir 1963/64

| Hoofgroep | Nywerheid | Kwosiënt |
|---|---|---|
| 1 | Voedsel | 2.05 |
| 2 | Drank | 1.85 |
| 3 | Tabak | - |
| 4 | Tekstiele | - |
| 5 | Kledingstukke, ens. | .15 |
| 6 | Hout en houtprodukte | .02 |
| 7 | Meubels | .22 |
| 8 | Papier en papierprodukte | - |
| 9 | Drukkers en uitgewers | .23 |
| 10 | Leer en leerprodukte | - |
| 11 | Rubberprodukte | 1.58 |
| 12 | Chemikalieë, ens. | - |
| 13 | Petrol en steenkool | - |
| 14 | Nie-metaalhoudende produkte | 3.43 |
| 15 | Basiese metaalnywerhede | .11 |
| 16 | Metaalprodukte | 1.28 |
| 17 | Masjinerie | 2.00 |
| 18 | Elektriese masjinerie, ens. | .68 |
| 19 | Vervoeruitrusting | 1.24 |
| 20 | Diverse nywerhede | .05 |

unity represent the areas of strength within a region and ought therefore to be developed; and in somewhat contradictory fashion, that those industries with location quotients less than unity ought to be encouraged in order to reduce the drain of imports."[1]

Die vervaardigingsnywerhede in tabel 6.27 met 'n kwosiënt groter as een, waaronder voedsel, drank, rubberprodukte, nie-metaalhoudende produkte, metaal produkte, masjinerie en vervoeruitrusting, is dus redelik hoog gekonsentreer in die ondersoekgebied. Veral die graanmeule is verantwoordelik vir die verhoging van die vestigingskwosiënt van voedselnywerhede in die gebied. By die nie-metaalhoudende nywerhede was dit die steenmakerye.

Uit tabel 6.28 blyk dit dat in alle nywerheidsgroepe, behalwe nie-metaalhoudende produkte, die kwosiënte gestyg het.

TABEL 6.28

Vestigingskwosiënte van enkele vervaardigingsnywerhede in Klerksdorp-distrik vir 1959/60 en 1963/64

| Nywerheid | 1959/60 | 1963/64 |
|---|---|---|
| Voedsel | 1.91 | 2.05 |
| Nie-metaalhoudende produkte | 4.56 | 3.43 |
| Metaalprodukte | .97 | 1.28 |
| Elektriese masjinerie | .57 | .68 |
| Ander * | .29 | .44 |

* Sluit in alle ander hoofgroepe, maar uitgesluit wasserye en konstruksie.

Hierdie verandering dui dus aan dat die ondersoekgebied besig is om ietwat van sy komparatiewe voordeel wat dit in 1959/60 ten opsigte van die metaalhoudende produkte gehad het, te verloor, terwyl dit in die ander

1. Isard, ibid., p. 125.

gevalle 'n aantrekliker gebied geword het vir die vestiging van nywerhede of dat daar heelwat aan bestaande nywerhede uitgebrei is.

## 6.16 SAMEVATTING

Uit die voorafgaande bespreking het dit duidelik geblyk dat, alhoewel Klerksdorp-distrik 'n betreklik reëlmatige verspreiding van nywerheidsaktiwiteite het, dit almal ligte nywerhede is wat weinig potensiaal besit om tot groot kragtige ondernemings te ontwikkel.

Die hoofklem van die nywerheidsaktiwiteite val hoofsaaklik op niemetaalhoudende produkte, metaalprodukte, rubberprodukte en masjinerie. Verder kom daar ook hoofsaaklik beskutte nywerhede voor soos bakkerye en graanmeulens.

Alle nywerhede in die gebied is basies markgeoriënteerd, veral masjinerie, elektriese masjinerie en metaalprodukte wat grootliks afhanklik is, hetsy direk of indirek, van die mark wat deur die goudmyne geskep word.

Weinig uitvoere word deur die onderskeie nywerhede buite die ondersoekgebied gedoen.

Ten opsigte van werkverskaffing in die nywerheidsektor vorm dit 'n relatief onbeduidende persentasie in die Republiek, maar is dit nogtans die grootste verskaffer van werk in hierdie sektor in die Ekonomiese streek 45.

Tesame met die toename in die aantal nywerhede was daar 'n groei in die reële produktiewe kapasiteit van die nywerhede in die ondersoekgebied.

Hierdie toename in produktiwiteit het met 'n verhoogde kapitaalinvestering gepaard gegaan. Sodanige verhoging van produktiwiteit kan egter ook toegeskryf word aan meer geskoolde arbeid wat in diens geneem is of aan grootskaalse meganisasie wat in die ondersoekgebied plaasgevind het.

'n Hoë persentasie styging het ook voorgekom in die gemiddelde salarisse en lone wat uitbetaal is, wat gevolglik ook voortdurend die plaaslike mark vir verbruikersgoedere vergroot het.

Dit is opvallend dat daar 'n daling in die gemiddelde waarde van produksie van die nywerhede was ten spyte daarvan dat daar 'n toename in die aantal nywerhede was. Hierdie verskynsel kan toegeskryf word aan kleiner ondernemings wat tot stand kom of aan die beperkte mark waarom meegeding word en gevolglik kleiner omset wat teruggevoer kan word na 'n vermindering van produksie.

H O O F S T U K 7

# MOONTLIKHEDE VIR DIE ONTWIKKELING VAN DIE LANDBOU IN KLERKSDORP-DISTRIK

## 7.1 INLEIDING

In hoofstuk 5 is 'n uiteensetting van die bestaande landboustruktuur in Klerksdorp-distrik gegee. Hieruit het geblyk dat die landbouproduksie 'n belangrike rol in die ekonomie van die ondersoekgebied speel.

Uit die kwantitatiewe bespreking kon nie 'n duidelike beeld verkry word aangaande die ontwikkelingsmoontlikhede van die landbou nie. Vervolgens sal daar gepoog word om die moontlikhede vir die uitbreiding van die landbousektor te evalueer.

## 7.2 AGRO-EKONOMIESE STREKE WAT IN DIE ONDERSOEKGEBIED VOORKOM


Daar bestaan drie agro-ekonomiese streke wat in die gebied voorkom, naamlik (verwys kaart 7.1)

i. die besproeiingstreke (A),
ii. die oorgangsboerderystreke (C),
iii. die droëlandsaaistreke van die binnelandse plato (B).

Omdat die ondersoekgebied so klein is, sal hierdie agro-ekonomiese streke nie afsonderlik nie maar as 'n geheel behandel word.

Die besproeiingstreke is geleë aan die Schoonspruit-rivier en die Kafferskraaldam. Die vernaamste akkerbougewasse wat dan ook langs hierdie besproeiingsbronne aangetref word, is aartappels, lusern en groente. Heelwat melkboerderye word ook in die besproeiingsstreke aangetref omdat hierdie aktiwiteit so afhanklik is van voer.

As gevolg van die beperktheid van besproeiingswater wil dit voorkom asof nuwe gewasse vir aanplantdoeleindes nie oorweeg sal kan word nie.




AGRO-EKONOMIESE STREKE — KLERKSDORP-LANDDROSDISTRIK

KAART 7.1

In die geval van die droëlandsaaistreke beslaan dit ongeveer die helfte van die landdrosdistrik. Die belangrikste gewasse wat hier verbou word, is mielies, sonneblom, kafferkoring en grondboontjies. Soos blyk uit die voorafgaande hoofstuk was 31.7 persent van die totale oppervlakte boerderygrond onder akkerbou waarvan die grootste gedeelte deur bogenoemde gewasse ingeneem was.

Verdere uitbreiding van saaigewasse word as beperk beskou en kan alleen ten koste van veeteelt geskied.

'n Klein gedeelte van die ondersoekgebied word ook as 'n oorgangsboerderystreek geklassifiseer. Dit behels die meer suidelike gedeelte van die distrik wat aan die Vaalrivier grens.

Soortgelyke produkte as wat by die droëlandsaaiery aangetref word, word hier ook gevind. Tog blyk dit dat die opbrengs per morg ietwat laer as die res van die distrik is. Dit kan moontlik aan die grondgehalte toegeskryf word. 'n Bodemopname van die ondersoekgebied sal egter heelwat lig op die grondkwaliteit kan werp.

In die geval van veeteelt kom vleisskape veral in die besproeiingstreke voor, alhoewel wol- sowel as vleisskape ook in die oorgangsboerderystreke aangetref word.

Die fisiese kenmerk van die oorgangsboerderystreek dui op 'n geskiktheid vir veeteeltproduksie, veral beeste. Hier is die meer suidelike gedeelte van die distrik die belangrikste omdat dit hoofsaaklik uit lang en medium grasveld bestaan. Sekere gedeeltes hiervan blyk egter suur te wees, en gevolglik is die drakrag heelwat laer as die soetgras.

## 7.3 MOONTLIKHEDE EN BEPERKENDE FAKTORE VIR TOEKOMSTIGE AKKERBOU-ONTWIKKELING

### 7.3.1 Grond

'n Beperkte hoeveelheid akkerbougrond word in die ondersoekgebied aan-

getref omdat praktyke wat op veeteelt betrekking het, nie in dieselfde mate aan die grondtipe gebonde is, as die wat op akkerbou betrekking het nie.

Verder bestaan 'n groot gedeelte ten ooste van Klerksdorp uit dolomitiese grond wat grootliks alleen vir weiveld geskik is (verwys kaart 7.2)[1]. 'n Groot gedeelte granietkoppies strek ook in 'n halfmaan van wes na noord oor Hartebeesfontein, wat verdere uitbreiding van akkerbougrond ook hier aan bande lê.

### 7.3.2 Gewassiektes en peste[2]

Alhoewel die gebied redelik vry van plantsiektes en peste is, kom daar tog in die laaste aantal jare 'n toename in stam- en wortelsiektes by mielies voor, terwyl mieliestamrusper en plantluise sporadies hul verskyning maak. Geen ander siektes wat 'n ernstige bedreiging vir die boerdery kan wees, kom voor nie.


### 7.3.3 Klimaat[3]

Die klimaat van die distrik is somerreënval met 'n gemiddelde reënval van 22.37 duim per jaar, waarvan bykans 80 persent gedurende die vyf maande vanaf November tot Maart voorkom. Min reën val gedurende September en Oktober, en dit kan soms baie wisselvallig wees.

Ook blyk dit dat die groeitydperk redelik lank is en dat ryp meesal vanaf die begin Mei tot in Augustus voorkom. Ontydige hael en droogtes bemoeilik ook heel dikwels verdere uitbreiding van akkerbouproduksie.

---

1. Verwerk uit Eksteen H.O. Boerderydoeltreffendheid op die kwartsitiese grond van Klerksdorp, M.Sc (Agric)-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1965.
2. Ibid p. 25.
3. Departement van Landbou. Agro-ekonomiese opname van die Unie. Staatsdrukker, Pretoria, 1947.


GRONDSAMESTELLING VAN KLERSDORP-DISTRIK
KAART 7.2
N
VAAL RIVIER
VENTERSDORP-LAWA (VLAK)
VENTERSDORP-LAWA (DIEP)
DOLOMIET GROND
TUFFS
ANDER VULKANIESE GROND
WAAISAND OP GRANIET EN KWARTSIET ASOOK SPOELGROND
DOLORIET GROND
GRANIET
KWARTSIET GROND
MENGSEL VAN KWARTSIET
SKAAL: 1 : 250000

7.3.4 Water

Een van die vernaamste stremmende faktore vir akkerbouproduksie is water. Ten spyte van 'n gemiddelde reënval van 22 duim per jaar is die verspreiding daarvan sodanig dat dit verbouing van akkerbougewasse onder droëlandtoestande redelik riskant maak. Daarom word daar ook grootliks klem gelê op die meer geharde gewasse soos mielies, sonneblom en kafferkoring.

Min watererosie kom voor, maar winderosie skep veral gedurende Augustus en September heelwat probleme.

7.3.5 Doeltreffendheid van bedryfsvoering

Uit 'n opname wat oor die boerderydoeltreffendheid in 'n gedeelte van Klerksdorp-distrik deur H.O. Eksteen gemaak is, blyk dit dat die doeltreffendheid van bestuur gemiddeld is.

Die meerderheid boere hou nie voldoende finansiële rekords nie, terwyl fisiese en finansiële gegewens nie voldoende as hulpmiddel in die beplanning van die boerderye aangewend word nie. Ook blyk dit dat hulle oor 'n redelike boerderykennis beskik, maar dat daar 'n afname is sodra die aard van die kennis wat verwag word meer tegnies van aard word. Deelname aan verenigingslewe en organisasies, waardeur hulle hul kennis kan verbreed en sodoende beter praktyke aan die dag lê, was egter ook gering.

Dit het ook uit bogenoemde ondersoek geblyk dat die vooruitstrewende boere 'n beter opleiding het, meer kennis besit, en kontak maak met persoonlike voorligtingsbronne.

Namate meer en beter voorligting aan boere in die ondersoekgebied verskaf word en hulle ook bereid is om daarvan gebruik te maak, kan dit tot beter bestuur van die boerderye en gevolglik hoër produksie in sowel akkerbou- as veeteeltprodukte lei.

7.3.6 Kapitaal

Dit blyk dat die finansiële posisie van die boere in die ondersoekgebied gesond is. Die netto boerdery inkomste was R14.2 vir 1961/62, R7.1 vir 1963/64 en R1.2 vir 1964/65 met 'n gemiddeld van R8.1 per jaar vanaf 1961/62 tot 1964/65 per R100 kapitaal belê.[1]

Ook is daar genoeg bronne, hetsy privaat of van staatsweë, tot beskikking van die boere in die ondersoekgebied vir die finansiering van lang-, medium- en korttermynbenodigdhede.

Kapitaal kan dus geensins 'n beperkende faktor wees nie, hetsy dit vir akkerbou of vir veeteelt benodig word. Ten spyte van die droogtetoestande was daar nogtans vir elke jaar 'n netto boerdery-inkomste, al het dit 'n dalende neiging getoon. Daar was dus ook voldoende interne finansieringsmiddele beskikbaar.

7.4 MOONTLIKHEDE EN BEPERKENDE FAKTORE VIR TOEKOMSTIGE VEETEELT-ONTWIKKELING

7.4.1 Water

Soos in die geval van akkerbou is water ook 'n beperkende faktor vir veeteelt in die gebied. Ondergrondse water is redelik diep, en dit is 'n groot koste-item wanneer geboor word.

7.4.2 Weiding

Die streek is oorwegend soetveld maar suurveld kom ook voor, veral in die suid-oostelike gedeelte van die distrik. Die twee hoofgrondsoorte waarin dit voorkom, is die rooibruin, effens swaar sandleemgrond en die ligte leemgrond. Die swaarder grond word in die oostelike dolomiete en

1. Steyn F.G. Die finansieringspatroon in die Suid-Afrikaanse landbou met spesiale verwysing na sekere streke. M.Sc.(Agric)-verhandeling. Universiteit van Pretoria, 1968, p. 16.

enkele plekke langs die Schoon-, Jag-, en Koekemoerspruite aangetref.

Natuurlike bosse en doringveld kom verspreid voor maar veral langs die Vaalrivier en tussen die heuwels. Alhoewel soms redelik dig is dit nogtans geskik vir weiveld in die droë seisoen. Die draagkrag van die doringveld is in normale jare ongeveer 5 tot 6 morge per bees terwyl die harde of suur grasse in normale jare op 8 tot 9 morge per bees bereken word.

Omdat hierdie weiveldgebiede egter deeglik benut word en daar selfs oorbeweiding voorkom, is dit te betwyfel of 'n verhoging van produksie op die beskikbare weiding kan plaasvind tensy daar behoorlike ruskans aan die veld gegun word en moontlik addisionele grasaanplantings geskied.

### 7.4.3 Kapitaal

Soos reeds bespreek in die geval van akkerbou kan kapitaal ook nie 'n beperkende faktor wees by veeteelt nie. Geen verdere bespreking sal gevolglik daaroor gevoer word nie.

### 7.4.4 Ander faktore

Die nabyheid van groot markte en die goeie toestand van die verbindingsweë bevoordeel die koste-aspek van die veeteelt veral vir vleisproduksie.

Wat die algemene toestand van plase betref, is die meeste plase omhein, maar daar kan, soos reeds aangehaal, meer oordeelkundige beweiding toegepas word.

Geen noemenswaardige erosie is te bespeur nie, maar daar moet veral teen winderosie gewaak word.

Soos in die geval van akkerbou is die bestuur ten opsigte van veeteelt ook gemiddeld en kan meer aandag aan beter bedryfsvoering bestee word.

# H O O F S T U K 8

## MOONTLIKHEDE VIR DIE ONTWIKKELING VAN SEKONDêRE NYWERHEDE IN KLERKSDORP-DISTRIK

### 8.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is 'n kwantitatiewe bespreking en ontleding van die sekondêre nywerheidsektor in Klerksdorp-distrik gedoen. Pogings is aangewend om verskeie aspekte so volledig moontlik te ontleed om 'n duidelike beeld van genoemde sektor te kry om sodoende die nodige afleidings en gevolgtrekkings te kan maak.

Met die statistiese ontleding kan egter nie volstaan word nie: daar moet ook 'n kwalitatiewe beoordeling daarvan geskied. Uit die voorafgaande hoofstuk kan nie onmiddellik vasgestel word wat die oorsake vir die vestiging van nywerhede en die groei daarvan in die gebied was nie. Gevolglik is daar toe van persoonlike onderhoude met amptenare van die onderskeie stadsrade en vraelyste wat aan ondernemers uitgestuur is, gebruik gemaak om verdere inligting te bekom. Ten opsigte van die vraelyste is daar van 'n ewekansige steekproef, waarop 'n tien persent reaksie was gebruik gemaak, en kan die gevolgtrekkings waartoe gekom is as redelik verteenwoordigend vir alle ondernemings in die sekondêre sektor beskou word.

Daar is verskeie basiese faktore wat die vestiging van nywerhede op 'n besondere plek of in 'n sekere gebied bepaal. Heelwat teoretiese werke om dit te verklaar het al die lig gesien. Omdat dit te omvangryk sal wees om die verskillende beskouings hier te bespreek, sal daar nie veel aandag aan gegee word nie, maar slegs kortliks op die belangrikste faktore gelet word.

Ten eerste is <u>grondstowwe</u> 'n baie belangrike faktor by die vestiging van 'n nywerheid en moet die nyweraar gevolglik 'n berekening maak van die ligging en relatiewe belangrikheid van elke grondstof, welke persentasie verlore gaan by verwerking, die vervoertarief op die verskillende grond-

stowwe in vergelyking met die klaar produkte, hoeveel van die grondstowwe beskikbaar is en tot watter mate die verkryging daarvan standhoudend is.

Ook moet daar gelet word op die koste verbonde aan die vervoer van grondstowwe, halfverwerkte produkte, voltooide produkte, ens. Wat betref die belangrikheid van vervoertariewe as vestigingsfaktor, kan daarop gewys word dat enige onderneming nie net te doen het met die proses van verwerking, vervaardiging of verkoop van 'n artikel nie, maar ook met die verkryging van die nodige grondstowwe of finale produk wat vervaardig, verwerk of versprei moet word. Die vestigingsvoordeel van 'n gebied uit die oogpunt van verkryging van byvoorbeeld die grondstof wat benodig word, word ook gemeet in terme van die koste waarteen verskillende hoeveelhed van die grondstof daar afgelewer kan word. Die koste van verkryging en die koste van distribusie van sodanige benodigde grondstowwe beskik oor 'n gemeenskaplike kenmerk in soverre beide altyd van vervoertariewe afhanklik is. Die koste en probleme verbonde aan die distribusie van goedere na verafgeleë markte, of die verkryging van grondstowwe vanaf verafgeleë bronne beïnvloed ondernemers om hulle ôf nader aan die mark ôf nader aan die grondstofbron te vestig. Ander faktore ten opsigte van die afstand en vervoertariewe, is die soort diens wat daarmee saamgaan, persoonlike kontak met die bron of mark, ens. In sommige gevalle mag die vervoerkoste egter weinig invloed op die vestigingsplek van 'n onderneming hê, of dit kan verskil van plek tot plek of van nywerheid tot nywerheid.

By die bepaling van die vestigingsplek werk die vervoerkoste dus via ander vestigingsfaktore soos grondstowwe, arbeid en markte.

Nog 'n belangrike faktor wat by die plekbepaling van bedrywe in ag geneem moet word, is arbeid - afhangende of sodanige bedryf arbeidsintensief gaan wees of nie. In hierdie geval moet daar deeglik met die aanbod, prys, geskooldheid en konstantheid van die arbeid rekening gehou word. Ook moet die kulturele en sosiologiese aspekte van die arbeid nie agterweë gelaat word nie, want dit kan wel 'n beslissende invloed op die vestiging van ondernemings hê. Nog 'n belangrike aspek van arbeid wat invloed kan uitoefen, is of dit georganiseerd is of nie, dit wil sê in vakunies. Dit is egter

twyfelagtig of georganiseerde arbeid veel invloed in Suid-Afrika kan uitoefen, omdat 'n vakvereniging nie aan 'n plek gebonde is nie, maar aan die bedryfstak en dus die bedryf volg, waar dit ookal in die land gevestig is.

Dat die mark 'n faktor is wat 'n groot invloed op die vestiging van ondernemings in Suid-Afrika op sekere plekke uitoefen, blyk uit die volgende aanhaling:

> "Ons is die sienswyse toegedaan dat die nabyheid aan die mark die vernaamste faktor is wat die plekbepaling van die nywerhede in die Unie moet beslis."[1]

Omdat die winsmotief as die sterkste stimulis in die ekonomiese lewe van vandag beskou word, soos erken word deur die Raad van Handel en Nywerheid[2], kan daar aangeneem word dat die private ondernemer sy onderneming däär sal vestig waar dit hom die grootste verskil sal oplewer tussen sy totale geldopbrengste aan die een kant en sy totale produksiekoste aan die ander kant; dit wil sê vestiging sal däär plaasvind waar die grootste wins per eenheid kapitaal belê, bereik sal word. Hierdie wins van die ondernemer sal van die mark wat daar vir sy produk bestaan afhang, dit wil sê van die grootte en die ligging van die aanvraag ten opsigte van die vestigingsplek van die onderneming. Hieruit volg weer dat die distribusiekoste van die produk vanaf die onderneming na die mark ook 'n invloed op die vestigingsplek sal uitoefen, aangesien dit uiteindelik die prys van die artikel affekteer wat op sy beurt weer tot 'n groot mate 'n bepalende faktor van die vraag na die produk is.

Vir die ondernemer is dit nie altyd so maklik om die grootte en selfs die juiste ligging van sy produk se mark te bepaal nie. Dit vereis 'n noukeurige studie van die koopkrag van die publiek sowel as hulle koopgewoontes, smaak, mededinging ten opsigte van soortgelyke produkte of ander kompeterende produkte, vervoerkoste op die klaar vervaardigde artikel asook verskeie ander faktore.

---

1. Verslag van die Plattelandse Nywerhede Kommissie, Departement van Handel en Nywerheid. U.G. 27, 1940, Pretoria. p. 26.
2. Raad van Handel en Nywerheid. Ondersoek na Fabriekswese in die Unie van Suid-Afrika. Verslag no. 282, 1945, p. 4.

Nog 'n belangrike faktor by die vestiging van nywerhede, veral in Suid-Afrika, is water. Dit word in die Republiek 'n faktor waarmee steeds meer en meer rekening gehou moet word. Die aanwesigheid van voldoende hoeveelhede water en van die regte kwaliteit (Dit kom in drie vorms voor, naamlik gesuiwerde rivierwater, ru-rivierwater of gesuiwerde rioolwater[1]) vir nywerheids-, sowel as huishoudelike gebruik, verkrygbaar teen 'n lae tarief, is baie belangrik, veral in sommige nywerhede. Hier kan ons veral aan die tekstielnywerhede dink.

Ander belangrike faktore wat 'n invloed by die plekbepaling van nywerhede uitoefen, is die beskikbaarheid van kapitaal, brandstof, lig, en krag, klimaat, terrein, monopolistiese elemente, persoonlike keuse, behuising en ander basiese dienste. Wel moet daarop gelet word dat een van die mees belangrike faktore wat teenswoordig by die vestiging van nywerhede in aanmerking geneem moet word die desentralisasiebeleid van die regering is. Daar sal vanweë die belangrikheid daarvan ook kortliks aandag daaraan gegee word.

## 8.2 DESENTRALISASIEBELEID VAN DIE SENTRALE OWERHEID

Die beleid van desentralisasie van nywerhede na die grensgebiede moet as een van die belangrikste faktore by die vestiging van nywerhede beskou word. Die rede hiervoor is dat daar eers die nodige toestemming van die Komitee vir Nywerheidsvestiging verkry moet word.

Indien die onderneming nie arbeidsintensief[2] is nie, bestaan die moontlikheid wel dat vestiging op 'n ander plek as die grensgebiede kan plaasvind.

---

1. Haak, J.F.W. Vestigingsfaktore by Nywerheidsontwikkeling. Volkshandel. Maart 1963. p. 42.
2. Met arbeidsintensief word hier bedoel ondernemings wat veral grootliks afhanklik is van Bantoe-arbeid.

Om die desentralisasie van nywerhede na die grensgebiede te stimuleer is die regering dan ook bereid om op die volgende maniere behulpsaam te wees:[1]

(a) Hulp by die daarstelling van basiese dienste soos krag, water en vervoer.

(b) Verskaffing van huisvesting vir blanke werkers.

(c) Hoë depressiasietoelaes ten opsigte van fabrieksgeboue en installasies op aanbeveling van die vaste komitee vir nywerheidsvestiging en grensgebiedontwikkeling.

(d) Byvoeging van die koste van fabrieksverskuiwing na 'n grensgebied, soos bereken deur die genoemde komitee, by kapitaal vir die doel van depresiasietoelaes.

(e) Vergoeding aan 'n ondernemer tot 'n maksimum van 75 persent van die verskil tussen die oprigtingskoste van sy fabriek in 'n grensgebied en die verkoopwaarde daarvan op die ope mark nadat die ondernemer een jaar op die nuwe plek geopereer het.

(f) Die oprigting en verhuur van fabrieksgeboue, asook die opbou van volledig beplande nywerheidsentrums.

(g) Waar nodig die voorsiening van bykomende geld aan die N.O.K. vir belegging teen besondere voorwaardes in grensgebiedbedrywe.

(h) Die handhawing van die beginsel van loondifferensiasie ten opsigte van grensgebiede vir sover faktore soos laer produktiwiteit en arbeid en laer lewensduurte dit regverdig.

(i) Die verhoging van die lae produktiwiteit van Bantoe-arbeid deur middel van vakskole in Bantoe-gebiede.

(j) Tegemoetkominge aan nyweraars ten opsigte van spoorwegtariewe.

Al hierdie voordele kan dus die vestiging van nywerhede in grensgebiede besonder aanhelp omdat koste sodoende verlaag word. Ook hoef nywerhede nou nie meer noodwendig markgebonde te wees nie.

## 8.3 FAKTORE WAT DIE VESTIGING VAN NYWERHEDE IN DIE ONDERSOEKGEBIED BEÏNVLOED HET

Ten opsigte van die struktuurstudie van die nywerhede in Klerks-

1. Volkshandel. Grensnywerhede. Julie 1960. p. 24.

dorp-distrik is daar slegs van statistiese ontleding gebruik gemaak. Hieruit het dit duidelik geword hoe en in watter rigting die ontwikkeling plaasgevind het.

In tabel 8.1 word 'n uiteensetting gegee van faktore wat die vestiging van nywerhede in die gebied veroorsaak het.

TABEL 8.1

Vergelyking van faktore wat die vestiging van nywerhede in Klerksdorp-distrik tot gevolg gehad het

| Faktor | Persentasie |
|---|---|
| Nabyheid van mark | 22.2 |
| Nabyheid van grondstowwe | 4.9 |
| Beskikbaarheid van geskoolde arbeid | 8.6 |
| Beskikbaarheid van ongeskoolde arbeid | 11.1 |
| Beskikbaarheid van geskikte terrein | 14.8 |
| Beskikbaarheid van krag en water | 9.9 |
| Beskikbaarheid van bygeboue | 8.6 |
| Nabyheid van ondernemings wat inskakel | 4.9 |
| Nabyheid van hoofpaaie | 6.2 |
| Nabyheid van padvervoerdienste | 2.6 |
| Nabyheid van spoorvervoer | 6.2 |
| Ander faktore | - |
| | 100.00 |

Uit die vraelyste en soos dit uit die tabel blyk, het die meeste ondernemers aangedui dat die nabyheid van die mark (hieronder word verstaan Klerksdorp, Orkney en Stilfontein) die oorsaak van vestiging in die ondersoekgebied was. Ook was die beskikbaarheid van geskikte terreine, ongeskoolde en geskoolde arbeid van die ander mees belangrike faktore.

Die ondersteuners van 'n grootskaalse program van industriële uitbreiding in die ondersoekgebied, hou vol dat daar genoegsame arbeid hetsy Blank of Nie-blank beskikbaar is. Meer klem is egter gelê op arbeid wat beskikbaar sal kom indien die goudmyne sluit. Ook is klem gelê op die relatief goedkoop Bantoe-arbeid. Indien ons dit egter vergelyk met die van Suid-Afrika, dan blyk dit nie die geval te wees nie. Gedurende 1959/60 was die gemiddelde loon per Bantoewerker onderskeidelik R349.3 en R357 in Suid-Afrika en Klerksdorp-distrik. In die geval van Blankes was dit R1890 teenoor R1762 onderskeidelik. In die geval van Blankes was die arbeid dus goedkoper, maar dit kan nie gesê word van die Bantoe-arbeiders nie.

## 8.4 FAKTORE WAT NYWERHEIDSVESTIGING BEPERK

Uit die vraelyste het dit ook geblyk dat daar stremmende faktore is wat nywerheidsuitbreiding of toekomstige nywerheidsvestiging aan bande kan lê.

### 8.4.1 Kapitaal

Ongeveer 15 persent van die ondernemers was dit eens dat beskikbaarheid van kapitaal een van die belangrike faktore is wat moontlike uitbreiding beperk. Beskikbaarstelling van kapitaal aan ondernemers in die ondersoekgebied deur finansiële instellings behoort dus aangemoedig te word.

### 8.4.2 Arbeid

Ten opsigte van arbeid blyk dit dat daar 'n tekort aan geskoolde arbeid in teenstelling met ongeskoolde arbeid is: 20 persent van die ondernemers het die beskikbaarheid van geskoolde arbeid as 'n stremmende faktor genoem, terwyl slegs 5 persent ongeskoolde arbeid as 'n beperking op verdere uitbreiding of moontlike vestiging van nywe nywerhede gesien het.

### 8.4.3 Die mark

Hierdie aspek was die belangrikste beperkende faktor en 55 persent

van die bestaande ondernemers het dit onderskryf. Die moontlikheid van verdere uitbreiding van ondernemings in die gebied sowel as die vestiging van markgeoriënteerde nywerhede in die Klerksdorp-gebied is dus beperk, en gevolglik sal daar 'n meer uitwaartse beleid na ander markte toegepas moet word.

### 8.4.4 Desentralisasie-beleid van die Sentrale Owerheid

Hierdie faktor word as die belangrikste beperking vir die vestiging van nywerhede in die gebied beskou. Die ondersoekgebied is nie geklassifiseer as een van die grensgebiede nie, en omdat daar so baie voorregte toegesê is aan voornemende ondernemers wat hulle by grensgebiede gaan vestig, blyk dit bykans 'n onmoontlike taak vir die plaaslike owerhede om nywerhede na hierdie gebied te lok. Ook is die probleem dat vestiging wel in Klerksdorp kan plaasvind, maar dan alleenlik kapitaal intensiewe en nie arbeids-intensiewe ondernemings nie. By laasgenoemde word veral gedink aan die wat van Bantoe-arbeid gebruik maak.

### 8.4.5 Water

Net soos in die geval van baie ander gebiede in Suid-Afrika is die ondersoekgebied ook onderhewig aan water as 'n stremmende faktor vir verdere nywerheidsontwikkeling. Moontlike oorbrugging van hierdie probleem word egter gebied deur die Oppermansdrifdam wat in die Vaalrivier in aanbou is, die plaaslike Kafferskraaldam in die Skoonspruit wat alhoewel nie groot nie, tog 'n redelike bydrae kan lewer, en die moontlike gebruik van water wat uit die onderskeie myne gepomp word.

## 8.5 ONTLEDING VAN DIE GROEIMOONTLIKHEDE VAN DIE SEKONDêRE SEKTOR

In die vorige gedeeltes is 'n ontleding van die nywerheidsektor gemaak asook van die faktore wat aanleiding gegee het tot die vestiging van sekondêre nywerhede in die Klerksdorp-gebied. Daar is ook op faktore gelet wat verdere uitbreiding van bestaande ondernemings of vestiging van nuwe ondernemings aan bande lê.

Vervolgens word op die ontwikkelingsmoontlikhede van die sekondêre sektor in die ondersoekgebied, gelet.

8.5.1 Kapitaal

Weens die aantrekkingskrag van die grensgebiede vir nywerheidsontwikkeling as gevolg van die voorregte wat aan ondernemers toegestaan word indien vestiging in die geproklameerde gebiede plaasvind, is dit te betwyfel of beleggers op groot skaal kapitaal in die ondersoekgebied sal belê. Ontwikkeling het tot op datum in die nywerheidsektor grotendeels op inisiatief en kapitaal van die ingesetenes van die ondersoekgebied plaasgevind. Daar is ook in 'n redelike mate gehelp deur instellings van buite, maar bloot vir die vestiging van hulle takke of agentskappe wat die beskikbare mark kon benut.

Indien kapitaal van buite die gebied verkry wil word, sal 'n sterk saak gestel moet word om potensiële beleggers van die voordele wat die gebied inhou, te oortuig. 'n Ander moontlikheid is om plaaslike fondse te mobiliseer en dan sal dit moontlik

> "voordelig wees dat hierdie ondernemings in soverre moontlik tot stand kom op die basis van „vennootskap" tussen plaaslike belanghebbendes en nasionale organisasies wat spesialiseer in nywerheidsfinansiering."[1]

Of dit wel prakties uitvoerbaar sal wees, is 'n saak wat verdere studie sal noodsaak. Dit blyk dus dat die ingesetenes van die ondersoekgebied die nodige opofferings sal moet maak om latere voordele wat nywerheidsontwikkeling in hierdie gebied kan meebring, te kan benut.

8.5.2 Water

Die Klerksdorp-Orkney-Stilfonteindriehoek is vir sy watervoorsie-

---

1. Van den Berg, M.D. „Die klimaat vir Nywerheidsfinansiering." Referaat te Bloemfontein oor Nywerheidsvestiging in die Oranje-Vrystaat en Noordwes-Kaapland vanaf 9 - 10 Junie 1960, p. 8.

ning hoofsaaklik van die Vaalrivier as bron afhanklik; en die waterwerke is ongeveer 10 myl van Klerksdorp af by Orkney geleë. Daar word egter ook van ongesuiwerde water uit die Skoonspruit gebruik gemaak. Van die Kafferskraaldam word ook gebruik gemaak, alhoewel net in 'n beperkte mate omdat dit grotendeels vir landbou-doeleindes aangewend word.

In tabel 8.2 word die waterverbruik vir die ondersoekgebied vir die jare 1955/56, 1959/60 en 1961/62 aangetoon:[1]

TABEL 8.2

<u>Waterverbruik per ekonomiese sektor vir 1955/56 - 1961/62 vir Klerksdorp-distrik</u>

| | Sektor | 1955/56 gellings | 1959/60 gellings | 1961/62 gellings |
|---|---|---|---|---|
| | Mynbou en | 5025744 | 7373929 | 8630380 |
| | Fabriekswese, konstruksie | 153547 | 163441 | 151636 |
| Totaal | Krag, gas en water | | | |
| | Ander sektore | 772819 | 1213439 | 1435576 |
| | Totaal | 5952111 | 8750810 | 10217542 |
| | Mynbou en | 84.43 | 84.27 | 84.46 |
| Persentasie van | Fabriekswese, konstruksie | 2.58 | 1.78 | 1.48 |
| | Krag, gas en water | | | |
| Totaal | Ander sektore | 12.99 | 13.86 | 14.06 |
| | Totaal | 100 | 100 | 100 |

Hieruit blyk dit dat daar persentasie gewys 'n afname was in waterverbruik van fabriekswese en konstruksie. Hierdie syfer is ietwat verwarrend

1. Verwerk uit gegewens soos aangetoon in M.Comm.-verhandeling van C.H. Boshoff.

indien dit vergelyk word met die toename in aantal instellings en bruto waarde van produksie van genoemde sektor. Geen besliste verklaring kan vir hierdie neiging gevind word nie.

Vir die tydperk onder bespreking blyk dit dat daar in die geval van mynbou en steengroewe 'n feitlik konstante verhouding tot die ander sektore in die waterverbruik was. Die toename in waterverbruik van 1955/56 tot 1961/62 was egter groot.

Indien die goudmyne dus sluit en die beskikbaarstelling van water aan die ondersoekgebied geskied nog volgens die totale hoeveelheid, kan daar geen watertekort vir nywerhede wat in dié gebied gevestig mag word, voorsien word nie. Water wat deur die myne verbruik word en dus nie meer benodig sal word nie, kan oorgedra word na die nywerheidssektor.

Water word uit alle beskikbare bronne verkry en nie slegs uit die Vaalrivier nie.

Die toename in waterverbruik in die ondersoekgebied dui ook weereens op die geweldige groei wat daar in die ekonomie van Klerksdorp-distrik plaasgevind het.

In tabelle 8.3 en 8.4 word 'n aanduiding verkry van die waterverbruik van die Orkney-Klerksdorp-Stilfontein-driehoek.

8.5.3 Die Mark

Die mark kan allerweë beskou word as een van die belangrikste faktore wat 'n aanduiding kan gee van die ontwikkelingsmoontlikhede van 'n gebied. Om egter te bepaal hoe groot die mark is, moet daar na die persoonlike, beskikbare inkome van daardie betrokke gebied gekyk word. Die jongste syfers wat beskikbaar was op landdrosdistrikbasis was vir die jaar 1958/59 soos opgestel deur die Buro vir Marknavorsing deur die Universiteit van Suid-Afrika.

TABEL 8.3

Totale hoeveelheid gellings water verbruik binne die Klerksdorp-Orkney-Stilfontein-driehoek vanaf 1955/56 tot 1967/68

| Jaar | Klerksdorp | Orkney | Stilfontein | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| 1955/56 | 441650000 | 145568000 | - | - |
| 1956/57 | 456250000 | 136898700 | - | - |
| 1957/58 | 500500000 | 123748150 | - | - |
| 1958/59 | 511000000 | 153295500 | - | - |
| 1959/60 | 529250000 | 164221200 | - | - |
| 1960/61 | 547500000 | 171391400 | 346056400 | 1064947800 |
| 1961/62 | 514650000 | 181895700 | 390824700 | 1087370400 |
| 1962/63 | 600715400 | 194676200 | 435593000 | 1230983600 |
| 1963/64 | 729213400 | 220634600 | 495639000 | 1445487000 |
| 1964/65 | 751035500 | 238172600 | 497287000 | 1486495100 |
| 1965/66 | 817807850 | 392836300 | 516918500 | 1775626500 |
| 1966/67 | 595906100 | 547500000 | 536550000 | 1679956100 |
| 1967/68 | 324848175 | 565750000 | 332150000 | 1222748175 |

Bronne: (a) Finansiële Jaarverslae van die onderskeie Munisipaliteite
(b) Offisiële Munisipale Jaarboeke.

TABEL 8.4

Indeks van waterverbruik in die Klerksdorp-Orkney-Stilfontein-driehoek sedert 1960/61 (Basisjaar 1960/61 = 100)

| Jaar | Klerksdorp | Orkney | Stilfontein | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| 1960/61 | 100 | 100 | 100 | 100 |
| 1961/62 | 94.0 | 106.1 | 113.0 | 102.1 |
| 1962/63 | 109.7 | 113.6 | 125.9 | 115.6 |
| 1963/64 | 133.2 | 128.7 | 143.2 | 135.7 |
| 1964/65 | 137.8 | 138.9 | 143.7 | 139.6 |
| 1965/66 | 149.4 | 229.2 | 149.4 | 166.7 |
| 1966/67 | 108.8 | 319.4 | 155.1 | 157.8 |
| 1967/68 | 59.3 | 330.1 | 95.9 | 114.8 |

Uit tabel 8.5 blyk dit dat die persoonlike, beskikbare inkome van die Ekonomiese Streek R159 miljoen beloop het, waarvan Klerksdorp-distrik R93.9 of te wel ongeveer 60 persent bygedra het. Indien dit met die Republiek as geheel vergelyk word, blyk dit dat hierdie distrik 2.88 persent van die land se persoonlike, beskikbare inkome gehad het. Die gebied het dus ongeveer 3 persent van die totale mark uitgemaak. (Vergelyk dit met die 3 persent van die hele Noord-Kaapland, 1.7 persent van Noord-Transvaal en 1.9 persent van Noord-Natal.)[1]

Tabel 8.5 toon verder dat Klerksdorp-distrik die enigste gebied is wat enigsins 'n noemenswaardige mark in die ekonomiese streek het.

Tog is daar binne 'n radius van eenhonderd myl die hele Suid-Transvaal en Noord-Vrystaat wat onderskeidelik 34 persent en 6.3 persent van die beskikbare inkome bevat het en dus in 'n groot mate benut kan word. Hierdie syfers mag al heelwat hoër wees.

Klerksdorp-distrik was dan ook 'n groot aantrekkingskrag vir markgeoriënteerde instellings behalwe in die geval van die goudmyne wat grondstofgeoriënteerd is. Dit blyk ook vervolgens uit tabel 8.6 dat die goudmyne (mynbou), die grootste bydraers tot die persoonlike, beskikbare inkome was, naamlik 69.6 persent. Dit het ook weer eens aanleiding gegee tot die groot- en kleinhandel se 10.2 persent bydrae en die 4.9 persent van vervaardiging, konstruksie, gas en water.

Omdat die ondersoekgebied nie oor enige ander grondstowwe beskik nie, is al moontlikheid dat grondstowwe vanaf ander gebiede ingevoer moet word. Markgeoriënteerde nywerhede kan opgerig word, maar hulle moet ook poog om die groter aangrensende markte sowel as die nasionale en internasionale, te betree.

---

1. Malan, T. Die ekonomiese struktuur en ontwikkelingsmoontlikhede van Noord-Kaapland. M.Comm.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom. 1968. p.110.

TABEL 8.5

Die persoonlike, beskikbare inkome en per kapita inkome van die Republiek, Transvaal, Oranje-Vrystaat, Natal, Kaapprovinsie en Ekonomiese Streek no. 45 vir 1958/59

| Gebied | Persoonlike beskikbare inkome R,000 | Persentasie van landstotaal % | Per kapita persoonlike beskikbare inkome (R) |
|---|---|---|---|
| Suid-Afrika | 3260703 | 100 | 203.8 |
| Transvaal | 1546210 | 47.42 | 246.5 |
| Oranje-Vrystaat | 305558 | 9.37 | 220.4 |
| Kaapprovinsie | 998087 | 30.61 | 186.1 |
| Natal | 410848 | 12.60 | 137.9 |
| Eko. Streek 45 | 159044 | 4.88 | 321.3 |
| Bloemhof | 1723 | .0528 | 155.7 |
| Christiana | 1935 | .0594 | 149.2 |
| Delareyville | 8325 | .2553 | 240.1 |
| Klerksdorp | 93941 | 2.8810 | 590.2 |
| Lichtenburg | 18924 | .5804 | 221.5 |
| Potchefstroom | 15610 | .4787 | 188.4 |
| Schweizer-Reneke | 5224 | .1602 | 184.0 |
| Ventersdorp | 5836 | .1790 | 146.7 |
| Wolmaranstad | 7526 | .2308 | 185.0 |

Bron: Buro vir Marknavorsing, Universiteit van Suid-Afrika. „Regional distribution of purchasing power in the Republic of South Africa", Pretoria, 1965.

TABEL 8.6

Persoonlike inkome volgens produksie-sektor vir Klerksdorp-distrik vir 1958/59 (R,000)

| Sektor | Persoonlike inkome (a) | Persentasie van totaal |
|---|---|---|
| Landbou, bosbou en visserye | 3330 | 3.2 |
| Mynbou en steengroewe | 71685 | 69.6 |
| Vervaardiging, konstruksie, elektrisiteit, gas en water | 4999 | 4.9 |
| Vervoer, opberging en kommunikasie | 2346 | 2.3 |
| Groot- en kleinhandel | 10462 | 10.2 |
| Finansiële instellings en vaste eiendom | 1129 | 1.1 |
| Eienaarskap van wonings | 1379 | 1.3 |
| Regeringsdienste | 2291 | 2.2 |
| Ander dienste | 5448 | 5.2 |
| Totaal | 103069 | 100 |
| Min netto verskil * | 7806 | |
| Persoonlike inkome | 95263 | |

a) Bron: Buro vir Marknavorsing, Universiteit van Suid-Afrika "Regional distribution of purchasing power in the Republic of South Africa." Pretoria, 1965.

*Dit is die verskil tussen (i) lopende oordragte vanaf ander lande en oordragbetalings en (ii) netto faktor-inkomste vanaf die res van die wêreld, wat bygetel of afgetrek moet word van persoonlike inkome van produksie om sodoende persoonlike inkomste van al die bronne te verkry.

8.5.4 Arbeid

Uit tabel 4.8 blyk dit dat 65.7 persent en 6.4 persent van die ekonomies bedrywige bevolking in die mynbou en landbou onderskeidelik werksaam was. Dus was meer as 70 persent van Klerksdorp-distrik se bevolking nog in die primêre sektor werksaam.

Sowel die landbou as die mynbou bied dan ook 'n onbeperkte mark vir Nie-blanke-ongeskoolde arbeid. In die geval van die mynbou word daar egter meesal van trekarbeid gebruik gemaak.

Soos geblyk het uit die beperkende faktore wat deur reeds gevestigde ondernemings in die ondersoekgebied by verdere uitbreidings ondervind word, was dit veral 'n tekort aan geskoolde arbeid wat stremmend inwerk op ontwikkelingsmoontlikhede. Geskoolde arbeid sal dus noodwendig van ander gebiede getrek moet word.

Projeksies van bevolkingsgroei vir die onderskeie rasse in Klerksdorp-distrik dui egter aan dat arbeid nie noodwendig stremmend sal wees nie aangesien daar voldoende ongeskoolde arbeid, veral ten opsigte van Bantoes, sal wees, en daar kan ook redelik voldoende geskoolde arbeid uit die plaaslike Blanke-bevolking opgelei word.

Indien die regering sy beleid van terugskuiwing van Bantoes na die onderskeie tuislande streng toepas, sal meer klem op kapitaal-intensiewe ondernemings gelê moet word. Dit kan ontwikkelingsmoontlikhede van die Klerksdorp-Orkney-Stilfontein-driehoek verder aan bande lê aangesien meeste van die ondernemings in hierdie gebied redelik arbeidsintensief is.

8.5.5 Grondstowwe

Klerksdorp-distrik is nie ryklik bedeeld met grondstowwe nie, veral delfstowwe. Behalwe vir die edelmetale, naamlik goud, silwer en uraan, word ook 'n geringe hoeveelheid platinum-metale in die goudmyne aangetref,

maar dit is nie lonend om te ontgin nie. Geringe hoeveelhede diamantneerslae word ook nog in die gebied aangetref.

Ander delfstowwe[1] wat in die ondersoekgebied aangetref word, is torium. Dit word gebruik by die vervaardiging van gloeikousies vir gaslampe, as addisionele middel by magnesiumlegerings om hulle hoedanighede te verbeter, by die legering daarvan met wolfram om gloeidraad met hoë weerstand teen skok te produseer, asook in die prosesse in nywerheidskeikunde. Wat veral belangrik is, is dat torium nou potensieel van belang geword het as 'n praktiese bron van splitbare materiaal vir die aanwending van atoomkrag. Dit blyk egter dat die voorkomste in die ondersoek van geringe kommersiële betekenis op die huidige oomblik is.

Ander delfstowwe wat ook in die gebied voorkom maar ook nie lonend is om te ontgin nie, is seldsame grond, waarin torium aangetref word en swael en ysterperiet. Laasgenoemde twee stowwe word ook in die goudhoudende konglomeraat aangetref.

Dit blyk dus dat die moontlikhede vir die ontwikkeling van sekondêre nywerhede wat van delfstowwe in die ondersoekgebied gebruik maak, maar uiters gering is. Nywerhede wat dus delfstowwe gebruik, sal dit van ander gebiede moet verkry.

Al moontlikheid waarop sekondêre nywerhede gebaseer kan word in Klerksdorp-distrik is die verwerking van landbouprodukte. Hierdie gebied is redelik sentraal geleë ten opsigte van die mieliestreek en lewer self ook 'n groot bydrae tot die mielieproduksie van die Republiek. Ander landbouprodukte wat moontlik verwerk kan word, is grondbone en sonneblomsaad. Genoemde drie akkerbouprodukte is die belangrikste wat in die gebied voorkom.

Dit is egter te betwyfel of sukses ondervind sal word met die oprigting van sodanige fabrieke omdat daar reeds 'n groot mielieverwerkings-

---

1. Bron: Die delfstowwe in die Unie van Suid-Afrika.
   Die Staatsdrukker, Pretoria. 1959.

fabriek te Meyerton bestaan, heelwat graanmeulens in die onmiddellike omgewing asook 'n fabriek op Viljoenskroon wat oliesade verwerk. Daar moet egter ook gelet word op die feit dat die vestiging van sodanige nywerhede ook slegs geringe kompensasie vir die verlies van die goudmyne sal bring.

Soortgelyke probleme as wat met akkerbouprodukte se verwerking ondervind sal word, sal ook op die veeteeltprodukte van toepassing wees.

8.5.6 Vervoer

Netsoos die ander aspekte van die infrastruktuur van die ondersoekgebied is die vervoerfasiliteite goed ontwikkel. Goeie pad- en spoorverbindings strek na al die groot stedelike komplekse, en die interne netwerk is ook voldoende.

Met Klerksdorp as sentrale punt strek die spoorwegnetwerk direk na die Rand, Kimberley, Kroonstad, die Vaaldriehoek en die gebied wes van Klerksdorp na die aangrensende distrikte.

Heelwat probleme word egter ondervind met die spoorwegtariewe wat 'n invloed op die vestiging van nywerhede in die gebied kan hê. Daar word veral meer klem op die laer tariefskale, op die vervoer van grondstowwe as dié op die klaar vervaardigde artikel gelê.

Omdat die ondersoekgebied nie oor die nodige mark beskik nie en redelik ver van die potensiële markte af geleë is, kan 'n verlaging van die tariewe op klaarvervaardigde produkte 'n groot aantrekkingskrag vir vestiging in Klerksdorp-distrik wees.

Om die invloed van tariewe op die vestigingsmoontlikhede van nywerhede in die ondersoekgebied te bepaal, sou 'n kwantitatiewe studie op sigself vereis. Vanweë die omvang wat dit kan aanneem, sal daar gevolglik geen aandag in hierdie studie daaraan gegee word nie.

Dit blyk dus dat die ontwikkeling van pad- en spoorverbindings geen stremmende invloed op nywerheidsvestiging in die gebied kan hê nie, maar dat die huidige toepaslike spoorvragtariewe wel 'n nadelige effek het.

Daar kan egter kortliks gelet word op enkele bevindinge van die Schumann-kommissie insake spoorwegtariefbeleid en nywerheidsvestiging in Suid-Afrika[1].

(a) Die komitee aanvaar die beleid van desentralisasie en grensgebied-ontwikkeling as gegewe;

(b) .... onder nywerheidsdesentralisasie word dan verstaan die oprigting van nuwe nywerhede in gebiede buite die omgewing van die vier bestaande groot nywerheidskomplekse;

(c) Spoorwegtariewe vorm slegs een aspek van die probleem van nywerheidsontwikkeling en -vestiging en die nodige hulp aan sekere gebiede kan net bepaal word na deeglike ondersoek van al die betrokke faktore;

(d) Die besondere vestigingspatroon van sekondêre nywerhede het gegroei uit die aanvanklike ontwikkeling van die hawestede en die ontginning van goud aan die Witwatersrand; die spoorwegtariewe was nie die basiese faktor in die verband nie;

(e) Indien nywerheidsontwikkeling in die toekoms in 'n groot mate bestaan uit die vervaardiging van basiese en intermediêre grondstowwe om in die inter-industrievraag te voorsien kan spoorwegtariewe in sekere gevalle van genoegsame betekenis wees om die vestigingsplek te beïnvloed;

(f) 'n Aanbeveling dat die tariefstruktuur in die algemeen gewysig word om desentralisasie te bevorder sal dus nie die gewensde resultate oplewer nie, en die komitee is van mening dat die tariefaanpassings op 'n selektiewe grondslag moet geskied wanneer omstandighede dit vereis.

---

1. Schumann C.G.W., e.a. Verslag van die Komitee insake Spoorwegtariefbeleid en Nywerheidsvestiging in Suid-Afrika. Die Staatsdrukker, Pretoria. 1964, p. 156.

✓ 8.5.7 Elektrisiteit en Krag

Evkom voorsien tans die ondersoekgebied met elektrisiteit en dit behoort geensins 'n stremming op die nywerheidsontwikkeling of -vestiging in die gebied te hê nie.

In tabelle 8.7 en 8.8 word die totale hoeveelheid eenhede elektrisiteit verbruik deur die drie munisipale gebiede aangetoon, asook die indekse van toename in verbruik.

Hieruit blyk dit dat die grootste styging in verbruik sedert 1960/61 in Orkney plaasgevind het met 'n gemiddelde toename van 12 persent per jaar teenoor 7 persent en 5.6 persent van Klerksdorp en Stilfontein onderskeidelik. Die grootste verbruiker was egter Klerksdorp wat in 1967/68, 73535428 eenhede verbruik het.

Steenkool kom nie in die ondersoekgebied voor nie, maar is die ondersoekgebied redelik gunstig geleë ten opsigte van die bestaande bronne te Witbank, Clydesdale en Vierfontein. Laasgenoemde word egter grotendeels vir die opwekking van elektrisiteit by Evkom se kragstasie aldaar gebruik.

## 8.6 DIE PLAASLIKE OWERHEIDSBELEID VIR DIE BEVORDERING VAN NYWERHEIDSVESTIGING EN -ONTWIKKELING

Dit blyk uit persoonlike onderhoude wat met die drie betrokke stadsrade gevoer is, dat daar 'n positiewe benadering tot nywerheidsontwikkeling in die gebied is.

Die belangrikste gedagte by die nywerheidsontwikkeling van die ondersoekgebied is om dit as kompensasie te laat dien vir die verdwynende goudmyne in die gebied.

Doelgerig probeer die plaaslike owerhede deurgaans te sorg vir die daarstelling van voldoende fasiliteite vir bestaande en voornemende nyweraars. Onder andere word gepoog om

TABEL 8.7

Totale hoeveelheid eenhede elektrisiteit verbruik binne die Orkney-Klerksdorp-Stilfontein-driehoek vanaf 1955/56 tot 1967/68

| Jaar | Klerksdorp | Orkney | Stilfontein | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| 1955/56 | 28840000 | 3644793 | - | - |
| 1956/57 | 30701500 | 4500531 | - | - |
| 1957/58 | 34581538 | 5333314 | - | - |
| 1958/59 | 39546400 | 6610259 | - | - |
| 1959/60 | 43006870 | 7833468 | - | - |
| 1960/61 | 47155442 | 8885624 | 24202618 | 80243684 |
| 1961/62 | 51603225 | 10236741 | 23054945 | 84894911 |
| 1962/63 | 52169864 | 11764635 | 28125568 | 92060067 |
| 1963/64 | 56601522 | 13029339 | 29708315 | 99339176 |
| 1964/65 | 60987206 | 14373411 | 30974989 | 106335606 |
| 1965/66 | 64146620 | 15309340 | 31997837 | 111453797 |
| 1966/67 | 66577156 | 16245270 | 33022848 | 115845274 |
| 1967/68 | 73535428 | 17413868 | 35091747 | 126041043 |

Bron: (a) Finansiële Jaarverslae van die onderskeie munisipaliteite.
(b) Offisiële Munisipale Jaarboeke.

TABEL 8.8

Indeks van toename in elektrisiteitverbruik in die Orkney-Klerksdorp-Stilfontein-driehoek sedert 1960/61 (Basisjaar 1960/61 = 100)

| Jaar | Klerksdorp | Orkney | Stilfontein | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| 1960/61 | 100 | 100 | 100 | 100 |
| 1961/62 | 109.4 | 115.2 | 95.3 | 105.8 |
| 1962/63 | 110.6 | 132.4 | 116.2 | 114.7 |
| 1963/64 | 120.0 | 146.6 | 122.8 | 123.8 |
| 1964/65 | 129.3 | 161.8 | 128.0 | 132.5 |
| 1965/66 | 136.0 | 172.3 | 132.2 | 138.9 |
| 1966/67 | 141.2 | 182.8 | 136.4 | 144.4 |
| 1967/68 | 155.9 | 196.0 | 145.0 | 157.1 |

(a) water en krag teen die mees ekonomiese tariewe te verskaf;

(b) persele vir nywerhede teen billike pryse in die nuwe nywerheidsgebied beskikbaar te stel. Hier is daar met die aanleg van die nuwe nywerheidsgebied veral gepoog om dit so na as moontlik aan die Blanke- sowel as Nie-blanke-arbeid te kry. Ook is dit op grond wat volkome geskik is vir boudoeleindes aangelê en grens dit aan die stadsraad van Klerksdorp se afvalwerke en rioolplaas, wat meebring dat daar in die toekoms van die surplus gesuiwerde water deur nywerhede gebruik gemaak kan word;

(c) behuisingsgeriewe vir Blankes, veral in die ekonomiese klas, deur die stadsraad van Klerksdorp beskikbaar te stel;

(d) ten opsigte van die Nie-blankes ook steeds tred te hou met behuisingsgeriewe;

(e) ook saam te werk met die Sakekamers, Kamers van Koophandel en die Wes-Transvaalse Streeksontwikkelingsvereniging om in hulle doel te slaag;

(f) die voordele van die ondersoekgebied onder die aandag van voornemende nyweraars te bring; maar dit blyk dat dit nog nie op 'n effektiewe grondslag geskied nie;

(g) ook soveel as moontlik ontspanningsgeriewe daar te stel. Hier beskik die drie onderskeie stadsrade reeds oor uitmuntende fasiliteite.

Samevattend kan dit dus gestel word dat die betrokke plaaslike owerhede, by die formulering van nywerheidsvestiging- en nywerheidsontwikkelingsgebied, 'n baie realistiese en positiewe benadering volg. Ten opsigte van die nodige reklame word daar gevoel dat veel meer aandag daaraan gegee kan word om die moontlikhede van die ondersoekgebied bekend te stel. Volkome samewerking van die stadsrade om die probleem op te los sal, dus vereis word.

# H O O F S T U K 9

## SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

Uit die studie het dit duidelik geblyk dat die ondersoekgebied se totale bevolking teen 'n relatief vinnige tempo sedert 1946 toegeneem het. Vanaf 1946 tot en met 1960 was die jaarlikse gemiddelde toename 14.3 persent wat gelykstaande aan ongeveer 7083 persone per jaar is. In vergelyking met die 2.9 persent vir die land as geheel was die groeikoers in die ondersoekgebied dus besonder hoog.

Hierdie verskynsel kan grotendeels aan die hand van die geweldige ontwikkeling van die goudmyne in die Klerksdorp omgewing verklaar word. Alhoewel gemelde groei ten opsigte van alle rasse plaasgevind het, was die grootste toename by die Bantoes, gevolg deur die Blankes, Kleurlinge en Asiate.

Dit is opvallend dat hierdie fenomenale toename in bevolking slegs van toepassing was op die stedelike gebiede. In die geval van plattelandse gebiede was daar 'n afname by sowel die Blankes, Asiate en Kleurlinge terwyl daar vanaf 1921 'n toename van 6.8 per jaar ten opsigte van Bantoes was.

Hierdie bevolkingsverskuiwing van die Blankes, Asiate en Kleurlinge kan aan die alternatiewe bestaansmoontlikhede wat in die stedelike gebiede ontstaan het, toegeskryf word.

As gevolg van die afname van die plattelandse Blankes en toename van Bantoes, het laasgenoemde groep se bedingingsmag om ongeskoolde werk in die landbou sterker geword en het hulle gevolglik ook die vernaamste arbiedsbron in die landbousektor begin vorm.

Gebrek aan alternatiewe bestaansmoontlikhede asook die owerheidsbeleid wat daarop gemik is om die Bantoe in die stedelike gebiede tot 'n absolute minimum te beperk, kan ook die oorsaak gewees het van die hoë groei van die plattelandse Bantoebevolking.

Daar moet op gelet word dat die toename in die plattelandse bevolking in die ondersoekgebied nie noodwendig op 'n kwantitatiewe ekonomiese groei dui nie.

In teenstelling met die 35.8 persent van die Republiek was die werkende bevolking van Klerksdorp-distrik 61.1 persent gedurende 1960. Deelname aan ekonomiese aktiwiteite in die ondersoekgebied was dus heelwat hoër as die van die land. Van die ekonomies bedrywige bevolking was die grootste persentasie, naamlik 65.7 persent egter in diens van die mynbou. 'n Goed ontwikkelde dienste-sektor was vir die indiensname van 11.3 persent van die ekonomies bedrywige bevolking verantwoordelik, wat dit gevolglik tweede op die ranglys van sektore geplaas het.

Bevolkingsprojeksies tot die jaar 2000 toon dat die bevolking heel waarskynlik sal verdubbel. Die Blanke-bevolking sal dan ongeveer 31.5 persent van die totale bevolking uitmaak.

Die bevolkingsgroei vir die stedelike gebiede sal egter heelwat hoër as die vir Klerksdorp-distrik wees. Klerksdorp, Stilfontein en Orkney behoort onderskeidelik met 147.8 persent, 133.3 persent en 144.1 persent toe te neem.

By ontleding van die leeftydsamestelling het dit geblyk dat die mediaanouderdom van die ondersoekgebied se bevolking laag is. In die geval van Blankes was dit 22 jaar teenoor die 25.8 jaar van dié van die Republiek. By die Nie-blankes was dit ietwat hoër as die van die land. Hierdie neiging kan aan die goudmyne toegeskryf word. Die lae mediaanouderdom van die Blankes dui op 'n potensieel groot arbeidsmag wat in die ondersoekgebied is. Tekort aan werkgeleentheid in Klerksdorp-distrik kan noodwendig 'n verskuiwing van hierdie arbeidsmag na groter metropolitaanse gebiede bewerkstellig.

'n Lae verhouding van plattelandse bevolking tot totale bevolking van die gebied dui ook daarop dat landbou 'n ondergeskikte rol in die ekonomie van die gebied speel. Dit word ook duidelik indien daarop gewys word dat

die bruto geografiese produk van die landbousektor in 1961/62 slegs 2.7 persent was in vergelyking met die 71.7 persent en die 9.6 persent van die mynbou en handel onderskeidelik.

Gedurende 1963/64 was die ondersoekgebied se bydrae tot die bruto waarde van landbouproduksie van die Republiek .56 persent in teenstelling met die .72 persent gedurende 1959/60. Hierdie daling in bydrae kan toegeskryf word aan die afname in landbouproduksie van 9.8 persent sedert 1959/60 in die ondersoekgebied.

Wat veral opvallend was by die bruto waarde van landbouproduksie was die toenemende groei van die akkerbou vanaf 48.2 persent in 1959/60 tot 62.6 persent in 1963/64 van die totale bruto waarde van landbouproduksie. In teenstelling hiermee was daar 'n daling in veeteelt vanaf 50.4 persent tot 35.7.

Die moontlikheid van 'n vermeerdering van landbouproduksie deur meer grond vir landboudoeleindes in die gebied te benut, is beperk. Hierbenewens is die veeteeltproduksiemoontlikhede van die streek weens verskeie natuurlike faktore beperk. Horisontale uitbreiding van hierdie vertakking is ook beperk. Dit is 'n gebied waarin akkerbou die oorwegende rol speel. 'n Verhoging van die totale landbouproduksie deur 'n toename in akkerbou is nie uitgesluit nie, indien daar in aanmerking geneem word dat slegs 31.7 persent van die totale oppervlakte boerderygrond vir akkerbou aangewend word.

In teenstelling met dié neiging in landbouproduksie in 1963/64, het die aanwending van lopende en kapitaaluitgawes aanmerklik toegeneem, naamlik met 7.95 persent en 10.4 persent onderskeidelik met 1959/60 as basis, terwyl daar 'n daling van 9.8 persent in die landbouproduksie was. In die oorblywende jare was die bruto waarde van landbouproduksie se indeks heelwat hoër as die van lopende en kapitaaluitgawes. Die vraag ontstaan of daar 'n daling in die produktiwiteit gedurende 1963/64 ingetree het, en of dit 'n abnormale swak jaar was. Laasgenoemde blyk die waarskynlikste te wees indien daar gelet word op die geweldige toename wat daar in die gebruik van bemestingstowwe was. Tog was daar weer die teenstrydige elemente van 'n daling in die gebruik

van brandstof en die aankoop van trekkers.

'n Soortgelyke stygende tendens wat in lopende en kapitaaluitgawes voorgekom het, was ook in die totale lone en salarisse uitbetaal, te bespeur. In die geval van Blankes was daar heelwat wisselings in die gemiddelde kontantinkomste verdien. Kleurlinge en Bantoes se vergoeding het egter bykans verdubbel gedurende die periode 1959/60 - 1963/64. Hierdie styging in gemiddelde salarisse en lone kan toegeskryf word aan verhoogde lewensstandaard, lewenskoste of die feit dat boere in direkte mededinging staan met beter bestaansmoontlikhede wat deur die ander ekonomiese sektore aangebied word.

Besondere probleme word ook deur die voorkoms van 'n betreklike groot aantal klein boerdery-eenhede ondervind. Hierdie klein boerdery-eenhede is te klein om 'n toereikende lewenspeil in terme van die hedendaagse lewensstandaarde van Blankes in Suid-Afrika te verseker. Om hierdie probleme uit te skakel sou spesiale maatreëls nodig wees om die kleinboere te help. Sodanige maatreëls sou egter voorafgegaan moet word deur 'n wetenskaplike studie van die boer se bestuursvermoë, produksie- en bemarkingspotensiaal. Hierdeur kan aanbevelings gedoen word om vir die kleinboer aan te dui of daar vergroting van die produksie-eenheid sal moet plaasvind, produksie- of bestuurstegnieke moet verbeter en of alternatiewe bestaansmoontlikhede gesoek moet word.

Die nywerheidsektor van Klerksdorp-distrik word, in vergelyking met dié van die land en sekere ander subnasionale eenhede, deur 'n relatief hoë groei gekenmerk. Gedurende 1959/60 was die persentasie fabrieksinstellings in die ondersoekgebied slegs .42 persent van die van die Republiek as geheel. 'n Geringe verbetering van die posisie het gedurende 1963/64 plaasgevind met 'n aandeel van .53 persent.

Vir die ooreenstemmende periode was die groei in die aantal instellings onderskeidelik 48.8 persent en 17.2 persent in Klerksdorp-distrik en Suid-Afrika. Hierdie geweldige groei van aantal instellings moet egter nie uit verband geruk word nie, omdat dit meesal klein, ligte nywerhede was, wat 'n relatief klein bydrae tot die bruto waarde van produksie vir die ondersoekge-

bied gelewer het. Opmerklik is die feit dat hierdie toename plaasgevind het in fabrieksinstellings wat grootliks afhanklik is van die goudmyne vir 'n afsetgebied.

Hierdie groei in nywerheidsinstellings is ook basies in twee afgebakende nywerheidsgebiede ten suide en ten weste van Klerksdorp gekonsentreer. Die ou nywerheidsgebied is ten volle beset terwyl die nuwe aanleg nog slegs enkele ligte nywerhede bevat. Die grootste persentasie van die ou nywerheidsgebiede word dan ook gebruik deur voedsel-ondernemings, petrol- en olieprodukte, opbergingondernemings, masjinerie-ondernemings en vervoerondernemings.

Wat die indiensname-patroon van die nywerheidsektor betref, blyk dit dat die ondersoekgebied gedurende 1959/60 .37 persent van die totale arbeidsmag werksaam in fabriekswese in die Republiek gehad het. Gedurende 1963/64 het dit gedaal tot .30 persent.

Verder was die ondersoekgebied ook gekenmerk deur 'n laer indiensname-groeikoers van 34.5 persent tussen 1959/60 - 1963/64 teenoor die 65.5 persent van die Republiek. Weereens blyk dit dat hierdie sektor teen 'n heelwat stadiger tempo as die van die land as geheel groei.

Die hoogste indiensname gedurende 1963/64 was dan ook deur voedsel en drank-, nie-metaalhoudende mineraalprodukte-, en metaalprodukteondernemings.

Tesame met die styging in gemiddelde inkomste verdien in die nywerheidsektor was daar ook 'n groei in die reële produktiewe kapasiteit van 439.4 persent teen huidige pryse tussen 1947/48 - 1963/64 in die ondersoekgebied. Teen 1953 pryse was die styging 214 persent.

Hierdie toename in produktiwiteit het egter met 'n verhoogde kapitaalinvestering van 478 persent tussen 1947/48 - 1959/60 gepaard gegaan. Bruto waarde van produksie, koste van materiaal verbruik en arbeid het onderskeidelik stygings getoon van 326 persent, 293 persent en 42.6 persent vir die ooreenstemmende tydperk. Hierdie verhoging in produktiwiteit kan egter ook

toegeskryf word aan meer geskoolde arbeid wat in diens geneem is of aan grootskaalse meganisasie wat in die ondersoekgebied plaasgevind het.

By die berekening van die vestigingskwosiënte vir die onderskeie nywerheidsgroepe is gevind dat voedsel-, drank-, rubberprodukte-, nie-metaalhoudende produkte-, metaalprodukte-, masjinerie- en vervoeruitrustingondernemings redelik hoog gekonsentreerd is in die ondersoekgebied. Dit het ook geblyk dat Klerksdorp-distrik besig was om sy komparatiewe voordeel, wat dit in 1959/60 ten opsigte van die metaalhoudende produkte-ondernemings gehad het, te verloor. In die ander gevalle het dit 'n aantrekliker gebied geword vir die vestiging van nywerhede of is daar heelwat uitgebrei aan reeds bestaande nywerhede.

Wat die ontwikkelingsmoontlikhede van die ondersoekgebied betref, het dit geblyk dat daar heelwat basiese beperkende faktore vir sowel die landbou as nywerhede is.

Ten opsigte van groeimoontlikhede in hierdie twee sektore dien daarop gelet te word dat die kanse om plaaslike landbougrondstowwe te verwerk en om in die plaaslike vraag na bepaalde tipe nywerheidsprodukte en -dienste te voorsien in 'n groot mate reeds benut is. Enorme sekondêre nywerheidsontwikkeling, gebaseer op plaaslike landbougrondstowwe sowel as minerale grondstowwe sal egter nie uitgebou kan word nie.

Gevolglik sal aanvullende pogings aangewend moet word om vas te stel welke ander tipe nywerhede in Klerksdorp-distrik sal kan gevestig word.

Alhoewel die markpotensiaal van die ondersoekgebied relatief groot is, sal daar gewaak moet word om nie skemas aan te pak wat buite die uitbreidingspotensiaal van die gebied is nie.

Daadwerklike ontwikkeling van die ondersoekgebied, en hier word veral gedink aan nywerheidsontwikkeling, geniet die positiewe benadering van die plaaslike gemeenskap. Daar word dan ook op 'n georganiseerde wyse deur plaaslike stadsrade gepoog om voornemende nyweraars na die gebied te lok.

Voldoende sukses is egter nog nie hierdeur behaal nie.

Om groter sukses te behaal sal dit dus noodsaaklik wees om 'n volledige streeksontwikkelingsprogram op te stel om volgehoue groei van die gebied te kan handhaaf en selfs te versnel. Sodanige program sal opgestel en aangepas moet word aan die hand van 'n volledige kennis van al die aktiwiteite van die gemeenskap van die ondersoekgebied, gesien in hulle gesamentlike sowel as individuele verband en sal volledige steun van die plaaslike owerhede sowel as die gemeenskap verkry moet word. Ook sal dit belangrik wees om by die opstel van sodanige program nie die breëre nasionale, ekonomiese ontwikkelingsprogramme uit die oog te verloor nie.

BESIGHEIDSVRAELYS INSAKE KLERKSDORP-ORKNEY-STILFONTEINGEBIED

BUSINESS QUESTIONNAIRE IN CONNECTION WITH KLERKSDORP-ORKNEY-STILFONTEIN AREA

Opname deur P.U. vir C.H.O. en Departement van Beplanning

Survey by the P.U. for C.H.E. and the Department of Planning

Waar toepaslik merk asseblief slegs blokkie ☐ ✓
Where applicable please check the appropriate block

1. Naam van besigheid (Opsioneel)
Name of firm (Optional) . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

Perseel nr.
Site no. . . . . . . . . . . . . . . . .

Dorp
Town

| Klerksdorp | Stilfontein | Orkney |
|---|---|---|
| ☐ | ☐ | ☐ |

Posadres
Postal address . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

Telefoon nr.
Telephone no. . . . . . . . . . . . . . . . .

2. Is hierdie die hoofkantoor?
Is this the head office?

JA / YES ☐ NEE / NO ☐

Indien „nee", waar is die hoofkantoor geleë
If „no" where is the head office situated . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

3. Wanneer is hierdie onderneming oorspronklik begin in hierdie streek ?
When was this undertaking originally established in this region ?

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

4. Indien hierdie onderneming in 'n ander dorp gevestig was, om watter rede is dit na een van bogemelde dorpe verskuif
If this undertaking was located in another town, for what reason has it been moved to one of the abovementioned towns

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

5. Beoog u enige uitbreidings op die bestaande terrein binne die volgende 5 jaar ?
Do you plan any extentions on your present site within the next 5 years ?

R0-1,000 ☐ R1,000-5,000 ☐ R5,000-10,000 ☐ R10,000-20,000 ☐ R20,000 + ☐

6. Beoog u die verskuiwing of gedeeltelike verskuiwing van hierdie onderneming binne die volgende tien jaar?
Do you intend to resite this undertaking or part of it within the next ten years?

| | |
|---|---|
| JA<br>YES | |
| NEE<br>NO | |

Indien „ja", waarheen?
If „yes", where? . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

7. Is u onderneming hoofsaaklik toegespits op:
Is your establishment mainly engaged in:

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Vervaardiging<br>Manufacturing | | Groothandel<br>Wholesaling | | Kleinhandel<br>Retailing | | *Dienste<br>Services | |

* 'n Diensinrigting behels bv. losieshuis, haarkapper, bioskoop, ens.
A service establishment is e.g. boardinghouse, hairdresser, cinema, etc.

8. Indien geklassifiseer as vervaardiging dui dan spesifiek aan watter soort produk of produkte
If classified as manufacturing, please specify what type of product or products

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

9. Indien geklassifiseer as groothandel dui dan aan watter soort produk of produkte (HOOF TIPES)
If classified as wholesaling, please specify what type of product or products (MAIN TYPES)

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

10 Indien kleinhandel of dienste, klassifiseer u bedryf volgens hooftipe besigheid. (Merk slegs een blokkie)
If retailing or services, classify your establishment according to main type of business. (Check one block only)

| | |
|---|---|
| Algemene Handelaar<br>General Dealer | 01 |
| Kruideniersware ens. insluitende kafees<br>Dealer in Groceries and Provisions (including cafes) | 02 |
| Slagtery<br>Butcher | 03 |
| Melkery<br>Diary | 04 |
| Vrugte en groente<br>Dealer in Fruit and Vegetables | 05 |
| Viswinkel<br>Fish Shop | 06 |
| Brood, soetgebak en lekkergoed<br>Dealer in Bread, Cake and Confectionery | 07 |
| Drankwinkel<br>Bottle Store | 08 |
| Apteker<br>Chemist | 09 |
| Petrol, olie ens. (insluitende vulstasies)<br>Dealer in Petrol and Lubricants (including Service Stations) | 10 |
| Ysterware<br>Hardware Dealer | 11 |
| Algemene Afdelingswinkel (insluitende Basaars)<br>General Department Store (including Bazaars) | 12 |
| Mansuitruster<br>Men's Outfitter | 13 |
| Damesuitruster<br>Ladies' Outfitter | 14 |
| Algemene Uitruster<br>General Outfitter | 15 |
| Skoenwinkel<br>Shoe Store | 16 |
| Stukgoedere en weefstowwe<br>Dealer in Piece Goods and Textiles | 17 |
| Huishoudelike meubelment en toerusting<br>Household Furnishings and Fittings | 18 |
| Meubelhandelaar<br>Furniture Dealer | 19 |
| Ander duursame huishoudelike goedere<br>Dealer in Durable Household Appliances | 20 |
| Fiets- en motorfietshandelaar<br>Cycle and Motor Cycle Dealer | 21 |
| Sportbenodigdhede<br>Dealer in Sport Requisites | 22 |
| Motorvoertuie en toebehore<br>Dealer in Motor Vehicles and Accessories | 23 |

| | |
|---|---|
| Boekwinkel<br>Bookshop | 24 |
| Juwelierswinkel<br>Jeweller | 25 |
| Bloemiste<br>Florist | 26 |
| Musiekinstrumente, plate<br>Dealer in Musical instruments and Records | 27 |
| Ander tipe kleinhandelaar, spesifiseer: ________<br>Other type of retailer (Please specify): ________ | 28 |
| Teekamer, restaurant, inry-kafee, ens.<br>Tea Room, Restaurant, Drive-in Cafe, etc. | 29 |
| Toiletbenodigdhede, skoonheidsalon, haarkapper, ens.<br>Toilet Service, Beauty Parlour, Hairdressing, etc. | 30 |
| Fotografiese dienste<br>Photographic Services | 31 |
| Droogskoonmakery<br>Dry Cleaning | 32 |
| Goederevervoer (karwei)<br>Transport (Cartage) | 33 |
| Vervoer: (Huurmotors, „Taxi's-, busse, ens.)<br>Transport (Passenger, Taxis, Public, etc.) | 34 |
| Hotelle: Gelisensieerde, private, losieshuise, klubs, ens.<br>Hotels: Licensed, Private, Boarding House, Clubs, etc. | 35 |
| Bioskope (insluitende inryteaters)<br>Cinemas (including Drive-in cinemas) | 36 |
| Advertensie-agentskappe, marknavorsing, handelskunstenaars, dupliseerdienste, ens.<br>Advertising agents, Market Research, Commercial Artists and Duplicating Services | 37 |
| Afslaers, Mark-, Lewende Hawe-, Indent- en Buitelandse agente, Huide-, Velle- en Wolmakelaars en ander agente. (Uitgeslote Finansiële-, Versekerings-, Arbeids-, Huis-, Grond- en Verskepingsagente)<br>Auctioneer, Market, Livestock, Indent and Foreign Agents, Hide, Skin and Woolbrokers and other agents. (Excluding Financial, Insurance, Labour, House, Land and Estate and Shipping Agents) | 38 |
| Ander tipe diensonderneming. Spesifiseer asb: ________<br>Other type of Service Establishment (Please Specify: ________ | 39 |

11. Dui asseblief die totale vloeroppervlakte van u besigheid aan.
Please indicate the total floor space of your establishment

| | vk. vt.<br>sq. feet |
|---|---|

12. Waar verkry u die volgende dienste?
Where do you obtain the following services ?

| Diens<br>Service | Klerksdorp | Stilfontein | Orkney | Elders<br>Elsewhere |
|---|---|---|---|---|
| Ouditering<br>Auditing | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ |
| Geregtelike dienste<br>Legal services | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ |
| Advertering<br>Advertising | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ |
| Huur van Winkel-toerusting<br>Hiring of Shop equipment | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ |
| Ander (spesifiseer)<br>Other (specify) | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ |

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

Dui aan waarde (totaal) vir 1966
Specify value (total) for 1966 R . . . . . . . . . . .

13. Dui asseblief aan watter van die volgende faktore het u in ag geneem by die vestiging van u onderneming of by die oorname daarvan
Please indicate which of the following factors you considered when you sited your undertaking or when you acquired it

| | |
|---|---|
| Nabyheid van mark<br>Nearness of market | ☐ |
| Nabyheid van grondstowwe<br>Nearness of raw-materials | ☐ |
| Beskikbaarheid van geskoolde arbeid<br>Availability of skilled labour | ☐ |
| Beskikbaarheid van ongeskoolde arbeid<br>Availability of unskilled labour | ☐ |
| Beskikbaarheid van geskikte terrein<br>Availability of suitable site | ☐ |
| Beskikbaarheid van krag en water<br>Availability of power and water | ☐ |

Vir addisionele faktore verwys na volgende bladsy
For additional factors refer to next page

Beskikbaarheid van geskikte geboue
Availability of suitable buildings ☐

Nabyheid van soortgelyke nywerheid of besigheid of een waarby u inskakel
Near similar or linked industry or business ☐

Nabyheid van 'n hoofpad
Proximity of a main road ☐

Padvervoerdienste
Roadtransport services ☐

Nabyheid van spoorvervoer
Proximity of rail transport ☐

Omskryf asseblief ander faktore indien enige
Please explain other factors if any

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

14. Dui asseblief die getal werknemers aan (insluitende werkende eienaars) wat in u bedryf werksaam is
Please indicate the number of employees (including working owners) employed in your business

| | | 1962 | 1963 | 1964 | 1965 | 1966 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Blankes Whites | Manlik Male | | | | | |
| | Vroulik Female | | | | | |
| Kleurlinge Coloureds | Manlik Male | | | | | |
| | Vroulik Female | | | | | |
| Asiate Asiatics | Manlik Male | | | | | |
| | Vroulik Female | | | | | |
| Bantoes Africans | Manlik Male | | | | | |
| | Vroulik Female | | | | | |

15. Totale salarisse en lone betaal aan werknemers (insluitende deel van winste wat eienaars ontvang het)
Total salaries and wages paid to employees (including share of profits which owners received)

| | 1962 | 1963 | 1964 | 1965 | 1966 |
|---|---|---|---|---|---|
| Blankes Whites | | | | | |
| Kleurlinge Coloureds | | | | | |
| Asiate Asiatics | | | | | |
| Bantoes Africans | | | | | |

LET WEL: Die volgende twee vrae is baie belangrik en moet so volledig moontlik beantwoord word. Indien presiese syfers nie beskikbaar is nie moet asseblief noukeurige benaderings gemaak word.

PLEASE NOTE: The following two questions are of the utmost importance and must be answered to the best of your ability. If exact figures are not available please give us close estimates.

16. Wat is die waarde van produkte en dienste gekoop van die volgende sektore vir die finansiële jaar 1966/67?
What was the value of products and services bought from the following sectors for the financial year 1966/67?

| | Klerksdorp - Orkney - Stilfontein | Elders Elsewhere |
|---|---|---|
| (a) Landbou en Bosbou<br>Agriculture and Forestry | | |
| (b) Mynbou en Steengroewe<br>Mining and Quaries | | |
| (c) Fabriekswese, Konstruksie, Elektrisiteit, Gas en Water<br>Manufacturers, Construction, Electricity, Gas and Water | | |
| (d) Vervoer, Opberging en Kommunikasie<br>Transport, Storing and Communication | | |
| (e) Handel<br>Commerce | | |
| (f) Finansiële instellings<br>Financial institutions | | |
| (g) Algemene regeringsdienste<br>General government services | | |
| (h) Ander: (Spesifiseer)<br>Other: (Specify) . . . . . . . . . . . . . . | | |

17. Wat is die waarde van produkte en dienste verkoop aan die volgende sektore vir die finansiële jaar 1966/67?
What was the value of products and services sold to the following sectors for the financial year 1966/67 ?

| | Klerksdorp - Orkney - Stilfontein | Elders Elsewhere |
|---|---|---|
| (a) Landbou en bosbou<br>Agriculture and forestry | | |
| (b) Mynbou en steengroewe<br>Mining and quarries | | |
| (c) Fabriekswese, konstruksie, elektrisiteit, gas en water<br>Manufactures, construction, electricity, gas and water | | |
| (d) Vervoer, opberging en kommunikasie<br>Transport, storing and communication | | |
| (e) Handel<br>Commerce | | |
| (f) Finansiële instellings<br>Financial institutions | | |
| (g) Algemene regeringsdienste<br>General government services | | |
| (h) Ander: (Spesifiseer)<br>Other: (Specify) . . . . . . . . . . . . . . | | |

18. **Wat is die geskooldheidsverhouding van werknemers by u in diens ?**
**What is the skill composition of labour in your employ?**

| | Blankes Whites | Kleurlinge Coloureds | Asiate Asiatics | Bantoes Africans |
|---|---|---|---|---|
| Geskoolde arbeid Skilled labour | | | | |
| Halfgeskoolde arbied Semi-skilled labour | | | | |
| Ongeskoolde arbeid Unskilled labour | | | | |
| Totaal Total | | | | |

<u>Slegs betrekking op Vervaardigers</u>
<u>Applicable to manufacturers only</u>

19(a) **Dui asseblief die belangrikste grondstowwe aan wat u gebruik**
**Please state the main types of materials that you use**

| Tipe grondstof Type of material | Distrik of land van herkoms District or country of origin |
|---|---|
| 1) . . . . . . . . . | . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . |
| 2) . . . . . . . . . | . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . |
| 3) . . . . . . . . . | . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . |
| 4) . . . . . . . . . | . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . |
| 5) . . . . . . . . . | . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . |

19 (b) **Wat is die jaarlikse verbruik of gebruik van hierdie grondstowwe ?**
**What is the annual consumption of these materials ?**

| Tipe grondstof Type of material | Verbruik/Consumption Ton/Tons; Voete/Feet; Gellings/Gallons | Waarde/Value R |
|---|---|---|
| 1) . . . . . . . . . | . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . | . . . . . . . . . . |
| 2) . . . . . . . . . | . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . | . . . . . . . . . . |
| 3) . . . . . . . . . | . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . | . . . . . . . . . . |
| 4) . . . . . . . . . | . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . | . . . . . . . . . . |
| 5) . . . . . . . . . | . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . | . . . . . . . . . . |

20. Verskaf u enige produkte aan die goudmyne. Indien wel, watter tipe produk, vir watter bedrag en aan watter myne?
Do you supply any products to the gold mines. If so, what type of products, for what amount and to which mines?

| Produkte<br>Products | Waarde<br>Value<br>Klerksdorp - Orkney - Stilfontein | | | | | Waarde<br>Value<br>Elders<br>Elsewhere | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1962 | 1963 | 1964 | 1965 | 1966 | 1962 | 1963 | 1964 | 1965 | 1966 | Totaal/Total |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| Totaal<br>Total | | | | | | | | | | | |

21. Is die bestaan van die goudmyne in hierdie gebied volgens u mening essensieël vir die ontwikkeling van hierdie streek? Waarom?
Do you consider the goldmines of this district essential for the development of this area? Why?

| JA<br>YES | | NEE<br>NO | |
|---|---|---|---|

Redes:
Reasons: . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .
. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .
. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

22. Wat is u gemiddelde maandelikse verbruik van: ?
What is your average monthly consumption of: ?

| | | |
|---|---|---|
| Water<br>Water | | gellings<br>gallons |
| Elektrisiteit<br>Electricity | | Kw. eenhede<br>Kw. units |
| Gas<br>Gas | | Kub. vt.<br>Cub. ft. |

23. Watter persentasie gas, water en elektrisiteit verkry u van:
What percentage of gas, water and electricity do you obtain from:

| | Gas/Gas<br>% | Water/Water<br>% | Elektrisiteit/Electricity<br>% |
|---|---|---|---|
| Munisipaliteit<br>Municipality | | | |
| Orkney | | | |
| Stilfontein | | | |
| Klerksdorp | | | |
| Eie installasie<br>Own installation | | | |
| Ander bronne(Spesifiseer) . . . . . . . . . . .<br>Other sources (Specify) . . . . . . . . . . . . | | | |

24. Wat was u besigheid se omset vir elk van die volgende finansiële jare ?
What was your turnover for each of the following financial years?

| 1962 | 1963 | 1964 | 1965 | 1966 |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |

25 . Wat was die kapitale waarde wat u geïnvesteer het in grond, geboue, masjinerie, ens. volgens u balansstate vir die volgende jare ?
What was the value of capital invested in land, buildings and machinary as shown in your balance sheets for the following years?

| 1962 | 1963 | 1964 | 1965 | 1966 |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |

26. Vind u hoofaktiwiteite grotendeels plaas
Do your main activities take place chiefly

1) in die ope lug of onder afdakke
in the open air or under sheds ☐
2) op een vlak (grondverdieping)
on one level (groundfloor) ☐
3) op twee vlakke
on two levels ☐
4) meer as twee vlakke
more than two levels ☐

27. Maak u gebruik van
Do you make use of

Sylyn fasiliteite
Siding facilities ☐

Eie padvervoer
Own motor transport ☐

Padmotordiens (S.A.S. en H.)
Road Motor Service (S.A.R. & H.) ☐

Ander (Spesifiseer) . . . . . . . . . . . . . .
Other (Specify) . . . . . . . . . . . . . . ☐

28. Watter van die volgende faktore beperk die uitbreidingsmoontlikhede van u onderneming?
Which of the following factors restricts the expansion possibilities of your undertaking?

Beskikbaarheid van:
Availability of:

a) Kapitaal
Capital ☐
b) Geskoolde arbeid
Skilled labour ☐
c) Ongeskoolde arbeid
Unskilled labour ☐
d) Afsetgebied (mark)
Market ☐
e) Ander (spesifiseer) . . . . . . . . . . . . .
Other (specify) . . . . . . . . . . . . . . ☐

Indien daar enige onduidelikheid omtrent die vrae is of enige probleme ondervind word met die beantwoording daarvan kan u slegs ondergenoemde persoon skakel.

If you experience any difficulty in answering these questions please contact the undersigned

J.J.D. Havenga
Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.
Potchefstroom University for C.H.E.

Telefoon: 3361
Telephone: 3361

BIBLIOGRAFIE

## I. BOEKE


Barclay, C.W. : Techniques of Population analysis. John Wiley and Sons Inc., New York, 1958.

Barker, J.P. : Industrial Development in a Border Area. Rhodes Universiteit Publikasie. Grahamstad, 1964.

De Kock, M.H. : The Economic Development of South Africa. King and Son Ltd., London, 1936.

Fischer, J.L. : Concepts in Regional Economic Development. Papers and Proceedings of the Regional Science Association, Vol. 1. 1955.

Frankel, S.H. : Capital Investment in Africa. Oxford University Press, London, 1938.

Franzen, D.G. en Reynders H.J.J. : Die Ekonomiese Lewe in Suid-Afrika. J.L. van Schaik Bpk., Pretoria 1963.

Guest, H. : Klerksdorp's Fifty Years of Mining. The New Klerksdorp Record (Pty) Ltd., Klerksdorp, 1938.

Houghton, D.H. : The South African Economy. Oxford University Press, London, 1967.

Isard, W. e.a. : Methods of Regional Analysis: An Introduction to Regional Science. M.I.T. Press, Cambridge, Massachusetts, 1960.

Isard, W. en Cumberland J.H. : Regional Economic Planning. Parys 1961.

Katzen, L. : Gold and the South African Economy. Balkema, Kaapstad, 1964.

Kindleberger, C.P. : Economic Development. McGraw-Hill Inc., New York, 1955.

Padfield, H. : Organization for Economic Co-operation and Development: Area Economic and Social Development, Parys 1965.

Perloff, H.S. e.a. : Regions, Resources and Economic Growth. John Hopkins Press, Baltimore, 1960.

Roberts, M. : Labour in the Farm Economy. South African Institute of Race Relations, Johannesburg, 1958.

Weatherford, W.D. : Geographic Differentials of Agricultural Wages in the United States. Harvard University Press. Cambridge, Massachusetts, 1957.

## II. TYDSKRIFARTIKELS

- Die Mynwese. Transvaalse Kamer van Mynwese. Vol. 3, No. 2, Maart 1951.

Dubey, V. : The Definition of Regional Economics. Journal of Regional Science, Vol. 5, No. 2, 1964.

Fair, T.D.J. : The Core Periphery Concept and Population Growth in South Africa 1911 - 1960, South African Geographical Journal. Vol. 47, 1965.

Farnie, D.A. : The Mineral Revolutions in South Africa. Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie. Junie 1956.

Frankel, S.H. en Herzfeld H. : An Analysis of the Growth of National Income in the Union in the Period of Prosperity before the War. South African Journal of Economics. Junie 1964.

- Finance and Trade Review. Bd. 3, 1958/59.
- Finance and Trade Review. Bd. 5, 1962.
- Mining Survey. Transvaal en Oranje Vrystaatse Kamer van Mynwese, No. 58, April 1966.
- Statistiese Kwartaalblaaie van die Suid-Afrikaanse Reserwebank.

Haak, J.F.W. : Vestigingsfaktore by Nywerheidsontwikkeling. Volkshandel, Maart 1963.

- Grensnywerhede. Volkshandel. Julie 1960.

Marais, G. : Die verband tussen Ekonomiese Ontwikkeling en die Vestiging van Sekondêre nywerhede in die Republiek van Suid-Afrika. Volkskas Nuusbriewe, Julie 1963.

## III. AMPTELIKE EN SEMI-AMPTELIKE PUBLIKASIES

Buro vir Sensus en Statistiek - Bevolkingsensusverslae, 1911 tot 1960.

Buro vir Sensus en Statistiek - Landbousensusverslae 1955/56 tot 1962/63.

Buro vir Sensus en Statistiek - Nywerheidsensusverslae 1947/48 tot 1959/60.

Landbou Ekonomie en Bemarking - Aanvullende gegewens tot die kortbegrip.

Departement van Beplanning - Notule van verrigtinge tydens die Simposium vir Streeksontwikkeling en -beplanning gehou te Pretoria 17 en 18 Oktober 1966. Pretoria 1967.

Departement van Landbou - Agro-ekonomiese opname van die Unie. Pretoria 1947.
Raad van Handel en Nywerheid - Ondersoek na Fabriekswese in die Unie van Suid-Afrika. Verslag 282, 1945.
Departement van Handel en Nywerheid - Verslag van die Plattelandse Nywerhede Kommissie U.G. 27, 1940.
- Die delfstowwe in die Unie van Suid-Afrika, 1959.
Schumann, C.G.W. e.a. : Verslag van die Komitee insake Spoorwegtariefbeleid en Nywerheidsvestiging in Suid-Afrika, 1964.
Raad vir die ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne : Handleiding vir gebruik by Streeksopnames, 1949.
- Gewysigde wet no.     van 1941 Seksie 3(1)(a) op Fabrieke, Masjinerie en Konstruksiewerk.

IV. ONGEPUBLISEERDE PROEFSKRIFTE EN VERHANDELINGE

Boshoff, C.H. : Die Streeksinkome van die Vaalrivieropvanggebied volgens Landdrosdistrikte. M.Comm.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1966.
Eksteen, H.O. : Boerderydoeltreffendheid op die kwartsitiese grond van Klerksdorp. M.Sc.(Agric.)-verhandeling, Pretoria Universiteit, 1965.
Hanekom, F. : 'n Geografiese opname van gesoneerde nywerheidsareas binne die gebied van die Kaapse stadsraad. M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1967.
Malan, T. : Die ekonomiese struktuur en ontwikkelingsmoontlikhede van Noord-Kaapland. M.Comm.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1968.
Muller, H. : 'n Ekonomiese ondersoek van boerdery in die distrikte Lichtenburg en Delareyville en die bepaling van die ekonomiese eenheid. D.Comm.-proefskrif, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1960.
Stapelberg, N.H. : Die ekonomiese invloed van 'n goudprysverhoging op die ekonomie van Suid-Afrika. M.Comm.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1966.
Piek, B.J. : 'n Sosiologiese-Demografiese studie van tendense in die leeftydsamestelling van 'n bevolking, met besondere verwysing na die blankes in Suid-Afrika. D.Phil.-proefskrif. Universiteit van Pretoria, 1965.

Van der Merwe, E.J. : Enkele ekonomiese aspekte van die Oranjerivierontwikkelingsprojek. D.Comm.-proefskrif. P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1967.
Van Walsem, D.J. : Enkele metodologiese aspekte van regionale ekonomiese navorsing. M.Comm.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1968.
Vosloo, J.L. : Landboutoestande in die landdrosdistrik Aliwal-Noord. M.Agric.-verhandeling, Universiteit van Pretoria. 1967.
Visser, A.J. : Ontwikkeling en konsentrasie van die fabrieksnywerheid in Suid-Transvaal. D.Comm.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch. 1948.
Willers, J.J.D. : Kapitaalvorming en Kapitaalbesit in die Unie, 1910 tot 1953, D.Comm.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1955.

V. DIVERSE PUBLIKASIES

Buro vir Marknavorsing. Regional Distribution of purchasing power in the Republic of South Africa. Universiteit van Pretoria. 1965.
Schuman, C.G.W. : Veranderinge in die Unie se ekonomiese struktuur. 'n Halfeeu van ekonomiese vooruitgang. Nasionale Drukkery Bpk. Kaapstad. 1959.
Streeksopname van Beheerde Gebied No. 2 (die Klerksdorpse Goudgebied). P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1952/53.
Nel, P.A. : Changes in the Boundaries of the Economic Regions. Buro vir Marknavorsing. Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria 1967.
Klerksdorp - Hub of the Golden West. Klerksdorp Record (Pty) Ltd. Klerksdorp. 1959.
Van den Berg, M.D. : Die Klimaat vir Nywerheidsfinansiering. Referaat gelewer te Bloemfontein oor Nywerheidsvestiging in die O.V.S. en Noordwes-Kaapland. 9 - 10 Junie 1960.
Finansiële jaarverslae van Klerksdorp, Orkney en Stilfontein Munisipaliteite 1960 - 1967.
Offisiële Munisipale Jaarboeke 1950 - 1968.